

DIE BEHOEFTE VAN DIE BANTOEBEVOLKING AAN  
BUITELUGONTSPANNING TOT DIE JAAR 2000  
EN DIE POTENSIAAL VAN DIE TUISLANDE  
OM DAARAAN TE VOLDOEN

deur

Marthinus Leon Hugo, M.A.


Proefskrif aangebied ter voldoening aan die vereiste vir  
die graad Doctor Philosophiae aan die Potchefstroomse  
Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

PIETERSBURG,  
Oktober 1973.


FIGUUR 10.6

KUSGEDEELTES VAN SENTRAAL KWA ZULU

A. NOORDELIKE GEBIED



B. SUIDELIKE GEBIED



- KUSLYN (SANDSTRANDE)
- - - PAAIE
- RIVIERE EN STRANDMERE



## Bedankings

Graag wens ek hiermee my opregte dank uit te spreek teenoor Prof. F.J.Potgieter van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys wat in sy hoedanigheid as promotor met insig en op aanmoedigende wyse leiding gegee het met die navorsing. Eweneens wil ek ook graag vir Prof. J.S. van der Merwe bedank vir sy aandeel as hulp-promotor.

Ander persone wat in 'n besondere sin gemoeid was met die navorsing is Prof. P.C. du V. Oliver van die Universiteit van die Noorde met wie baie probleme (veral op die statistiese terrein) bespreek is; mnr.L.P. van Eeden van die Universiteit van die Noorde wat die taalkundige versorging hanteer het; mev.H.A.Geyser wat die tik van die manuskripte in al sy stadiums behartig het; en dan ook veral aan my vrou en kinders : as dië werkstuk maar kon vergoed vir wat ons moes ontbeer.

Graag spreek ek ook my dank uit teenoor die Raad van die Universiteit van die Noorde en in besonder aan Prof. M.J. Louw en die Departement Geografie vir die gebruikmaking van fasiliteite.

Die navorsing is moontlik gemaak deur die bewilliging van fondse deur die Departement Bantoe-administrasie en -ontwikkeling aan die Instituut vir Streeksbeplanning van die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.

# I N H O U D S O P G A W E

## VOORWOORD

### AFDELING A

#### DIE AARD EN OMVANG VAN DIE VRAAG NA BUITELUGONTSPANNING

### HOOFSTUK EEN

#### BUITELUGONTSPANNING IN SY HISTORIESE PERSPEKTIEF

#### Bladsy

I.	Ontspanning by Voor-Industriële Volkere:	1
	A. Nieu-Seelandse Maori's	1
	B. Malawi.	2
	C. Nigerië en Ghana.	4
	D. Die Suid-Afrikaanse Bantoe in Tradisionele Stamverband.	5
II.	Ontspanning by die Geïndustrialiseerde Westerse volkere:	11
	A. Geskiedkundige agtergrond.	11
	B. Buitelugontspanning by die Westerse volkere.	14
	C. Buitelugontspanning by Industriële volkere gekontrasteer met dié van Voor-Industriële Gemeenskappe.	18

### HOOFSTUK TWEE

#### BUITELUGONTSPANNING BY DIE STEDELIKE BANTOE VAN SUID-AFRIKA

I.	Die Aard van die Ontspanningspatroon:	21
	A. Die Vraelysopname.	21
	1. Opstel van die Vraelys.	21
	2. Bepaling van die Steekproef.	23
	3. Bepaling van Behoefte aan Buitelugontspanning by die Stedelike Bantoe m.b.v. vraelyste.	25
	4. Keuse van Ontspanningstipes by die Stedelike Bantoe.	29

B.	Inligting insake Aspekte wat verband hou met die ontspanningspatroon van die Stedelike Bantoe soos verkry uit ander Bronne:	32
1.	Inligting verkry van Busdiensorganisasies.	32
2.	Patroon van huishoudelike uitgawes by die Stedelike Bantoe.	37
3.	Bywoningsyfers aan Ontspanningsoorde.	43
II.	'n Vergelyking tussen die Ontspanningspatroon van die Stedelike Bantoe van Suid-Afrika met dié van die Voor-Industriële en Geïndustrialiseerde volkere.	44
III.	Kwantitatiewe omvang van die Behoeftte aan Buitelugontspanning by die Stedelike Bantoe van Suid-Afrika.	50

### HOOFSTUK DRIE

#### DIE TOEKOMSTIGE BEHOEFTE AAN BUITELUGONTSPANNING BY DIE STEDELIKE BANTOE VAN SUID-AFRIKA:

I.	Riglyne vir die Projeksie van Toekomstige omvang van die vraag na Buitelugontspanning.	52
II.	Ontleding van die Faktore wat Buitelugontspanning beïnvloed:	55
A.	Bevolkingsgroei.	55
B.	Verstedeliking:	58
1.	Inleiding,	58
2.	Verstedeliking in die V.S.A., Engeland en Suid-Afrika.	62
3.	Verstedeliking van die Bantoe.	64
C.	Vryetyd, Inkomste en Motorbesit.	75
1.	Vrye tyd.	76
2.	Inkomste.	83
3.	Motorbesit.	103

	<u>Bladsy</u>
D. Sosiaal-opvoedkundige faktore:	111
1. Onderwyspeil.	111
2. "Bewuswording" as 'n faktor in buiteligontspanningsdeelname.	115
3. Gesinstruktuur.	118
4. Beroep.	120
5. Etniese verband.	122
6. Sosio-ekonomiese klasse en buiteligontspanningsdeelname by die Bantoe.	
III. Ekonomiese groei van die Tuislande as 'n maatstaf om toekomstige deelname te voorspel:	133
A. Inleiding.	133
B. Die Friedmann-Model.	133
C. Die Rostow-Model.	134
IV. Projeksie van die omvang van Deelname vir die jaar 2000.	144

## AFDELING B

### DIE HULPBRONBEHOEFTE

#### HOOFSTUK VIER

#### DIE BEPALING VAN DIE BUITELUGONTSPANNINGSPOTENSIAAL VAN GEBIEDE

I. Metodes om die Ontspanningspotensiaal van 'n Gebied te bepaal.	148
II. Raamwerk vir die bepaling van die Ontspanningspotensiaal van Gebiede vir die Bantoe.	150

## HOOFSTUK VYF

### DIE NATUURLIKE OMGEWING AS BUITELUGONTSPANNINGSHULPBRON VIR DIE BANTOE

Bladsy

I.	Relatiewe waarde van die Omgewing as Ontspanningshulpbron.	153
II.	Ontleding en Waardebepaling van die Elemente waaruit die binnelandse natuurlike omgewing, gesien as ontspanningshulpbron vir die Bantoe, bestaan	155
A.	Natuurskoon	158
1.	Waarneming van die Omgewing.	158
2.	Ondersoekmetodes na Waarneming van die Omgewing	159
3.	Die bepaling van Natuurskoon	160
4.	Die Bantoe se Waarneming van Natuurskoon.	164
B.	Wateroppervlaktes	182
C.	Ongeskondenheid	186
D.	Klimaat	187
1.	Klimaat as Ontspanningshulpbron	187
2.	Menslike reaksie op Klimaat	188
3.	Termiese Gemaklikheidsone	189
4.	Gemaklikheidsone by die Bantoe,	192
III.	Die Kus as Ontspanningshulpbron vir die Bantoe:	195
A.	Fisiese gesteldheid van Strande	195
B.	Grootte van Strande	196
C.	Graad van Ontwikkeling	196
D.	Graad van Gewildheid.	197

## HOOFSTUK SES

Bladsy

### AFSTAND AS MAATSTAF VIR DIE PLASING VAN BUITELUGONTSPANNINGSOORDE

I.	Klassifisering van Afstande,	198
II.	Afstande wat afgelê word na oorde soos blyk uit literatuurbronne.	199
III.	Afstande afgelê na oorde deur die Bantoe:	200
	A. African Bus Service-busdiens	200
	B. Vraelysopname	202
	C. Z.C.C.-kerkgenootskap	202
	D. Manyeleti-wildtuin	203
	E. Umgababa-vakansieoord.	206
IV.	Afstandsverval volgens persentasie besoeke uit dorpe.	208
V.	Samevatting van die gegewens,	211

## HOOFSTUK SEWE

### FASILITEITE AS MAATSTAF VIR DIE VESTIGING VAN BUITELUGONTSPANNINGSOORDE

I.	Bestaande Ontspanningsfasiliteite as Maatstaf vir vestiging van Buitelugontspanningsoorde;	214
	A. Rol van Ontspanningsfasiliteite	214
	B. Ruimte benodig vir Buitelugontspanningsaktiwiteite	215
	C. Bestaande Ontspanningsfasiliteite vir die Bantoe in Suid-Afrika.	217
II.	Pad- en Spoorverbindings as Fasiliteite vir Buitelugontspanning.	217
III.	Arbeid en Krag.	218
IV.	Owerhede.	219



AFDELING C

IMPLEMENTERING VAN DIE MAATSTAWWE VIR DIE BEPALING

VAN IDEALE LIGGING VIR DIE VERSKILLENDE

BUITELUGONTSPANNINGSAKTIWITEITE

HOOFSTUK AGT

BEPALING VAN DIE LIGGING VAN PRIORITEITSGEBIEDE

Bladsy

I.	Ligging van die groot stede van die toekoms.	220
II.	Implementering van afstandsones.	220

HOOFSTUK NEGE

IMPLEMENTERING VAN DIE MAATSTAWWE IN DIE BINNELANDSE  
PRIORITEITSGEBIEDE

I.	Kartering van die Maatstawwe	224
A.	Natuurskoongebiede	224
1.	Topografie	224
2.	Plantegroei	225
3.	Oppervlakte water	226
4.	Natuurskoon	227
B.	Ongeskonde Natuurgebiede	228
C.	Damme en Riviere	229
D.	Ander Maatstawwe	230
1.	Padnetwerk	230
2.	Klimaat	232
3.	Gesondheidsfaktore	232

II.	Bespreking van die Maatstawwe	234
A.	Natuurskoon	234
1.	Topografie	234
2.	Plantegroei	235
3.	Water	236
4.	Natuurskoon	236
B.	Graad van ongeskondenheid	238
C.	Wateroppervlaktes	239
D.	Ander Maatstawwe:	241
1.	Pad- en Spoorverbindings	241
2.	Klimaat	243
3.	Gesondheidsfaktore	245

### HOOFSTUK TIEN

#### BEPALING VAN DIE PRIORITEITSLIGGING VIR DIE ONDERSKEIE BUITELUGONTSPANNINGSAKTIWITEITE

I.	Ontleding van die onderskeie buitelogontspannings- aktiwiteite	246
A.	Bykomende behoeftes vir Natuurskoongeoriënteerde buitelogontspanningstipes.	246
B.	Bykomende behoeftes vir Natuurgebiedgeoriënteerde buitelogontspanningstipes.	247
C.	Bykomende behoeftes vir Watergeoriënteerde buitelogontspanningstipes.	247
II.	Ontspanningskombinasies.	248
III.	Bepaling van potensiële terreine vir elke Buitelogont- spanningsaktiwiteit in die Binnelandse Prioriteitsgebiede:	251
A.	Toekenning van die Terreine.	251
B.	Buitelogontspanningstreke.	254

IV. Potensiaalbepaling van die Kus-prioriteitsgebied (die kus van Kwa Zulu en die Transkei):	256
A. Kuste van die Bantoetuislande	257
1. Kuste binne die grense van die binne- landse prioriteitsgebiede.	257
2. Kuste binne die Dagafstandsone vanaf die Bantoestede.	257
3. Kuste binne die Naweekafstandsone vanaf die Bantoestede.	257
B. Potensiaalbepaling van Kuste	258
1. Swempotensiaal	258
2. Tipe en grootte van die Strande	259
3. Hengelpotensiaal	259
4. Klimaat	259
5. Bestaande Geriewe	260

#### HOOFSTUK ELF

#### EVALUERING VAN DIE POTENSIAAL VAN DIE PRIORITEITS- GEBIEDE IN TERME VAN DIE KWANTITEIT VAN VERWAGTE DEELNAME IN DIE JAAR 2000

I. Voorsiening van algemene buiteligontspannings- ruimte vir die Bantoe vir die jaar 2000.	263
II. Voorsiening van ontspanningsruimte vir die onderskeie tipes buiteligontspanning.	264
A. Maksimum Ruimtestandaarde	264
B. Minimum Ruimtestandaarde.	273

#### HOOFSTUK TWAALF

<u>SAMEVATTING</u>	278
<u>BIBLIOGRAFIE</u>	285
<u>ADDENDUMS</u>	306

## VOORWOORD

### I. BUITELUGONTSPANNING AS 'N JONG NAVORSINGSVELD: 'N MOTIVERING VIR DIE ONDERSOEK

Daar bestaan tans 'n daadwerklike behoefte aan wetenskaplike navorsing oor die onderwerp van buiteligontspanning. Die veld van buiteligontspanning is tot onlangs toe nog nie beskou as 'n studierigting wat sodanige wetenskaplike navorsing regverdig nie. "With a few notable exceptions, the various physical, economic, social, political and other problems relating to outdoor recreation, have not been the subject of serious research and study. In no small part, this has been due to the fact that recreation has been equated to a degree with play, and both have been considered beneath the dignity of serious research effort." (17, p.3).

Die situasie is egter besig om vinnig te verander. Die feit dat 'n hele aantal bibliografiese oorsigte<sup>†</sup> reeds oor hierdie onderwerp verskyn het, dui daarop dat dit in die afgelope paar jaar 'n baie aktiewe navorsingsveld begin word het. Etlike geograwe, onder wie veral Wolfe, Mercer en Murphy, het hul ook met sukses tot hierdie navorsingsveld gewend.

Daar bestaan etlike voor-die-handliggende redes vir die ontwaking van buiteligontspanning as navorsingsveld:

---

<sup>†</sup>Kyk bv. Rodgers (212), Wolfe (255) Lancaster (288).

(1) DEELNAME AAN BUITELUGONTSPANNING IS VAN GROOT  
GEESTELIKE EN LIGGAAMLIKE WAARDE VIR DIE MENS

Ontspanning kan bestempel word as die genotvolle benutting van vryetyd tot opbouing van geestelike en/of liggaamlike kragte.

Volgens definisie is dit duidelik dat ontspanning nie maar doellose tydverdryf van die nie-werksure impliseer nie, maar wel 'n positiewe, genotvolle benutting daarvan.

'n Kenmerk van die moderne geïndustrialiseerde samelewing is dat die trots en skeppende waarde uit die meeste beroepe verdwyn het en plek gemaak het vir 'n sleurende een-tonige "monteerband-tipe" werk. Boonop geskied hierdie werk teen 'n gejaagde tempo en in 'n besige, rumoerige en besoedelde stadsomgewing. Die gevaar hiervan op die samelewing word deur Charlesworth (310, p.86) beskryf:

"Monotony in work and off-hours is a social danger no less than disease, disorders and illiteracy. Our failure to embrace this belief is raising the crime rate, increasing the population in mental hospitals..."

Uit bogenoemde blyk dus dat dit noodsaaklik is om voorsiening te maak sodat 'n samelewing sy vryetyd nuttig kan bestee, want in ontspanning lê, volgens die O.R.R.R.C.<sup>+</sup>, die "...re-creating of human vitality.... Latent energy is tapped, unused powers of the body, mind and spirit, are employed, the imagination works on fresh material... The individual returns to his work with a sense of renewal." (363, p.23).

---

<sup>+</sup>Outdoor Recreation Resources Review Commission.

Buitelugontspanning het dus vir die geïndustrialiseerde stedelike bevolking 'n noodsaaklikheid vir liggaamlike en geestelike gesondheid geword. Hierdie feit word ook beskryf in die O.R.R.R.C.-verslag: "It is part of the educational process that strengthens men's minds as well as their bodies; that broadens their understanding of the laws of nature; that sharpens their appreciation of its manifold beauties; and that fortifies man's most precious possession - the spirit which gives life its meaning. These are the qualities which in the long run, make a nation and its people truly great and which find strong nourishment in outdoor recreation." (363, p. 23-4).

(2) DIE SKEPPING VAN BUITELUGONTSPANNINGSFASILITEITE  
KAN DIEN AS 'N EKONOMIESE STIMULUS

Die waarde van buitelugontspanning kan nie met bestaande metodes kwantitatief bereken word waar dit gaan oor die bydrae wat dit lewer tot fisiese en geestelike gesondheid van die bevolking nie. Buitelugontspanning het egter wel ook spesifieke finansiële waarde. "While recreation is and should be considered one of that order of services which must provide for its benefit to the public without a dollar-and-cents accounting of immediate benefits, it does make sound fiscal sense. In urban areas, recreation is often a wise economical use of land, increasing values beyond its cost; in some underdeveloped areas, it may be a means of economic rebirth; and throughout the Nation it provides a major market for goods and services." (363, p.80).

Aantreklike buiteligontspanningsfasiliteite kan aan ontwikkelde landelike streke soos die Bantoetuislande, 'n ekonomiese stiumulus bied. Dit is juis dié gebiede wat vir normale landboukundige en stedelike ontwikkeling 'n lae potensiaal het vanweë faktore soos ruwe topografie, afgeleëheid vanaf bevolkingskonsentrasies en permanente sneeubedekking wat hul dikwels leen tot uitstekende buiteligontspanningstreke.

Die beleid van afsonderlike ontwikkeling noodsaak dat die Bantoe so gou moontlik 'n heenkome - ook wat sy ontspanning betref - in die tuislande sal vind. Die invloei van kapitaal en addisionele werkgeloontheid wat deur die ontwikkeling van ontspanningsgebiede geskep kan word, kan bydra tot die suksesvolle bereiking van hierdie doelstelling.

Afgesien van hierdie belangrike faset, behels die oprigting van ontspanningsfasiliteite die besteding van groot bedrae geld. As deel van die motivering vir die skryf van hul boek "Economics of Outdoor Recreation" sê Clawson en Knetsch (17, p.vi) : "In the coming years, money is going to be invested in outdoor recreation - large amounts, by all indications." Besluite t.o.v. waar en hoe dit bestee moet word, vereis dus deeglike kennis van die hele ontspanningssituasie.

(3) DAAR BESTAAN 'N STEEDS TOENEMENDE VRAAG NA BUITELIGONTSPANNINGSFASILITEITE

Navorsing oor buiteligontspanning is voorts noodsaaklik omdat daar in onlangse jare 'n baie groot vraag na fasiliteite

ontstaan het. Soos aanstons aangetoon sal word, dui bywoningsyfers vir die afgelope aantal jare op 'n groot toename in populariteit van bykans alle tipes buiteligontspanning en konserwatiewe projeksies in die toekoms dui op geweldige omvangryke deelname in die volgende aantal dekades. In die woorde van Clawson, sekerlik een van dié toonaangewendste pioniers in die veld van ontspanningsnavorsing : "The evidence suggests that we are approaching a grade-A crisis, unprecedented in both size and character." (358, p. 2-3).

Deelname aan buiteligontspanningsaktiwiteite vereis dikwels heelwat grondgebied. Indien daar 'n groot oplewing in die deelname aan hierdie aktiwiteite te wagte is, is dit dus duidelik dat 'n laissez-faire-houding fataal kan wees. Deeglike beplanning is noodsaaklik en dit is alleen moontlik as dit gebaseer kan word op wetenskaplike navorsingsresultate.

Om enigsin 'n beeld te verkry van die omvang van buiteligontspanning en die dinamiese karakter van die deelname daaraan, kan kortliks na die volgende voorbeeld uit die V.S.A. verwys word:-

Die O.R.R.R.C. het in 1962 voorspel dat daar tussen die jare 1960 en 2000 in die V.S.A. 'n verdubbeling in deelname aan buiteligontspanning sal wees. In 1965 het die "Bureau for Outdoor Recreation" vir dieselfde periode 'n vervierdubbeling voorspel (86, p.266). In westerse lande bestaan daar



ook 'n jaarlikse toenemende behoefte aan buitelugontspanningsfasiliteite wat veel groter is as die natuurlike bevolkingsaanwas. Terwyl die V.S.A. se bevolking tussen 1951 en 1959 met 15% toegeneem het, het deelname aan hengel met 25% toegeneem, besoekers aan nasionale parke met 86% en besoeke aan ontspanningsoorde met 143%. (336)

'n Idee van die omvang van deelname in die V.S.A. kan verkry word deur te let op die meegaande gegewens van 1955 toe die bevolking van die V.S.A. 165 miljoen was :

Besoeke aan natuurgebiede onder beheer	
van die National Park Service	50 miljoen
Wildreservate en viskwekerye	7,2 miljoen
Herwonne opgaardamgebiede	9,5 miljoen
Nasionale woude	46 miljoen
Tennessee Valley Authority-damme	36 miljoen

Gedurende die seisoen 1966-67 het meer as 133 miljoen mense in die V.S.A. hul nasionale parke besoek. Dit verteenwoordig 'n toename van 9,7% bo die voorafgaande jaar.

Besoeke aan alle tipes nasionale parke het in die V.S.A. sedert 1910 met tussen 8 en 10% per jaar gestyg (met die uitsondering van die vroeë veertiger jare (Wêreld Oorlog II) en 1933 (depressie)) (17, p.44).

Die getal kampeerdae in die nasionale parke het byna verdriedubbel in die periode 1956 tot 1966 wat 'n groei vanaf 3,6 miljoen tot 9,4 miljoen verteenwoordig. Daar was in 1966 reeds 20 miljoen hengelaars in die V.S.A. en hulle het gemiddeld 18 maal per jaar gaan visvang. Deelname aan swem het van 1960 tot 1965 met 44% toegeneem (86, p.266).

'n Opname deur die Bureau of Outdoor Recreation in 1965 toon dat daar in die V.S.A. toe reeds 'n toename van 51% in die gewildste somer-buitelugontspanningstipes sedert 1960 was en dit terwyl die O.R.R.R.C. in 1962 slegs 'n toename van 20% voorspel het (355, p.12).

Bogenoemde gegewens insake buitelugontspanning behoort reeds 'n toereikende beeld te gee van die geweldige groei wat ondervind word in die V.S.A. en wat in die toekoms verwag kan word. Daar kan dus volstaan word met 'n uittreksel van 'n verslag van die Bureau of Outdoor Recreation. (Kyk tabel ommesyde).

In Engeland het Patmore (59) 'n soortgelyke dinamiese tendens in buitelugontspanning bevind.<sup>+</sup> Ten opsigte van alle faktore wat die omvang in buitelugontspanningsdeelname bevorder, word ook groot toenames in die toekoms verwag. So word byvoorbeeld verwag dat per capita motorbesit tussen 1965 en 2000 met 150% sal toeneem, persoonlike inkomste met 100%, lengte van vakansies met 98%, getal kinders in die onderwys met 97% terwyl die bevolking self na verwagting met 38% sal toeneem en die werksweek met 37% sal verkort (59).

---

<sup>+</sup>Vir 'n vollediger oorsig van buitelugontspanning in ander westerse lande, kan o.a. die werke van Burton (273), Coppock (108) en Molendijk (52) geraadpleeg word.

WERKLIKE EN VERWAGTE DEELNAME AAN BUITELUG-  
ONTSPANNING IN TERME VAN PERSENTASIE

TOENAME BO 1960

	Aktiwiteite in rangorde	<u>1965</u> % toename bo 1960	<u>1980</u> % toename bo 1960	<u>2000</u> % toename bo 1960
1.	Stap vir plesier	82	172	356
2.	Swem	44	149	344
3.	Plesierritte per motor	8	63	146
4.	Buitelugsport en speletjies	96	236	520
5.	Fietsry	- <sup>+</sup>	<u>% toename bo 1965</u> 32	<u>% toename bo 1965</u> 84
6.	Besigtigingstoertjies	-	54	156
7.	Piekniek	-	48	127
8.	Hengel	-	31	78
9.	Bywoning van Sportbyeenkomste	-	43	117
10.	Bootry (nie kano en seiljag, nie)	-	76	215
11.	Stap in die natuur	-	48	134
12.	Kampeer	-	78	238
13.	Perdry	-	44	132
14.	Waterski	-	121	362
15.	Staptoere	-	78	218

<sup>+</sup> gegewens nie beskikbaar nie.

Bron: (355) B.O.R. 1967, p.14-18.

Soortgelyke toestande kan dus mettertyd ook in Suid-Afrika verwag word sodat daar 'n dringende behoefte is om dié dele van die tuislande wat 'n besondere aantrekkingskrag t.o.v. buiteligontspanning het (hetsy vanweë natuurskoon, besienswaardighede of ongereptheid) vroegtydig aan 'n sinvolle beplanningsprogram te onderwerp voordat die ontspanningswaarde daarvan verlore gaan of daar voor die dilemma van hoë grondpryse a.g.v. verstedeliking te staan gekom word.

(4) DAAR BESTAAN 'N GROOT ONTOEREIKENDHEID VAN WETENSKAPLIK BEPAALDE INLIGTING OOR DIÉ ONDERWERP

Dit is voorwaar vreemd dat so 'n belangrike aspek van die menslike bestaan en een wat so hoog deur die mens self geëvalueer word, dusver so min wetenskaplike bestudering uitgelok het.

Die noodsaaklikheid vir navorsing op hierdie gebied is enkele jare gelede reeds onderstreep toe die V.S.A.-regering 'n kommissie aangestel het om die kwessie van buiteligontspanning in Amerika te ondersoek. Honderde mense is drie jaar lank by hierdie ondersoek betrek en die verslag beslaan 27 volumes. Uit genoemde verslag blyk dat: "Outdoor recreation is a major land use involving a quarter billion acres of public land and perhaps as much private land. Over 90% of the population participates. It is a \$20 billion-a-year industry with an annual government investment of an additional \$1 million. Yet, there is no systematic co-ordinated research program in outdoor recreation as there is in other fields which involve fewer people, acres and dollars... Perhaps no other activity involving so many people and so basic a part of our life has received less

attention from investigators". (363, p.181).

In die lig van Clawson se stelling: "If there has been a 'population explosion' there has been a recreation explosion five times as violent" (16, p.17), wil dit voorkom asof navorsers in die V.S.A. oor hierdie onderwerp onverhoeds betrap is. In hierdie opsig kan navorsers hier te lande gewaarsku wees.

Geskikte fasiliteite moet geskep word om hierdie verwagte "ontploffing" in buiteligontspanning te akkommodeer. Skepping van fasiliteite moet egter doelgerig wees. Dit moet presies beantwoord aan die behoefte van die publiek. Daar is nie tyd vir tydsame proefnemings nie. Verskaffing is reeds ver agter en raak daaglik verder agter. Daarom is dit so noodsaaklik dat wetenskaplike navorsing gesinchroniseer moet word met die beplanning van ontspanningsgeriewe deur die sentrale en plaaslike owerhede. "...research and planning are mutually dependent activities in Man's attempt to fashion his environment so as to obtain the greatest possible benefit from the increased leisure that social, economic, technological, biological and medical progress has made available to him. In an age of intense and increasing competitive demands for land and natural resources for a variety of purposes - housing, industry, roads, schools and....agriculture, forestry and recreation - the need for planning is essential: But planning without adequate knowledge of the needs and desires of society, is rather like the provision of houses without plumbing - it can be done, but the consequences are likely to be disastrous! Planning, if it is to be a positive force in shaping our environment, requires

research. Research, if it is to be something more than an academic extravagance, requires a purpose to serve as a basis for planning." (273, p.21).

As daar nog in akademiese kringe of by uitvoerende administratiewe liggame twyfel bestaan het oor die kwessie of wetenskaplike navorsing oor hierdie onderwerp moontlik of selfs nodig is, is dit finaal die nekslag toegedien met die verskyning van die "Journal of Leisure Research" in 1969. Die oogmerke van hierdie vakwetenskaplike tydskrif van hoogstaande akademiese standaard is soos volg deur die president, S.J. Prezioso, omskryf: "The purpose of this journal is to define in multi-disciplinary forms the challenges of leisure facing us today and in the future, to stimulate appropriate solutions for these challenges through serious scientific investigation, to disseminate these findings and to describe the practical application and testing of research results." (204, p.1).

(5) DAAR BESTAAN 'N BEHOEFTE AAN GEOGRAFIESE BENADERING  
TOT DIE STUDIE VAN BUITELUGONTSPANNING

Omdat geograwe in die verlede nog so min aandag aan hiërdie aspek van die menslike bestaan bestee het, kan met reg gevra word of dit 'n studieterrein is wat 'n geografiese benadering regverdige. Voordat afdoende bevestiging hiervoor verkry kan word, sou 'n mens graag eers duidelikheid wou verkry oor wat presies die studieterrein van die Geografie is.

Hartshorne (32, p.21) stel dit dat: "...geography is concerned to provide....description and interpretation of the variable

character of the earth surface". Hieraan voeg hy as kwalifikasie van bogenoemde stelling toe: "geography is that discipline that seeks to describe and interpret the variable character from place to place of the earth as the world of man." (p. 47). In die eerste stelling word klem gelê op die aardoppervlak en in die tweede word die aardoppervlak gekwalifiseer as die woonplek van die mens. Ons kan dus hiervan aflei, om dit baie bondig te stel, dat geografe se doel is om die aarde as woonplek van die mens te bestudeer en hierdie begrip "woonplek" sluit vanselfsprekend sowel die werks- as die ontspanningsmilieu in. Daar bestaan egter baie ander definisies van die vak en dit wil nie sê dat bogenoemde as 'n deurgaans bevreemdende omlýning van die studieterrein van die Geografie beskou word nie. Trouens, daar bestaan geen enkelvoudige en algemeen aanvaarbare definisie vir die vak nie en oor die definisies wat daar wel bestaan, is daar byna net soveel interpretasies as wat daar geografe is. Wat egter wel vasstaan is dat die geograaf die mens:bodem-verhouding bestudeer en buitelugontspanning is, net soos landbou of mynbou, 'n besondere soort gebruik wat die mens van die bodem maak sodat dit met reg deel van die geografiese studieveld behoort te wees.

Onderskraging vir dié standpunt vind ons ook in die werke van Wolfe wat sekerlik vandag een van die leidende geografe in die veld van ontspanningsgeografie is. "However much disagreement remains about what geographers do, at some point in the argument mention must be made of the surface of the earth and the patterns of human activity on it.... the concept 'landscape' still remains fundamental to geography. It is also fundamental

to the study of outdoor recreation." (255, p.227).

Hierdie verhouding tussen mens en omgewing in die bestudering van buiteligontspanning word ook deur Mercer beklemtoon: "Recreation is the focal point of the evolution of an entirely new relationship between our cities and their surrounding areas. Unraveling the spatial complexity of this symbiosis is an urgent and challenging new field for geographical research." (181, p.271).

Grondliggend is daar dus geen rede waarom ontspanningstudies nie ook by Geografie ingelyf kan word nie. Daar is egter nog verdere motivering waarom daar 'n sterk behoefte is aan 'n geografiese benadering van ontspanning as navorsingsveld. Cholley (15, p.14) sê: "L'objet de la Géographie est la connaissance de la Terre".... maar dan nie in die sin van 'n inventaris van gewens nie. Die sentrale kenmerk van die vak is dat 'n bepaalde studie, of studieveld, nie in die eerste plek geografies van aard is op grond van die feite-materiaal wat bestudeer word nie, maar wel op grond van die benadering tot daardie feite-materiaal. Dit gaan nie om die feite per se nie, maar dáárom dat 'n beter begrip van die mens se aktiwiteite op die aardbodem in sy volle wisselwerkende kompleksiteit ("Zusammenhang") gesoek word. In die woorde van Nel : "... die heterogeniteit wat ons bestudeer (word) in die hande van die geograaf tot 'n groot samehangende geheel gevorm..... 'n Totaalkennis van al die sistematiese wetenskappe gesamentlik sal nog nie vir ons 'n realiteit van die aardoppervlakte bied soos die geograaf dit doen nie." (194, p.4). As ons daarop let dat buiteligontspanning



juis ook te doen het met 'n geweldige diverse studieveld, dan blyk daar besliste behoefte te wees aan meer geografiese bydraes. "If the problems and opportunities of outdoor recreation are to be properly understood, they must be seen in terms of the whole society and whole economy." (17, p.3).

Die feit dat ontspanningstudies in die verlede veral afkomstig was van sosioloë, sielkundiges, volkekundiges en ekonome, het veroorsaak dat daar min samehang of koördinasie was. Navorsing was gespesialiseerd en het dikwels die samehang wat so noodsaaklik is vir die skepping van 'n geheelbeeld kortgekom. Hierdie situasie word deur Murphy bespreek na aanleiding van 'n kongres oor buitelugontspanning wat gedurende 1963 aan die universiteit van Michigan gehou is: "In panel discussions of small groups of researchers at the National Conference it became increasingly obvious that persons from various disciplines frequently were talking at cross purposes through a lack of knowledge of the land itself on the one hand, or of man's wants and his ways of satisfying those wants, on the other. The geographer with his focus on areas as man's home is in a peculiarly advantageous position to render a major service to outdoor recreation research in providing this point of view." (192, p.33).

As samevatting kan gestel word dat die voorafgaande geen twyfel laat nie dat hier 'n faset van die mens se bestaan is waar daar 'n behoefte is aan wetenskaplike navorsing - ook o.a. deur die geograaf.

## II. BUITELUGONTSPANNING BY DIE SUID-AFRIKAANSE STEDELIKE BANTOE AS STUDIE-ONDERWERP : METODE VAN ONDERSOEK

### A. PROBLEEMSTELLING

Dat daar, in die algemeen gesproke, 'n groot toename in buiteligontspanning in die V.S.A. verwag word, het duidelik geblyk uit die voorafgaande afdeling. Presies hoe groot die omvang daarvan gaan wees en op watter ontspanningstipes dit sal sentreer, is baie moeiliker bepaalbaar. 'n Onderzoek na hierdie probleem t.o.v. die stedelike Bantoe van Suid-Afrika, is geneem as die studie-objek van hierdie navorsing. Die bepaling van die aard en omvang van die Bantoebevolking se behoefte aan buiteligontspanning (tans en in die toekoms) en die potensiaal van die tuislande om daaraan te voldoen, behels twee samegestelde probleemassekte:

- (1) die aard (d.w.s. die verskillende tipes ontspanning) en omvang (huidige en toekomstige getalle van deelnemers) van buiteligontspanning by die Bantoe en
- (2) die bepaling van die maatstawwe wat nodig word vir die vasstelling van die geskikte omgewings binne die tuislande wat vir die beoefening van hierdie ontspanningstipes gebruik kan word.

### B. NAVORSINGSMETODE

Die navorsingsprogram het bestaan uit feiteversameling, vertolking van die feitemateriaal, en die uiteindelijke

toepassing van die resultate. Feitemateriaal is hoofsaaklik uit die volgende bronne versamel:-

- (1) Literatuurbronne insake buiteligontspanning in die buiteland en in Suid-Afrika.
- (2) Statistiese gegewens insake buiteligontspanning wat verkry is van ontspannings- en natuurbewaringsorganisasies, ontspanningsoorde, verslae van toerorganisasies, busdiensmaatskappye, staatsdepartemente en Bantoeregeringsdienste en -gebiedsowerhede.
- (3) Amptelik gepubliseerde statistiese informasie rakende die sosio-ekonomiese, opvoedkundige, en bevolkingsaspekte wat 'n rol speel in die aard en omvang van buiteligontspanning.
- (4) Vraelysopnames:  
Dit het bestaan uit 'n gestratifiseerde gidsopname onder 150 professionele persone en 'n ewekansige steekproefopname onder 600 stedelike Bantoes in Soweto, Ga-Rankuwa, Kwa Mashu en New Brighton.
- (5) Baie inligting is deur middel van persoonlike onderhoude met Bantoes self verkry. Die opinie van Bantoes is in alle gevalle waar dit ter sake was, verkry. Eetlike proefnemings ten opsigte van die Bantoe se persepsie van sy omgewing (en in besonder sy begrip van natuurskoon) en fisiologiese klimaat is onder Bantoes self uitgevoer.
- (6) 'n Opname van die natuurlike en kunsmatige hulpbronne van die geselekteerde gebiede is vanaf kaarte, lugfoto's en deur veldinspeksie, gedoen. Dit het behels die indeling

van die landskappe volgens die mate van verkerfdheid, die tipe plantegroei, die oppervlaktewaterbronne, die klimaat, padnetwerk, bevolkingsdigthede, oppervlakte onder landboubewerking en die voorkoms van bilharzia-slakke en malaria.

Die vertolking van die feitemateriaal t.o.v. die aard en omvang van die ontspanningsbehoefte verskyn in Afdeling A. In Afdeling B word die aard van die benodigde ontspanningshulpbronne geëvalueer. Die toepassing van die vertolkte feitemateriaal ten einde prioriteitsones vas te stel, verskyn in die derde afdeling.

AFDELING A

DIE AARD EN OMVANG VAN DIE VRAAG NA BUITELUGONTSPANNING

HOOFSTUK EENBUITELUGONTSPANNING IN SY HISTORIESE PERSPEKTIEFI. ONTSPANNING BY VOOR-INDUSTRIËLE VOLKERE

Daar bestaan baie min verslae wat spesifiek handel oor die ontspanningsgewoontes van voor-industriële volkere. Die rede hiervoor is waarskynlik juis daarin geleë dat daar by sodanige gemeenskappe moeilik te onderskei is tussen werk en ontspanning. Feitlik alle ontspanningsaktiwiteite het o.a. ten doel die insameling van voedsel, aankweek van tegnieke, of een of ander aspek wat te make het met die daaglikse lewensonderhoud. Stumpf en Cozens (326, p.201) stel dit t.o.v. die Maori's dat ".....every aspect of their economic life was permeated with a definite element of recreation."

Ter toeligting kan na die ontspanningspatroon van enkele voor-industriële gemeenskappe gekyk word.

A. NIEU-SEELANDSE MAORI'S

Die algemene tradisionele patroon van ontspanning by die Maori's bied 'n goeie voorbeeld van 'n tipiese voor-industriële gemeenskap. Stumpf en Cozens (326) meld dat daar 'n groot variasie in sport- en ontspanningstipes bestaan wat elk sy eie doel dien. Volgens die doel wat hulle dien, kan die ontspanningstipes soos volg geklassifiseer word:-

- (1) Dié ontspanningstipes wat te doen het met opleiding vir oorlog.
- (2) Dié wat vaardigheid en grasia bevorder.
- (3) Dié wat 'n ekonomiese bate is.

- (4) Dié wat fundamenteel is vir hul ontspanningslewe.
- (5) Dié wat lojaliteit aan, en die solidariteit van die stam bevorder.
- (6) Dié wat geleentheid bied tot uiting van gesonde mededingende drange.

Ontspanning by 'n voor-industriële volk soos die Maori's is meestal gekoppel aan fisiese aktiwiteit. "These people firmly believe that physical welfare formed the basis for all activity, educational or otherwise and fully recognised the value of games and sports for training in self-confidence and self-control." (326, p.215). Sodanige aktiwiteite sluit in dans, sang, swem, 'n vorm van branderplank-ry en duik. Veral sang maak 'n baie belangrike integrerende deel van baie tipes werk uit met die gevolg dat die werk 'n sterk ontspanningskarakter verkry het. Hierdie verskynsel is in baie ander gevalle ook van toepassing. Duik, swem en branderplank-ry is nōu gekoppel aan visvang-tegnieke sodat Noe (196, p.31) met reg beweer : "The recreational influence in economic endeavours was a striking feature of Maori culture, for the physical skills they acquired, like swimming, were both a means of economic production in fishing and a source of pleasure in aquatic sports".

#### B. MALAWI<sup>+</sup>

Die ontspanningspatroon in die landelike gebiede van Malawi bestaan uit ander tipes aktiwiteite maar sekere basiese ooreenkomste met die Maori's is tog duidelik.

---

<sup>+</sup> gegewens verkry deur persoonlike onderhoud met 'n mnr. S. Zamba, 'n Malawiese onderwyser wat tans aan die Universiteit van die Noorde studeer.

Die beoefening van tradisionele danse is een van die gewildste ontspanningsaktiwiteite. Afgesien van sy suiwer ontspanningswaarde vir deelnemer en toeskouer, neem dit soms die vorm van kompetisies aan waar die beste dansers beloon word. Dans dien ook die doel van die behoud van liggaamlike fiksheid, oefening en opsweping van gemoedere voor jagtogte en dit vorm dikwels 'n noodsaaklike integrerende deel van sekere sosiale byeenkomste en seremonies.

Speletjies soos "Marabaraba" ('n spel wat bestaan uit die skuif van sade of klippies van gaatjie tot gaatjie) en heelparty balspele, waarvoor ronde vrugte gebruik word, is algemeen. Die vertel van volksverhale en mitologiese stories vorm 'n baie gesogte en terselfdertyd leersame en opvoedkundige tydverdryf.

Swem, bootry en visvang word algemeen beoefen in die gebiede om die mere waar vis 'n belangrike deel van die dieet uitmaak. Jag is ook gewilde ontspanning alhoewel dit primêr vir voedselinsameling onderneem word. Jagtogte bestaan uit die opjaag van wild deur honde waarna dit met pyl en boog en knopkieries gedood word. Soms span die inwoners van 'n aantal dorpie saam om die wild vas te keer en in lokvalle te lei.

In die stede neig die ontspanningspatroon vandag baie na dié van die westerse wêreld. Georganiseerde sport (veral sokker en boks) is baie gewild. Die enkele wildduine word druk besoek en piekniek, kampeer (veral by die jongmense) en besoeke aan warmwaterbronne soos dié van Nkhota-kota, vind baie byval.



Ander vorms van ontspanning in die stede bestaan uit besoeke aan bioskope en musiekkonserte. Heelwat aandag word gegee aan besoeke aan vriende en familie. Die staat staan bv. een dag per jaar spesiaal af as vakansiedag vir die besoek van vriende aan mekaar asook 'n dag om ouers te besoek.

'n Vraelysopname onder Malawiërs in Lilongwe het aan die lig gebring dat besoeke aan vriende en familielede (25%) en stap vir plesier (22%) die mees gesogte ontspanningsaktiwiteite van die moderne dorpsbewoner is.

#### C. NIGERIË EN GHANA

Tradisionele ontspanning in Nigerië sentreer om dans, kano-ry, bootresies, stoei met gepaardgaande tromslanery, en perdry. Laasgenoemde is veral in die noorde populêr waar kontak gemaak is met Arabiese invloede.

Passiewe speletjies soos dambord en Ayo (soortgelyk aan Marabaraba by die Malawiërs) is ook gewild. Geen spanspele soos tans by die westerse volkere aangetref word, word hier in tradisionele verband gevind nie.

Vernuwing onder Britse Koloniale invloed het meegebring dat moderne sport soos atletiek, sokker, tennis, netbal en tafeltennis ook sterk inslag gevind het in die dorpe. Opvallend is egter dat dit byna uitsluitend die mans is wat hieraan deelneem. Poligamie bestaan nog sodat die hegte eenheidsband van die westerse gesin nie baie voorkom nie. Die vrou se tyd word ook nog grootliks in beslag geneem deur huis-houdelike verpligtinge en kinders grootmaak. Sy word ook

nie aangemoedig om belang te stel in aktiwiteite buite die huishouding nie. "...family recreation is a dream for future realization." (75, p.285).

Daar is egter onder die klein elité-groep 'n beweging na gesinsontspanning. Slegs nou en dan word Nigeriese gesinne by die strande opgemerk. In 'n opname onder die Ghanese elité het dieselfde tendens geblyk nl. dat gesinsontspanning nog glad nie algemeen aanvaarde praktyk is nie. Dertig persent (30%) van die ondervraagdes gaan nooit saam met die eggenoot (-te) en kinders uit nie; 21% gaan selde saam uit terwyl daar 9% is wat wel meer as een maal per maand saam uitgaan (14, p.63). Daar is dus 'n neiging te bespeur dat daar met verwestering 'n wegbreek van die tradisionele selfgerigte ontspanning saam met vriende van dieselfde geslag is na 'n gesinsgesentreerde ontspanningspatroon.

#### D. DIE SUID-AFRIKAANSE BANTOE IN TRADISIONELE STAMVERBAND

Die Bantoeman het tradisioneel, wat lewensonderhoud betref, verantwoordelikhede slegs t.o.v. jag en beskerming gehad. Aangesien jag ook 'n ontspanningsvorm was en oorlog slegs periodiek voorgekom het, was die lewe van die Bantoeman dus 'n lewe van vryetyd. Om hier 'n onderskeid te maak tussen ledigheid en ontspanning, is baie moeilik. Waarskynlik was altwee elemente van vryetydsbesteding sterk teenwoordig. Hierteenoor was die vroue verantwoordelik vir die hele huishouding asook bewerking van die landerye vir voedselproduksie, water en brandhout haal, kinders versorg, e.d.m. Hierin is sy bygestaan deur veral die dogters. Bantoesseuns was

hoofsaaklik opgesaal met die oppas van die vee wat ook oorvloedig tyd vir ontspanning toegelaat het.

Van huisgesin-aktiwiteite was daar nie veel sprake nie. Ontspanning is dus meestal in terme van elke geslags- en ouderdomsgroep beoefen en nie binne gesinsverband nie. Vir die vroue was, afgesien van feestelike byeenkomste, die gesels by watergate en tydens brandhoutversameling byna die enigste geleentheid vir ontspanning.

Die lewenswyse het dus min variasie of afwisseling opgelewer. 'n Uitstaande kenmerk van die Bantoe-gemeenskap is dan die dooie eenvormigheid van die lewe. Die lewe van die Bantoe is ingerig volgens 'n bepaalde patroon soos deur die tradisie vasgestel en waarvan dit baie moeilik sou wees om af te wyk. Die individu is ondergeskik aan die gemeenskap in so 'n mate dat daar min waarde geheg is aan persoonlikheidseienskappe. Individualisme is afgekeur en selfs belet. Iemand wat uitermate suksesvol boer is bv. as towenaar bestempel en om die lewe gebring. Dit is dus interessant om daarop te let dat, in sy deelname aan ontspanning, die tendens tot individualisme en uitspattigheid sterk op die voorgrond tree (385). Danse en jag is veral 'n goeie voorbeeld hiervan. Tradisionele Bantoe-danse vereis groot vaardigheid en fiksheid en bied aan die mans kans om hul spierkrag en vrouens hul liggaamlike aantreklikheid, te vertoon. 'n Tweede opvallende kenmerk van die ontspanning van die Bantoe is dat daar nie juis bepaalde ontspanningstye is nie, maar dat dit ingewef is in sy gemeenskapslewe. As sodanig

is egter ook baie danse wat alleen ter wille van die genot uitgevoer word.

Die rol van musiek in die ontspanningslewe van die Bantoe kan nie oorbeklemtoon word nie. Dit is inderdaad 'n integrerende deel van omtrent al hul sosiale aktiwiteite (385, p.41 en 71, p.316).

Een van die gewildste ontspanningsaktiwiteite by die Bantoe was jag. 'n Jagtog is gewoonlik 'n groot gebeurtenis wat deur baie opwinding voorafgegaan word. Ritter (62, p.205) berig dat sulke jagtogte soms die vorm van groot algemene stamjagtogte aanneem.

Die wyse van jag verskil baie van stam tot stam. 'n Beskrywing deur Kidd, (44, p.319) van so 'n jagtog in Gazaland gee egter 'n aanduiding van die geesdrif waarmee dit onderneem word : Die dag waarop die jagtog sal plaasvind word deur die koning bepaal. Al die mans neem deel en verskyn op die groot dag voor die koning in die hoofkraal. Hier word wild gedans en geskree en luidkeels gesing deur die jagters. In die veld vorm hulle 'n reuse halfmaan-sirkel en jaag al wat wild is op. Die doel is om soveel as moontlik dood te maak. Kidd voeg hierby dat dit 'n grusame gesig is wat 'n mens met weersin vervul. Die jagters is egter rasend van opgewondenheid. Die jagter wat die meeste wild doodmaak, word vereer.

Die klem val dus weer eens op die indiwidue en die kans word só gebied om uit te styg bo die ander mans. So meld Soga (68, p.236-7) dat die jagtog se onsekerheid, opwinding en vooruitsig op moontlike roem, 'n groot bekoring vir die

kan dit dus nie in 'n afskeidbare kompartement geplaas word nie. In hierdie verband skryf Kidd : "In the case of the Kafirs, play is so interwoven with work that it can only be separated from it in theory....." (43, p.161). Daar is egter in die patroon van die sosiale lewe baie geleenthede vir feestelikhede en sosiale verkeer ingewef. Die geboorte van 'n kind, inisiasie van 'n seun of dogter, die huweliksluiting, jag, oestyd, dood en oorlog is almal gebeurtenisse wat geleentheid vir sosiale verkeer, ontspanning en spel in mindere of meerdere mate bied.

'n Verdere voorbeeld van die integrasie van ontspanning by werk vind ons soos by die skoffel van landerye wat dikwels 'n sosiale byeenkoms van die gemeenskap is en wat gepaard gaan met bierdrink en ritmiese sang.

'n Beskrywing van die aard van tradisionele danse en 'n verwysing na enkele voorbeelde sal dien om die rol daarvan te illustreer. Hanekom (385, p.44 en verder) sê dat diegene wat te jonk of te oud is om te dans, deelneem as toeskouers. Dit is dus 'n gemeenskapsdaad. Inderdaad speel dans 'n baie belangrike rol in die lewe van die Bantoe en die sosiale funksie daarvan is dan ook om die lede van die gemeenskap saam te bind op harmonieuse wyse en die gemeenskapsgevoel by die lede te versterk en aan te wakker. Baie van die danse het 'n godsdienstige strekking. So byvoorbeeld is daar danse vir reën (Sotho : "Mohobelo"-dans tydens die "molutsoane" of reënseremonies) of daar word gedans om die voorouers te dank of om iets vir hulle te vra. Daar

Bantoe inhou.

In die algemeen droë klimaat van die binneland van Suid-Afrika het visvang as 'n ontspanningsaktiwiteit begryplikerwys nie voorgekom nie. Hunter (35, p.96) sê egter dat vir die Bantoe wat na aan die kus woon, visvangs 'n baie gewilde vorm van tydverdryf is. By die Pondo's word dit aangetref dat 'n groepie vriende soms weke lank langs die see vertoef om vis te vang. In die verlede het hulle nooit met hoeke of nette die vis gevang nie, maar met lang spiese waarmee hulle na die vis gegooi het.

'n Belangrike gedeelte van die ontspanningspatroon veral by die kinders, maar ook by volwasse mans, was speletjies. Hanekom (385) vermeld etlikes waaronder die wydverspreide Marabaraba (wat ook in Malawi en Nigerië gespeel word); Nomane - 'n soort hokkiespel; die Vendas het 'n soort skaakspel, ens.

'n Tipiese buitelogontspanningsaktiwiteit is dié van resies jaag met beeste. "Om met die beeste resies te jaag, is naas die jag, sekerlik een van die gewildste sportsoorte by die Bantoe". (385, p.51). Soga (68, p.371) meld : "This sport occupied in the estimation of the people much the same position as horse-racing does in England. So much was this that several of the famous races and the actors in them are, after at least 70 years, still held in remembrance." Dit is nie die geval dat al die beeste by die wegspringplek in 'n reguit lyn staan nie. Elke ruiter het ook nog 'n klomp van sy kraal se beeste om hom. Daar is ook geen afsitter nie- elke persoon

sal so gou as moontlik sy beeste aanspoor om met die wedren te begin. Enige metode word aangewend om so 'n resies te wen en as 'n persoon daarin kan slaag om 'n voorsprong op sy opponente by die wegspringplek te kry, sal hy vir geen oomblik aarsel nie. ('n Opname onder die landelike Bantoe van die Mamabolostam naby Pietersburg het egter getoon dat hierdie tipe ontspanning vandag reeds totaal uitgesterf het.<sup>†</sup>)

Bierdrink maak 'n belangrike deel van die tradisionele Bantoe se vryetydsbesteding uit. Dit vorm die basiese milieu van gesellige saamverkeer en kan soms dae op 'n slag duur. Die plek daarvan in die lewe van die tradisionele Bantoe word weerspieël in die volgende aanhaling: "Men's favourite pastime in South Africa is drinking beer. There are no bars on the veldt... But every village is from time to time a brewery and a drinking place." (40, p.341). Bierdrinkery vind ook plaas by alle feesgeleenthede en volgens Ashton (4, p.93-4) hang die sukses van so 'n fees in die eerste plek af van die hoeveelheid en kwaliteit van die bier.

Een van die ontspanningsaktiwiteite wat 'n volkseie kultuur-skat is, is die rykdom aan verhale. Saans na die dagtaak in die stil rustige atmosfeer van die vuur, is die Bantoe baie lief om na volksoorleweringe en verhale uit die fantasiewêreld te luister.

Swem is 'n aktiwiteit wat veral onder die jongmense en kinders aangetref word. Die beperkte reënval en die seisoenaard

---

<sup>†</sup>Kyk addendum III en bespreking daarvan in Hoofstuk Drie.

daarvan oor groot dele van die land en die gevolglike episode aard van die rivier vloei, speel 'n rol in die beperking van hierdie aktiwiteit.

## II. ONTSPANNING BY DIE GEÏNDUSTRIALISEERDE WESTERSE VOLKERE

### A. GESKIEDKUNDIGE AGTERGROND

Die ou Griekse beskawing het ontspanning as die hoogste doel van die lewe gesien.

Dit was slegs vir die aristokrate wat geen tyd aan werk hoef te bestee nie, beskore om hulle lewe te kon wy aan bepeinsing: die vorming van begrip en insien van onderlinge verband en betekenis van dinge en gebeure. Hulle het dit as 'n lewenstaak gesien - ver verheve bo die daglonerstaak (113, p.332). "The man in contemplation is a free man. He does whatever he loves to do, and what he loves to do, and what he does is done for its own sake." (22, p.21). Anders as vryetydsbesteding, is werk nie iets wat ter wille van homself gedoen word nie.

Werk is dus gesien as minderwaardig aan ontspanning. 'n Slaaf is beskou as besonder gelukkig dat hy in diens mag wees van 'n persoon wat in staat is om te peins, musiek te waardeer en deel te hê aan die proses van kultuurvorming. Die slaaf het dus nie nodig om vryetyd te hê nie, want hy weet nie hoe om dit voordelig te gebruik nie. Daarenteen bewerkstellig hy, deur sy arbeid, dat sy eienaar homself nie hoef besig te hou met die "minderwaardige" dinge van die lewe nie, maar kan sorg dat die slaaf in 'n beter, geestelik ryper en meer verfynde kulturele omgewing kan bestaan as wat hy vir homself sou kon skep al het hy die vryetyd gehad. Hy ontvang



dus so baie in ruil vir sy werk, dat betaling daarvoor betekenisloos sou wees.

Die Romeinse beskouing en die heel vroegste siening van die Christelike godsdiens het baie ooreenstemming met die Griekse filosofie getoon (22, 1962).

Die hedendaagse siening nl. dat werk ver bo ontspanning geëer word, het egter sy ontstaan gehad in die kloosterwese en die Protestantse invloed. "The monks established a regimen of work in the monastery as part of their religious routine. Calvinism can be interpreted as equating vocational success in this world to the possession of spiritual grace. Thus was the sin of avarice transformed to the sinfulness of not working." (113, p.332-3).

Die Renaissance het eers werklik die gedagte laat inslag vind dat werk goed en veredelend is. Die hoogste doel was nie meer om te filosofer en te peins oor die Godheid en die sin van die lewe nie. Ten einde 'n sukses van die lewe te maak was dit nodig om die natuurlike hulpbronne van die aarde tot die grootste hoogte te hervorm en aan te wend vir eie gebruik. Bepeinsing moes plek maak vir rasionele denke oor alledaagse vraagstukke i.v.m. die maak van 'n bestaan. Dit is dus te verstane dat benutting van vryetyd 'n minder intellektuele vorm begin aanneem het. Ontspanning het al meer die karakter van "speel" gekry.

Die invloed van die Industriële Rewolusie was dat die aard van die werk van die meeste mense, en veral van dié van die ongeskoolde arbeiders, sodanig geword het dat die mens 'n

spreekwoordelike "rat in 'n masjien" geword het. Werk het vir dié mense daarin bestaan om 'n enkelvoudige handeling voortdurend oor-en-oor te doen. Mense het spesialiste op klein afdelings van take geword met relatief min sprake van satisfaksie wat geput word uit die dagtaak. Vroeër kon die skoenmaker daarop roem dat sy produkte die beste op die mark is. Elke voltooide skoen het 'n mate van geestelike verryking ingehou deurdat dit met trots gepaard gegaan het. Alle nie-landboukundige aktiwiteite het vroeër ook om en by die huis geskied sodat sosiale kontak tydens die werk algemeen was. Hiervandaan is die werkers "skielik" oor-geplaas in fabriek en hul arbeid gekoppel aan masjiene wat die pas onverbiddelik aangegee het. Alle werke is in 'n mindere of meerdere mate analogies aan dié by 'n monteringsband : geen persoon kan vir 'n oomblik uit die roetine wegbreek nie of hy moet vervang word deur 'n ander.

'n Mens kan dus geredelik begryp waarom die aard van vryetydsbesteding verander het. Aanvanklik was daar tydens die beginjare van die Industriële Rewolusie byna geen tyd beskikbaar vir ontspanning nie. Toe werkstoestande begin verbeter het, was daar nie sprake van die "Aristoteles-begrip" van vryetydsbesteding nie. Dit was suiwer "tyd waarin daar nie gewerk hoëf te word nie." Vryetydsbesteding het hieronder verander vanaf 'n lewenspatroon na iets wat gemeet word in ure per dag of dae per jaar. Vir die Grieke was dit 'n manier van lewe; vir die geïndustrialiseerde mens was dit 'n periode van ontvlugting van arbeid. Sedert die 17de eeu het daar 'n geleidelike verbetering in werksomstandighede plaas-

gevind. Salarisse het verbeter, lewensstandaarde het gestyg en werksure verminder (28). Nie alleen was daar meer tyd vir ontspanning nie maar daar was ook meer geld beskikbaar wat weer op sy beurt gelei het tot meer fasiliteite.

#### B. BUITELUGONTSPANNING BY DIE WESTERSE VOLKERE

'n Bestudering van die literatuur oor buitelugontspanning in die V.S.A., Engeland en Wes-Europa toon dat dit in wese dieselfde patroon volg as wat by die Blankes in Suid-Afrika bekend is. Omdat hierdie aspek reeds aandag geniet het, word hier slegs d.m.v. tabel 1.1 'n samevatting van ontspanningstendense in die V.S.A. gegee en in tabel 1.2 word die resultate van 'n ander opname in die V.S.A. met gegewens uit Suid-Afrika vergelyk.

Die drie Suid-Afrikaanse opnames waarna in tabel 1.2 verwys word is, sover bekend, die enigstes dusver hier te lande onderneem oor hierdie onderwerp. Steyn(394) het sy opname onder hotel- en karavaanbesoekers in die Suid-Kaap gedoen. Die keuse weerspieël dus dié van vakansiegangers en kan nie as verteenwoordigend van die hele bevolking geneem word nie. Hy het ook slegs enkele ontspanningstipes voorgehou aan die ondervraagdes. Van der Merwe (395) se opname was ook eensydig in dié sin dat die steekproef bestaan het uit motoriste in die P.W.V.-gebied tydens 'n vakansiedag. Sy het die vraag so bewoord dat respondente moes sê aan watter aktiwiteit hulle gedurende die afgelope naweek deelgeneem het. Hugo en Hattingh (286) se ondersoek kom die naaste ooreen met dié van die O.R.R.R.C. Net soos in die geval van die opname in

TABEL 1.1

DEELNAME AAN BUITELUGONTSPANNINGS-  
AKTIWITEITE IN DIE V.S.A. (1965)

Aktiwiteite	persentasie van bevolking wat deelneem	frekwensie deelname per deelnemer (p.j.)
Stap vir plesier	48	15,2
Plesierritte	55	12,1
Piekniek	57	5,6
Hengel	30	7,6
Bootsport <sup>1)</sup>	24	6,5
Stap in die natuur	14	5,9
Kampeer	10	6,9
Perdry	8	6,8
Waterski	6	6,6
Stap toere	7	5,1
Kanosport	3	5,0
Seilsport	3	6,0
Swem	48	16,5

1) Uitgeslote kano en seiljag.

Bron : (355) Bureau of Outdoor Recreation, 1967.

TABEL 1.2

VERGELYKING VAN DIE ONTSPANNINGSPATROON VAN  
BLANKES IN DIE V.S.A. EN SUID-AFRIKA

Aktiwiteite	Rangorde				Persentasie van bevolking wat deelneem	
	V.S.A. <sup>†</sup>	S.A. <sup>++</sup>			V.S.A.	S.A. (Pietersburg)
		(i)	(ii)	(iii)		
Piekniek	1	1	3		53	63
Plesierritte	2	3	1	1	52	50
Swem	3	2	2	2	45	61
Stap vir plesier	4	4	4	4	33	42
Hengel	5	5	5	3	29	35
Bootry	6	6	6	5	28	21
Jag	7	7			13	18
Fietsry	8	9			9	11
Perdry	9	8			6	12

<sup>†</sup>Bron: (365) O.R.R.R.C., 1962.

<sup>++</sup>Bronne: (i) (286) Hugo en Hattingh, 1972  
(ii) (395) Van der Merwe, 1966  
(iii) (394) Steyn, 1972.

die V.S.A., is die resultate gebaseer op 'n ewekansige steekproefopname en wel onder Blanke huishoudings in Pietersburg. Die ontspanningsaktiwiteite wat in laasgenoemde studie ondersoek is, het ooreengestem met dié van die O.R.R.R.C. Die ander twee opnames het minder aktiwiteite genoem en het ook ander tipes (soos kampeer, voëlwaarneming, bergklim, sport en binnenshuise ontspanning) ingesluit wat nie in die O.R.R.R.C.-opname voorgekom het nie.

Alhoewel die omstandighede van die toetsing in die drie gevalle baie verskillend van mekaar was, is dit opvallend dat die resultate baie sterk ooreenkom. (Vergelyk rangordes in tabel 1.2).<sup>+</sup>

Omdat die Suid-Kaapse en P.W.V.-opnames die persentasie belangstelling blykbaar aangee in terme van die totale getal response en dié van die O.R.R.R.C. en Pietersburg dit weer as 'n persentasie van die aantal respondente uitdruk, is die vier stelle gegewens nie vergelykbaar nie. Dié van die O.R.R.R.C. en die Pietersburg-opname toon egter ook hier 'n sterk ooreenkoms.

Enkele opmerkings blyk uit hierdie resultate. Aktiwiteite waarin die gesin, en daarmee saam die gesinsmotor, betrek word - soos piekniek en plesierritte - is van die gewildste ontspanningsaktiwiteite. Saam hiermee neem swem 'n prominente plek in en stap vir plesier volg kort daarop. Dit is

---

<sup>+</sup>Die O.R.R.R.C.- en Pietersburg-opnames kon statisties vergelyk word waaruit geblyk het dat, volgens Spearman se rangordekorrelasiekwasiënt daar 'n positiewe korrelasie van 0,9 op die 99% betroubaarheidspeil bestaan.

opvallend dat die minder gewilde ontspanningstipes t.w. hengel, bootry, jag, fietsry en perdry, almal toerusting of apparaat van een of ander gespesialiseerde aard benodig. Dit is dus duidelik dat die eenvoudige ontspanningstipes die meeste byval vind en ook die meeste beoefen word - waarskynlik omdat dit nie fasiliteite vereis wat nie normaalweg in elke Blanke huishouding beskikbaar is nie.<sup>+</sup>

Uit die literatuur wat daar bestaan oor buitelogontspanning by die westerse volkere, blyk sekere algemene karaktertrekke daarvan hoe verder 'n mens lees, hoe duideliker : die feit dat ontspanning 'n nie-werkaktiwiteit is en dat dit op spesifieke tye (veral tydens naweke) beoefen word; dat dit hoofsaaklik binne gesinsverband beoefen word en dat die aard en omvang van die vraag na ontspanningsfasiliteite so omvangryk is dat navorsing en intensiewe beplanning reeds nodig is om in hierdie behoefte te voorsien. Hierdie en ander kenmerkende eienskappe word in die hierop volgende afdeling gekontrasteer met die ontspanningspatroon van die voorindustriële gemeenskappe.

C. ONTSPANNING BY INDUSTRIËLE VOLKERE GEKONTRASTEER  
MET DIË VAN VOOR-INDUSTRIËLE GEMEENSAPPE

Dit is duidelik dat daar 'n wesenlike verskil in buitelogontspanning tussen westerse geïndustrialiseerde en voorindustriële volkere bestaan sowel t.o.v. die tipe aktiwiteite as die benadering daarteenoor. Hierdie verskille kan

---

<sup>+</sup> Daar is tans gemiddeld 1 motorvoertuig in Blanke besit vir elke 3,29 Blankes.

soos volg omlin word:

- (1) Ontspanning staan by geïndustrialiseerde gemeenskappe los van die daaglikse werk. Daar is dus spesifieke ontspanningsaktiwiteite wat in felle kontras staan met werk, en wat ter wille van hul ontspanningswaarde alleen, beoefen word. Hierteenoor is ontspanning en werk in 'n groot mate geïntegreer in die lewe van die voor-geïndustrialiseerde mens en maak ontspanning dus 'n deel van sy normale lewensonderhoud uit.
- (2) Die westerling se dag word in drie min of meer ewe lang periodes ingedeel : 'n derde vir werk; 'n derde vir slaap en 'n derde vir ontspanning en ander bedrywigheide. Die algemeen rustiger lewe van die voor-industriële mens veroorsaak dat aan die een kant baie meer tyd beskikbaar is vir ontspanning, maar aan die ander kant is daar nie 'n sekere deel van die dag of week of jaar wat opgesit word vir ontspanning nie. Soos Molendijk dit stel "...by de primitiewe volkeren (is) de vrije tijd - de recreatie - ... het belangrijkste element in het leven." (52, p.23).
- (3) Kulturele en tegnologiese ontwikkeling het 'n hoogs komplekse ontspanningsmilieu vir die ontwikkelde gemeenskap geskep sodat van buitelugontspanning self as 'n "industrie" gepraat word wat deeglike navorsing en beplanning benodig. Hierteenoor is die ontspanningspatroon van die voor-industriële gemeenskappe baie eenvoudiger sonder sprake van kommersialisasie.



- (4) Ontspanning, en veral buiteligontspanning, word in die westerse wêreld gekenmerk as 'n gesinsaksie. By die voor-industriële groepe is die ontspanning van die individuele lede van die gesin afsonderlik belangriker. Persone kies hul kamerade vir ontspanning uit ooreenstemmende geslags- en ouderdomsgroepe. Ontspanning is meer gesentreer op die versterking van die gemeenskapslewe in die breë as wat dit gesinsbande in ag neem. Oor die algemeen neem die vroulike geslag ook baie minder deel aan ontspanningsaktiwiteite as die mans.
- (5) Terwyl georganiseerde spanspele 'n belangrike deel van die ontspanningspatroon van die geïndustrialiseerde gemeenskap uitmaak, is dit onbekend by die onontwikkelde volkere. In plaas van spanspele is spontane spel waar die individu op die voorgrond tree, baie meer populêr.
- (6) Omdat ontspanning so geïntegreer is in die lewenspatroon van die voor-industriële mens, het dit dikwels besondere opvoedkundige, militêre, kulturele e.a. funksies. Noe (196) het in 'n studie van 78 voor-geïndustrialiseerde gemeenskappe bevind dat vryetyd geklassifiseer kan word in drie kategorieë nl. dié van "werk", "ontspanning self" en die "kulturele lewe". Volgens definisie móét ontspanning by die westerse volkere vry wees van enige doel.
- (7) Ten slotte kan genoem word dat spontane samesang en ander vorme van musiek 'n geweldig belangrike deel van die ontspanningsaktiwiteite van die voor-industriële groepe uitmaak.

## HOOFSTUK TWEE

### BUITELUGONTSPANNING BY DIE STEDELIKE BANTOE VAN SUID-AFRIKA

#### I. DIE AARD VAN DIE ONTSPANNINGSPATROON

##### A. DIE VRAELYSOPNAME

In 'n poging om die aard en omvang van die stedelike Bantoe se ontspanningsbehoefte te peil, is besluit om hoofsaaklik van die vraelysmetode gebruik te maak, hoewel baie addisionele bronne (sien bespreking verderaan) ook benut is.

##### 1. Opstel van die vraelys (Addendum I)

Vanweë die Bantoe se beperkte ondervindingsveld t.o.v. westerse buitelogontspanningstipes, is dit van groot belang geag dat die lys ontspanningstipes wat aan die Bantoe sou voorgehou word, met oorleg saamgestel moes word. Verskeie weë is gevolg in die oplossing van hierdie probleem. Ten eerste is beskikbare literatuur oor vryetydsbesteding in die Bantodorpgebiede van Bloemfontein (385) en Kaapstad (380) bestudeer ten einde 'n begrip te kry van die bestaande ontspanningspatroon. Aanvullend hierby is die inkomste- en uitgawepatroon van die stedelike Bantoe soos deur die Buro vir Marknavorsing van die Universiteit van Suid-Afrika bereken, bestudeer. Ander bronne het ingesluit bywoning-syfers aan ontspanningsplekke, onderhoude met superintendente en ander persone wat lang ondervinding het van die Bantoe se ontspanningsgewoontes en gegewens verkry van busdiensmaatskappye. Met die opstel van die lys ontspanningstipes is noue samewerking van Bantoes verkry. Hulle

het o.a. ingesluit 'n geletterde arbeider<sup>1)</sup>, 'n universiteitstudent<sup>2)</sup> en enkele dosente onder wie 'n hoogleraar in die Opvoedkunde.<sup>3)</sup>

Verskillende Bantoes is ook versoek om lysies van ontspanningsripes saam te stel. Sodoende is 'n begrip verkry van watter tipes ontspanning by hulle bekend is.

Gesofistikeerde ontspanningstipes wat gekoppel word aan hoë inkomste (soos bv. waterski) en die seldsame tipes in terme van Suid-Afrikaanse omstandighede (soos bv. sneeski en ysskaats) is nie in die vraelys opgeneem nie.

Vraelysopnemers is, sover moontlik, uit 'n groep universiteitstudente gekies wat uit goeie huise kom. Hulle is persoonlik onderrig in die metodiek van vraelysopnames asook spesifiek t.o.v. die aard van sekere minder bekende ontspanningstipes.

Alle items wat in die O.R.R.R.C. se verslae voorkom, is ook vir insluiting oorweeg. Dit is gedoen veral met die oog op die feit dat die stedelike Bantoe 'n onmiskenbare verwes-tering ondergaan en dit dus net logies skyn te wees dat hy ook in sy ontspanning in toenemende mate die voorbeeld van die westerling sal navolg.

Ten slotte moet ook gemeld word dat die voltooide vraelys indringend bespreek is met akademië uit verskillende vakrigtings. Hulle het ingesluit : Geografe<sup>4)</sup>, 'n Volkekundige<sup>5)</sup>,

---

1) Mnr. M. Nkoana

2) Mnr. A.E. Ndhlovu

3) Mnr. N.I. Dlomu en Prof. M.W. Kgwane

4) Mnr. P.S. Hattingh en Prof. M.J. Louw

5) Mnr. N.S. Jansen van Rensburg.

'n Stielkundige<sup>1)</sup>, 'n Sosioloog<sup>2)</sup> en twee Opvoedkundiges<sup>3)</sup>.

## 2. Bepaling van die Steekproef

Ondervinding met die bestudering van die Blankes se ontspanningspatroon het getoon dat deelname aan buiteligontspanning in 'n groter mate plaasvind by hoër inkomstegroepe. Persone wat net bō die broodlyn lewe, bestee 'n minimum daaraan en deelname word eers van betekenis by die motorbesittersklas. Om hierdie rede is aanvanklik gemeen om die aandag hoofsaaklik toe te spits op die professionele en sakelui onder die Bantoebevolking met 'n afsonderlike opname onder die arbeidersklas.

Gevolgtik is vraelyste op 'n gestratifiseerde basis uitgestuur en wel aan 250 onderwysers, 50 medici, 30 dosente, 64 studente en 110 sakeluf. 'n Opsomming van die getalle vraelyste wat uitgestuur is en die getalle antwoorde wat terugontvang is, verskyn in tabel 2.1. Vyftig van die 120 Bantoe-medici uit die "Register van Geneeshere, Tandartse en Interns vir die Republiek van Suid-Afrika soos op Julie 1970" is met behulp van 'n ewekansige steekproeftabel gekies. Om die onderwysers te bereik, is vraelyste aan 10 skoolhoofde van gemeenskapskole in die wyk Johannesburg-Suid gestuur. Hierdie skole het slegs Bantoes as onderwysers en is in die stad geleë. Ten einde die sakelui op verteenwoordigende basis in te sluit, is 'n lys van alle Bantoesakemanne in die Transvaal verkry. Uit die totaal

---

1) Prof. B. le Roux.

2) Prof. W.H.J. Scholten

3) Prof. M.W. Kgware en Prof. J.C. Steenekamp.

Van 420 is 120 met behulp van 'n ewekansige steekproef-tabel gekies. Dosente is betrek deur aan elkeen van die Bantoes verbonde aan die Universiteit van die Noorde 'n vraelys te gee. Die opnames onder studente is ook aan die Universiteit van die Noorde gedoen.

TABEL 2.1

GEGEWENS INSAKE GESTRATIFISEERDE VRAELYSOPNAME

Groep	Vraelyste		
	Uitgestuur	Terug ontvang	%
Onderwysers	250	58	23,2
Medici	50	7	14,0
Dosente	30	13	43,3
Sakelui	110 <sup>+</sup>	6	5,5
Studente	64	64	100,0

<sup>+</sup>10 het as "adres onbekend" teruggekóm.

Met verloop van tyd het dit egter geblyk dat hierdie metode in sigself nie bevredigende resultate sou lewer nie omdat die terugsendingspersentasie so geweldig laag was - selfs nadat veel moeite gedoen is om deur die S.A.U.K. se Bantoediens die projek bekend te stel. Dit het ook geblyk dat die gehalte beantwoording sō swak was dat dit nodig sou wees om van opgeleide vraelysopnemers gebruik te maak. Diē opname het baie nuttig te pas gekom om vrae aan te toon wat duideliker omskryf moes word. Ook kon uit hierdie

terugsendings statisties bereken word hoeveel vraelyste opgeneem moes word om 'n bevredigende resultaat te verkry. (Kyk addendum II).

Die hoofsteekproefopname is versprei oor vier stedelike komplekse t.w. Ga Rankuwa, Soweto, New Brighton en Kwa Mashu. Die motivering vir die verspreiding was hoofsaaklik dat vermoed is dat geografiese ligging (bv. of persone aan die kus of in die binneland woon) dalk 'n betekenisvolle faktor kan wees by die keuse van ontspanningstipes. Deur die opnames te versprei kon ook 'n wyer spektrum t.o.v. etniese groepe verseker word.

Vanweë die grootte van Soweto is 300 vraelyste daar opgeneem teenoor 100 in elkeen van die ander drie stedelike gebiede.

### 3. Bepaling van Behoefte aan Buitelugontspanning by die stedelike Bantoe m.b.v. vraelyste

Die vraag na sekere ontspanningstipes word gewoonlik op een van twee maniere bepaal. In die eerste plek kan dit geskied deur gebruik te maak van bywonings- of deelnamegetalle, of andersins deur m.b.v. vraelyste, die getal male wat aan elke ontspanningstipe oor 'n gegewe periode (bv. die voorafgaande jaar) deelgeneem is, vas te stel. Sodoende word ook prioriteitsontspanningstipes bepaal. Hierdie metodes sal egter alleenlik as korrek beskou kan word indien daar voldoende fasiliteit t.o.v. alle tipes ontspanning bestaan sodat alle persone te alle tye 'n vrye en onbelemmerde keuse kan uitoefen.

Tans word daar miljoene dollar jaarliks in die V.S.A. bestee aan die verfraaiing van omgewings wat grens aan hoofweë op grond van die feit dat plesierritte hoog op die lys van Amerikaanse buitelugontspanningsprioriteite verskyn. Die hoë persentasie van deelname aan hierdie ontspanningstipe is egter moontlik eerder die resultaat van die feit dat byna alle huisgesinne in die V.S.A. oor 'n motor beskik en toegang het tot 'n byna onbeperkte aantal mooi roetes langs goeie paaie. Indien almal oor bote beskik het en daar voldoende damme in die omgewing van alle stede was om almal te akkommodeer, bestaan die moontlikheid dat bootry gewilder as motorritte sou wees.

Werklike deelname is net soseer 'n funksie van beskikbare fasiliteite as van die inherente populariteit van die betrokke ontspanningstipe.

Omdat daar tans relatief min ontspanningsfasiliteite vir Bantoes bestaan, sou bogenoemde metodes dus geensins betroubare resultate gelewer het nie. As gevolg hiervan is voorkeur gegee aan 'n tentatiewe meningspeiling deur uit te vind waaraan persone sou wou deelneem indien alle fasiliteite beskikbaar was. (Kyk vraag 2, addendum I). Die feite dat daar so min geriewe vir buitelugontspanning vir Bantoes bestaan en dat hulle inkomstes oor die algemeen laer is as dié van die Blankes in Suid-Afrika, veroorsaak dat die Bantoe noodwendig egter oor 'n meer beperkte ondervindingsveld t.o.v. ontspanningsdeelname beskik. Dit moet dus aanvaar word dat die opinie uitgespreek in die vraelyste nie volkome realisties sal wees nie. 'n Persoon kan eers

werklik oordeel of 'n ontspanningsaktiwiteit hom geval nadat hy dit beoefen het. Daarby is mense geneig om dit wat bekend is, te verkies. ("Supply creates demand", 12, p.68). Dat die metode van behoeftebepaling egter erken word en trouens as beter as ander metodes beskou word selfs onder meer bevoorregte bevolkingsgroepe, blyk uit Van der Merwe (395, p.34) se stelling: "...as basis in beplanning moet vasgestel word wat mense graag wil hê, waarheen hulle wil gaan en aan watter aktiwiteite hulle voorkeur gee, eerder as om bestaande ontspanningspatrone as absoluut te aanvaar. Bestaande patrone is in 'n groot mate slegs die menslike reaksie op bestaande fasiliteite. Waar die fasiliteite ontbreek, verander die ontspanningstruktuur dienoooreenkomstig."

'n Ontleding van die vraelysgegevens soos afkomstig uit vrae 2 en 3 het aangetoon dat ontspanningsaktiwiteite soos deelname aan, of bywoning van, sportbyeenkomste wat baie populêr is in terme van werklike deelname-gegevens (vraag 3), relatief onpopulêr sou wees indien fasiliteite vir alle ander ontspanningstipes sou bestaan. Bogenoemde twee ontspanningstipes verskyn nl. onderskeidelik 4de en 5de op die lys van werklike deelname en slegs 9de en 11de in die geval van 'n vrye keuse.

Die kontras tussen behoefte aan deelname (vraag 2) en werklike deelname (vraag 3) is voorts vir alle ontspanningsaktiwiteite nagegaan. Statistiese bewerking toon dat daar 'n betekenisvolle verskil bestaan tussen die



patroon van werklike deelname en die potensiele behoefte<sup>+</sup> (tabel 2.2).

TABEL 2.2

DIE VRAAG NA BUITELUGONTSPANNING (a) EN PATROON VAN WERKLIKE DEELNAME (b) BY DIE STEDELIKE BANTOE VAN SUID-AFRIKA

Ontspanningstipe	Persentasie	
	(a)	(b)
Besoek vriende/familie	18,3	19,7
Ontspan by see	12,6	10,4
Piekniek	11,9	10,5
Swembad	9,3	6,6
Binnelandse oord	6,7	6,4
Besoek park in dorp	5,5	5,9
Besoek dieretuin	4,9	6,5
Stap	4,7	5,3
Toeskouer (sport)	4,1	7,6
Kampeer	3,9	3,4
Deelneem aan sport	3,7	6,8
Besoek Wildreservaat	3,2	2,9
Jag	3,0	2,0
Motorrit	2,3	2,6
Besoek kultuur-historiese plekke	2,3	1,4
Hengel	1,2	0,4
Bootry	0,9	0,3
Fietsry	0,9	1,0
Perdry	0,6	0,2
	100,0	100,0

<sup>+</sup>Chi-kwadraattoetse se resultate dui daarop dat die verskille betekenisvol is op die peil ,01.

Verdere ontledings het aangetoon dat 10,5% van die respondente nie aan enigeen van hul eerste drie keuses deelgeneem het nie, m.a.w. een tiende van die stedelike Bantoe neem tans aan ontspanningsaktiwiteite deel wat minder gewild is by hulleself omdat daar nie fasiliteite bestaan vir die beoefening van enige een van hul keuses nie; 22,8% het aan een van hul eerste drie keuses deelgeneem en 32,8% het wel aan twee deelgeneem en slegs ongeveer een derde (34%) van die stedelike Bantoebevolking kan as tevrede beskou word deurdat hulle wel aan al drie van hul keuses deelgeneem het.

#### 4. Keuse van ontspanningstipes by die stedelike Bantoe

In tabel 2.2 verskyn die algemene keuse van ontspanningstipes soos weergegee deur die nagenoeg 600 stedelike Bantoes wat op 'n steekproefbasis uit vier van Suid-Afrika se grootste stedelike gebiede geneem is.

Dit is opvallend dat nie een ontspanningsaktiwiteit oorweldigend in populariteit uitstaan bo die ander nie en dat daar deurgaans 'n gelykmatige afname in die persentasie van potensiële deelnemers aan alle aktiwiteite is. Indien besoeke aan die see, 'n binnelandse oord en 'n munisipale swembad egter saamgegroeper word, dui dit daarop dat swem 'n uitstaande populêre aktiwiteit is (28%).

Enkele ander resultate wat voortspruit uit die vraelysopname, werp verdere lig op die ontspanningspatroon van die moderne stedelike Bantoe:-

- (1) Twintig persent besit reeds 'n eie gesinsmotor of beskik oor die gebruik van een vir uitstappies. 'n

Verdere 14% maak gebruik van huurmotors vir naweek-uitstappies.

- (2) Ses-en-sewentig (76) persent kry jaarliks verlof en slegs 4,8% kry geen verlof ooit nie.
- (3) Die motivering vir die neem van vakansies hou verband met die stadsmilieu waarin hulle tans woon en werk en wat aan gees en liggaam hoë eise stel (tabel 2.3).

TABEL 2.3

REDE WAAROM DIE STEDELIKE BANTOE MET VAKANSIE GAAN

Om vriende en familie te besoek	35,2%
Om te ontspan en fisiese rus te kry	19,6%
Om weg te kom uit die besige stadslewe	14,6%
Om nuwe omgewings te besigtig	14,5%
Om tussen baie jolige vakansiegangers te ontspan	7,8%
Om 'n bykomstige werk ter aanvulling van die salaris, te onderneem	6,1%
Om aktiewe oefening te kry	2,1%

- (4) Vyftig persent van alle respondente onderneem hul naweekuitstappies binne gesinsverband terwyl dit onder getroudes 60% beloop.
- (5) Dit is voorts duidelik dat finansiële oorweginge tans nog 'n baie groot rol speel by die keuse van ontspanning by die Bantoe. Tabel 2.4 toon 'n ontleding van 'n vraag oor watter faktore 'n rol speel in die keuse van 'n ontspanningsplek.

TABEL 2.4

FAKTORE WAT 'N INVLOED HET OP DIE STEDELIKE BANTOE SE KEUSE  
VAN 'N ONTSPANNINGSPLEK VIR NAWEKE EN VAKANSIES

Rangorde	Faktore	Persentasie
1	Lae koste	29,4
2	Gesinsoorwegings	12,0
3	Afstand	10,3
4	Stil, rustige omgewing	10,2
5	Goeie diens, kos en drank	6,9
6	Sportfasiliteite	6,2
7	Moderne geriewe	5,3
8	Natuurskoon	5,4
9	Populariteit van die oord	5,4
10	Klimaat	4,2
11	Sosiale aktiwiteite	3,4
12	Wateroppervlaktes	1,3
		100,0

Die heel eerste vereiste wat gestel word deur die Bantoe is dat tariewe en ander onkoste nie te veel moet beloop nie. 'n Soortgelyke opname onder Blankes in Pietersburg het getoon dat lae koste 'n baie minder belangrike faktor is en eers sesde op die rangorde verskyn (286, p.19).

Afstand, wat ook bydra tot uitgawes, is ook belangrik en verskyn derde op die lys van die Bantoes en beklemtoon dus ook die belangrikheid van finansiële oorwegings.

Aangesien die opname grotendeels gedoen is onder mense wat binne gesinsverband leef, is dit dus te verstane waarom gesinsoorwegings ná die finansiële aspek, belangrik geag word.

- (6) Uit tabel 2.4 is dit ook duidelik dat, soos uit tabel 2.3 geblyk het, ontvlugting uit die stadslewe na stil, rustige omgewings vir die stedelike Bantoe 'n baie belangrike oorweging is.
- (7) Die prestige-effek wat besoeke aan ontspanningsplekke inhou, kom later ter sprake. Die feit dat goeie kos, diens en drank sulke belangrike faktore is in die keuse van 'n ontspanningsplek, dui in hierdie rigting. Kort hierop volg sportfasiliteite en moderne geriewe. 'n Belangrike faktor is dat die Bantoe bekend is met die relatiewe luukse leefwyse van hul Blanke werkgewers en dat hulle ook daarna hunker, is vanselfsprekend. Omdat dit vir hulle finansiël onbereikbaar is, streef hulle daarna om ten minste gedurende vakansies iets te smaak van so 'n gerieflike lewe.

B. INLIGTING INSAKE ASPEKTE WAT VERBAND HOU MET DIE ONTSPANNINGSPATROON VAN DIE STEDELIKE BANTOE SOOS VERKRY UIT ANDER BRONNE

1. Inligting verkry van Busdiensorganisasies

Na aanleiding van die vraelysontledings het dit geblyk dat treine en busse die vernaamste rol by die stedelike Bantoe speel in naweekvervoer na en van ontspanningsplekke.

TABEL 2.5

TIPPE VERVOER WAT GEDURENDE NAWEKE VIR ONTSPANNINGS-  
UITSTAPPIES GEBRUIK WORD

Vervoermiddel	Persentasie
taxi	14,1
eie motor	19,7
bus	27,5
trein	<u>38,7</u>
	<u>100,0</u>

Omdat busse 'n belangrike vervoermiddel na en van ontspanningsplekke is, is gepoog om inligting i.v.m. naweekuitstappies en vakansies van sekere busdiensorganisasies te verkry. Die resultate is soos volg:-

- (1) Opnames by sommige busdiensmaatskappye het getoon dat daar 'n volgehoue skerp styging in die vraag na busvervoer gedurende naweke bestaan. So toon sodanige busritte, deur die A.B.S.-busdiens van Pretoria byvoorbeeld, 'n styging van 21% per jaar tussen 1970-1972. Die P.U.T.C.O.-busdiens van Johannesburg se gegewens dui op 'n toename van 20% per jaar in die 3 jaar waarvoor gegewens verstrek kon word (1968 tot 1970).
- (2) Gegewens oor die getal besoekers aan die Zionist Christian Church van biskop Edward Lekganyane is nie

betroubaar nie,<sup>†</sup> maar gee nietemin 'n aanduiding van die groot omvang en groei wat daar te bespeur is in naweekontspanning by die stedelike Bantoe (tabel 2.6).

TABEL 2.6

BESOEKERSGETALLE AAN Z.C.C. EN TIPE VER-  
VOER GEBRUIK

	Busse	Motors	Bakkies en Vragmotors	Totale Be- soekerstal
1953 <sup>1)</sup>	37	25	14	85 000
1972 <sup>2)</sup>	850	900	813	300 000
Bronne: 1) Schlosser (64). 2) Verkeerstelling, April 1972				

Uit tabel 2.6 blyk dit dat hierdie groot toename 6,4% per jaar (geometriese groeikoers) in terme van totale besoekerstal was.

- (4) Die Bantoebeleggingskorporasie se busdiens te Pietersburg gee voorts 'n aanduiding van die tipe ontspanning waaraan deelgeneem word gedurende naweke.

---

<sup>†</sup>'n Christelike sektegroep met hoofsetel te Boyne, 35 km oos van Pietersburg wat 'n aanhang van honderdduisende stedelike Bantoes in die hele land het. Geweldige groot feeste word gedurende die Paasnaweek en die langnaweek in September hier gehou. Verskeie versoeke om inligting is deur die Z.C.C. geweier. Ten opsigte van hierdie groep het Schlosser reedsin 1958 opgemerk: "Die Bewoener der Zion City Moria sind weitgehend mürrische und misstrauische Menschen." (64, 181).

Onderhoude met lidmate uit hierdie groep het laat blyk dat, alhoewel hulle die byeenkomste basies as godsdienstige funksies beskou, die ontspanningsaspek; daaraan verbonde ook baie gewig dra.

TABEL 2.7

DOEL WAARVOOR BUSSE GEDURENDE NAWEKE GEHUUR  
WORD: 1970. (%)

Sport-uitstappies	45,0
Kerklik	11,2
Begrafnisse	33,3
Opvoedkundig (insluitende besoeke aan Manyeleti- wildreservaat) <sup>+</sup>	10,5
	100,0

- (5) 'n Ontleding van naweektoere van die A.B.S. van Pretoria laat blyk dat gedurende 1971 daar o.a. 115 besigtigings- toere in en om die stad was; 37 na die dieretuin; 6 na Manyeleti; 39 toere na Johannesburg en 53 na die Z.C.C. naby Pietersburg.
- (6) Daar bestaan baie busdienste vir die Bantoe maar slegs twee is daarop ingestel om vakansietoere te reël. Die jongste hiervan, die Sunshine Tours-maatskappy, reël luukse- bustoere en vakansies vir Bantoes. Toere word tans na Umgababa<sup>++</sup> aan die Natalse Suidkus, Manyeleti- wildtuin naby Acornhoek, Swaziland en Lourenco Marques onderneem. Vliegtuig- en bootreise word ook beplan. Die organisasie is in November 1970 gestig. Gedurende die eerste jaar van sy bestaan is 23 toere onderneem waaraan ongeveer 1400 toeriste deelgeneem het. Die ledetal het toe op

<sup>+</sup>Die enigste wildtuin vir Bantoes - geleë naby Acornhoek, aangrensend aan die Krugerwildtuin.

<sup>++</sup>'n Ontwikkelde seevakansie-oord vir Bantoes.



43 gestaan. In sy jaarverslag meld die organisasie :  
 "Membership is an unknown concept to Africans with the  
 result that enrolling of members proceeds verly slowly...  
 Touring is a completely new concept for the African and,  
 in many instances, the meaning of the word is not even  
 known. Sunshine Tours has thus had to, and does still,  
 carry out what can almost be termed an educational  
 programme." (409, p.5).

Die Sunshine Tours-organisasie maak van Bantoelede op hul  
 personeel gebruik vir die opstel van vakansieprogramme.  
 As voorbeeld van die tipe ontspanning wat tydens so 'n  
 toer vir die toeriste gereël word, word 'n samevatting  
 van die Swaziland-toer geskets:

Drie-daagse toer - verblyf in luukse Holiday Inn - besoek  
 warmwaterbron - Casino, diskoteek, bioskoop en nagklubs -  
 besienswaardighede in en om Mbabane met 'n minibus -  
 besoek Usutu-woud - Mlilwane-wildtuin.

Besoeke aan Manyeleti hou minder verskeidenheid in maar  
 baie klem word in hul advertensies op luuksheid gelê.  
 Afgesien van dierebesigtiging word filmvertonings en  
 vleisbraaifunksies ook gereël.

Toere na Umgababa sluit in swem, besigtigingstoere na die  
 omgewing insluitende Durban en Kwa Mashu, skemerkelkie-  
 partye en danse, musiekkonserte en filmvertonings. Sport-  
 geriewe by die oord sluit in mini-golf, tennis, 'n swem-  
 bad, en 'n kinderspeelpark.

In gesprekke met direksieledede het dit duidelik geblyk dat hulle van mening is dat die grootste aantrekkingskrag vir die Bantoe lê in die prestigewaarde van die toer. So sal die toer na Lourenco Marques byvoorbeeld baie minder aftrek gekry het, was dit nie dat daar in die Polaña-hotel oorgebly word nie. Hierdie strewe om soos die Blanke te leef kan hy slegs ten tye van sulke kort vakansies bekostig.

- (7) Die ander organisasie wat toere reël is die Kayalami Tours-groep. Hierdie maatskappy het in die verlede slegs van standaardtipe busse gebruik gemaak en het nie vermaak of besienswaardigheidstoertjies by hul vakansies geïnkorporeer nie. Daar is egter ook in hierdie organisasie tans 'n beweging na meer gesofistikeerde vakansies. Toere word ook na Umgababa, Manyeleti, Swaziland en Lourenco Marques gereël. Besoeke aan tuislande is in die vooruitsig gestel maar gebrek aan hotelverblyf is blykbaar die grootste struikelblok.

2. Patroon van huishoudelike uitgawes by die stedelike Bantoe

By gebrek aan voldoende bywoning- en deelnamesyfers aan ontspanning is bevind dat die patroon van besteding 'n aanduiding gee van die bedrywighede waaraan die stedelike Bantoe deelneem asook die omvang daarvan.

Ten einde te bepaal wat die Bantoe se beskikbare inkomste vir besteding aan buitelugontspanning is, is 'n ontleding van sy inkomste en uitgawes nodig. Opnames is in hierdie verband deur veral die S.A. Instituut vir Rasseverhoudings en die

Buro vir Marknavorsing van die Universiteit van Suid-Afrika gedoen. Sodanige syfers toon dat die bestedingspatroon van Bantoes baie verskil van dié van die Blankes. Tabel 2.8 toon o.a. dat die Bantoe 'n groter deel van sy inkomste aan kos en kleding bestee as die Blanke maar dat sy uitgawes aan behuising baie min is. Dit laat hom met 'n persentasie van sy inkomste beskikbaar vir nie-essensiële aankope wat goed vergelyk met dié van die Blanke

TABEL 2.8

PERSENTASIE UITGAWES t.o.v. BEHUISING, KOS, KLEDING EN ALLE ANDER ITEMS VIR BLANKES EN BANTOES IN DIE SUID-TRANSSVAALSE INDUSTRIËLE KOMPLEKS (1969)

	Blanke	Bantoe
1. Kos	23,2	36,1
2. Kleding	9,7	14,5
3. Behuising	14,8	7,0
4. Ander	52,3	42,4
	100,00	100,00
Bron: (290) Loubser 1969, p.12.		

Tabel 2.9 toon hierdie tendens ook duidelik. As gevolg van sub-ekonomiese behuisingskemas, kampong- en jeugtuistes bestee die Bantoe baie min aan behuising. Dienste (soos medies) is dikwels gratis of staan in verhouding tot die persoon se inkomste sodat dit ook 'n baie kleiner deel van sy uitgawes in beslag neem as vir die Blankes.

TABEL 2.9

PERSENTASIE UITGAWES t.o.v. BEHUISING, VERVOER,  
DIENSTE EN WINKELWARE DEUR BLANKES EN BANTOES IN  
DIE SUID-TRANSVAALSE INDUSTRIËLE KOMPLEKS (1969)

	Blank	Bantoe
Behuising	14,8	7,0
Dienste	19,8	6,1
Vervoer	14,2	8,3
Winkelware	51,2	78,6
	100,0	100,0
Bron: (290) Loubser, 1969, p.4)		

Die Bantoe bestee ook minder aan vervoer vanweë die geringe persentasie persone wat private motors besit. Dit alles lei daartoe dat die Bantoe persentasiegewys 'n hoë besteebare inkomste het nadat behuising, dienste en vervoer afgetrek is (78,6% teenoor die Blanke se 51,2%) alhoewel die totale bedrag per individu nog baie minder is as by die Blankes. Besteding aan kos het tussen 1960 en 1970 persentasiegewys afgeneem onder die stedelike Bantoe ten gunste van o.a persoonlike besteding wat 'n aanduiding is dat meer geld beskikbaar was vir nie-essensiële dinge; dit het sekerlik ook heelwat uitgawes aan ontspanning meegebring (294, p.4).

Die Blanke het gewoon geraak aan die idee dat die Bantoe klein salarisse kry en dus min kan bestee. 'n Ondersoek in die Suid-Traansvaalse industriële kompleks het egter aan die lig gebring dat 18% van die totale inkomste van die Bantoe in natura

is sodat sy salaris, alhoewel klein vergeleke met dié van die Blanke, dus in 'n baie groter mate as wat oënskynlik die geval is, beskikbaar is vir vrye besteding. (290, p.18).

Die patroon van uitgawes ten opsigte van ontspanning toon dat die Bantoe nog baie weinig van sy inkomste daaraan bestee. Volgens Feldman-Lasching (278, p.47-8) is daar in 1964 deur die Pretoriase Bantoes 0,4% van hul inkomste aan ontspanning bestee, terwyl Loubser in 1965 in die Suid-Transvaal 'n syfer van 0,7% gevind het. (290, p.7). Besteding aan motoronkoste, wat ook verband hou met ontspanning, het vir die twee studies syfers van onderskeidelik 0,45 en 0,9% getoon. Die resultate van ander opnames deur die Buro vir Marknavorsing verskyn in tabel 2.10 en onderskryf hierdie patroon.

TABEL 2.10

'N VERGELYKING VAN BURO VIR MARKNAVORSING SE VERSLAE TEN OPSIGTE VAN UITGAWES<sup>†</sup> DEUR STEDELIKE BANTOES AAN ONTSPANNING EN MOTORONDERHOUD

	Johannesburg <sup>1)</sup> (1963)	Benoni <sup>2)</sup> (1961)	Suid-Transvaal <sup>3)</sup> (1966)
Ontspanning, vermaak en sport	0,7	1,3	0,7
Lopende motoronkoste	1,1	1,3	0,9
<sup>†</sup> Persentasie van totale uitgawe			

Bronne: (1) (298) Rädcl e.a., 1963

(2) (275) De Coning, 1961

(3) (299) Seres e.a., 1966.

'n Gedetailleerde uiteensetting van die patroon van huishoudelike uitgawes vir Bantoes van Johannesburg en Pretoria onderskeidelik, kom voor in tabel 2.11. Hieruit is dit duidelik dat ontspanning 'n baie geringe deel van die stedelike Bantoe se maandelikse begroting uitmaak.

TABEL 2.11  
PATROON VAN UITGAWES (PER MAAND) VIR  
STEDELIKE BANTOES (1963-1964)

	PRETORIA <sup>1)</sup>		JOHANNESBURG <sup>2)</sup>	
	%	R	%	R
Voedsel	41,1	19,37	41,9	26,27
Klerasie	10,2	5,01	8,8	5,54
Behuising	12,1	5,33	8,4	5,29
Brandstof en krag	7,3	3,19	7,1	4,47
Vervoer	6,1	2,62	6,0	3,76
Belasting	0,8	0,35	0,7	0,45
Medies	0,7	0,33	0,3	0,20
Opvoeding	0,7	0,36	0,9	0,57
Versekering	1,1	0,52	0,5	0,34
<u>Ontspanning</u>	0,9	0,44	0,7	0,43
Huurkoop	2,8	1,79	5,0	3,14
<u>Lopende Uitgawe aan</u> <u>motorvoertuie</u>	0,4	0,45	1,1	0,66
Sterk drank	3,2	1,86	3,9	2,44
Sigarette	2,9	1,30	3,3	2,04
Wassery	3,8	1,72	3,3	2,06
Droogskoonmakery en herstelwerk	2,6	1,28	2,6	1,64
Persoonlike sorg	1,2	0,57	1,5	0,92
Diverse	2,0	1,09	3,9	2,45
	100,0	47,58	100,0	62,69

Bronne : 1). (278) Feldmann-Lashin, 1964.

2). (298) Rädcl, 1963.

Ander gegewens t.o.v. besteding aan ontspanningsaktiwiteite blyk uit tabel 2.12.

TABEL 2.12

BESTEDING AAN VERSKEIE ASPEKTE VAN ONTSPANNING DEUR STEDE-  
LIKE BANTOES WOONAGTIG IN DIE SUID-TRANSVAAL (VIR DIE JAAR  
1965)

	R	R per capita (by benadering)
Subskripsiegelde tot sport	83 000	0,04
Sportuitrusting	48 000	0,02
Radiolisensie	936 000	0,47
Bioskoop	349 000	0,17
Musiekinstrumente, ens.	353 000	0,17
Troeteldiere	115 000	0,05
Bron : (290) Loubser 1969, tabel 1.		

'n Opname onder 302 gesinne in Johannesburg deur die Buro vir Marknavorsing het getoon dat uitgawes tydens vakansies baie karig is. Slegs een inkomstegroep toon uitgawes aan hotel-akkommodasie (R3000-4999 groep). Verder is dit omtrent net aan kos en drank wat daar bestee word. Uitgawes tydens naweke toon nog kleiner bedrae. Tabel 2.13 toon hierdie gemiddelde uitgawes.

TABEL 2.13

GEMIDDELDE VAKANSIE- EN NAWEEKBESTEDING DEUR DIE STEDE-  
LIKE BANTOE VOLGENS INKOMSTEGROEP<sup>+</sup>

Inkomste- groep	R	0-249	250- 499	500- 749	750- 999	1000- 1249	1250 1499	1500- 1749	1750- 1999	2000- 2499
Besteding	R	0	0,32	0,94	0,59	0,42	0	1,31	1,05	0

<sup>+</sup>termyne nie gespesifiseer

Bron : (294) Nel e.a. 1971, tabel 3.74(a)

### 3. Bywoningsyfers aan Ontspanningsoorde

Soos reeds aangetoon, is gegewens oor benutting van ontspanningsfasiliteite t.o.v. die Bantoe byna geheel en al afwesig. Sommige oorde (soos o.a. die Nasionale Krugerwildtuin) gee getalle slegs t.o.v. Blank en Nie-blank<sup>1)</sup>.

Die enigste twee ontspanningsoorde wat vir die Bantoe ontwikkel word, nl. die Umgababa-strandoord en die Manyeleti-wildtuin hou wel besoekersregisters (tabel 2.14)<sup>2)</sup>.

TABEL 2.14

BESOEKERSGETALLE AAN MANYELETI VAKANSIE-OORD

1967	1325
1968	5300
1969	13500
1970	16974
1971	19159

1) Volgens 'n amptenaar by die plekbesprekingskantoor is die meeste van die Nie-blanke besoekers aan die Krugerwildtuin Indiërs.

2) Hierdie gegewens van Umgababa kon egter nie verkry word nie.



Die Manyeleti-wildtuin het in 1967, toe dit die eerste maal oopgestel is vir die publiek, 1325 besoekers gelok. Hierdie getal het in 1971 reeds aangegroei tot 19159. Dit verteenwoordig 'n gemiddelde jaarlikse toename van 336%.

'n Meer realistiese beeld van die verwagte jaarlikse groei-koers word weerspieël deur die jongste twee jare se gegewens te neem. Dit dui op 'n groei-koers van 20,9% per jaar.

## II. 'N VERGELYKING TUSSEN DIE ONTSPANNINGSPATROON VAN DIE STEDELIKE BANTOE VAN SUID-AFRIKA MET DIË VAN DIE VOOR-INDUSTRIËLE EN GE-INDUSTRIALISEERDE VOLKERE

In afdeling IIC (p.19) is 'n sewetal verskille tussen die ontspanningspatrone van geïndustrialiseerde en voor-industriële volkere omllyn. Die stedelike Bantoe van Suid-Afrika is enersyds nog nie 'n geïndustrialiseerde volk nie, maar andersyds is daar reeds 'n dieperliggende verskil tussen hul ontspanningslewe en dië van hul voorsate. Tradisioneel kon die Bantoe hom vry uitleef t.o.v. sy ontspanning deurdat daar ruimtelik geen beperkinge op sy bewegings gelê is nie. In die stede is die posisie vandag egter heeltemal anders, want weens die saamdromming van groot getalle Bantoes op een plek het hulle nou baie minder beweegruimte. As gevolg van hierdie meer beperkte beweegruimte is daar baie van die tradisionele vorme van ontspanning waaraan die Bantoe vandag nie meer kan deelneem nie. Om bv. op jag te gaan of aan 'n lang beesresies deel te neem, is onder die huidige omstandighede nie meer moontlik nie.

Nuwe behoeftes het dus ontstaan en nuwe vorme van ontspanning moes gevind word wat sou aanpas by die omgewing waarin die Bantoe vandag verkeer. Die Bantoe het dus begin deelneem aan

nuwe ontspanningsvorme wat sou inpas in sy nuwe en meer beperkte woonbuurte (385, p.67).

Die veranderde patroon is egter net soseer ook toe te skryf aan veranderde sosio-ekonomiese omstandighede waaraan hy nou onderworpe is a.g.v. sy akkulturasie met die Blankes. "The marked and rapid changes that have taken place in the social, industrial, economic and political life of Africans have greatly affected the leisure occupations of this people." (341, p.2).

Na aanleiding van genoemde 7 punte (kyk p.19) blyk t.o.v. die stedelike Bantoe, die volgende:-

- (1) Die feit dat die Bantoe tans in diens van 'n werkgewer is wat toesig hou oor sy produksie, veroorsaak dat sy ontspanning nie meer geïntegreer kan wees met sy lewensonderhoud nie. (Vergelyk voedselinsameling deur jagtogte in die tradisionele Bantoesamelewing).
- (2) Die stedelike Bantoe is tans gebind aan 'n agt-uur werksdag met gespesifiseerde vakansies en vry naweke. Tyd vir ontspanning is dus geskei van werkstyd.
- (3) Omdat hy beperk is in sy bewegingsruimte kan die stedelike Bantoe se ontspanning nie meer 'n vrye ongekompliseerde vorm behou nie. So is sy swemgeriewe byvoorbeeld beperk tot 'n munisipale swembad en sport tot georganiseerde klubs.
- (4) Gesinsontspanning is nog nie so algemeen en vanselfsprekend soos by die Blankes nie, maar daar is 'n duidelike tendens in hierdie rigting.

- (5) Georganiseerde sport en spanspele is tans ongetwyfeld een van die buiteligontspanningsaktiwiteite wat die meeste aandag in die stedelike woonbuurtes trek.
- (6) Die stedelike Bantoe van vandag is in 'n nog groter mate as die Blanke onderworpe aan "monteerband-tipe" werk wat weinig inisiatief benodig. In sy werk is daar dus geen stimulus of geleentheid tot selfuitlewing nie. Ontspanning moet dus die rol van geestelike en liggaamlike vernuwing vervul sodat ontspanning slegs ter wille van die ontspanningswaarde beoefen word. Daar is deesdae in die ontspanning van die stedelike Bantoe min sprake van die opvoedkundige, militêre of kulturele funksies wat dit in die tradisionele verband vervul het.
- (7) Spontane samesang en musiek is opvallend dikwels afwesig by die moderne Bantoe- stadsmens, en die plek daarvan word ingeneem deur "jazz"-musiek, individuele sangers, die draadloos en grammofoon (380, p.134). In Bantoewoongebiede, maar veral in die mynkampongs en tydens uitstappies word dit egter nog wel gevind dat tradisionele stamdans met begeleidende sang en musiek beoefen word. Tydens spanwerk vind mens nog soms dat hulle ritmies saamsing. Dit blyk 'n oorblyfsel te wees van die tradisionele integrasie tussen werk en ontspanning.

Ook wat die tipe ontspanningsaktiwiteite betref, is 'n opmerklieke ooreenstemming met die westerse geïndustrialiseerde volkere bevind. Dit is egter duidelik dat hierdie oorname van die westerse leefwyse nie deurgaans op eie inisiatief plaasgevind het nie. Die Blankes het tot

dusver meestal besluit watter ontspanningsfasiliteite vir die Bantoes geskep moet word en hulle moes hul daarby aanpas. Feit is egter dat hierdie aspek van akkulturasie blykbaar vlot en met tevredenheid deur die Bantoe aanvaar word. Hierdie geredelike oorname van kultuur kon verwag word want "...it is above all in the leisure and play aspects of human culture that the hard crust of conservatism that divides one people from another is at its weakest." (326, p.215).

Hauser (361, p.27-59) het ook bevind dat "...for most forms of outdoor recreation non-white participation patterns closely resemble those of whites except for such activities as boating, water skiing and camping." (Deelname aan bogenoemde aktiwiteite is baie laag bevind).

Die resultate van die vraelysopname is voorts vergelyk met 'n soortgelyke opname wat onder die Blanke inwoners van Pietersburg gedoen is (286). In tabel 2.15 verskyn die Blankes se behoefte na buiteligontspanning in rangorde van 1 tot 11. Hierteenoor verskyn die rangorde vir die ooreenstemmende aktiwiteite soos by die stedelike Bantoe bevind is. Daar bestaan 'n hoogs betekenisvolle positiewe korrelasie tussen die twee stelle gegewens<sup>+</sup>.

---

<sup>+</sup> $r_s = +0,88$  wat dui op 'n betekenisvolle positiewe korrelasie op die 99% vlak.

TABEL 2.15

'N VERGELYKING TUSSEN DIE ONTSPANNINGSPATRONE  
VAN BLANKES EN BANTOES

Ontspannings- aktiwiteite	Rangordes	
	Blanke	Bantoe
Swem	1	1
Piekniek	2	2
Binnelandse oord	3	3
Stap	4	4
Hengel	5	8
Motorritte	6	6
Kultuur-historiese plekke	7	7
Bootry	8	9
Jag	9	5
Perdry	10	11
Fietsry	11	10

'n Verdere punt van ooreenkoms is in die motiverings waarom Blankes en Bantoes ontspanning beoefen, bevind. Knopp (155, p.133) het in 'n studie onder stedelinge en plaasbewoners in die V.S.A. probeer vasstel waarom mense deelneem aan ontspanning. Sy ondersoek is dus soortgelyk aan dié van vraag 5 in die vraelys (addendum I) wat aan Suid-Afrikaanse stedelike Bantoes voorgehou is. 'n Vergelyking tussen die resultate verskyn in tabel 2.16.

TABEL 2.16

REDES WAAROM MENSE DEELNEEM AAN ONTSPANNING

Rede	Rangordes		
	Stedeling (V.S.A.)	Stedelike Bantoe (S.A.)	Plaasbe- woners (V.S.A.)
Rus en ontspanning	1	1	1
Ontvlugting uit besige stadslewe	2	2	4
Fisiese oefening	3	4	3
Sosiale kontak- ontmoeting van vriende	4	3	2

Bron: (155) Knopp, 1972.

Dit blyk dus dat rus en ontspanning basies is vir die deelname aan ontspanning by alle groepe. Daarnaas is die ontvlugting van die besige stadslewe vir die stedelinge ook van besonder groot betekenis. Omdat die stedelike Bantoe aan soortgelyke werksomstandighede as die Blanke onderworpe is, het buitelugontspanning vir hom ook min of meer dieselfde waarde.

Die blote feit dat die Bantoe in die stede vasgevang word in 'n westerse ekonomie, h $\ddot{o}$ e stedelike bevolkingsdigthede, massa-vervoermedia, vasgestelde werksure en kontantlone, laat vir hom geen ander weg oop as om in sy ontspanningslewe baie elemente van die Blankes s'n oor te neem en ander uit sy tradisionele bestaan te laat vaar nie. Of dit dus vrywillig geskied of nie, die patroon is duidelik: die stedelike Bantoe het in sy ontspanningspatroon verwesters en

sal in die toekoms steeds meer en meer verwesters. Dit kan dus met veiligheid aanvaar word dat sy ontspanningspatroon al hoe meer na die reeds bekende westerse patroon sal ontwikkel omdat die faktore wat 'n rol speel in buiteligontspanning (bv. verstedeliking, vryetyd, inkomste, mobiliteit en opvoedingspeil) al hoe meer van toepassing word op die stedelike Bantoe.

### III. KWANTITATIEWE OMVANG VAN DIE BEHOEFTE NA BUITELUGONT- SPANNING BY DIE STEDELIKE BANTOE VAN SUID-AFRIKA

Die huidige omvang en behoefte aan deelname aan buiteligontspanning is in tabel 2.2 aangegee as 'n persentasie van respondente uit die steekproef wat aan elk van die onderskeie aktiwiteite (as een van hulle drie mees gesogte ontspanningsaktiwiteite) wil deelneem. (Die persentasie is dus gebaseer op die totale aantal response soos uit die steekproef geblyk het). In tabel 2.17 verskyn hierdie vraag na ontspanning uitgedruk as 'n persentasie van die aantal respondente. In terme van 'n stedelike bevolking van 5 miljoen (1970) kan dus by benadering bereken word wat die omvang van die vraag na elkeen van die aktiwiteite is in terme van getalle. Hierdie berekeninge verskyn ook in tabel 2.17.

TABEL 2.17

OMVANG VAN DIE BEHOEFTE AAN BUITELUGONTSPANNING VIR DIE  
STEDELIKE BANTOEBEVOLKING - 1970

Ontspanningstipe	Persentasie van bevolking wat wil deelneem	Getal Potensiële Besoekers/Deelnemers
		(miljoene)
Besoek vriende/ familie	54,9	2,75
Ontspan by see	37,8	1,89
Piekniek	35,7	1,78
Swembad	27,9	1,39
Binnelandse oord	20,1	1,00
Park in dorp	16,5	0,82
Dieretuin	14,7	0,74
Stap	14,1	0,71
Toeskouer sport	12,3	0,62
Kampeer	11,7	0,58
Deelneem sport	11,1	0,56
Wildreservaat	9,6	0,48
Jag	9,0	0,45
Motorrit	6,9	0,35
Kultuur-historiese plekke	6,9	0,35
Hengel	3,6	0,18
Bootry	2,7	0,14
Fietsry	2,7	0,14
Perdry	1,8	0,09



## HOOFSTUK DRIE

### DIE TOEKOMSTIGE BEHOEFTE AAN BUITELUGONTSPANNING BY DIE STEDELIKE BANTOE VAN SUID-AFRIKA

#### I. RIGLYNE VIR DIE PROJEKSIE VAN TOEKOMSTIGE OMVANG VAN DIE VRAAG NA BUITELUGONTSPANNING

Dat daar in die toekoms in die reeds ontwikkelde lande 'n steeds toenemende behoefte aan buitелugontspanning gaan ontstaan, verg geen spesiale visie nie. Alle skrywers oor dié onderwerp is dit eens... "The demand for all forms of outdoor recreation will increase at an unprecedented pace during the next twenty five years... There will be a substantial rise in each of the factors which most affect the demand for recreation : population, per capita income, leisure time and ease of travel. Growth in any one of these separate factors would be significant; when their gains are combined the impact on the need for parks and other open space becomes a major challenge of our time." (358, p.1).

Presies hoe groot die omvang van hierdie behoefte in die toekoms gaan wees en op watter ontspanningstipes dit sal sentreer, is egter 'n baie moeiliker vraag.

"In general, to make predictions about future patterns of recreation it is necessary to break down the population, the country, and kinds of recreation activities in meaningful ways. We need to know what facilities exist and how they are expanding. We need to be aware of differential knowledge of existing facilities and to anticipate whether or not government, educational and voluntary and local authority bodies will try to diminish differential knowledge, perhaps by copying publicity techniques from the

commercial sector. We need to be aware that commercial concerns will not accept a particular sphere of entertainment and leisure as mysteriously appropriate to their endeavours but will continue to try to anticipate changes in fashion and to meet unsatisfied demand over the whole field. We need hard data, rather than optimistic speculation, about whether or not hours worked are actually diminishing for different sections of the population; and whether or not real spare time is actually increasing; and similar hard data about trends in real income. Perhaps most important of all, we need to be aware that it is not only the values by consumers which matter, but also the values held by suppliers, and we need to be aware that both sets of values will change. The sheer complexity of this task, and the shifting nature of the factors involved, suggest that flexibility must be one of the key aims of all those working in the field of provision for recreation." (273, p.76).

Dit gaan dus enersyds om mense, gesien as verbruikers; hul behoefte, vermoëns, ondervindingsveld, hul getal en ouderdomme maar ook gaan dit oor die verskaffers se insig, visie, finansiële vermoëns en reklame, en dan ook oor amptelike instellings wat beleid formuleer: regerings, en plaaslike owerhede, vakbonde en kerke. Om uit hierdie verskeidenheid van faktore 'n ordelike patroon te verkry en elkeen se invloed afsonderlik en almal s'n gesamentlik op buiteligontspanning te bepaal, blyk baie problematies, indien nie onmoontlik nie, te wees.

Tot op hede is daar dan nog nie bevredigend daarin geslaag om sodanige projeksies te maak nie. Daar is al heelwat verdienstelike werk gedoen t.o.v. die bepaling van aantal besoekers wat

aan spesifieke beoogde oorde verwag kan word (kyk bv. Uhlman en Volk, 368), maar op nasionale vlak en in terme van buiteligontspanning in sy volle omvang, is daar slegs die B.O.R. (355)<sup>+</sup>, die O.R.R.R.C.<sup>++</sup> verslag nr. 26 (365) en 'n ~~werk deur~~ Clawson en Knetsch (17) wat intensiewe pogings aangewend het.

Daar bestaan enkele metodes waarvolgens die probleem van die bepaling van die omvang van die behoefte na buiteligontspanning benader kan word (kyk Clawson en Knetsch, 17, Hoofstuk 7). Veral twee verdien nadere toeligting:-

(1) Projeksie van tendense uit die verlede

Basies kom dit daarop neer dat bywoningsyfers aan onderskeie ontspanningsaktiwiteite grafies voorgestel en tendense dan voorspel word deur ekstrapolasie. Hierdie metode vereis dus baie gegewens uit die verlede wat egter gewoonlik ontoereikend is. Veral t.o.v. die Bantoe bestaan daar byna geen sodanige gegewens nie.

(2) Projeksie van die faktore wat buiteligontspanning beïnvloed

Hierdie metode behels die toekomsprojeksies van faktore soos bevolkingsgroei, verstedeliking, inkomste, mobiliteit, vryetyd en onderwyspeil wat 'n invloed uitoefen op buiteligontspanning. Daar moet egter onthou word dat die presiese invloed van bogenoemde faktore op buiteligontspanningsdeelname nog nie bepaal kon word nie en al sou dit vasgestel word, weet 'n mens nog nie of dit in die toekoms dieselfde invloed as tans sal bly uitoefen nie. Daarby is die projeksie van

---

<sup>+</sup>Bureau of Outdoor Recreation, V.S.A.

<sup>++</sup>Outdoor Recreation Resources Review Commission, V.S.A.

hierdie faktore net so moeilik soos dié van die ontspannings-tendense omdat feitlike gegewens dikwels ontbreek. Sover dit die Bantoe betref, is daar nie 'n ander uitweg nie as om bogenoemde faktore so noukeurig moontlik grafies voor te stel en dan, gedagtig aan reeds vasgestelde tendense in veral die V.S.A., weloorwoë skattings oor toekomstige deelname te waag.

## II. ONTLEDING VAN DIE FAKTORE WAT BUITELUGONTSPANNING BEÏNVLOED

### A. BEVOLKINGSGROEI

Bevolkingsgroei is die grootste enkele faktor wat voortdurende beplanning van buitelogontspanningsfasiliteite noodsaaklik maak. Indien daar in 'n gegewe stadium voldoende fasiliteite sou wees, kon rederlikerwys aanvaar word dat verdere voorsiening van akkommodasie by ontspanningsplekke minstens in verhouding met bevolkingsgroei moet toeneem.

Die huidige Suid-Afrikaanse groeikoers van 3,06 persent (geometriese groeikoers 1960-1970) vir alle bevolkingsgroepe is aansienlik hoër as dié van die V.S.A. (1,0%), Europa (0,8%) en ook hoër as die wêreldgemiddeld van 1,8%.

Dit sal die Suid-Afrikaanse bevolking dus 23 jaar neem om te verdubbel wat meer as die helfte minder is as dié van die ander twee wêrelddele. Figuur 3.1 toon grafies die Suid-Afrikaanse bevolkingsgroei sedert 1936 en die verwagte projeksies tot die jaar 2000<sup>†</sup>.


Dit blyk egter dikwels dat bevolkingsprojeksies onderskattings is. Tabel 3.1 toon bv. die verwagte groei vir die onderskeie

---

<sup>†</sup>Bereken m.b.v. die samegestelde rentekoersformule.

FIGUUR 3.1

BEVOLKINGSGROEI SUID-AFRIKA (ALLE RASSE)  
1936-2000



bevolkingsgroepe in Suid-Afrika sowel as die totaal tot 2000, soos in 1967 bereken.

TABEL 3.1

PROJEKSIE VAN SUID-AFRIKA SE BEVOLKING :  
1980 en 2000 (IN MILJOENE)

	1980	2000
Blankes	4,7	7,0
Kleurlinge	2,9	5,8
Asiate	0,8	1,2
Bantoes	17,4	28,0
Totaal	25,75	42,0
Bron : (375) Tegniek, April 1967, p.13).		

'n Latere berekening (374) dui op 'n geskatte Bantoebevolking van 26,8 miljoen vir 1980, wat al aansienlik hoër is as die berekening van 1967 (tabel 3.1), sodat 'n Bantoebevolking van meer as 30 miljoen in die jaar 2000 verwag kan word. Dat ook hierdie berekeninge moontlik onderskattings was, blyk uit die feit dat die Bantoebevolking tussen 1960 en 1970 met 3,3% per jaar toegeneem het wat op 'n syfer van 39,6 miljoen vir die jaar 2000 dui.

Daar bestaan dus geen twyfel nie dat, indien daar in Suid-Afrika gedink word aan voorsiening van ontspanningsgeriewe vir die bevolking van die jaar 2000, 'n grootskaalse beplanningsprogram in werking gestel sal moet word.

'n Vollediger beeld van die groei van die Bantoebevolking van Suid-Afrika verskyn in tabel 3.2.

TABEL 3.2

BANTOEBEVOLKINGSGROEI : 1904 - 2000

Jaar	Totaal	Geometriese groeikoers (p.j.)
1904	3 490 291	2,03
1911	4 018 878	1,57
1921	4 697 285	2,29
1936	6 595 597	1,73
1946	7 830 659	1,79
1951	8 560 083	2,65
1960	10 927 922	3,30
1970	15 057 952	
<u>Vooruitskatting</u>		
1980	17 393 000 <sup>1)</sup> ; 20 782 000 <sup>3)</sup>	
1990	22 048 000 <sup>1)</sup> ; 28 679 000 <sup>3)</sup>	
2000	30 000 000 <sup>2)</sup> ; 39 577 000 <sup>3)</sup>	

Bronne:

- 1) P.J. van der Merwe
- 2) (401) G.M.E. Leistner en (318) C.J. Jooste.
- 3) Berekeninge gebaseer op geometriese groeikoers van 3,3% per jaar alhoewel dit vanweë 'n moontlike onder-telling in 1960 (kyk Sadie (379) en Hattingh en Hugo (138) ietwat aan die hoë kant kan wees.

## B. VERSTEDELIKING

### 1. Inleiding

Indien toename in buiteligontspanning 'n eweredige toename met styging in bevolkingsgetalle sou toon, sou die beplanningsprobleem vir Suid-Afrika al erg genoeg gewees het. Dit is egter welbekend dat die vraag na fasiliteite in ander lande nog altyd vinniger toegeneem het as wat die bevolking gegroei het. Voorbeelde ter staving is reeds aangehaal. Die ander faktore wat die vraag na buiteligontspanning verveelvuldig se invloed is minder absoluut bepaalbaar. As na die literatuur oor die onderwerp gekyk word, is een van die belangrikstes verstedeliking. "City people, on the average, patronize public outdoor recreation areas far more than do rural people; hence a move of people from rural areas to cities is likely to mean increased demand for outdoor recreation." (68, p.444).

Die verstedelikingsproses het 'n meervoudige invloed op buiteligontspanning. Ten eerste ontstaan daar, bloot op grond van die samedromming van groter getalle mense 'n groter vraag na ontspanningsfasiliteite in en om stede. Patmore beweer dat ten minste vier vyfdes van alle tyd wat aan buiteligontspanning bestee word, in en om stede deurgebring word (59, p.74). Die konsentrasie van mense veroorsaak voorts dat daar 'n behoefte aan stilte en rustigheid ontstaan wat slegs op die platteland ondervind kan word (tabel 2.16).



Werkomstandighede in stede is dikwels ook van 'n spanningsvolle of 'n sleurende roetine-aard met relatief min fisiese aksie. Hierdie aspek dra by om by die stedeling 'n behoefte te laat ontstaan na rustige ontspanning by buiteluugoorde. Die rede hiervoor is waarskynlik, soos gestel, aan die een kant geleë in die besige spanningsvolle stadslewe met sy groot drukte maar dan ook moontlik in die ingebore hunkering na die platteland by volke soos dié van die V.S.A. en S.A., wat nog onlangs sterk bande met die agrariese leefwyse gehad het. Hauser (361, p.5) beklemtoon dié feit as hy sê: "As urban population increases, the need for outdoor recreation activities - a return to nature - will increase."

Ten opsigte van die blanke Suid-Afrikaners se T.C. Robertson: "A people whose character was formed in close contact with the soil - by the challenges of an environment of veld, bush, berg and rivers - was being conditioned and changed by city life. In spite of this they appear to have retained an atavistic longing for the kind of life which made the Afrikaner people, the descendants of Voortrekkers and 1820 Settlers alike." (278, p.1). As bogenoemde waar is van die Afrikanervolk, dan is dit sekerlik ook so gesteld met die Bantoevolkere in Suid-Afrika by wie daar inderwaarheid eers betreklik onlangs 'n verstedelingsproses begin het. Vraelysontledings het getoon dat Bantoeperone wat op die platteland grootgeword het, se ontspanningsbehoefte verskil van dié wat in 'n stad opgegroeï het (tabel 3.3).

TABEL 3.3

VRAAG NA BUITELUGONTSPANNING BY STEDELIKE BANTOE WAT OP DIE  
PLATTELAND GROOTGEWORD HET (a); TEFNOOR DIE WAT IN STEDE  
GROOTGEWORD HET (b)

Ontspanningstipe	a. %	b. %
Besoeke vriende/familie	19,5	12,8
Ontspan by see	12,4	16,1
Piekniek	10,8	11,5
Swembad	6,8	10,4
Binnelandse oord	9,8	11,7
Besoek park in dorp	4,8	4,6
Besoek dieretuin	4,8	3,9
Stap	5,0	4,9
Toeskouer (sport)	3,1	3,3
Kampeer	4,7	2,2
Deelneem aan sport	3,3	4,1
Besoek Wildreservaat	2,8	3,3
Jag	3,3	2,7
Motorrit	2,5	3,6
Besoek kultuur/historiese plekke	3,0	3,8
Hengel	1,3	1,1
Bootry	0,6	1,6
Fietsry	1,0	0,3
Perdry	1,0	0,0
	100	100

Enkele interessantheite is dat gebore stedelinge minder belangstel in die opsoek van vriende en familie (vergelyk weer tabel 2.16) maar liever ontspanningsoorde by die see en die binneland sal wil besoek. Besoeke aan dieretuine is ook 'n swakker aantrekkingskrag vir die gebore stedeling. Statistiese ontleding

toon dat hierdie twee groepe se ontspanningsbehoefte 'n betekenisvolle verskil toon.<sup>†</sup>

Saam met verstedeliking gaan egter ook gepaard 'n styging van kontantinkomste en lewenstandaard. Dit is reeds merkbaar in die geval van die Suid-Afrikaanse Bantoebevolking. Spooner het bereken dat die Bantoesesin in die stede in 1954 gemiddeld R426 per jaar ontvang het teenoor R240 op Blanke plase en R194 in die tuislande (70, p.173-8).

Oor die algemeen is kommunikasie ook baie beter in die stede. Openbare vervoerdienste en per capita privaat motorbesit is sekerlik die belangrikste aspek wat hier ter sprake is. Koerante en ander nuusblaaie, die radiodiens, saam met advertensieborde om die mense bewus te maak van die moontlikheid van buiteligontspanning, bevorder dit ook. Omdat grondwaardes so geweldig styg met verstedeliking, is die taak om voorsiening te maak vir buiteligontspanning hier die knellendste. Daarby is dit juis in die stede waar die behoefte aan ontspanning ook die grootste is. Dit het bygedra tot die ontstaan van die veelbesproke "Groen Gordels" om die stede - veral in Engeland. Kortliks kom dit daarop neer dat gebiede in die onmiddellike omstreke van sommige groter stede en dorpe in Engeland, voorbehou word om 'n landelike atmosfeer te behou. Hier mag geen verdere stedelike uitbreiding plaasvind nie en heelwat word gedoen om ontspanningsfasiliteite soos piekniekplekke, voetpaadjies, en ander sportfasiliteite soos perdry te midde van die landbou te laat ontwikkel. In

---

<sup>†</sup>  $\chi^2$  betroubaar op die ,001 peil.

Suid-Afrika is sulke maatreëls nog nie in dieselfde mate toegepas nie. Daar is gevolglik nog baie gebiede van natuurskoon in die onmiddellike omgewing van stede wat voortdurend deur residensiële en nywerheidsfunksies opgeslurp word. Onbepaald kan hierdie proses nie voortduur nie, anders sal Suid-Afrika in dieselfde predikament as 'n land soos Holland beland waar daar byna geen ekstensiewe ongeskonde natuurlike gebiede voorkom nie. Die nasionale parke van Engeland bestaan ook reeds in sommige gevalle uit wat in Suid-Afrika as semi-intensiewe landboustreke bekendstaan. Die reservering en beplanning van gebiede met besondere natuurskoon is dus noodsaaklik voordat verstedeliking met sy verhoging van grondpryse dit feitlik onmoontlik maak.

## 2. Verstedeliking in die V.S.A., Engeland en Suid-Afrika

Terwyl die bevolking van Engeland in 1851 vir ongeveer 50% verstedelik was, het dit tot meer as 80% in 1911 toegeneem. Vandag is slegs 3% van die werkende bevolking betrokke by die landbou en ten minste 9 uit 10 mense "are urban in habit if not in formal address." (59, p.22).

In 1970 het daar 140 miljoen mense in die V.S.A. se stede gewoon. Dit verteenwoordig 69% van die totale bevolking (361, p.20). Met toenemende ekonomiese groei en ontwikkeling kan Suid-Afrika hom dus ook voorberei op 'n baie groter stedelike bevolking in die toekoms as wat tans die geval is. Terwyl slegs 23,6% van die bevolking van Suid-Afrika in 1904 verstedelik was, het dié syfer teen 1970 op 47,9% te staan gekom. Dit verteenwoordig 'n stedelike groei wat aansienlik

meer is as die bevolkingsaanwas (402). Die geheelbeeld van verstedeliking in Suid-Afrika is opgesom in tabel 3.4.

TABEL 3.4

GROEI VAN STEDELIKE BEVOLKING IN SUID-AFRIKA  
(Blanke gebied, sowel as Bantoetuislande)

	(a) <u>GETALLE (1 000)</u>						
	1904	1921	1936	1946	1951	1960	1970
Blankes	599	908	1367	1793	2089	2582	3258
Kleurlinge	219	286	446	580	731	1031	1494
Asiërs	44	99	153	208	285	397	539
Bantoes	361	658	1252	1902	2391	3471	4989
Totaal	1 222	1 950	3 218	4 482	5 494	7 481	10 280
	(b) <u>PERSENTASIE VAN ELKE BEVOLKINGSGROEP</u>						
Blankes	53,6	59,7	68,2	75,6	79,1	83,6	86,8
Kleurlinge	49,2	52,4	58,0	62,5	66,2	68,3	74,0
Asiërs	36,5	60,4	69,5	72,8	77,6	83,2	86,8
Bantoes	10,4	14,0	19,0	24,3	27,9	31,8	33,1
Totaal	23,6	28,2	33,6	39,3	43,3	46,7	47,9
	(c) <u>GROEIKOERS VAN VERSTEDELIKING</u>						
Bantoes		3,6	4,3	4,3	4,7	4,1	3,9
Bronne: (402) Leistner, 1971. (347) Dept. Statistiek, nr. 02-05-01.							

### 3. Verstedeliking van die Bantoe

#### (a) Blanke gebiede en Bantoe-tuislande

Alhoewel die Bantoebevolking persentasiegewys nog baie minder verstedelik is as enige van die ander bevolkingsgroepe in Suid-Afrika, oorheers hulle die stedelike bevolking wat getalsterkte betref, reeds vanaf die veertiger jare. (Kyk tabel 3.4). Ten opsigte van die moontlike gestalsterkte kan, ter aanvulling van tabel 3.4, genoem word dat Leistner (401) verwag dat 53% van die Bantoebevolking teen die jaar 2000 in hierdie stede sal woon. Gebaseer op 'n verwagte totale Bantoebevolking van 30 miljoen sal die stedelike Bantoebevolking dus ongeveer 16 miljoen beloop. Jooste (318) meld nog groter getalle t.w. 8,6 miljoen in Blanke gebied en 14 miljoen in die tuislande se stede, d.w.s. 'n totaal van 22,6 miljoen.

Gedurende die afgelope dekades (intersensus periode 1951-1970) is 'n opvallende verstedelikingsproses onder die Bantoebevolking van Suid-Afrika waargeneem. Terwyl die Bantoebevolking tussen 1951 en 1960 met nagenoeg 28% gegroei het, het die plattelandse bevolking met slegs 21% toegeneem en die stedelike bevolking met 41%. Dieselfde tendens kom voor tussen die jare 1960 en 1970. Ooreenstemmende groeikoerse was 38% vir die land se Bantoebevolking, 35% plattelandse groei en 44% verstedeliking. Die stedelike gebiede wat die sterkste invloed (oftewel netto groei)<sup>†</sup> ondervind het in die periode

---

<sup>†</sup>Natuurlike aanwas uitgeskakel; winste oftewel invloed, dit dus op toename bo en behalwe die normale groei deur geboorte-aanwas.

1951 tot 1960 is duidelik te sien op figuur 3.2. Oor die hele land is algemene invloed na stede opvallend en min stedelike verliese kom voor.


Volgens 'n ontleding van sensusdata is dit duidelik dat die voedingsbron van bogenoemde stedelike groei die plattelandse streke in die oostelike gedeelte van die land was (figuur 3.3). Hierdie streek van verliese strek van die Transkei, deur Natal, die Oos-Vrystaat en 'n sentrale strook deur die Transvaal - 'n gordel wat m.a.w. byna al die Bantoegebiede insluit.

Die periode 1951 tot 1960 verteenwoordig 'n relatiewe vroeë periode in die uitvoering van die beleid van afsonderlike ontwikkeling. Die 1970-sensussyfers vertoon 'n ietwat andersoortige beeld.

In tabel 3.5 word die plattelandse, stedelike en totale sensusgetalle vir elke provinsie asook vir die Bantoe-tuislande aangegee. Hieruit is die absolute toenames en persentasiegroei van elke provinsie en tuisland bereken. Enkele van die opvallende feite wat blyk uit hierdie berekening is die volgende:-

Die bevolking van die Bantoe-tuislande as geheel het 'n toename van 70,33% ondervind, wat aansienlik meer is as die gemiddelde toename van 37,79% vir die totale Bantoebevolking in die land. Dié bevolkings van al die afsonderlike tuislande het dus 'n geweldige toevloei bo en behalwe die normale bevolkingsgroei ondervind (bv. Bophuthatswana het met 128% en Swaziland met 125%

FIG. 3.2  
BANTOEBEVOLKING  
STEDELIKE  
MIGRASIE  
1951 - 1960



○ UITVLOEI  
● INVLOEI








FIG 3.3  
BANTOEBEVOLKING  
PLATTELANDSE  
MIGRASIE  
1951-1960

INVLOEI

UITVLOEI



Tabel 3.5

## DIE BANTOE-BEVOLKING VAN SUID AFRIKA, 1960 EN 1970.

GEBIEDE		1960	1970	VERSKIL 1960 - 1970	PERSENTASIE VERSKIL
<b>PROVINSIES *</b>					
KAAP	P**	2 392 553	2 934 483	541 930	22,64
	S	618 527	866 597	248 070	40,12
	T	3 011 080	3 801 080	790 000	26,64
NATAL	P	1 778 095	2 501 009	722 914	40,66
	S	421 483	711 900	290 417	68,90
	T	2 199 578	3 212 909	1 013 331	46,07
TRANSVAAL	P	2 617 950	3 780 717	1 162 767	44,42
	S	2 015 428	2 823 599	808 171	40,10
	T	4 633 378	6 604 316	1 970 938	42,54
O.V.S.	P	672 741	852 372	179 631	26,70
	S	411 145	530 851	119 706	29,12
	T	1 083 886	1 383 223	299 337	27,62
<b>BANTOEGEBIEDE</b>					
BASOTHO Qwa-Qwa	P		23 420		
	S		1 271		
	T	11 189	24 691	13 502	120,67
LEBOWA	P		1 020 136		
	S		64 141		
	T	490 217	1 084 277	594 060	121,18
GAZANKULU	P		262 914		
	S		4 458		
	T	125 817	267 372	141 555	112,51
SWAZI	P		112 651		
	S		5 194		
	T	52 260	117 845	65 585	125,50
BOPHUTHAT- SWANA	P		759 553		
	S		124 600		
	T	386 264	884 153	497 889	128,90
VENDA	P		263 806		
	S		659		
	T	171 421	264 465	93 044	54,28
XHOSA- CISKEI	P		422 090		
	S		101 474		
	T	330 534	523 564	193 030	58,4
XHOSA- TRANSKEI	P		1 688 881		
	S		45 050		
	T	1 376 616	1 733 931	357 315	25,96
KWA-ZULU	P		1 861 379		
	S		235 509		
	T	1 163 636	2 096 888	933 252	80,2
<b>TOTALE BANTOE- GEBIEDE</b>					
SUID-AFRIKA	P		6 414 823		
	S		582 356		
	T	4 107 954	6 997 179	2 889 225	70,33
SUID-AFRIKA	P	7 461 339	10 068 581	2 607 242	34,94
	S	3 466 583	4 989 371	1 522 789	43,93
	T	10 927 922	15 057 952	4 130 030	37,79

\* SLUIT BANTOEGEBIEDE IN

\*\* P - PLATTELANDS S - STEDELIK T - TOTAAL.

BRONNE DEPT. STATISTIEK (1963) DEPT. STATISTIEK (1971)

toegeneem). Hierteenoor het die Transkeibevolking egter met net minder as 26% toegeneem. Bevolkingsgroei in die Transkei toon dus 'n baie stadiger tempo as die gemiddelde groeikoers vir die land se Bantoes (26 vs 37%) waaruit afgelei kan word dat 'n deel van die aanwas (omtrent 11%) die gebied moet verlaat het.

Die stedelike groei van Suid-Afrika se Bantoebevolking was bykans 44% teenoor die 35% van die platteland, wat dus dui op 'n voortgesette verstedelikingsproses soos reeds in die periode 1951 tot 1960 waargeneem is. Hier moet verder bygevoeg word dat die 1970-sensus waarskynlik, veral t.o.v. plattelandse Bantoes, intensiewer was as dié van 1960, sodat 'n gedeelte van die toename van 35% in plattelandse bevolking toegeskryf kan word, nie aan werklike groei nie, maar aan 'n vollediger telling. (138, p.126).

(b) Verstedelikingstendense van Bantoes in Blanke gebiede


(i) Kartografiese ontleding

Figuur 3.2 toon die migrasie (oftewel die netto winste en verliese<sup>1)</sup>) van die Bantoebevolking ná en ván die stedelike gebiede vir die periode 1951 tot 1960 aan, en in figuur 3.4 word dit vir die daaropvolgende intersensusperiode, te wete 1960 tot 1970 aangetoon. Ten opsigte van figuur 3.4 dien op die volgende gelet te word.



---

1) Normale bevolkingsaanwas afgetrek (kyk voetnota p. 64)

FIG 3.4  
BANTOE BEVOLKING  
STEDELIKE  
MIGRASIE  
BLANKE GEBIEDE  
1960 - 1970



○ UITVLOEI  
● INVLOEI





Die algemene invloei na stede wat kenmerkend was van die periode 1951 tot 1960 is klaarblyklik besig om te verander. Terwyl daar in die periode 1951 tot 1960 (figuur 3.2) slegs 81 dorpe was wat 'n netto uitvloei getoon het teenoor die 146 wat 'n invloei ondervind het, is die prentjie omgekeerd vir die periode 1960 tot 1970 (figuur 3.4). Hier is daar baie meer dorpe in Blanke gebiede wat 'n uitvloei gehad het - t.w. 180 - as wat 'n invloei ondervind het - t.w. 85. Vanweë die feit dat die 1960-sensus nie 'n onderskeid getref het tussen Blanke- en Bantoegebiede nie, is hierdie syfers nie heeltemal vergelykbaar nie. Dit illustreer egter wel die duidelike tendens waarneembaar in figure 3.2 en 3.4. Met die opstel van figuur 3.4 is bevind dat daar 'n totale gesamentlike verlies van byna 400 000 Bantoes was uit stede ~~in~~ Blanke gebiede.

Die Suid-Transvaal, Oostelike Hoëveld en die Durban-omgewing bly steeds gebiede van invloei.

Die groot Blanke stedelike sentra (soos bv. Durban, Pretoria, Oos-Londen, die Witwatersrand en Kaapstad) wat die grootste uitvloei ondervind het, toon ook terselfdertyd die sterkste groei in hul onmiddellike omgewings, wat duidelik die gevolg is van lokale (administratiewe) verskuiwings deur die owerhede. In sommige gevalle (bv. Kaapstad en die Witwatersrand) is hierdie verliese opgeneem deur winste in aangrensende Blanke stedelike gebiede, maar in die meerderheid gevalle is Bantoes vanaf Bantoe dorpsgebiede binne Blanke stede na nuutgestigte stede in die aangrensende tuislande oorgeplaas.

FIG. 3.5  
 BANTOEBEVOLKING  
 STEDELIKE  
 MIGRASIE  
 BANTOEGEBIEDE  
 1960 - 1970



(Vergelyk figuur 3.4 met figuur 3.5). Oos-Londen, Durban en Pretoria is goeie voorbeelde hiervan.

(ii) Toekomstige Metropolitaanse Gebiede

Die grootste vraag na buiteligontspanning in die toekoms sal in die groot stede ontstaan. 'n Ontleding van verwagte stedelike groei is dus 'n noodsaaklike voorvereiste in die vasstelling van prioriteitsones vir buiteligontspanning.

'n Ontleding van die 1970-sensus dui daarop dat daar veral vyf groot komplekse van stedelike Bantoe in Blanke gebiede voorkom. As aanvaar word dat die mate van sukses wat blykbaar behaal word t.o.v. die beheer van Bantoe-toevloei tot Blanke stede gehandhaaf sal kan word, beteken dit dat bestaande Bantoe dorpsgebiede in die toekoms nie met meer as hulle normale aanwaskoers sal groei nie. Om te aanvaar dat daar 'n daadwerklike grootskaalse terugvloei van hier na die Bantoegebiede sal plaasvind, skyn op die oomblik vir die onmiddellike toekoms nie 'n realistiese benadering te wees nie. In tabel 3.6 is dus op grond van die normale geometriese groeikoers van 3,3% per jaar 'n projeksie van hierdie stede se bevolkings tot die jaar 2000 gepoog. Die stede word verdeel in drie groepe, te wete dié wat teen 2000 meer as een miljoen inwoners sal hê; dié wat tussen 'n half en een miljoen sal hê; en dié wat meer as 'n kwart miljoen, maar minder as 'n half miljoen sal hê.

TABEL 3.6

STEDELIKE BEVOLKINGSGROEI VAN BANTOEDORPS-  
GEBIEDE IN BLANKE GEBIED TOT DIE JAAR 2000

	Stadskompleks	Huidige be- volkingstal	Projeksie vir 2000
Groep 1.	<u>Tans meer as 400 000; in 2000 meer as 1 miljoen</u>		
	Johannesburg - Benoni	950 080	2,5 miljoen
Groep 2.	<u>Tans meer as 200 000; in 2000 meer as ½ miljoen</u>		
	Pretoria	231 046	607 000
Groep 3.	<u>Tans meer as 100 000; in 2000 meer as ¼ miljoen</u>		
	Port Elizabeth	167 241	439 700
	Inanda	106 896	281 200
	Vereeniging	131 052	344 800

(c) Verstedelikingstendense in die Bantoegebiede

'n Oorsig van verstedelikingstendens in die Bantoegebiede toon dat daar tussen 1960 en 1970 baie nuwe dorpe gevestig is. Tabel 3.7 en figuur 3.5 tref 'n onderskeid tussen dorpe wat in 1960 reeds bestaan het en dié wat tussen 1960 en 1970 ontstaan het.

In 1960 het 31 dorpe (waarvan 24 in die Xhosa-Transkei geleë was) bestaan. Sedert 1960 het 63 dorpe tot stand gekom. Die dorpe wat ná 1960 ontstaan het, het reeds meer as 375 000 inwoners teenoor die vroeër bestaande dorpe se totaal van 207 000; of anders gestel, sowat 64%



TABEL 3.7

STEDELIKE BEVOLKING VAN DIE BANTOEGEBIEDE, 1960 EN 1970

Gebiede	Getal be- staande dorpe 1960	Inwonertal		Netto Wins of Verlies : 1960 tot 1970 <sup>2)</sup>	Getal Nuwe Dorpe na 1960	Inwonertal 1970 <sup>3)</sup>
		1960	1970 <sup>1)</sup>			
Basotho Qwa-Qwa	0	-	-	-	1	1271
Lebowa	1	3741	5178	+23	13	58 963
Gazankulu	0	-	-	-	3	4 458
Swazi	0	-	-	-	3	5 195
Bophuthatswana	0	-	-	-	14	124 600
Venda	0	-	-	-	1	659
Xhosa-Ceiskei	3	2422	3144	-193	4	98 330
Kwa Zulu	3	25 481	154 324	+119 214	13	81 185
Xhosa-Transkei	24	18 211	44 682	+ 19 589	1	368
Totale	31	49 855	207 327	+138 633	63	375 356

1) Slegs die bevolking van die dorpe wat in 1960 reeds bestaan het.

2) Natuurlike aanwas afgetrek - kyk voetnota p.64

3) Totale bevolking van dié dorpe wat ná 1960 ontstaan het.

van die Bantoegebiede se stedelike bevolking woon in dorpe wat nā 1960 tot stand gekom het.<sup>†</sup>

Gesien teenoor die periode 1951 tot 1960 toe die meerderheid dorpe in Bantoegebiede netto verliese getoon het, verteenwoordig die tydperk 1960 tot 1970 'n omgeswaai sodat slegs met enkele uitsonderinge (kyk figuur 3.5) Bantoegebiede netto winste toon.

Die Tswana-, Lebowa- en Zoeloegebiede toon die grootste toenames in getal dorpe wat sedert 1960 tot stand gekom het, nl. 14 in eersgenoemde se geval en 13 elk in die ander gevalle.

In die Zoeloegebied was die verandering t.o.v. getalle Bantoes uitstaande groot. Umlazi met 'n netto wins van meer as 109 000 inwoners is verantoordelik vir 79% van die netto winste van bestaande dorpe.

Met betrekking tot die 1970-bevolking van nuwe dorpe, toon die Tswana-, Xhosa-Ciskei-, Zoeloe- en Lebowa-gebiede die grootste toenames in getalle (meer as 58 000), terwyl die ander vyf gebiede slegs geringe toenames (minder as 5 000) toon.

---

<sup>†</sup>Hierdie groeitempo is te verwag in die lig van die feit dat dorpstigting die grootste enkele item op die jaarlikse uitgawerekoning van tuislandontwikkeling, nl. 42% (R26,25 miljoen) vir 1965 tot 1966 en 28% (R18,2 miljoen) vir 1968 tot 1969 was (406).

Die patroon van verstedeliking gedurende die periode 1960 tot 1970, vir sowel bestaande as nuwe dorpe, is baie duidelik, nl. dat verstedeliking (d.w.s. netto winste vir bestaande dorpe en totale toenames vir nuwe dorpe) naby bestaande Blanke stedelike konsentrasies plaasvind. Wat die bestaande Bantoedorpe betref, is dit in die Durbanomgewing (Umlazi en Pinetown) waar die grootste netto winste gekonsentreer is. Die nuwe dorpe se toenames is veral opmerklik in die omgewings van Pretoria, Durban en Oos-Londen, met kleiner toenames naby Newcastle, Pietersburg en Phalaborwa.

Gebiede waar weinig stedelike groei te bespeur is, word gevind waar Blanke stedelike konsentrasies afwesig is. Hier is dit veral duidelik in Basotho Qwa-Qwa, Gazankulu, Swazi- en Vendaland waar, afgesien van kleinere winste, die persentasie van die bevolking wat in stede woonagtig is, uiters gering is. So is dit byvoorbeeld slegs 0,2% in die Venda-gebied.

As gevolg van normale aanwas asook verstedeliking van die Bantoetuislande, is in die afgelope dekade 'n groeikoers in die stede in die Bantoetuislande van 3,9% per jaar bevind. Hierdie dorpe is aansienlik kleiner as dié in Blanke gebiede. Tabel 3.8 toon dat daar, afgesien van die paar beplande hoofstede, na verwagting nie een Bantoestad in die jaar 2000 sal wees wat eers 'n half miljoen inwoners sal hê nie.

TABEL 3.8

VERWAGTE STEDELIKE BEVOLKINGSGROEI IN BANTOE-  
STEDE IN DIE TUISLANDE TOT DIE JAAR 2000<sup>+</sup>

	Stad	Huidige be- volking	Projeksie vir 2000
Groep 1.	<u>Tans meer as 500 000; in 2000 meer as 1 miljoen</u>		
	Geen		
Groep 2.	<u>Tans meer as 250 000; in 2000 meer as ½ miljoen</u>		
	Geen		
Groep 3.	<u>Tans meer as 125 000; in 2000 meer as ¼ miljoen</u>		
	Umlazi	123 000	385 000
Groep 4.			
	Madantsane	66 000	206 300
	Ga Rankuwa	66 000	206 300
	Madadeni	32 000	100 000
	Pinetown	29 000	90 000
	Zwelitsha	21 000	65 600
	Hammarsdale	21 000	65 600
<sup>+</sup> Uitgeslote hoofstede (kyk tabel 3.9).			

(d) Beplande hoofstede in die Bantoetuislande

Daar is dus besliste tekens dat die toestroming van Bantoes vanaf Bantoetuislande ná Blanke stede gestuit is. Hierdie groei in Bantoegebiede is egter blykbaar grotendeels 'n verskuiwing van woonplek van Bantoes wat nog

steeds in die Blanke stede werk. Die terugvloei is dus nie gebaseer op 'n inherente ekonomiese aantrekkingskrag vanuit die tuislande self nie. Hierdie afleiding blyk uit die feit dat die sterkste groeipunte nog steeds, soos in die verlede, om gevestigde Blanke stede (grensnywerheidsgebiede) gevorm word. Dit wil dus voorkom of die bevolking in die Bantoegebiede wat ver van die ver naamste Blanke stede geleë is, moeilik vanself sal verstedelik.

Ten einde die proses van self-ontwikkeling by die tuislande te bevorder, is van owerheidsweë besluit om administratiewe hoofstede redelik sentraal binne die tuislande te ontwikkel. Die Departement Bantoe-administrasie en -ontwikkeling voorsien dat daar teen die jaar 2000 sowat 12½% van elke volksgroep se mense in hul eie hoofstad gevestig sal wees. Ten einde die grootte van hierdie stede te bereken, is eers die verwagte getalsterkte van elke volksgroep bereken en daarna 12½% daarvan bepaal. Die resultate verskyn in tabel 3.9.

TABEL 3.9

VERWAGTE GROOTTE VAN HOOFSTEDE IN TUISLANDE IN  
DIE JAAR 2000

Volksgroep	Bevolkingsgetalle		Hoofstad	Inwonertal
	1970	2000		
<u>Groep 1</u>				
Xhosa	3 930 087	10 330 000	Umtata	1 290 000
Zoeloe	4 026 058	10 590 000	Ulundi	1 320 000
<u>Groep 2</u>				
Bapedi	1 603 854	4 313 000	Leboakgoma	540 000
Tswana	1 719 367	4 521 000	Heystekrand	570 000
<u>Groep 3</u>				
Seshoeshoe	1 451 790	3 817 000	Phuthaditjhaba	480 000
Shangaan	737 169	1 938 000	Nkowakowa/Giyane	240 000
<u>Groep 4</u>				
Swazi	498 716	1 311 000	Schoemandsdal	160 000
Venda	106 684	2 806 000	Sibasa	350 000

C. VRYETYD, INKOMSTE EN MOTORBESIT

In die meeste westerse lande was daar in die afgelope dekades 'n merkbare inkorting van die lengte van die werksweek en heelwat meer betaalde vakansies is toegestaan, sodat daar merkbaar meer vryetyd beskikbaar geraak het. Saam met die opwaartse neiging in die ekonomie, het lewenstandaarde oral gestyg. Saam met hoër inkomste het die persentasie gesinne wat 'n privaat gesins-

voertuig kon bekom, baie gestyg.

Bogenoemde drie aspekte nl. tyd, inkomste en motorbesit, speel so 'n belangrike rol in die hele buiteligontspanningsverskynsel dat dit dikwels bekendstaan as die T-I-M-faktor.

## 1. Vrye tyd

### (a) Inleiding

'n Mens word getref deur die afname in werksure per week in die afgelope eeu wat deur byna alle bronne oor vryetyd aangetoon word. Daar is egter enkele skrywers wat daarop wys dat die werklike aantal ure wat beskikbaar is vir ontspanning nie so maklik berekenbaar is nie. Baie faktore het verander gedurende die afgelope honderd jaar : afstande na werkplekke a.g.v. groot stede; drukte van verkeer, wat veroorsaak dat die reis na die werk nog verder verleng word in terme van tyd; meer buitemuurse verpligtinge; privaatwonings en tuine het meer algemeen geword (22). Sommige skrywers is voorts die mening toegedaan dat, vanweë drukte op paaie en by ontspanningsplekke gedurende spitstye, die kwaliteit (in terme van ontspanningswaarde) van die vryetyd vandag nie meer so hoog is nie.

Aan die positiewe kant is dit weer waar dat, a.g.v. 'n hoër lewensverwagting, die getal jare in die aftreeouderdom voortdurend styg. In die V.S.A. was dit in 1900 drie jaar, in 1950 ses jaar en in die jaar 2000 sal dit waarskynlik nege jaar wees (17, p.14).

Dit is dus baie moeilik, indien nie onmoontlik nie, om te bepaal wat die werklike kwantitatiewe omvang van die korter werksure op buiteligontspanning is. Al sou dit egter nie bereken kan word in terme van syfers nie, benodig die argument dat, indien daar meer vryetyd is, daar meer deelname aan buiteligontspanning sal wees, sekerlik nie veel motivering nie.

Die waarde wat mense heg aan vryetyd blyk uit 'n opname wat in 1955 in Nederland gedoen is. Hierdie opname het getoon dat 57% van die werkers voorkeur gee aan korter werksure bo loonsverhoging (2% het geen opinie uitgespreek nie). Toe Saterdagoggende gespesifiseer is, het die persentasie na 62% ten gunste van meer vryetyd gestyg (52, p.13).

(b) Vryetyd en deelname aan Buiteligontspanning in die Buiteland

By gebrek aan gedetailleerde gegewens t.o.v. vryetyd in Suid-Afrika, kan vlugtig na tendense in ander lande gekyk word. Vryetyd in Nederland het soos volg vermeerder gedurende die afgelope eeu:-

TABEL 3.10

VERDELING VAN DIE WERKSWEK IN NEDERLAND :  
1860-1960


	werk	vryetyd	slaap
1860 :	56%	11%	33%
1960 :	28%	39%	33%

Bron : (52) Molendijk, 1967.



FIGUUR 3.6

STANDAARDLENGTE VAN WERKSWEEK IN DIE V.S.A., ENGELAND EN SUID-AFRIKA



Terwyl die werksweek van 94 tot 47 uur verkort is, het vryetyd verhoudingsgewys van 18 tot 65 uur gestyg (52, p.14).

Clawson en Knetsch het 'n berekening gemaak van tyd bestee in die V.S.A. aan 'n groep basiese buitelugontspanningsaktiwiteite in die verlede. Hiervolgens is daar omtrent 70 maal meer tyd aan buitelugontspanning bestee in 1960 as wat die geval was in 1900 (17, p.26). Dieselfde tendens is ook merkbaar in Engeland (273 en 59). Figuur 3.6 is 'n samevatting van hierdie neigings in die verskillende lande.

Die rede vir die verwagte verdere daling in die lengte van die werksweek lê veral in die toenemende outomatisering.

Molendijk (52, p.22) meld dat elektroniese rekenaars besig is om jaarliks derduisende mense te vervang. Die hantering van 'n miljoen berekeninge per sekonde, die ont-syfering van die Dooie See rolle, die teken van argitek-splanne, die komponering van eenvoudige tipes musiek, en skryf van gedigte en vertalings is reeds binne die vermoë van moderne rekenaars.

Hierdie ontwikkeling moet noodwendig lei tot werkloosheid wat teengewerk word deur korter werksure. Dit het tot gevolg dat daar al gepraat word van 'n werksweek van twintig uur en naweek van vier dae (8, p.248).

- (c) 'n Oorsig van die lengte van die werksweek in Suid-Afrika is moeilik omdat statistiek daarvoor nie geredelik bekombaar is nie.

TABEL 3.11

LENGTE VAN DIE WERKSWEEK IN SUID-AFRIKA

Maksimum ure per week (vasgestel) vir Manlike  
werkers in Suid-Afrika : 1927 - 1969

	1927	1942	1958	1969
Maalnywerheid	-	46	46	46
Bak- en banketnywerheid	48	46	46	46
Beskuitnywerheid	48	46	44	44
Voedselinmaaknywerheid	-	-	46	46
Bouersnywerheid	-	-	46	45
Tabakvervaardigings-	-	-	42,5	42
Tekstiel	-	-	46	46
Klerasia	48	45	42,5	42,5
Leernywerheid (skoolse)	48	46	42	42
Leernywerheid (leer-1001)	-	-	43	43
Houtbewerkingsnywerheid	-	-	46	46
Meubel	48	46	44	44
Druk- en nuusblad	46	46	40	40
Rubber	-	-	46	46
Chemikalienywerheid	-	-	45	42,5
Sementvervaardigings-	-	-	46	46
Yster-, staal-, ingenieurs	48	46	46	45
Motors	48	46	46	46
Bou	44	44	40	40
Kommersiële distribusiebedryf	48	46	46	46
Brandstof- en Oliebedryf	-	-	44	44

Bron: (349) S.A. Statistieke, 1970.

Uit tabel 3.11 lyk dit of daar nog nie sprake is van dieselfde drastiese inkorting van die werksweek soos uit die voorafgaande voorbeelde geblyk het nie. Die gemiddelde lengte van die werksweek in Suid-Afrika het (in terme van beskikbare gegewens) vanaf 1927 tot 1969 van 47,4 uur tot 43,5 uur verminder. Dit het vir die V.S.A. ongeveer 29 jaar geneem om van 'n gemiddelde werksweek (in nie-landbou-industrieë) van 47 uur tot 43 uur te stabiliseer (1916 tot 1955) (22, tabel 1). Vir Suid-Afrika het dit 42 jaar geneem.

Suid-Afrika is nou, wat werksweek betref, waar die V.S.A. tussen 1930 en 1945 was. As die V.S.A. dus as 'n maatstaf geneem word, is daar aanduidings dat daar 'n drastiese vermindering in lengte van die werksweek kan intree in die toekoms.

Wat vakansie betref kan slegs genoem word dat jaarlikse betaalde vakansies algemene praktyk in Suid-Afrika is. Alle nywerheidswerkers kry ten minste twee weke vakansie vir elke voltooide diensjaar (3, p.344). Hierby is een dag per week (Sondag) volgens wet 'n vakansiedag. Addisionele betaalde vakansiedae sluit in Goëte Vrydag, Krugerdag, Kersfees en Nuwejaarsdag. 'n Betekenisvolle gebeurtenis in hierdie vervand was die instelling van 'n vyfdag-werksweek vir staatsamptenare in 1963, wat sedertdien gevolg is deur heelparty ander groepe soos o.a. motorwerktuigkundiges.

(d) Vryetyd by die stedelike Bantoe

Gegewens oor werksure van Bantoes is moeilik bekombaar. Die enigste geredelik verkrygbare syfers is die van die Departement Statistiek. Hiervolgens blyk dit dat werksure slegs in enkele gevalle dié van die Blankes met meer as vyf uur per week oorskry en in die meeste gevalle is dit een tot twee ure. Daarby het daar in die periode 1962 tot 1966 geen noemenswaardige verkorting van die werksweek ingetree nie. Trouens, as oortyd bygereken word, is daar soms langer ure deur die Bantoe per week gewerk in 1966 as in 1962 (345, p.11-84). Tabel 3.12 gee 'n oorsig oor die jongste beskikbare gegewens t.o.v. werksure in enkele bedrywe.

TABEL 3.12

GEMIDDELDE URE DEUR BANTOE GEWERK AAN DIE WITWATERSRAND  
IN SEKERE NYWERHEDE

Sektor en Jaargetalle	Verandering in lengte van amptelike werksweek	Verskil in ure <sup>x</sup>	Verandering in aantal ure oortyd gewerk	Verskil in ure	Netto vermeerdering of vermindering in aantal ure gewerk per week
Druk en nuusblad nywerheid (1963 tot 1967)	43,5 tot 43,3 ure	-0,2	7,3 tot 6,2 ure	-1,1	-1,3
Ingenieursbedryf (1962 tot 1966)	44,3 tot 44,8 ure	+0,5	6,1 tot 6,8 ure	+0,7	+1,2
Bounywerheid (1963 tot 1967)	38,6 tot 39,8 ure	+1,2	4,6 tot 5,2 ure	+0,6	+1,8
Handel (1962 tot 1966)	45,1 tot 44,5 ure	-0,6	0,8 tot 0,9 ure	+0,1	-0,5

<sup>x</sup> + beteken langer werksure.  
- beteken korter werksure.

(Bron: Verwerk uit S.A. Statistieke, 1970)

Volgens die algemene tendens lyk dit nie of daar in die nabye toekoms 'n drastiese verkorting in die lengte van die werksweek te wagte kan wees nie. Die voordurende vermaning van ekonome dat produktiwiteit verhoog moet word, o.a. deur langer ure te werk, ten einde inflasie die hoof te bied, versterk hierdie vermoede. Oor die langtermyn sal oorsese tendense, soos reeds op gewys, egter sekerlik ook in Suid-Afrika in 'n mindere of meerdere mate ondervind word. Alhoewel daar dus beslis geen neiging tot verkorting van die werksweek te bespeur is nie, staan al hoe meer instansies en privaat persone jaarlikse vakansies aan hul Bantoe-arbeiders toe. Uit die ewekansige steekproef het geblyk dat 76% van die Bantoes in die stede 'n jaarlikse vakansie kry en dat 93% in elk geval ten minste naweke vry het (tabel 3.13).

TABEL 3.13

VAKANSIEVERLOF VAN DIE STEDELIKE BANTOE

Naweke en Jaarliks	76%
Alleenlik naweke	17%
Alleenlik elke twee jaar	2%
Geen vakansie	5%
	<hr/>
	100%
	<hr/>

In terme van beskikbare vryetyd vir ontspanning, staan die Bantoe dus nie noemenswaardig agter by die Blanke van Suid-Afrika nie.


## 2. Inkomste

### (a) Verband tussen per capita inkomste en buiteligontspanningsdeelname

Soos die geval is met baie ander faktore, is dit nie moontlik om te bepaal wat die presiese invloed van verhoogde reële inkomste op deelname aan buiteligontspanning is nie. Daar bestaan egter goeie rede om te aanvaar dat daar 'n positiewe verband bestaan. Patmore meld bv. dat: "... studies in America and Britain have shown that high income ....stimulates participation." (59, p.65). Hierdie stelling word onderskryf deur figuur 3.7. In alle gevalle is deelname van die hoër inkomstegroep meer as dié van die laer inkomstegroep. Dit geld, soos te verwagte, vir motorbootsport en seiljag maar. eienaardig genoeg, ook vir staptoere, kampeer en swem, wat weinig uitgawes vereis. Dit wil dus voorkom of dit nie soseer die inkomste per se is wat die verskil maak nie, maar dat daar, met verhoogde inkomste, ook 'n groter bewuswording van die buiteligontspanningsmoontlikhede kom. Volgens figuur 3.7 is daar by die beoefening van aktiwiteite soos rolbal, spanspele, fietsry, hengel en tennis nie so 'n groot verskil tussen die twee inkomstegroepe nie. Die oorwig in deelname van die rykeres bo die laer inkomstegroep is minder as 75%. By swem, motorboot, perdry en stap is die oorwig groter (75 tot 150%) en by die res, waaronder kampeer en seiljag, is deelname by die hoër inkomstegroep meer as 150% van die van die laer inkomstegroep.

FIGUUR 3.7

INVLOED VAN INKOMSTE OP ONTSPANNINGSDEELNAME: ENGELAND



BRON: (59)PATMORE, 1970



Steyn (394 figuur 3-2) het ook verhoogde deelname met styging in inkomste bevind t.o.v. swem, stap en bergklim, visvang, bootsport en waterski maar nie t.o.v. plesierritte nie. 'n Verklaring daarvoor lê egter waarskynlik o.a. daarin dat sy laagste inkomstegroep minder as R3 000 p.j. was. Die O.R.R.R.C.-verslag beskryf hul bevinding hieroor soos volg: "The general participation tends to go up as income does; the jump is sharpest about the \$3,000-a-year mark; from there on, participation steadily increases, reaching a maximum in the \$7,500-\$10,000 bracket, declining slightly thereafter."

(363, p.28). Burton onderskryf dit ook: "Broadly speaking, as income rises so does participation in most recreation pursuits - at least up to a level of about £2000 p.a." (273, p.19).

(b) Verband tussen inkomste en buiteligontspanning by die Bantoe

Die invloed van inkomste op buiteligontspanningsdeelname is ook ten opsigte van die Bantoe nagegaan. In tabel 3.14 verskyn die patrone van ontspanningsvoorkeur soos by elke inkomstegroep bevind is en in tabel 3.15 is die resultate van die statistiese toetse ten einde vas te stel of daar betekenisvolle verskille bestaan. Hieruit blyk dat daar op alle vlakke van inkomste verskille in ontspanningspatrone bestaan.

TABEL 3.14

## DIE VRAAG NA BUITELUGONTSPANNING BY DIE BANTOE VOLGENS

INKOMSTEGROEPE

Ontspanningstipe	Inkomstegroepe (R/p.m.)			
	0-50	51-100	101-200	201+
	(%)	(%)	(%)	(%)
Besoek vriende/familie	15,6	16,7	15,6	6,9
Ontspan by see	15,0	12,4	13,9	19,4
Piekniek	10,9	12,4	12,6	6,9
Swembad	3,6	8,1	8,8	8,3
Binnelandse oord	11,8	9,7	9,9	9,7
Besoek park in dorp	3,8	5,0	5,4	4,2
Besoek dieretuin	5,1	4,6	1,4	4,2
Stap	6,6	4,4	4,1	2,8
Toeskouer (sport)	1,9	5,0	1,0	2,8
Kampeer	5,1	3,2	4,8	2,8
Deelneem aan sport	4,1	3,6	2,0	5,5
Besoek Wildreservaat	3,0	3,9	2,4	5,5
Jaag	3,8	2,2	2,7	2,8
Motorrit	2,6	3,4	5,4	12,5
Besoek kultuur-historiese plekke	3,0	2,7	6,1	1,4
Hengel	1,1	1,3	1,4	4,2
Bootry	1,3	0,4	1,0	0,0
Fietsry	1,1	0,7	1,0	0,0
Perdry	0,6	0,5	0,3	0,0
	100,0	100,0	100,0	100,0

TABEL 3.15

STATISTIESE VERGELYKING TUSSEN DIE VERSKILLEDE  
INKOMSTEGROEPE BY DIE BANTOE SE ONTSPANNINGSPA-  
TRONE

Inkomstegroepe (R p.m.)	Chi- kwa- draat	Waarskynlikheid dat 'n betekenisvolle ooreen- koms bestaan
Verskille t.o.v. behoef- te aan deelname <sup>+</sup>		
(1) 51 tot 100 en 101 tot 200	20	0,1
0 tot 50 en 101 tot 200	23	0,05
Verskille in werklike deelname <sup>++</sup>		
(ii) 51 tot 100 en 101 tot 200	27	0,05
0 tot 50 en 101 tot 200	38	0,01

<sup>+</sup>Groep (i) verwys na die behoefte wat daar sou bestaan onder ideale omstandighede van voldoende fasiliteite.

<sup>++</sup>In groep (ii) is die berekening gebaseer op werklike huidige deelname.

Ten opsigte van tabel 3.14 is dit interessant om daarop te let dat besoeke by vriende en familie, wat besonder gewild is by die gemiddelde en laer inkomstegroepe, afneem by die R200-enmeer p.m. groep. Hierteenoor sou hierdie ryker groep eerder meer aan gesofistikeerde aktiwiteite soos motorritte, ontspanning by die see, en besoeke aan 'n wildreservaat wou deelneem indien fasiliteit vryelik beskikbaar sou wees, terwyl aktiwiteite soos stap, kampeer en piekniek minder gewild is.

In die V.S.A. en elder is bevind dat verhoogde inkomste gepaard gaan met verhoogde deelname, maar dit het nie uiting gevind in gesofistikeerde ontspanningstipes alleenlik, soos uit die vraelysontledings by die Bantoe die geval blyk te wees nie. Die tipe ontspanning waaraan die welgestelde Bantoe wil deelneem hou dus oënskynlik vir hom prestigewaarde in - 'n verskynsel wat later ter sprake sal kom.

In tabel 3.16 word hierdie kwessie verder ondersoek en wel n.a.v. werklike deelname.

Van die ontspanningstipes wat moontlik as "gesofistikeerd" beskou kan word, is daar nie een waar die deelname afneem met toename in inkomste nie. Daarenteen is daar 'n toename in deelname met verhoogde inkomste t.o.v. motorritte, besoeke aan wildreservate en in 'n mindere mate bootry. Besoeke aan kultuur-historiese besienswaardigheid toon ook 'n positiewe korrelasie met inkomste, maar dit is meer moontlik dat die verklaring hier in terme van hoër onderwyspeil gesoek moet word.

Eenvoudige ontspanningsaktiwiteite soos fietsry, besoeke aan vriende, stedelike parke en swembaddens toon met die uitsondering van stap, almal 'n negatiewe verband - d.w.s. hoe laer die inkomste hoe groter is die deelname.

TABEL 3.16

VERBAND TUSSEN DEELNAME AAN ONTSPANNINGS-  
AKTIWITEITE EN INKOMSTE

Ontspannings- aktiwiteite	Inkomstegroepe (% deelname)			verband tussen persentasie deel- name en inkomste- groep
	R51 tot 100 p.m.	R101 tot 200 p.m.	meer as R200 p.m.	
Motorrit	3,2	6,0	10,5	positief
Besoek van vriende	19,3	16,3	8,7	negatief
Binnelandse- oord	6	9,2	3,5	(geen)
Hengel	0,6	0,4	1,7	(geen)
Piekniek	10,5	12,0	10,5	(geen)
Besoek kultuur/ historiese- plekke	1,0	4,0	5,2	positief
Sport (deelname)	8,8	4,4	10,5	(geen)
Ontspan by see	10,8	9,2	12,2	(geen)
Jag	1,2	2,8	1,7	(geen)
Besoek park in dorp	5,2	4,8	1,7	negatief
Perdry	0,4	0,0	0,0	(geen)
Besoek dieretuin	7,2	5,2	3,5	negatief
Swembad	6,9	5,6	3,5	negatief
Kampeer	2,4	3,6	1,7	(geen)
Fietsry	1,6	0,4	0,0	negatief
Besoek Wildre- servaat	4,0	3,6	7,1	positief
Bootry	0,3	0,0	1,7	(positief/geen)
Stap	4,7	5,6	8,7	positief
Toeskouer (sport)	5,9	7,2	7,1	(positief/geen)

(c) Besteding aan Ontspanning by die Blankes en Bantoes  
as aanduiding van volume-deelname

Dit is interessant om daarop te let dat 'n opname in Johannesburg (295) getoon het dat daar blykbaar 'n tendens is tot laer uitgawes aan ontspanning by die Bantoe waar salarisse R3000 p.j. oorskry. Vanweë die lae getal huishoudings by hierdie inkomstegroep is dit egter nie statisties verantwoordbaar nie alhoewel 'n Pretoriase-opname (294) dieselfde tendens toon. Uitgawes aan ontspanning, uitgedruk as 'n persentasie van die gesinsinkomste, styg by die Blankes ook aanvanklik en wel tot by die kategorie R5000 tot R5999. Hierna neem die stygende tendens af en in die groep bo R8000 is daar 'n daadwerklike afname (tabel 3.17). Soos reeds genoem, het die O.R.R.R.C. in die V.S.A. so 'n inkomste-drumpel op \$7,500 tot \$10 000 bevind en Burton in Engeland op £2000.

Dit wil dus voorkom asof daar 'n algemeen geldende reël by ontspanningsdeelname is, nl. dat daar aanvanklike styging met verhoogde inkomste is maar dat hierdie styging nie onbepaald voortduur met toename in inkomste nie. Daar kom 'n stadium - wat wissel na gelang van die sosio-ekonomiese stand - waarop die styging verminder en oorgaan in afname. Hierdie afname is nie net 'n persentasieafname nie, maar word mettertyd inderdaad 'n werklike afname.

By 'n nadere ontleding van hierdie verskynsel, het die volgende geblyk. Deelname aan buitelogontspanning by inkomstegroepe wat onder die broodlyn lewe, sal totaal onbeduidend wees. Van hier sal daar 'n gelykmatige stadige styging in deelname saam

TABEL 3.17

GEMIDDELDE GESINSUITGAWES<sup>+</sup> p.j. AAN ONTSPANNING, VER-  
MAAKLIKHEID EN SPORT VOLGENS INKOMSTEGROEP

(a) Blankes (sluit in al die vernaamste stedelike sentra)											
Inkomstegroep (R/p.j.)	minder as R2000	2000-2999	3000-3999	4000-4999	5000-6999	6000-7999	8000+				
%	1,12	1,77	2,40	2,40	3,0	3,01	2,64				
R	16,80	44,25	84,00	108,00	170,50	210,70	224,40				
(b) Bantoe Johannesburg											
Inkomstegroep (R/p.j.)	tot 249	250-499	500-749	750-999	1000-1249	1250-1499	1500-1749	1750-1999	2000-2249	2250-2499	2500-2999
%	0,13	0,29	0,37	0,50	0,43	0,65	0,69	1,59	0,44	1,45	0,64
R	0,48	1,96	3,19	5,03	5,14	8,86	10,86	25,45	7,34	35,39	12,27

<sup>+</sup> gemiddeld van alle gesinne ongeag of uitgawes aangeaan is of nie.

Bronne: (348) Dept. Statistiek, Verslag nr. 11-06-04, 1971.  
(295) Nel e.a., 1971, Tabel 3.21(a).

met styging in inkomste wees tot op die kerf waar 'n privaat gesinsmotor aangekoop kan word. Hierna sal daar 'n geweldige vinnige toename met styging in inkomste wees. Met verdere toename in inkomste word die derde fase - nl. 'n afname in deelname - bereik. Hierdie verskynsel is egter baie moeiliker verklaarbaar en word later uitvoeriger bespreek.

Die koppeling van hierdie stadiums aan spesifieke inkomstes is vanselfsprekend baie moeilik en kan op sy beste as tentatief beskou word (kyk figuur 3.8).

Soos elders bespreek word (kyk tabel 3.21), kan die broodlyn vir die stedelike Bantoesin op ongeveer R70 per maand gestel word. Uitgawes aan ontspanning sal vir hierdie groep beperk wees tot toevallings bo en behalwe hul normale salaris. Daar kan dus aangeneem word dat daar binne hierdie groep byna uitsluitlik aan ontspanningsaktiwiteite deelgeneem sal word wat geen uitgawes verg nie, en dat die omvang van hul deelname in elk geval gering is.

Vir die Blankes is hierdie grens tentatief op R100 per maand gestel.

Die tweede keerpunt op die grafiek - die vlak van motorbesit - is nog moeiliker om vas te stel. Berekeninge gebaseer op die Blankes se lewenswyse dui op 'n minimum van ongeveer R200 per maand, wat ooreenkom met die bevinding van die O.R.R.R.C., nl. dat daar by die inkomstegroep van \$3000 per jaar 'n skerp toename in ontspanning gevind is.<sup>1)</sup> Gegewens van die Departement


---

1) Ten tye van die opnames was \$1 = R0,75.



FIGUUR 3.8

VERBAND TUSSEN BUITELUGONTSPANNING EN INKOMSTE  
(TEORETIESE KURWES)



SLEUTEL :

- a. BROODLYN
- b. MOTORBESIT
- c. MAKSIMUM DEELNAME

Statistiek dui daarop dat Blanke gesinne met 'n inkomste van minder as R2000 p.j. (d.i. R170 p.m.) wel soms motors besit. Hul gemiddelde uitgawes daaraan is egter sō min dat daar waarskynlik 'n baie klein persentasie van hulle is wat wel 'n motor besit.<sup>1)</sup>

Verslae van die Buro vir Marknavorsing (298, tabel 36) toon dat Bantoesinne in alle inkomstegroepe (d.w.s. vanaf die groep R0 tot R20 p.m.) uitgawes t.o.v. motorvoertuie het. Tot en met R99 p.m. is die uitgawes egter minder as 70c per maand (gemiddeld vir alle gesinne ongeag of daar 'n motor is of nie). Bo R100 p.m. skiet hierdie uitgawes plotseling op na R6,88 per maand.

Persentasie motorbesit per gesin vir Johannesburg en Pretoria gesamentlik bereken, dui op dieselfde tendens (tabel 3.18).

TABEL 3.18

PERSENTASIE MOTORBESIT VOLGENS INKOMSTEGROEP (BANTOE) - JOHANNESBURG EN PRETORIA  
1970

Inkomstegroep (Rand p.j.)	500-1000	1000-15000	1500.- 2000	2000-2500	2500+
Motorbesit (%)	1,5	5,2	11,3	14,2	33,3
Bronne: (294 en 295) Nel e.a., 1971, Tabel 3.19(c)).					

- 1) Die Departement van Statistiek, verslag nr. 11-06-04 gee bv. 'n syfer van slegs R4,80 per maand aan wat uitgawes t.o.v. sowel die aankoop as onderhoudskoste insluit. Hierdie gemiddeld is bereken op grond van alle gesinne in die steekproef, ongeag of hulle 'n motor besit of nie.

Hiervolgens is daar nā die bereiking van 'n inkomste van R1500 p.j. (R125 p.m.) groot toename in motorbesit (5 tot 11%) alhoewel motorbesit eers as taamlik algemeen ( $33\frac{1}{3}\%$ ) beskou kan word bo R2500 per jaar.

Daar is reeds in tabel 3.17 verwys na die feit dat die persentasie van salaris wat deur Blankes aan ontspanning bestee word min of meer by die R7000 per jaar begin afneem. 'n Verklaring van hierdie tendens kan moontlik aan verskeie faktore toegeskryf word. Ontleding van uitgawes aan ontspanning, sport en vermaaklikheid toon dat daar 'n skielike toename is by die inkomstegroep bō R8000 aan intree- en ledegelde by klubs (waarskynlik meestal sosiale klubs), musiekinstrumente, kameras, ens; stokperdjies, - d.w.s. hoofsaaklik binnenshuise ontspanning. Lisensies (radio, jag, hengel) en sporttoerusting neem persentasiegewys af by die hoër inkomstegroep (348 tabel 2.2).

Persone wat tussen R3000 en R7000 p.j. kry, is gewoonlik jonger as diē groep met 'n hoër inkomste, sodat verwag kan word dat deelname aan ontspanning by hierdie (ouer) groep, minder sal wees.

Diē groep bestaan ook uit mense wat reeds hoë posisies beklee, baie verantwoordelikhede dra en wat ook 'n groot verskeidenheid van belange het om na om te sien, sodat hulle minder vryetyd tot hulle beskikking het. Hierdie groep bestaan ook dikwels uit heelwat boere, prokureurs, medici, handelslui, en ander werkgewers in die private sektor wat nie vasgestelde vakansieverlof kry nie. Oor die algemeen is daar dus by hierdie groep

'n gebrek aan tyd vir ontspanning.

Vanweë hoë inkomste beskik persone in hierdie groep gewoonlik persoonlik oor baie fasiliteite vir ontspanning: 'n swembad, tennisbaan, plot of plaas, motorboot en 'n groot erf in 'n aantreklike en stil woonbuurt, sodat daar min behoefte is aan openbare ontspanningsfasiliteite.

Soos reeds gestel, is daar by die Bantoe ook sprake van 'n "satisfaksie-grens" en wel by die inkomstegroep R3000-en-meer per jaar. Hierdie verskynsel val egter moeilik te verklar. Dit kan beswaarlik verklaar word - soos in die geval van die Blankes - in terme van minder tyd, hoër sosiale stand, ouderdom of selfvoorsiening t.o.v. ontspanningsgeriewe. Daar is ook nie sprake daarvan dat geld by hoër inkomstegroepe aan andersoortige tipes ontspanning bestee word nie (294, p.89).

Uit vraag 9 (addendum I) is bepaal hoeveel geld gesinne bereid is om te bestee gedurende 'n naweek indien daar by twee geleenthede per jaar sodanige uitstappies onderneem sou word. Die resultate toon 'n volgehoue styging in uitgawes met verhoging in salaris. Die wat minder as R600 p.j. ontvang, is bereid om gemiddeld R11,29 per sodanige naweek te bestee, die groep R601 tot R1200 p.j. sal R12,20 bestee; die groep R1201 tot R2400 p.j. R14,48 en die groep R2401 tot R3600 R23,25.

Daar moet egter op gewys word dat dit uit die antwoorde geblyk het dat persone probleme ondervind het met die beantwoording van hierdie vraag. Daar kan dus nie te veel waarde aan hierdie bevinding geheg word nie.

(b) Algemene ekonomiese groei in Suid-Afrika

Met uitsondering van die hoë inkomstegroepe wat uit relatief min en ouer mense bestaan, en wie se invloed op die algemene buitelugontspanningspatroon dus van minder betekenis is, is daar 'n duidelike toename in buitelugontspanningsdeelname met verhoging in inkomste. Verhoogde per capita inkomste is weer afhanklik van algemene ekonomiese groei van die land, sodat ekonomiese groeitendense 'n aanduiding kan gee van die moontlike omvang van toekomstige ontspanning.

Die meegaande tabel gee 'n aanduiding van die toename in inkomste wat in Suid-Afrika ondervind is in die afgelope jare.

TABEL 3.19

PERSENTASIE BLANKE HUISHOUDINGS VOLGENS  
INKOMSTEGROEP - SUID-AFRIKA : 1960 en 1966

Inkomstegroep (p.j.)	1960	1966
Onder R3 000	76,8%	27,7%
R3 000 - R4 000	11,2%	29,2%
R4 000 - R6 000	7,4%	28,6%
bo R6 000	4,5%	14,5%
	=23,1%	=72,3%

Bron: (376) Anon., 1971.

In 1966 het 72,3% van die Blanke huishoudings meer as R3 000 per jaar ontvang, terwyl dit in 1960 slegs 23,1% was (tabel 3.19). Gedurende die afgelope dekade het daar dus 'n groot persentasie Blanke gesinne in die inkomstegroep inbeweeg wat 'n gesinsmotor moontlik maak.

Die Suid-Afrikaanse ekonomie het geweldig gegroei gedurende die afgelope dekade. Volgens Cronje (397, p.172) het die

bruto volksproduk in monetêre terme sedert 1960 met 'n gemiddeld van 9,1% gestyg. Die inflasiekoers was 2,8% en die reële groeikoers dus 6,2%. Teen 'n bevolkingsaanwas van 2,3% was die styging in werklike inkomste per capita van die bevolking 3,7%. (Vir 'n styging in per capita inkomste, kyk figuur 3.9 en tabel 3.20). Voorts voeg Cronje hieraan toe dat Suid-Afrika se bruto volksproduktoename hoër was as die gemiddelde vir die wêreld en dat die inflasiekoers laer as die wêreldgemiddeld was. Ten spyte van 'n bogenmiddelde bevolkingsaanwas, was per capita inkomste toename een van die hoogstes. Hiervolgens kan Suid-Afrika beskou word as een van die vinnigste groeiende lande ter wêreld. (397, p.172).

TABEL 3.20

PER CAPITA REËLE INKOMSTE SUID-AFRIKA

(volgens 1958 pryse)


	<u>Rand</u>
1930	116
1935	164
1940	186
1945	202
1950	260
1955	276
1960	323
1965	392
1969	459

Bronne: (321) N.O.K. Jaarboeke 1969 en 1971;  
 (327) S.A. Reserwebank, (341) Unie  
 Statistieke 1910-60.

FIGUUR 3.9

PER CAPITA REËLE INKOMSTE VIR SUID-AFRIKA

(VOLGENS 1958 PRYSE)



BRONNE : N.O.K. ,1969 EN 1970.  
S.A. RESERWEBANK.  
UNIE STATISTIEKE 1910-1960.

Vooruitsigte van 'n hoër per capita inkomste vir alle lede van die bevolking is dus bemoedigend. In hierdie verband sê Viljoen (246, p.41) : "If normal Western standards of income distribution are maintained, we would have reached a standard of living and consumption for our total population at the end of the century which is equal to that of Great Britain today."

Nieteenstaande die feit dat die juiste kwantitatiewe invloed van verhoogde lewenstandaard van 'n bevolking op buiteligontspanning nie duidelik is nie, is die algemene verband ongetwyfeld vasgestel en met 'n groeiende ekonomie sal hierdie faktor ook sy positiewe invloed uitoefen op deelname aan buiteligontspanning in Suid-Afrika in die toekoms.

(c) Inkomste van die stedelike Bantoe

(i) Teenswoordige inkomste van die Bantoe

Dit is 'n welbekende feit in Suid-Afrika dat die Bantoe se inkomste relatief tot dié van die Blankes, baie laag is - selfs al word in natura toevallings bygereken. Die Bruto Geografiese Produk (B.G.P.) van die tuislande was byvoorbeeld in 1959/60 slegs 2,3% van die totale Bruto Binnelandse Produk (B.B.P.) van die Republiek. Terwyl die B.G.P. van die tuislande tussen 1936 en 1960 verdubbel het, het dié van die Republiek sesvoudig vermeerder (323, p.26). Die B.G.P. per capita van die bevolking van die tuislande was in 1959/60 slegs ongeveer R25 (per jaar). Indien die verdienste van trekarbeiders uit die Blanke gebiede bygereken word, is dit R53 (229, p.172). Alhoewel die Bantoe meer as 70% van die Republiek se bevolking uitmaak, verdien hy slegs ongeveer 25% van die



B.B.P. (Smit, P. : persoonlike mededeling).

Opnames oor werklike inkomste en uitgawes van Bantoes in die stedelike woonbuurtes is veral deur die Buro vir Marknavorsing van die Universiteit van Suid-Afrika en die S.A. Instituut vir Rasseverhoudinge gedoen. 'n Samevatting van die vernaamste resultate op hierdie gebied verskyn in tabel 3.21. Samevattend blyk hieruit dat salarisse bykans deurgaans tot op 1966 onder die broodlyn was.

Opnames in 1971 en in 1973 (tabel 3.21) toon dat daar waarskynlik tans 'n gunstiger situasie heers.

Die broodlyn-inkomste maak egter nie voorsiening vir baie dinge wat Batson (265) "sosiologiese noodsaaklikhede" (soos opvoeding, 'n minimum vir ontspanning, ens.) noem nie. Hy het bereken dat 'n inkomste van 150% van die broodlyn nodig is om 'n enigszins gangbaar-ordentlike bestaan te voer. Hierdie inkomste noem hy die "minimum effektiewe grens" (M.E.G.). Gebaseer op 'n broodlyn van R64 per gesin per maand beteken dit dat die M.E.G. in Johannesburg op R96 p.m. gestel kan word. Die gemiddelde stedelike Bantoes se besoldiging grens tans min of meer hieraan (tabel 3.21).

TABEL 3.21

VERGELYKING TUSSEN DIE BROODLYN EN GEMIDDELDE GESINSINKOMSTE VIR  
STEDELIKE BANTOES

Minimum Inkomste deur Bantoegegin per maand benodig	Werklike gemiddelde gesinsinkomste (per maand)	Tekort/Oorskot	Bron en Plek
1. R48,32 p.m.	R41,00	-R7,32	S.A.I.R.V. <sup>++</sup> 1959 - Johannesburg
2. R33,64	R20,80	-R12,85	Dept. Ekonomie, Universiteit Durban 1961 - Durban.
3. R33,54 tot R42,99	R39,47	+R5,93 tot -R3,52 (na gelang gesinsgrootte van 5 en 6 onderskeidelik)	B.M. - verslag 1961 - Pretoria
4. R55,57	R46,31	-R9,26 (gesin van 5 persone)	S.A.I.R.V. <sup>++</sup> 1966 - Johannesburg.
5. omtrent R64 (Bereken teen 3% inflasiekoers sedert 1966)	R96,53	+R32,53	B.M.-verslag 1971 - Johannesburg
6.			Instituut vir Beplanningsnavorsing, U.P.E. 1973.
(i) R68,06 <sup>+</sup>			(i) Port Elizabeth
(ii) R66,66			(ii) Durban
(iii) R63,75			(iii) King Williams Town
(iv) R60,30			(iv) Johannesburg.

<sup>+</sup>Gespesifiseer as synde "primêre broodlyn" wat nie behuising en vervoer insluit nie.

<sup>++</sup>S.A. Instituut vir Rasse-Verhoudinge.

Tabel 3.22 toon die persentasieverdeling van huishoudings in Johannesburg volgens inkomstegroepe. Hierdie gegewens word op figuur 3.10 as kumulatiewe persentasie grafies weergegee. Hiervolgens is daar 45% van die stedelike Bantoe wat 'n inkomste van minder as R768,00 kry en dus onder die broodlyn lewe en 55% daarbō. Daarenteen is daar slegs 27% wat 'n inkomste bō die M.E.G. kry. Die oorblywende groep (29%) lê tussen die broodlyn en die M.E.G.

TABEL 3.22

BANTOEHUISHOUDINGS VOLGENS INKOMSTE


Inkomste R. p. j.	Getal huis- houdings	%
0 - 249	8	2,64
250 - 499	25	8,27
500 - 749	64	21,19
750 - 999	71	23,50
1000 - 1249	42	13,90
1250 - 1499	42	13,90
1500 - 1749	22	7,28
1750 - 1999	9	2,98
2000 - 2249	8	2,64
2250 - 2499	5	1,65
2500 - 2999	3	,99
3000 - 3999	3	,99
4000 - 4999	0	
5000+	0	
	302	100.00

Bron: (295) Nel e.a., 1971 tabel 3.17, p.40).

FIGUUR 3.10

INKOMSTE BY DIE STEDELIKE BANTOE VOLGENS  
HUISHOUDINGS - 1971

(KUMULATIEWE PERSENTASIE)



(11) Verwagte styging in lewenstandaard

Daar bestaan sterk aanduidings dat die lewenstandaard van die Bantoebevolking in die toekoms heelwat sal styg.

In Suid-Afrika is die lone van ongeskoolde arbeiders 20% van die geskooldes terwyl dit in die V.S.A. 50 tot 60% is en in Wes-Europa 70 tot 80% (34, p.162). 'n Mens kan dus verwag dat die gaping mettertyd in Suid-Afrika kleiner sal word.

Gedurende die afgelope dekade en veral vanaf die begin van 1973 is daar baie verhoë gerig en daadwerklike stappe gedoen t.o.v. die verhoging van Bantoolone. Hierbenewens het die Loonraad gedurende Mei 1973 minimum-loongrense met tussen 32 en 56% verhoog.

Die 1971-verslae van die Buro vir Marknavorsing vir Pretoria en Johannesburg se Bantoebevolking toon dat daar 'n styging in reële inkomste sedert 1960 voorgekom het. In Pretoria het die gemiddelde gesin se inkomste met 92,3% gestyg wat 'n jaarlikse toename van 6,74% verteenwoordig sedert 1960. Voeg hierby nog dat die gemiddelde aantal lede per gesin van 6,3 tot 6,0 gekrimp het, dan was die styging in persoonlike inkomste 7,28% per jaar. Met inagneming van lewenskostestying, bevind die Buro dat die inkomstetoename per gesin 3,9% en per persoon 4,41% p.j. was.

Die gemiddelde persoonlike besteebare inkomste (in monetêre terme) het met 65,01% per persoon gestyg. In reële terme was die toename 25,95%. Hiervolgens was jaarlikse stygings 5,14% in monetêre en 2,34% reële terme. "From 1960

to 1970 the average real income of Bantu living in multiple households in Pretoria therefore increased almost twice as rapidly as the average income of all population groups in the Republic in the same period." (294, p.3). Byna identiese resultate is ook vir Johannesburg bevind (295).

'n Ondersoek deur die Genootskap vir Produktiwiteit en Lone het bevind dat in die periode Maart 1971 tot Maart 1972 Bantolone (alle bedrywe) met 12,2% gestyg het (teenoor 4,8% by die Blankes). Saam met die styging van 7,9% van die vorige jaar, beteken dit dat Nie-blanke lone in 'n kwessie van twee jaar met meer as een-vyfde gestyg het.<sup>+</sup>

Dit is egter moontlik dat die werklike groei in besteebare inkomste kleiner is as wat deur die syfers gesuggereer word. Steenkamp (231, p.98-99) wys daarop dat kosaankope 'n groter persentasie van die Bantoe se uitgawes uitmaak as by die Blankes. Lewenskoste word gebaseer op die styging in verbruikersprysindeks en kos maak slegs 'n klein afdeling hiervan uit alhoewel dit in die afgelope jare baie vinniger gestyg het as alle ander verbruikersgoedere gesamentlik. In werklikheid is die reële inflasie vir die Bantoe dus hoër as vir die Blanke.

Die verskuiwing van Bantoes uit Blanke stede na nabygeleë tuislande het baie addisionele vervoerkoste meegebring

---

<sup>+</sup>Navorsing gedoen deur die Suid-Afrikaanse Genootskap vir Produktiwiteit en Lone. (Skriftelike bevestiging van 'n berig deur die S.A.U.K. op 19.5.72).

wat slegs gedeeltelik deur die Blanke gedra word. Hierdie ekstra onkoste verminder dus die reële besteebare inkomste van die Bantoe nog meer.

As 'n mens egter na werklike uitgawes aan ontspanning kyk, dan is dit duidelik dat die Bantoe weer 'n groter besteebare inkomste het as wat die salarisse aandui. So het 'n opname onder lede van die Zioniste Kerkgenootskap (Z.C.C.) wat in Hammanskraal woon, bv. getoon dat gesinne wat so min as R12,00 per maand kry dit moontlik vind om een maal per jaar op 'n naweekuitstappie van meer as 600 km na Boyne te gaan. In hierdie opname is bevind dat die gemiddelde naweekuitgawe van die inkomstegroep R20 tot R30 per maand R31,00 beloop terwyl by sommige gesinne dit so hoog as R60,00 per naweek is. Dit verteenwoordig 'n bedrag gelykstaande aan 124% van hul maandelikse en 10% van hul jaarlikse salarisse. Die gemiddelde inkomste van hierdie Z.C.C.-groep is R780 per jaar en hul gemiddelde uitgawes tydens so 'n naweek is R45,00.

### 3. Motorbesit

#### (a) Motorbesit as faktor in buitelogontspanningsdeelname

Die koms van die motor het, meer as enigiets anders, 'n omwenteling teweeggebring in buitelogontspanning.

Die grootste waarde van die motor lê in sy "...flexibility in timing and use." (273, p.14). Die mens kan nou gaan en kom soos en wanneer hy wil. Hy is nie gebonde aan tydroosters en vasgestelde voorafbepaalde eindpunte nie. "Personal and family mobility has been and still is, a key factor in shaping patterns of recreation" (273, p.64). Gesinne kan

op die ingewing van die oomblik, sonder vooraf reëlings, uitstappies onderneem. Dit verhoog die waarde daarvan ook meer omdat dit onderneem kan word wanneer die behoefte ontstaan en daar nie uitgestel hoef te word totdat reëlings i.v.m. vervoer getref kan word nie.

Die aantal privaat gesinsvoertuie per bevolkingseenheid is 'n redelike goëie maatstaf van die omvang van buiteligugontspanning. Die motor is nie net alleen die middel om die persone by hul plek van ontspanning te bring nie; die rit self is 'n ontspanningsaktiwiteit. "Clearly the pleasure of the ride in the car is at least as important as the destination and probably more so." (19, p.130). Hierdie stelling is gebaseer op 'n opname gedoen in die Peak District National Park, Engeland. Daar is aan motoriste die vraag gestel of hulle met dieselfde pad terug huis toe gaan as die een waarmee hulle gekom het, waarop 38% bevestigend geantwoord het, 37% het ontkennend geantwoord en 25% moes nog besluit.

Die waarde van die motor vir buiteligugontspanning is ook duidelik indien daarop gelet word dat plesierritte per motor volgens opnames in die V.S.A. (1960), Swede (1963) en Brittanje (1965) deurgaans die gewildste aktiwiteit is t.o.v. persentasie van die bevolking wat daaraan deelneem (59, p.56). Die gemiddelde Amerikaner byvoorbeeld het in 1960 meer as twintig maal vir ontspanning gaan ry en 58% van die Swede het in 1963 ten minste ses maal per jaar 'n uitstappie per motor onderneem.




Dat die besit van 'n motor deelname aan buiteligontspanning vergroot, blyk uit baie studies. Masser (178) het dit o.a. bewys vir aktiwiteite wat so naby as tien minute se stap vir mense is. In 'n opname oor die bepaling van behoefte aan meer ontspanning, het dit geblyk dat slegs 39% van die mense wat nie motors het nie, graag meer ontspanning wou hê en vir dié met motors was die persentasie 52 (59, p.49). Figuur 3.11 is 'n samevatting van 'n opname in Engeland gedoen en illustreer die invloed van motorbesit baie duidelik. Hiervolgens is daar by die beoefening van aktiwiteite soos rolbal, spansele, fietsry en visvang nie so 'n groot verskil tussen motoreienaars en nie-motoreienaars nie. Die oorwig in deelname van motoreienaars bō dié van nie-motoreienaars aan hierdie aktiwiteite is minder as 75%. By stap en swem is die oorwig groter (75 tot 150%) en by die res (waaronder perdry, bootry en kampeer) is deelname by motoreienaars meer as 150% van dié van nie-motoreienaars.

Die invloed van motorbesit op buiteligontspanning is ook t.o.v. die Bantoe ondersoek. Die resultate toon dat motorbesit by die Bantoe ook reeds al 'n verskil in hul ontspanningspatroon teweeggebring het. Die behoefte aan buiteligontspanning is afsonderlik vir mense wat oor 'n privaat motorvoertuig beskik en dié wat dit nie het nie, bereken (tabel 3.23).

FIGUUR 3.11

INVLOED VAN MOTORBESIT OP ONTSPANNINGSDEELNAME  
(ENGELAND)



TABEL 3.23

VRAAG NA BUITELUGONTSPANNING EN DEELNAME DAARAAN BY MOTOR-  
BESITTERS (a); NIE-MOTORBESITTERS (b)

Ontspanningstipe	Vraag na Buite- lugontspanning		Deelname aan Buite- lugontspanning	
	(a) (persentasie)	(b) (persentasie)	(a) (persentasie)	(b) (persentasie)
Besoek vriende/familie	14,4	16,6	18,2	18,4
Ontspan by see	14,4	12,5	11,1	10,7
Piekniek	9,6	12,1	7,2	11,3
Swembad	6,5	7,5	3,8	6,4
Binnelandse oord	8,9	11,5	5,4	6,6
Besoek park in dorp	6,8	4,4	4,6	5,8
Besoek dieretuin	2,8	4,4	4,9	6,8
Stap	3,5	5,0	5,4	6,0
Toeskouer (sport)	3,3	3,5	7,6	7,0
Kampeer	5,2	3,5	4,3	2,7
Deelneem aan sport	3,7	3,4	6,0	6,5
Besoek Wildreservaat	3,9	3,5	4,3	3,1
Jag	2,2	2,9	1,6	1,9
Motorrit	8,1	2,3	8,2	2,5
Besoek kultuur-historiese plekke	4,4	3,3	2,4	1,8
Hengel	1,7	1,3	1,1	0,3
Bootry	0,0	1,0	0,3	0,5
Fietsry	0,2	1,0	0,8	1,5
Perdry	0,4	0,6	0,5	0,3
	100,0	100,0	100,0	100,0

Hiervolgens is bevind dat daar 'n statisties betekenisvolle verskil tussen die ontspanningsdeelname van hierdie twee groepe bestaan.<sup>+</sup>

Dit is interessant dat bv. 8% van die motorbesitters motorritte vir ontspanning onderneem teenoor slegs 2% wat nie self oor motors beskik nie. Werklike deelname verskil ook tussen hierdie twee groepe (tabel 3.23)<sup>++</sup>. Dertig uit 368 motorbesitters, d.i. 8,2%, het motorry vir ontspanning as een van hul drie ontspanningsaktiwiteite genoem waaraan hulle die meeste deelgeneem het gedurende die voorafgaande jaar. By niemotobesitters was dit 27 uit 1095, oftewel slegs 2,5%.

Dit blyk dus dat dit die moeite sou loon om in te gaan op die kwessie van huidige en toekomstige motorbesit by die Bantoe.

(b) Motorbesit in Suid-Afrika en ander Westerse lande

Motorbesit in die westerse lande het die afgelope aantal jare geweldig toegeneem. Sedert 1951 het dit in Brittanje met ongeveer 10% per jaar gegroei.<sup>+++</sup> In 1960 was daar in Nederland 3,5 persone per motor en 15 jaar later, d.w.s. in 1965, was daar 2,5 per motor (52, p.21). In 1960 het 2% van die Britse gesinne 'n tweede motor besit; in 1970 was dit 12½%. Van omtrent 9 miljoen motors in 1966 word daar teen die jaar 2000 25,9 miljoen in Brittanje verwag - d.w.s. 0,4 motors per persoon.

---

<sup>+</sup>Betroubaar op die ,01 peil.

<sup>++</sup>Betroubaar op die ,001 peil.

<sup>+++</sup>Verwerk uit gegewens verstrek deur Tanner 1970 (373, p.156).

Met die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse ekonomie kan toenames dus ook hier verwag word, met die noodwendige invloed op buitelugontspanningsdeelname. Tans is daar 1,5 miljoen motors in Suid-Afrika - 1 vir elke 15 van die totale bevolking. In die periode 1971 tot 1972 het motors in Suid-Afrika met meer as 6% toegeneem (350). Ander bronne toon ook 'n toename van 6,4% in voertuie in die sestigerjare met 'n styging van 8,3% in verkeersvolume (320, p.4).

Privaat motorbesit in Suid-Afrika het baie vinniger as die bevolkingstoename gegroei met die gevolg dat, terwyl daar in 1940 31 motors per 1 000 van die bevolking was daar in 1970 reeds 67 was (tabel 3.24).

TABEL 3.24

MOTORSTATISTIEK VIR SUID-AFRIKA

	1920	1930	1940	1950	1958	1964	1966	1970
(a) Getal motors (in duisende)	240	135	317	471	758	1015	1212	1312
(b) motors per 1 000 van totale bevolking	-	-	31	37	50	58	65	67

Bronne: (34) Houghton, 1967 en (344) Dept. Statistiek.

Na verwagting sal daar teen die jaar 2000 ten minste 4,5 miljoen motors in Suid-Afrika wees (figuur 3.12).<sup>†</sup> Dit beteken 107 motors per 1 000 van die bevolking waar dit tans 67 is; oftewel 1 motor vir elke 9,3 van die bevolking teenoor die huidige 1 vir elke 15.

(c) Motorbesit by die Bantoe

Dit is uit verskillende bronne duidelik dat die trein steeds die vernaamste vervoermiddel vir die Bantoe is. Daar is reeds op gewys dat uit die vraelyste geblyk het dat 38,7% van die trein gebruik maak vir hul ontspanning. Nie-voorstedelike treinverkeer toon 'n styging van 8% per jaar in Nie-blanke reisigers tussen 1919 en 1959 (341, p.0-9). Tabel 3.25 toon ook dat, m.b.t. vervoermedia vir jaarlikse vakansies, die uitgawes ook hoofsaaklik t.o.v. treine is.

Hierteenoor is daar egter ook aanduidings dat private motorvervoer reeds 'n aansienlike rol begin speel en in die toekoms baie sterk sal toeneem. Gegewens verstrek deur die Departement Statistiek toon dat daar in 1970 reeds meer as 62 000 motors in besit van Bantoes was. Dit verteenwoordig 'n toename van 7,2% tussen 1968 en 1970 (tabel 3.26). Dit is ook interessant om daarop te let dat, terwyl daar in 1961 slegs 200 nuwe motors deur Bantoes aangekoop is, dié syfer in 1970 700 was.


---

<sup>†</sup> Welgemoed (396, p.129) haal ook vier navorsers aan wie se projeksies naastenby dieselfde syfer aantoon.

FIGUUR 3.12

TOTALE MOTORVOERTUIGBEVOLKING (S.A.)

1920 - 2000



**TABEL 3.25**

**GEMIDDELDE JAARLIKSE VAKANSIEUITGAWES PER GESIN T.O.V. OPENBARE VERVOER  
VOLGENS TIPE VERVOER EN INKOMSTEGROEP (STEDELIKE BANTOE)**

		INKOMSTEGROEPE												
		0,00 tot 249,99	250,00 tot 499,99	500,00 tot 749,99	750,00 tot 999,99	1000,00 tot 1249,99	1250,00 tot 1499,99	1500,00 tot 1749,99	1750,00 tot 1999,99	2000,00 tot 2449,99	2250,00 tot 2499,99	2500,00 tot 2999,99	3000,00 tot 3999,99	4000,00 tot 4999,99
1. Bus	R %	0,43 29,1	0,23 17,4	0,01 0,9	0,28 24,6	0,64 32,7	0,00 0,0	0,73 19,7	0,01 0,1	0,00 0,0	0,00 0,0	0,00 0,0	0,00 0,00	0,00 0,00
2. Trein	R %	1,05 70,9	0,53 40,2	0,68 63,0	0,67 58,8	0,92 46,9	0,11 11,3	1,67 45,0	6,78 99,9	0,00 0,0	1,07 61,1	0,00 0,0	11,40 100,0	0,00 0,0
3. Taxi	R %	0,00 0,0	0,56 42,4	0,39 36,1	0,19 16,6	0,40 20,4	0,86 88,7	1,31 35,3	0,00 0,0	1,00 100,00	0,68 38,9	0,00 0,0	0,00 0,0	0,00 0,0
4. Vliegtuig Skip	R %	0,00 0,00	0,00 0,00	0,00 0,00	0,00 0,00	0,00 0,00	0,00 0,00	0,00 0,00	0,00 0,00	0,00 0,00	0,00 0,00	0,00 0,00	0,00 0,00	0,00 0,00
Totaal	R %	1,48 100,00	1,32 100,00	1,08 100,00	1,14 100,00	1,96 100,00	0,97 100,00	3,71 100,00	6,79 100,00	1,00 100,00	1,75 100,00	0,00 0,00	11,40 100,00	0,00 0,00
Totale getal huishoudings in steekproef		8	25	64	71	42	42	22	9	8	5	0	3	0

(Bron: (295) Nel e.a., (p. 81), 1971.



(d) Toekomsprojeksie van motorbesit

Die grafieke op figuur 3.13 toon die groeitendense van motorbesit volgens ras in Suid-Afrika. Die gegewens is nie voldoende om betroubare projeksies te maak nie, maar 'n tentatiewe afleiding is dat daar teen 1980 ongeveer 200 000 en in die jaar 2000 nagenoeg 'n halfmiljoen motors in Bantoesit sal wees. Dit sal beteken dat daar 'n toename van 222% tussen 1970 en 1980 sal wees. Die toename tussen nou en die jaar 2000 sal nagenoeg 700% wees. Hierteenoor behoort die Blankes s'n tot nagenoeg 2½ miljoen te styg.



D. SOSIAAL-OPVOEDKUNDIGE FAKTORE

Afgesien van bogenoemde primêre faktore is daar ander wat ook 'n moontlike invloed kan uitoefen op die Bantoes buiteligontspanningsdeelname. Die belangrikste hiervan is 'n paar sosiaal-opvoedkundige faktore soos onderwyspeil, beroep, gesinsamestelling, ouderdom, etniese verband en graad van verwestering.

1. Onderwyspeil(a) Invloed van onderwys op buiteligontspanning

Die invloed van onderwys op die individu strek baie verder as die blote vermeerdering van akademiese kennis. Die feit dat mense hierdeur ook meer bewus word van hulleself en hul hele lewenswêreld, speel 'n belangrike rol in buiteligontspanning. Die O.R.R.R.C. het bevind dat onderwyspeil een van die sesbelangrikste sosio-ekonomiese faktore is wat 'n rol speel in buiteligontspanningsdeelname. Met toename in onderwyspeil, styg buiteligontspanningsdeelname

FIGUUR 3.13



by omtrent alle ontspanningstipes (365, p.19). Die selfde tipe resultate is ook elders bevind. So meld Burton (273, p.20) bv. na aanleiding van navorsing in Engeland gedoen: "People who have received formal education beyond the age of 15 years tend to participate more often in a wider range of activities than those who have not."

Die invloed van onderwyspeil op die buiteligontspanningsdeelname by die Bantoe het ook uit die vraelysopnames geblyk. So stel dié met laerskoolopleiding byvoorbeeld glad nie soveel belang in besoeke aan kultuur-historiese besienswaardighede soos dié wat na st. 8 onderrig ontvang het nie (2,6% vs 6.1%). Statistiese bewerking van die gegewens toon dat daar betekenisvolle verskille bestaan in die vraag na buiteligontspanning asook die werklike deelname van hierdie twee groepe (tabel 3.27)<sup>+</sup>.

---

<sup>+</sup>Betroubaar op die ,01 peil.

TABEL 3.27

VRAAG NA BUITELUGONTSPANNING VOLGENS ONDERWYSPEIL :  
LAERSKOOL (a); EN SEKONDêRE EN HOËR ONDERWYS (b)

Ontspanningstipe	(a)	(b)
	(persentasie)	
Besoeke vriende/familie	16,8	16,2
Ontspan by see	12,0	13,3
Piekniek	10,7	12,5
Swembad	9,2	5,9
Binnelandse oord	11,4	9,2
Besoek park in dorp	4,3	5,7
Besoek dieretuin	5,3	3,2
Stap	5,9	3,7
Toeskouer (sport)	2,6	3,1
Kampeer	3,1	4,3
Deelneem aan sport	2,8	3,1
Besoek Wildreservaat	3,8	3,5
Jag	2,5	2,0
Motorrit	2,6	5,6
Besoek kultuur-historiese plekke	2,6	6,1
Hengel	1,5	1,5
Bootry	0,3	0,7
Fietsry	1,5	0,4
Perdry	0,8	0,0
	100,0	100,0

(b) Vooruitgang t.o.v. onderwys by die Bantoe

Soos met byna al die ander faktore wat 'n invloed uitoefen op buiteligontspanningsdeelname, het die omvang van skolas-tiese opleiding ook vinnig toegeneem by die Bantoe. 'n Kort uittreksel sal genoegsaam wees om die dinamiese tendens aan te toon (tabel 3.28).

TABEL 3.28

BANTOE-ONDERWYS STATISTIEK

	1951	1970	% toename	jaarlikse geometriese groeikoers (%)
Aantal skole	5 346	10 547	97	3,5
Aantal leerlinge	775 839	2 811 400	262	7,0
Aantal hoërskool- leerlinge	20 286	122 489	503	9,9
Aantal onderwysers	18 695	48 000	156	5,1
Aantal universiteit- studente	364	2 022	455	7,8
Totale uitgawe	R11,8 m.	R52,5 m.	344	8,1

Bronne: (i) Dept. Statistiek;  
(ii) Dept. Bantoe-onderwys;  
(iii) (92) Burger (1972).

In 1951 was daar 9% van die totale Bantoebevolking van 8½ miljoen op skool. In 1970 het dit tot 18,5% van die 15 miljoen gestyg. Ten opsigte van kinders van skoolgaande ouderdom, was skoolbywoning in 1951 40% terwyl dit tans oor die 80% is (92, p.167).

## 2. "Bewuswording" as 'n faktor in buitelugontspanningsdeelname

Daar is reeds heelwat gesê oor die feit dat daar in die tradisionele Bantoeleefwyse geen duidelike onderskeid getref is tussen werk en ontspanning nie, met die gevolg dat die Bantoe nie ontspanning in dieselfde mate as die westerling sien as losstaande aktiwiteite waaraan hy kan, of selfs behoort, deel te neem ter wille van sy geestelike en liggaamlike gesondheid of gesinsolidariteit nie. Om nl. 'n spesifieke tyd opsy te sit vir ontspanning of doelbewus deel te neem aan een of ander aktiwiteit ten einde ontspanning te hê, is 'n vreemde gedragskode vir hom. Dit is nie net die begrip "ontspanning" wat vir hom vreemd is nie, hy is ook onkundig t.o.v. verskeie tipes ontspanning. Om aan te haal uit die 1971-jaarverslag van die Sunshine Tours-organisasie: "Touring is a completely new concept for the African and, in many instances, the meaning of the word is not even known." (409, p.5). Om hierdie rede (afgesien van ander redes soos finansiële oorweging en gebrek aan fasiliteite) is sy deelname baie beperk.

Clawson en Knetsch (17, p.146) meld dat : "The attitude of the user, generally arising out of his past recreational experience, strongly conditions what he looks for in an outdoor recreation area. He is likely to prefer what he knows best and has enjoyed in the past." Dit is dus te begrype dat die bewustelike behoefte aan buitelugontspanning, wat noodsaaklik is voordat hy dit sal beoefen, eers met die tyd sterker teenwoordig sal moet word by die Bantoe.

Moderne kommunikasie-middels bereik egter deesdae, veral in die stede, ook die Bantoe. Baie gaan as bediendes saam met Blanke

gesinne ontspan om die kinders op te pas. Baie werk by ontspanningsoorde. Reklameplakkate van reisagentskappe, die radio, tydskrifte en die rolprentwese dra baie by om die Bantoe bewus te maak van ontspanningsgewoontes by die westerlinge, asook van baie onbekende ontspanningstipes en ontspanningsplekke. As voorbeeld blyk dit dat radiobesit by die Bantoe soos volg gestyg het:

TABEL 3.29

RADIOLISENSIES DEUR DIE BANTOE UITGENEEM

			<u>Persentasie styging</u>
1967/68	-	381 632	
1968/69	-	425 960	11,6
1969/70	-	454 195	6,7
1970/71	-	685 663	50,9

Hierdie toename is gelyk aan 'n styging van 15,8% per jaar wat ongeveer vyf maal meer is as die normale bevolkingsgroei. Eiselen (398) het in 1959 beweer dat 10,9% van die Bantoes in die stede in daardie stadium radio's besit het. In 1962 was dit 15% (293, p.53) en in 1967 reeds 49% (293, p.53). In 1972 het De Villiers by 51% van die Bantoes in Soweto radiostelle aangetref (382, p.280). Studies insake vryetydsbesteding in die stedelike sentra het getoon dat bywoning van bioskoopvertonings by die Bantoe baie gewild is en voortdurend meer gewild word. De Villiers meld o.a. dat 73% van die Bantoemans in die week wat sy opname voorafgegaan het, 'n bioskoopvertoning bygewoon het (382, p.296). Die feit dat die Bantoe-onderwysstelsel ook grotendeels op 'n westerse lees geskoei is, dra sekerlik geweldig sterk daartoe by dat die hele Bantoebe-

volking in sy leefwyse besig is om te verwesters. Hellmann (315, p.174) stel dit duidelik dat haar navorsing haar tot die gevolgtrekking gebring het dat die stedelike Bantoe reeds verwesters het en dat daar by hulle uiteindelik 'n oorheersende westerse kultuur sal bestaan. Hierby voeg sy dat "...African leaders...made their acceptance of Western culture and their demand for the tools which would enable full access to its heritage clear." (p.174). So het Pauw (60, p.194) bevind dat die Xhosa van Oos-Londen "...premodinantly orientated to Western cultured patterns....." is, en Wilson (77, p.172) het in Langa gevind "a community....emerged with characteristics very similar to those of urban communities.....and radically different from the traditional tribal societies....." Die 1960-sensus toon dat twee derdes van die Bantoebevolking van Suid-Afrika toe reeds aan Christelike kerke behoort het.

Charton (311) het die mate van akkulturasie in Grahamstad gemeet volgens 'n sespuntskaal (tabel 3.30). Alhoewel sy met baie klein getalle gewerk het, blyk dit dat verwestering volgens haar reeds baie ver gevorderd is.

TABEL 3.30

<u>MATE VAN VERWESTERING VAN DIE BANTOE IN GRAHAMSTAD</u>	
<u>Punte behaal<sup>†</sup></u>	<u>% van die steekproef</u>
0	5,3
1	0
2	10,5
3	15,8
4	15,8
5	36,8
6	15,8

<sup>†</sup>Ses punte dui op "ten volle verwesters".

Bron: (311) Charton, 1969.



Die kennismaking met die westerse kultuur wat lei tot die bewuswording van die moontlikheid om persoonlik self deel te neem aan buiteligontspanning sal waarskynlik in die jare wat kom 'n groot faktor wees wat bydra tot die groei in die omvang en diversiteit van buiteligontspanning onder die Bantoes in Suid-Afrika.

### 3. Gesinstruktuur

Vraelysontledings het aangetoon dat gesinsamestelling by die Bantoe ook 'n invloed uitoefen op buiteligontspanning (tabel 3.31)

TABEL 3.31

VRAAG NA BUITELIGONTSPANNING VOLGENS GESINSAMESTELLING :  
GESINNE MET KINDERS ONDER 12 JAAR (a); GESINNE SONDER  
KINDERS OF MET KINDERS OUER AS 12 JAAR (b); EN ONGETROUD-  
ES (c)

Ontspanningstipe	(a)	(b)	(c)
	(persentasies)		
Besoeke vriende/familie	17,9	13,5	10,7
Ontspan by see	12,5	9,4	17,6
Piekniek	11,1	8,7	13,8
Swembad	8,0	6,9	4,1
Binnelandse oord	9,1	15,6	10,1
Besoek park in dorp	5,6	5,6	3,1
Besoek dieretuin	4,7	2,8	2,2
Stap	4,4	5,9	4,1
Toeskouer (sport)	3,7	2,8	4,7
Kampeer	4,0	5,2	3,5
Deelneem aan sport	3,8	3,8	3,1
Besoek Wildreservaat	3,2	2,8	5,0
Jag	2,4	3,8	2,8
Motorrit	3,3	3,5	6,3
Besoek kultuur-historiese plekke	3,1	5,9	4,7
Hengel	0,9	2,4	2,2
Bootry	0,9	0,3	1,3
Fietsry	0,9	0,0	0,9
Perdry	0,6	1,0	0,3

Gesinne met klein kindertjies wil bv. graag na dieretuine toe gaan, terwyl dit by persone sonder kinders veel minder byval vind. Dieselfde geld t.o.v. besoeke aan vriende en familie. Ook hier is daar 'n statisties-betekenisvolle verskil tussen gesinne met klein kindertjies en dié daarsonder.<sup>1)</sup> Daar is ook 'n betekenisvolle verskil tussen gesinne met klein kindertjies en alleenlopendes.<sup>2)</sup>

Na 'n aanvanklike baie groot wanbalans in die manneverhouding van Bantoes in die Blanke stede a.g.v. trekarbeiders, heers daar tans 'n meer ewewigtige situasie. In 1921 het Bantoevroue 19% van die stedelike Bantoebevolking uitgemaak en in 1960 41%. Tans is dit ongeveer 43%.<sup>3)</sup> In Soweto self was die verhouding van mans tot vroue in 1961 ongeveer 1,1:1 (308).

Van die Bantoes in Pretoria en Johannesburg het 78% in 1967 in gesinsverband gewoon (289). Tabel 3.32 toon ook aan hoe dat die behuisingsprobleme in Soweto verander het:

TABEL 3.32

<u>GETAL BANTOES PER HUIS</u>	<u>: SOWETO</u>
1936	25
1946	28
1953	17
1960	5,9

Bron: Johannesburg Stadsraad.

- 
- 1) Betroubaar op die ,05 peil.
  - 2) Betroubaar op die ,01 peil.
  - 3) In 1970 was daar in die Blanke stede 135 Bantocmans per 100 Bantoevroue (140, p.188).

Die beweging van Bantoes vanuit hul tradisionele stamverband na die stede het dus aanvanklik gelei tot baie alleenlopendes en groot getalle inwoners in klein huses. Hieruit ontwikkel nou oorwegend gesinsgesentreerde eenhede met 'n eie woning. Die breëre verbondenheid binne stamverband vervaag voor die gesins-eenheid. In die stede vervreem mense vinnig van mekaar. Groepsontspanning soos tradisioneel die mode was, word in die stede dus teengewerk deurdat 'n milieu vir gesinsontspanning, soortgelyk aan dié wat by die Blankes gevind word, geskep word.

#### 4. Beroep

Daar is as hipotese aangeneem dat persone wat 'n fisies-uitputtende tipe arbeid verrig, meer geneig sal wees tot die beoefening van passiewe ontspanningstipes terwyl die omgekeerde behoort te geld t.o.v. dié wat fisies-onaktiewe beroepe beoefen. Tabel 3.33 toon 'n ontleding van sodanige gegewens soos uit die vraelyste geblyk het, maar die resultate onderskryf nie die hipotese nie. So bv. is stap en fietsry meer populêr by dié wat aktiewe werk verrig. Plesierritte is weer meer gewild by dié wat passiewe werk doen en hou dus waarskynlik eerder verband met hoër inkomstes by persone uit dié groep.

TABEL 3.33

DIE VRAAG NA BUITELUGONTSPANNING VOLGENS TIPE WERK :  
AKTIEWE WERK (a); EN PASSIEWE WERK (b)

Ontspanningsaktiwiteit	(a)	(b)
	(persentasie)	
Besoeke vriende/familie	13,5	17,6
Ontspan by see	16,2	13,7
Piekniek	11,1	12,8
Swembad	6,0	8,1
Binnelandse oord	10,8	11,7
Park in dorp	4,6	6,3
Dieretuin	4,8	3,1
Stap	6,9	3,1
Toeskouer (sport)	3,2	3,1
Kampeer	2,5	4,5
Deelneem (sport)	3,4	2,7
Wildreservaat	2,6	4,5
Jag	3,4	3,4
Motorrit	2,3	6,1
Kultuur-historiese plekke	0,2	0,9
Hengel	1,6	1,1
Bootry	0,9	0,9
Fietsry	1,2	0,2
Perdry	0,9	0,2
	100,0	100,0

## 5. Etniese verband

Baie min navorsing is nog t.o.v. rasseverskille in buiteligontspanning gedoen. Uit die bestudering van die literatuur is dit duidelik dat daar nie 'n wesentlike verskil in die ontspanningspatroon tussen die verskillende westerse volkere bestaan nie (108, 59, 273, 52, 355, 363). Hauser het dit ook tussen Blankes en Negers in Amerika bevind. "The pattern of non-white outdoor recreation participation rates by specific activity, parallels that of the white population." (361, p.56). In tabel 3.34 word die rangordes van deelname getoon.

Dit is duidelik dat, ten opsigte van die vyf mees gesogte aktiwiteite, daar geen verskil tussen Blank en Nie-blank is nie. Die volgende vyf is, met een uitsondering, ook dieselfde sodat die patroon van die laaste ses uit die aard van die saak ook ooreenstemming vertoon. "It may be observed that if 'boating'; 'water-skiing' and 'camping' were ignored, the rank orders for white and non-white population would be almost identical." (361, p.56).

Hauser het ook bevind dat die enigste verskil tussen die ontspanning van Blank en Swart lê in die kwantiteit van deelname:

"...non-white (mainly Negro) participation in outdoor recreation activity.... is well below that of the white population." (361, p.55).

Ten slotte is dit interessant om daarop te let dat daar slegs ten opsigte van stap ("walking for pleasure") 'n besliste hoër persentasie Swartes is wat deelneem as Blankes. Sport (beide deelname en bywoning), fietsry en jag is almal aktiwiteite waaraan 'n vergelykbare persentasie Blankes en Swartes deelneem.

TABEL 3.34

VERGELYKING TUSSEN DIE DEELNAME VAN BLANKES EN NIE-  
BLANKES AAN BUITELUGONTSPANNING IN DIE V.S.A.

Ontspannings- aktiwiteite	Rangorde		Persentasie	
	Blank	Nie-blank	Blank	Nie-blank
Piekniek	1,5	1	54	45
Plesierritte	1,5	2	54	42
Swem	3	5	47	31
Besigtigingstoere	4	4	44	32
Stap ("walking for pleasure")	5	3	32	40
Sport (deelname)	6	6	30	29
Hengel	7	7	29	28
Sport (toeskouer)	8,5 <sup>+</sup>	8	24	25
Bootry	8,5 <sup>+</sup>	11	24	6
Stap in die Natuur ("nature walks")	10	9	15	1
Fietsry	12,5	10	9	10
Buitelugkonserte	11	12,5	10	4
Kampeer	12,5	16	9	2
Staptoere ("hiking with pack")	15,5	14,5	6	3
Perdry	15,5	12,5	6	4
Waterski	14	17	7	++
Jag	17	14,5	3	3

<sup>+</sup> Daar bestaan 'n mate van onduidelikheid oor hierdie syfer.

<sup>++</sup> Deelname is te min vir berekeninge.

Bron: (361) Hauser, 1962.

Die moontlike verskil wat daar egter dalk kon bestaan tussen die ontspanningspatrone van die verskillende Bantoevolksgroepe in Suid-Afrika is nietemin nagegaan.

Ten opsigte van kwantiteit van deelname in soverre as wat 'n mens dit sou kon aflei deur bestedingspatrone te ontleed, is daar geen betekenisvolle verskil tussen etniese groepe bevind nie.

TABEL 3.35

UITGAWE AAN VOEDSEL, ONTSPANNING EN MOTORS DEUR  
STEDELIKE BANTOES (R/p.m.)

	Johannesburg : Xhosa	Johannesburg : alle Bantoes	Pretoria : alle Bantoes	Kaapstad: alle Bantoes
Kos	41,8	41,9	41,1	49,1
Ontspanning	0,8	0,7	0,9	0,4
Lopende motor- koste	1,0	1,1	0,4	1,3

Bron : (278) Feldmann-Lashin 1964, p.47).

Dié neiging blyk ook uit onderstaande tabel t.o.v. uitgawes aan ontspanning, vermaak en sport.

TABEL 3.36

PERSENTASIE UITGAWE AAN ONTSPANNING, VERMAAK EN SPORT

Xhosa	0,8	Tswana	0,6
Zulu	0,8	Shangaan	0,3
Swazi	0,8	Venda	0,7
Ndebele	0,4		
Pedi	0,6		
Bron : (298) Rädcl 1963, Tabel 33.			

Die behoefte aan elke ontspanningsaktiwiteit vir die verskillende etniese groepe soos uit die vraelysopname geblyk het, verskyn (in persentasievorm) in tabel 3.38. Omdat daar nie genoeg respondente uit al die groepe teenwoordig was vir statistiese korrelasies nie, (kyk tabel 3.37) is die vier grootste groepe nl. die Zoeloes, Suid-Sotho's, Tswana's en Xhosa's vir hierdie doel gebruik.

TABEL 3.37

GETALLE VRAELYTE ONTVANG VOLGENS ETNIESE GROEPE

Tswana	137
Zoeloe	176
Xhosa	101
Suid-Sotho	81
Noord-Sotho	48
Tsonga	22
Swazi	13
Venda	21

'n Algemene ooreenkoms is bevind tussen hierdie etniese groepe se ontspanningspatrone (tabel 3.38)<sup>†</sup>.

'n Vergelyking tussen die rangordes van die verskillende ontspanningstipes verskyn in tabel 3.39.

<sup>†</sup>Kendall  $W = + 0,87$  (d.w.s. daar is 87% ooreenstemming).



TABEL 3 38

BEHOEFTE AAN ONTSPANNINGSDEELNAME VOLGENS ONTSPANNINGSAKTIWITEITE  
EN ETNIESE GROEPE (uit ewekansige steekproef)

	Persentasie							
	Pedi	Zoeloe	S.Sotho	Tswana	Venda	Xhosa	Tsonga	Swazi
1. Binnelandse oord	12,3	6,6	13,5	6,2	10,5	14,5	14,3	11,1
2. Hengel	0,7	1,2	2,3	1,6	0,0	1,4	3,2	0,0
3. Piekniek	13,0	11,6	10,4	13,7	10,5	10,6	3,2	19,4
4. Kultureur-historiese plekke	6,5	3,4	4,5	2,6	7,0	3,9	4,8	2,8
5. Sport toeskouer	1,4	2,6	3,6	6,5	1,8	2,5	1,6	0,0
6. Swem in die see	9,4	17,5	7,2	9,3	10,5	18,8	11,1	16,7
7. Jag	2,2	1,2	1,4	3,9	1,8	2,5	7,9	0,0
8. Park in stad	5,8	4,8	4,5	5,6	0,0	2,1	3,2	8,3
9. Perdry	0,0	0,0	0,5	0,0	0,0	1,4	0,0	0,0
10. Dieretuin	2,9	5,0	8,1	4,1	1,8	2,5	1,6	0,0
11. Swembad	7,2	6,8	7,7	9,0	7,0	4,3	3,2	25,0
12. Kampeer	4,3	3,4	3,6	4,1	1,8	4,3	6,3	2,8
13. Motorrit	1,4	5,6	5,0	1,8	10,5	2,5	3,2	2,8
14. Fietsry	0,7	0,4	0,9	1,3	0,0	0,4	3,2	0,0
15. Wildreservaat	5,8	1,4	5,9	5,2	3,5	3,9	6,3	0,0
16. Bootry	1,4	0,6	0,0	1,0	1,8	0,0	0,0	0,0
17. Stap	8,7	5,2	1,4	3,1	7,0	6,0	7,9	8,3
18. Besoek vriende	13,8	19,5	15,3	13,7	21,1	16,3	17,5	2,8
19. Deelnem aan sport	2,2	3,0	4,5	6,5	3,5	2,1	1,6	0,0
	100,0	100,0	100,0	100,0	100,0	100,0	100,0	100,0

TABEL 3.39

RANGORDE-KEUSE VAN ONTSPANNINGSTIPES VIR DIE ZOELOE,  
SUID-SOTHO, TSWANA EN XHOSA VOLKSGROEPE

Ontspanningstipe	RANGORDES			
	Zoeloe	S.Sotho	Tswana	Xhosa
1. Besoek vriende/ familie	1	1	1	2
2. Ontspan by see	2	6	3	1
3. Piekniek	3	3	2	4
4. Swembad	4	5	4	6
5. Binnelandse oord	5	2	7	3
6. Besoek park in dorp	9	9	8	14
7. Besoek dieretuin	8	4	10	11
8. Stap	7	15	13	5
9. Toeskouer (sport)	13	12	5	10
10. Kampeer	11	13	11	7
11. Deelneem aan sport	12	10	6	15
12. Besoek Wildreser- vaat	14	7	9	9
13. Jag	15	16	12	13
14. Motorrit	6	8	15	12
15. Besoek kultuur- historiese plekke	10	11	14	8
16. Hengel	16	14	16	16
17. Bootry	17	19	18	19
18. Fietsry	18	17	17	18
19. Perdry	19	18	19	17

Die eerste vyf ontspanningstipes volgens die algemene keuse van alle Bantoes, stem sterk ooreen met elkeen van die vier etniese groepe. Die enigste uitsonderings is dat die Tswanas blykbaar groter voorkeur toon vir bywoning van sportbyeenkomste as vir besoeke aan binnelandse vakansieoorde en die Suid-Sotho's weer groot belangstelling het vir besoeke aan dieretuine en minder belangstelling het vir swem in die see as wat die geval is by die algemene keuse en by dié van die ander drie etniese groepe wat in hierdie tabel getoon word.

Op soortgelyke wyse is daar 'n ooreenstemming t.o.v. die vier mins populêre ontspanningsaktiwiteite t.w. hengel, bootry, fietsry en perdry met die uitsondering van die Suid-Sotho's wat hiervolgens relatief meer belangstel in hengel ten koste van jag.

Die mate van verskil wat daar wel bestaan kán in 'n mate 'n etniese oorsprong hê, maar dit kan net sowel aan ander faktore soos bv. geografiese ligging gekoppel word. So toon die Zoeloes en Xhosa's (wat oorwegend naby die see woon) byvoorbeeld meer behoefte aan ontspanning by die see as by binnelandse oorde (tabel 3.40) terwyl die Suid-Sotho's en Tswana's ook weer baie minder voorkeur toon vir ontspanning by die see as die Zoeloes en Xhosa's. Hierdie verskynsel is egter minder duidelik ten opsigte van die Suid-Sotho's en Tswana's vir sover dit besoeke by binnelandse ontspanningsoorde betref.

TABEL 3.40

VOORKEUR TEN OPSIGTE VAN ONTSPANNING BY DIE SEE OF BY  
BINNELANDSE OORDE VOLGENS ETNIESE GROEPE  
 (Uittreksel uit tabel 3.38)

	See	Binnelandse Oord
	(persentasies)	
Zoeloe	17,5	6,6
Xhosa	18,8	14,5
Suid-Sotho	7,2	13,5
Tswana	9,3	6,2

Die verskille wat daar wel mag bestaan in buiteligontspanningsdeelname by die verskillende etniese groepe is in elk geval gering vir sover dit praktiese beplanning betref. Swem en piekniek is by almal van oorheersende belang, terwyl hengel, bootry, fietsry en perdry nie by een as enigsins gewild beskou kan word nie. Met die vinnige verstedeliking en algemene verwestering, kan verwag word dat hierdie kleinere verskille spoedig nog verder sal verminder. Dat dit wel te verwagte is, blyk ook uit Hauser (361) se bevinding. Hy het deelname in verskillende groottes stede en op die platteland ten opsigte van Swart en Blank in die V.S.A. bestudeer. Hy berig dat: "The greater the degree of urbanization, the greater the convergence of white and non-white outdoor recreation participation rate patterns." (361, p.56).

6. Sosio-ekonomiese klasse en buiteligontspanningsdeelname by die Bantoe

Onames deur o.a. die O.R.R.R.C. het getoon dat verskillende sosio-ekonomiese klasse neig om elk 'n eie ontspanningspatroon

te openbaar. Daar is dus besluit om sosio-ekonomiese klasse by die Bantoe te probeer vasstel en hulle ontspanningspatrone dan met mekaar te vergelyk. Drie klasse is onderskei: dié wat minder as R50 p.m. kry, 'n onderwyspeil van hoogstens primêre skool gehad<sup>het</sup> en wie se beroep een of ander aktiewe aksie impli-seer; die vooraanstaande klas daarenteen is weer geneem as dié met 'n inkomste van meer as R200 p.m., 'n onderwyspeil van st. 8 en hoër en 'n beroep wat nie baie liggaamlike aktiwiteit verg-nie; derdens was daar ook 'n intermediêre klas. Die resultate was egter nie bevredigend nie omdat daar te min getalle in som-mige klasse was vir statistiese bewerking.

As alternatief is besluit om die vraelyste wat by Umgababa en Manyeleti opgeneem is, vir hierdie doel te gebruik. Onderskei-dende kenmerke van hierdie groepe is dat hulle grotendeels pri-vaatmotorbesitters is, 'n hoër inkomste as die gemiddelde Ban-toe kry - R157 teenoor die R84 van die steekproefopname - en dat 80% van die gesinshoofde na-matriek opleiding geniet het wat veel hoër is as dié van die steekproefopname.

Die vraag na buitelugontspanning van hierdie groepe word in tabel 3.41 teenoor dié van die algemene keuse van die steek-proefopname gestel. Ook hier is 'n betekenisvolle verskil bevind.<sup>+</sup>

'n Paar opvallende aspekte uit hierdie tabel is dat besoeke aan wildreservate en motorritte merkbaar meer populêr is by hierdie sosiaal-ontwikkelde groepe as by die algemene stedelike Bantoe. Swem bly egter ook nog baie gewild alhoewel dit meer gerig

---

<sup>+</sup>Betroubaar op die 0,01 peil.

is op die gesofistikeerde plekke - en nie by munisipale swembaddens nie. Onder die eerste vyf ontspanningstipes van die algemene stedelike Bantoe se keuse is dit dus besoeke aan vriende en familie en swem in 'n munisipale swembad, wat nie so gewild is by die hoër ontwikkelde groep nie.

TABEL 3.41

VRAAG NA BUITELUGONTSPANNING : ALGEMENE KEUSE (a) EN  
UMGABABA/MANYELETI-GROEP (b)

Ontspanningstipe	Persentasie			
	(a)		(b)	
	(i) <sup>+</sup>	(ii) <sup>++</sup>	(i)	(ii)
Besoeke vriende/familie	18,3	54,9	5,0	15,0
Ontspan by see	12,6	37,8	20,0	60,0
Piekniek	11,9	35,7	13,5	40,5
Swembad	9,3	27,9	1,5	4,5
Binnelandse oord	6,7	20,0	8,5	25,5
Besoek park in dorp	5,5	16,5	2,5	7,5
Besoek dieretuin	4,9	14,7	0,5	1,5
Stap	4,7	14,1	6,5	19,5
Toeskouer (sport)	4,1	12,3	0,5	1,5
Kampeer	3,9	11,7	6,0	18,0
Deelneem aan sport	3,7	11,1	2,5	7,5
Besoek Wildreservaat	3,2	9,6	7,5	22,5
Jag	3,0	9,0	4,0	12,0
Motorrit	2,3	6,9	11,5	34,5
Besoek kultuur-historiese plekke	2,3	6,9	4,5	13,5
Hengel	1,2	3,6	3,0	9,0
Bootry	0,9	2,7	1,0	3,0
Fietsry	0,9	2,7	1,0	3,0
Perdry	0,6	1,8	0,5	1,5
	100,0		100,0	

<sup>+</sup>(i) As persentasie van totale aantal response (eerste drie keuses is in berekening gebring).

<sup>++</sup>(ii) As persentasie van die aantal respondente.

### III. EKONOMIESE GROEI VAN DIE TUISLANDE AS 'N MAATSTAF OM TOEKOMSTIGE DEELNAME TE VOORSPEL

#### A. INLEIDING

In die voorafgaande is die verskillende los komponente wat volgens huidige insig 'n rol speel in die aard en omvang van buiteligontspanning, bestudeer. Hierdie faktore weerspieël egter ook in 'n groot mate die stadium van ekonomiese ontwikkeling van die gemeenskap, want verhoogde persoonlike inkomste, verstedeliking, onderwyspeil en motorbesit, is die uitvloeisel van ekonomiese groei. Navorsing het getoon dat 'n land se ekonomiese groei in onderskeibare fases, wat 'n redelike vasgestelde patroon volg, ingedeel kan word. So bv. het Rostow in sy "Stages of Economic growth" (63) vyf stadiums onderskei en Friedmann in sy "Regional development policy" (28) vier. Deur die ekonomiese leefwyse en veral die stadium van industrialisasie te ontleed, is dit dus met sekere voorbehoude moontlik om die toekomstige ontwikkelingsfases te voorspel. Omdat elk van hierdie fases sy spesifieke kenmerke het t.o.v. faktore wat buiteligontspanning beïnvloed, kan hierdeur ook baie afgelei word i.v.m. die toekomstige vraag na buiteligontspanning.

#### B. DIE FRIEDMANN-MODEL

Friedmann se stadiums is die volgende: die voor-industriële, die oorgangs-, die industriële, en die na-industriële stadium. Vir die eerste stadium vereis hy 'n nywerheidsbydrae van hoogstens 10% tot die nasionale inkomste. In die oorgangstadium kan die nywerheidsbydrae tussen 10 en 25% beloop. Tydens die industriële stadium is hierdie persentasie 25 tot 50. In die finale fase tree daar 'n daling in die bydrae wat

industrieë tot die volksinkome lewer.

Friedmann se model is moeilik van toepassing op die Bantoe van Suid-Afrika, omdat die tuislande se ekonomie nie gebaseer is op 'n eie interne ruimtelike organisasie nie. Meer as die helfte van die burgers is buite sy grense werksaam (227, p.545) en die oorgrote deel van sy nasionale inkomste word dus elders verkry. Daar kan egter nie twyfel bestaan dat die Bantoetuislande volgens Friedmann se model nog in 'n voor-industriële stadium verkeer nie.

### C. DIE ROSTOW-MODEL

Terwyl Friedmann se model op die ruimtelike organisasie toegepas word, is Rostow as indeling van ekonomiese groei sektoraal.

Opsommenderwys onderskei Rostow tussen die volgende stadiums:-

- (1) Die tradisionele gemeenskap.
- (2) Die oorgangs- of voorbereidingstadium tot die afspringfase.
- (3) Die afspringfase.
- (4) Die periode van voortstuwing tot volwassenheid.
- (5) Die tydperk van grootskaalse massaverbruik.

#### (a) Die tradisionele gemeenskap

'n Tradisionele gemeenskap word gekenmerk deurdat byna alle ekonomiese aktiwiteite om die landbou gesentreer is. In sulke omstandighede is daar ook altyd 'n plafon t.o.v. produksie en vooruitgang, omdat daar geen begrip van die tegnologie is nie. Die mens is, en so word dit ook by die tradisionele Bantoeboer bevind, totaal afhanklik van die natuur en hy pas hom op fatalistiese wyse daarby aan. In hierdie stadium is die mense ook (volgens Rostow)



nog nie ryp om innovasie te aanvaar nie.

As hierdie gegewens op die Suid-Afrikaanse Bantoe toegepas word, blyk dit dat daar in 1970 nog meer as 80% van die tuislandbevolking in die landbou bedrywig was (227, p.548), terwyl ongeveer 10% van die Blankes wat ekonomies bedrywig is, daarby betrokke is. (343). Daar is ook nog geen sprake van modernisering t.o.v. die landbou vanuit die Bantoe self nie. (Hattingh (persoonlike mededeling) insake die Balobedo en Daniel (114) insake die Zoeloes). Dit blyk ook dat die plafon wat op produksie gestel word as gevolg van natuurlike omstandighede ook nie deur die Bantoe te bowe gekom is nie. Mielieproduksie in die tuislande het byvoorbeeld konstant op omtrent 213 kg per hektaar gebly tussen 1955 en 1961 terwyl die opbrengs op Blanke plase van 1946 tot 1961 van 534 tot oor die 1176 kg per hektaar gestyg het (34, tabel 11). In 1968 was die produksie steeds omtrent 210 kg per hektaar en Daniel (114) voorsien nie 'n noemenswaardige toename nie.

Dit is ook bekend dat die Bantoe tradisioneel meer waarde heg aan die getal beeste wat hy besit as aan die kwaliteit daarvan. 'n Opname is in die Syferkuillandbouwyk in Lebowa onderneem om te bepaal in watter lig die Bantoeboer vandag nog sy beeste sien. Daar is bevind dat daar weinig sprake is van 'n moderne ekonomiese benadering tot beesboerdery. Slegs 18% gee onder normale omstandighede addisionele voer aan hul beeste terwyl 70% dit tydens droogtes doen. Sewe-en-twintig persent sal soms beeste verkoop met die oog op 'n kontantinkomste terwyl 68% dit nooit doen nie.

Bygeloof speel ook nog 'n groot rol in hul lewe, soos o.a. blyk uit die bevinding dat 30% die vleis van 'n bees wat deur weerlig doodgeslaan is, sal eet.

Aan die ander kant begin die besef van die ekonomiese waarde van beeste tog onder sommiges posvat. So het 44% bv. laat blyk dat hulle liever 'n beperkte getal goeie beeste wil hê as 'n groot getal ongeag die kwaliteit daarvan en 65% gee soms een of ander tipe mediese versorging aan hul beeste.

Hierdie en ander gegewens wat uit die vraelysopname geblyk het, verskyn in addendum III.

Daniel (114, p.647) het bevind dat koöperatiewe melkeryskemas glad nie floreer in die Bantoegebiede nie - trouens waar daar in 1964 in Zoeloeland 114 boere was wat 840 melkkoeie gehad het, het dit in 1968 gedaal tot slegs 67 boere met 178 koeie.

Daar was bv. ook tussen 1964 en 1968 in Zoeloeland 'n vermindering in die getal Bantoeboere wat gebruik gemaak het van bemesting en kunsmis (114, p.647),

Ten opsigte van sowel akkerbou as veeteelt het die Bantoe dus nog weinig, indien enige, inisiatief tot vernuwing geneem.

(b) Oorgangstadium na die Afspringfase

Hierdie tweede fase word volgens Rostow ingelui deur die ontstaan van 'n nasionale bewussyn, gekoppel aan die verskynsel dat die geld of besittingsmag uit die beheer van enkele magspersone geneem word deur 'n groep mense wat

besef dat ontwikkeling moontlik is, en nog meer, dat dit nodig is. Hulle moet hul daarop toelê om meer as die noodsaaklike vir 'n blote bestaan te produseer. Die surplusproduksie moet in die vorm van kapitaal belê word, (bv. in paaie, skole en fabrieke). Op hierdie wyse kan groter kapitale werke aangepak word wat op sy beurt weer meer kapitaal kan skep vir verdere belegging en ontwikkeling.

Toegepas op die Bantoe, lyk die situasie min of meer soos volg:

(i) Nasionale bewussyn

Die Bantoe uit verskillende stamme en volke het gedurende die jare van industriële oplewing van die Blanke ekonomie, na die Suid-Afrikaanse metropolitaanse gebiede gestroom. Hier is eie identiteit en nasietrots onder hulle 'n gevoelige knou toegedien.

In die afgelope aantal jare het 'n merkbare oplewing in die algemene swart-bewussyn egter ingetree (248). Daar was ook merkbare oplewing in die ontwikkeling van 'n nasionale bewussyn onder die afsonderlike swart volks-groepe. "In alle redelikheid kan dus gesê word dat die beleid van afsonderlike ontwikkeling reeds soveel tekens van sukses toon dat die stroom van aparte nasionalismes nooit weer gestuit kan word nie" (248, 10).

(ii) Strewe na hoër lewenspeil

Die trek van Bantoes na die Blanke stede het egter ook die gevolg gehad dat 'n groep ontstaan het wat losgeraak het van die strenge ekonomiese gebondenheid aan

die tradisionele stam-kapteinstelsel wat inisiatief gespoor het (20, p.70). In die stede is die milieu geskep waardeur die Bantoe deur handewerk of deur homself te bekwaam vir 'n ambag of professionele werk, kapitaalbronne kon opbou en daarmee na persoonlike goëddunke kon woeker. In die praktyk het egter nog tot nou toe min hiervan tereg gekom, o.a. omdat salarisse van Bantoes betreklik karig was en 'n groot persentasie daarvan deur hulle na die tuislande teruggestuur word vir onderhoud van die familie en aankoop van meer beeste. "The money earned by the sweat and toil of labourers in mines and factories is continuously being poured into the bottomless pit created by their cattle complex." (34, p.72).

Rostow stel 'n verlagings in die geboortesyfer as een van die belangrikste tekens dat die mense begin streef na 'n hoër lewenspeil. Onder die tradisionele stam-Bantoe word kinders nog steeds, soos vroeër algemeen was, beskou as 'n suiwer bate - 'n teken van rykdom. In die stede toon die heel jongste opnames deur die Buro vir Marknavorsing (294 en 295) vir die eerste maal 'n afname in die bevolkingsgroeikoers.

(iii) Landbouvernuwing

Nieteenstaande die uitgebreide landbouvoorligtingsprogram van die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, is daar weinig sprake van oplewing in die landbou-sektor. Rostow lê klem op die feit dat 'n oorskot in landbouproduksie die basis is vir ekonomies groei. Dit moet die aanvanklike kapitaalbron wees vir nywerheidsontwikkeling. Die landbou in die tuislande is veelal

nog steeds op die bestaansvlak en daar is, soos reeds aangetoon, weinig sprake van modernisering en produksie bo die bestaansvlak. Daniel (114, p.640) het aangetoon dat die huidige landbouproduksie in Kwa Zulu totaal ontoereikend is om as basis te dien vir kapitaalvorming waardeur oorgegaan kan word na 'n geïndustrialiseerde ekonomie. Volgens hom was die totale waarde verkry uit die verkoop van landbouprodukte R3,30c per jaar per persoon. Hierby het hy bevind dat "...insufficient maize, the staple food, is being produced in Zululand to meet the requirements of the population." (p.640). Terwyl daar in 1966 63 kg per persoon geproduseer is, het dit in 1968 slegs 27 kg beloop. Die tuislande se landbousektor kan dus tans nie eers sy eie bevolking voed nie.

(iv) Nywerheidsontwikkeling

Nywerheidsontwikkeling in die Bantoetuislande is kunsmatig geskep en is nie gebaseer op 'n sterk landbousektor nie (114, p.641). Dit was veral as gevolg van die stigting van die Bantoebeleggingskorporasie in 1959, wat in 1965 gevolg is deur die wet wat voorsiening maak vir 'n ontwikkelingskorporasie vir elke volkseenheid, wat verantwoordelik was vir die bestaande nywerhede. Die Xhosa-ontwikkelingskorporasie is reeds ingevolg hierdie wet gestig. Hierdie korporasie het ten doel om die Bantoes te help om nywerhede te begin wat later ten volle deur hulle oorgeneem sal word. Ingevolge hierdie skemas is 4 800 kleinhandelslisensies in die tuislande uitgereik. Alhoewel die nywerheidsontwikkeling in die grensgebiede slegs 10 jaar, en dié in die tuislande self maar

2½ jaar oud is, is meer as 70 000 Bantoes daar in diens geplaas. In die tuislande self is in die afge-lope 2½ jaar meer as R15 miljoen deur Blanke nyweraars belê (248, p.8). Daar bestaan tans sewe nywerheidsgroei-punte in die tuislande wat 'n basis kan vorm vir die ver-snelde nywerheids groei in die toekoms.

(v) Toetsing van die tuislande se ekonomiese ontwikkeling aan Rostow se tweede fase

Daar word dus heelwat elemente in die Bantoesamelewing gevind wat daarop dui dat die Bantoe besig is om met be-hulp van Blanke kapitaal, inisiatief, tegniese en akade-miese kennis weg te breek uit die tradisionele stadium van ontwikkeling en om die oorgangsfase te betree. Fak-tore wat hierop dui is, soos reeds aangetoon, 'n ont-wakende nasionalisme, verstedeliking, 'n verlaging in die stedelinge se geboortesifer, 'n losraking by die verstedeliktes van die stamkaptein se outonomie (20, p.70) en die aanvaarding van 'n mate van innovasie by sekere groepe, beperkte landbouhervorming deur sekere persone en industriële ontwikkeling. Dit noop mens om die Bantoe se ekonomie tans as synde in die beginstadium van die oorgangsfase te plaas. Volgens Page (296, p.49) is die Bantoetuislande se indiensnemingstruktuur die-selfde as wat dit vir Suid-Afrika in 1929 was. Volgens Houghton (34) was Suid-Afrika toe nog in die oorgangs-fase wat dus hierdie klassifikasie in die Bantoe-ekonomie ondersteun.

Dit is egter veral die primitiewe stand van die landbou wat die swakste skakel in hierdie klassifikasie vorm,

maar dit is belangrik om daarop te let dat Rostow veral op hierdie punt gekritiseer is (276, p.37), en Daniel (114) wys daarop dat die Bantoetuislande in elk geval nie kan hoop om 'n betekenisvolle oorskot wat as die basis vir nywerheids groei kan dien, met hul landbou te verkry nie. In 1955 was slegs tussen 33 en 43% van die totale gesinsinkomste van die Bantoe afkomstig uit die landbou en tans word dit as nog laer geskat (114, p.640).

Ekonomies gesien sal dit, volgens Daniel (114), vir die Bantoe voordeliger wees om voedsel vanuit aangrensende gemeganiseerde Blanke gebiede te kry terwyl hyself sy kragte inspan ter bevordering van industriële ontwikkeling sonder om te poog om éérs 'n sterk landbousektor op te bou wat ekonomiese ontwikkeling moet dra. "In the newly independent African States where agriculture has to be the corner stone for generating capital and for feeding the growing urban and rural population a change in the attitude to the land becomes essential and these functions cannot be left to a population orientated to subsistence methods of agriculture. Where the demands on agriculture are less severe, as they are in the South African Bantu areas, the urgent need for change is not as great" (114, p.641). Alhoewel dit nie te betwyfel is dat die powere landbouproduksie 'n meulsteen om die nek van die ekonomiese ontwikkeling is nie, is dit geen rede waarom die tuislande nie op industriële vlak kan vorentoe beweeg en van die kunsmatig geïndustrialiseerde oorgangstadium 'n sukses kan maak nie. Die basis vir

vir die begin van ekonomiese groei is dus gelê, maar nie-  
 teenstaande hierdie kunsmatige poging is daar nog nie te-  
 kens van 'n algemene ontwaking by die Bantoe t.o.v. nywer-  
 heidsontwikkeling nie. Dit verg ook meer as die oprig-  
 ting van industrieë vir 'n volk om te industrialiseer.  
 "...vir 'n onontwikkelde volk (is) dit nie genoeg.....  
 om kapitaal en beplanning te voorsien nie. Daar moet ook  
 'n drang wees na ekonomiese ontwikkeling, anders sal die  
 meerderheid van die bevolking gebruiksgeoriënteerd bly  
 en nie produksiegeoriënteerd wees nie." (405, p.6).

Dit is al uit verskillende oorde gestel dat die inisiatief  
 nog nie by die Bantoe be bespeur is nie. Smit (227,  
 p.555) stel dit onomwonde : "Basies is die rede vir die  
 armoede vir die tuislande eenvoudig. Dit is omdat die  
 bevolking nie meer produktief is nie en die produktiwiteit  
 is laag omdat hulle nōg die tegniese kennis nōg die sosio-  
 kulturele ingesteldheid besit wat onontbeerlik is vir die  
 werking van 'n moderne ekonomie." Hulle houding jeens  
 produksie blyk ook uit die volgende stelling : "As yet  
 the vast majority of Bantu do not regard land as a pro-  
 ductive agent, capable of providing material wealth.  
 It will require both time and conviction to bring about  
 a change in attitude." (114, p.642).

(c) Afspringfase

'n Bestudering van die tuislande se ekonomie laat geen  
 twyfel dat hulle nog nie Rostow se derde fase betree het  
 nie. Volledigheidshalwe word 'n kort samevatting egter



gegee.

Hy stel dit dat industrieë in hierdie stadium vinnig groei, wat weer op hulle beurt dienste laat bloei en tot stedelike groei aanleiding gee. Nuwe tegnieke in die landbou en industrie stimuleer groter produksie en in die algemeen ontstaan 'n gees van kommersialisasie (van o.a. die landbou) en aanvaarding van vernuwing. Volgens Houghton (34) het dit die Suid-Afrikaanse ekonomie ongeveer honderd jaar geneem om van die tradisionele gemeenskap na 'n afspringstadium te ontwikkel. Dit word egter allerweë as 'n buitengewone lang periode vir die duur van die tweede fase beskou (276, p.28). Met die geweldige finansiële, tegniese, en ander hulp van die Blanke en die dryfveer van 'n modelsituasie in die onmiddellike nabyheid, behoort die tuislande hierdie oorgangsfase na die afspringperiode vinniger te oorbrug. In terme van jare wil dit lyk asof hulle teen die jaar 2000 reeds in hierdie stadium behoort te wees waar heelwat klem gelê word op produksie wat hoër is as bevolkingsgroei en dus aanleiding gee tot 'n verhoogde lewenstandaard.

(d) Voortstuwings stadium

Die stadium van voortstuwings na volwassenheid word bereik wanneer "...an economy demonstrates that it has the technological and entrepreneurial skills to produce not everything but anything that it chooses to produce." (63, p.10). In hierdie stadium word tot 20% van die nasionale inkome herbelê sodat produksie vinniger toeneem as bevolkingsaanwas. In hierdie stadium vind 'n ekonomie ook

ook dan sy plek in die internasionale ekonomie. Normaalweg neem dit 60 jaar vandat die afspringfase begin het totdat volwassenheid bereik word.

(e) Massaverbruikstadium

Alhoewel dié stadium vir die Bantoetuislande nog in die verskiet lê, kan volledigheidshalwe net genoem word dat die ekonomie ná die voortstuwings stadium groei tot 'n peil waar die inkomste heelwat hoër is as wat nodig is vir die aankoop van noodsaaklike lewensmiddele.

IV. PROJEKSIE VAN DIE OMVANG VAN DEELNAME VIR DIE JAAR 2000

Die toekomstige vraag na buiteligontspanning is baie moeilik bepaalbaar, maar dit sal na alle verwagting toeneem. As motivering vir dié stelling kan eerstens genoem word dat daar uit die voorafgaande bespreking geblyk het dat die Bantoetuislande se ekonomiese ontwikkeling hom tans in die oorgang stadium tussen die tradisionele bestaansvlak-ekonomie en die afspringfase bevind. Teen die jaar 2000 behoort dit die afspringfase te betree het waar produksie 'n hoër groeikoers openbaar as die bevolkingsgroei. Dit sal tot gevolg hê dat die lewensstandaard sal styg wat weer op sy beurt meer geleentheid tot ontspanningsdeelname sal bied.

Ten tweede dui alle faktore wat buiteligontspanning beïnvloed op 'n groot toename in die toekoms (tabel 3.42).

TABEL 3.42

PROJEKSIE VAN DIE VERNAAMSTE FAKTORE WAT 'N INVLOED UIT-  
OEFEN OP BUITELUGONTSPANNINGSDEELNAME :

1970 - 2000

	1970	2000	% verskil
1. Bantoebevolking	15 miljoen	40 miljoen	+166
2. Bantoeverstedeliking	5 miljoen	22 miljoen	+340
3. Lengte van werksweek (S.A. as geheel)	43 uur	36 uur	- 19
4. Inkomste (Reële gemid- delde gesinsinkomste van stedelike Bantoe)	R96	R174	+ 81
5. Bantoe Motorbesit	62 000	500 000	+706
6. Onderwyspeil (Getal Bantoe kinders op Hoërskool)	122 000	2120 000	+1630

Volgens tabel 3.42 is dit duidelik dat daar meer as 'n verdubbeling in die bevolkingsgetalle in die volgende 30 jaar verwag word. Indien daar in die huidige stadium reeds voldoende fasiliteite was sodat 'n normale ontspanningspatroon volgens Blanke standaarde kon bestaan het, sou 'n mens op grond van sensusgetalle alleen al meer as 'n verdubbeling in ontspanning verwag in die jaar 2000. Voorts is daar die ander faktore in tabel 3.42 beskryf se verwagte sterk invloed op ontspanningsdeelname sodat die vraag na buitelugontspanning na alle verwagting 'n geweldige toename sal ondervind.

Daar is vasgestel dat die stedelike Bantoe sodanig vasgevang word in 'n westerse leefwyse dat sy ontspanningspatroon, reeds in hierdie stadium, baie meer na die westerse patroon neig as na dié uit die tradisionele stamverband.

Derdens is dit duidelik uit aspekte soos nouer gesinsverbande, gevorderde onderwyspeil en verstedeliking dat die leefwyse al hoe meer sal verwesters in die toekoms sodat die ontspanningspatroon nog meer sal ooreenkom met dié van die Blanke stedelinge.<sup>1)</sup> Hierdie stelling kan reeds gedeeltelik bewys word vanuit die navorsingsresultate deurdat daar 'n betekenisvolle verskil bestaan tussen die ontspanningspatroon van die gemiddelde stedelike Bantoe en die besoekers aan Umgababa en Manyeleti. (Kyk tabel 3.41). Laasgenoemde groep se keuse behoort dus 'n redelike beeld te gee van hoe die algemene stedelike Bantoe se keuse in die toekoms sal wees.

Die feit dat die Umgababa-Manyeleti besoekers meer ontspanningbewus is, maak dat hulle in staat is om 'n beter oordeel te vorm van wat hulle sou verkies indien 'n onbeperkte keuse sou bestaan. In hierdie opsig sal hul keuse dus 'n weerspieëling wees van wat die gemiddelde Bantoe van die toekoms se keuse moontlik mag wees. Die vermoede is in ooreenstemming met Sessams se argument t.o.v. booteienaars in Amerika as hy sê: "...the leisure activities of a select few today may be the activities of tomorrow's mass, depending in part upon its prestige approval." (221, p.31). Die verwagting dat die toekomstige ontspanningspatroon van die stedelike Bantoe al nader sal beweeg aan dié in tabel 3.41(b) is dus nie ongegrond nie.

---

1) Ooreenstemmende resultate is ook deur Hauser (361) t.o.v. die Amerikaanse Negers en Blankes bevind. (Kyk bespreking elders).

Indien 'n mens aanneem dat tabel 3.41(b) 'n realistiese weergawe van die stedelike Bantoe van die jaar 2000 se ontspanningsbehoef-tes sal wees, dan kristalliseer daar 'n interessante beeld uit. Gebaseer op 'n stedelike bevolking van 22 miljoen, sal die volgende getalle Bantoes belangstel om aan die onderstaande ontspanningsaktiwiteite deel te neem.

TABEL 3.43

VERWAGTE BUITELUGONTSPANNINGSDEELNAME BY DIE STEDELIKE  
BANTOE IN DIE JAAR 2000

Ontspanningstipes	Getal deelnemers (miljoen)
Ontspan by die see	13,20
Piekniek	9,00
Motorritte	7,70
Binnelandse oord	5,50
Wildreservaat	5,06
Stap	4,40
Kampeer	3,96
Besoek vriende/familie	3,30
Kultuur-historiese plekke	3,08
Jag	2,64
Hengel	1,98
Besoek park in dorp	1,65
Deelneem aan sport	1,65
Swembad	0,99
Fietsry	0,66
Bootry	0,66
Dieretuin	0,33
Toeskouer - sport	0,33
Perdry	0,33

Tabel 3.43 berus op baie voorveronderstellings en meer akkurate projeksies sal eers gedoen kan word in die stadium wanneer daar 'n bevredigende getal oorde en ander ontspanningsfasiliteite bestaan.

AFDELING B

DIE HULPBRONBEHOEFTE

## HOOFSTUK VIER

### DIE BEPALING VAN DIE ONTSPANNINGSPOTENSIAAL VAN GEBIEDE

Die bepaling van die aard en omvang van die behoefte aan buitelig-ontspanning soos dit tans by die Bantoe gevind word, asook 'n bewuswording van die feit dat hierdie behoefte grootliks sal toeneem in die toekoms, laat twee vrae ontstaan:

- (1) watter tipe ontspanningshulpbronne en ander faktore of maatstawwe is belangrik in die voorsiening van die behoefte aan buiteligontspanning; en
- (2) hoe kan hierdie aspekte objektief geëvalueer en gegradeer word sodat die ontspanningspotensiaal van gebiede bepaal kan word?

Die bestudering van ontspanningshulpbronne en die evaluering daarvan is 'n navorsingsveld wat eers onlangs aandag begin kry het. Waardevolle bydraes is gelewer deur Charlier (102), Arora (80), Kiemstedt (287), Hanstein (282) Becker (267), Fischer (281) en Vedenin (244).

#### I. METODES OM DIE ONTSPANNINGSPOTENSIAAL VAN 'N GEBIED TE BEPAAL

Die gebruikmaking van kwantitatiewe tegnieke vir die wetenskaplike bestudering van die ontspanningspotensiaal van gebiede is 'n nog meer resente ontwikkeling. "Eine qualitativ-deskriptive Bewertung des Erholungspotentials wird in den meisten fremdenverkehrsgeographischen sowie auch -wirtschaftlichen Studien vorgenommen.... Eine quantitative Bewertung ist bisher nur in wenigen Arbeiten versucht worden." (292 p.10).

Daar bestaan volgens Jörg Maier (292) 'n hele paar benaderinge tot die bestudering van die ontspanningspotensiaal van gebiede:-

- (1) Metodes hoofsaaklik gebaseer op fisies-geografiese faktore. In hierdie tipe studies word slegs van natuurverskynsels gebruik gemaak sonder in agneming van kulturele faktore.
- (2) Metodes gebaseer op die Afstandverval-effek ("Distanzempfindlichkeit"). Hierdie metodes gaan van die standpunt uit dat afstand 'n sterk negatiewe invloed uitoefen op die ontspanningspotensiaal van 'n gebied. Die bestudering van die menslike reaksie t.o.v. die tyd-moeite-koste verhouding, speel hier 'n belangrike rol.
- (3) Metodes gebaseer op die ekonomiese effektiwiteit van ontspanningsomgewings. Die getalle besoekers aan 'n gebied en hul bestedingspatroon is 'n belangrike maatstaf van die ontspanningswaarde van 'n gebied omdat dit die vloei van geld ontketen.
- (4) Metodes gebaseer op die ontspanningsinfrastruktuur. Die omvang van geriewe met die oog op ontspanning, is 'n maatstaf om die waarde van 'n gebied vir ontspanningsdoeleindes te meet. Hierdie geriewe sluit fasiliteite soos swembaddens, wat direk te doen het met die ontspanning, sowel as aspekte soos winkels en paaie in wat slegs op indirekte wyse die ontspanningsituasie bevoordeel.



Voorafgaande metodes is weliswaar gekompliseerd en bring groepe van faktore in berekening. Aan die ander kant is dit nog nie wat 'n mens "toetaal-modelle" kan noem nie. Maier (292) noem enkele sodanige metodes wat hy "faktor-sisteme" noem, maar daar bestaan nog geen duidelik omlynde geheel-model waardeur die ontspanningspotensiaal van 'n gebied bepaal kan word nie.

Volgens McClellan en Medrich (186 p.174) verg die bepaling van die ideale ligging van ontspanningsoorde soortgelyke oorwegings as wat van toepassing is by die oprigting van 'n kleinhandelsaak of industriële aanleg. Die graad van sukses van so 'n ligging hang af van die beskikbaarheid van geskikte natuurlike hulpbronne, die aanwesigheid van 'n mark naby aan hierdie hulpbronne, die omvang van bestaande industrieë (wat na gelang van omstandighede 'n addisionele aantrekkingskrag of negatiewe faktor kan wees), die verbindingstelsel, krag en arbeid en ten slotte, die beleid van die regering en lokale owerhede wat daarop gemik kan wees om industrieë na 'n bepaalde gebied te lok, af te skrik of te verbied. Hier is dus ook 'n aanduiding te vinde van watter maatstawwe oorweeg moet word vir die bepaling van die ideale ligging van ontspanningsoorde.

## II. RAAMWERK VIR DIE BEPALING VAN DIE ONTSPANNINGSPOTENSIAAL VAN GEBIEDE VIR DIE BANTOE

Daar bestaan dus verskeie metodes waarvolgens die ontspanningspotensiaal van gebiede bestudeer kan word. Omdat daar tans by die Bantoe nog nie sprake is van 'n goed ontwikkelde

ontspanningspatroon wat met verloop van tyd volgens 'n vraagen aanbodstruktuur ontwikkel het nie, kan metodes soos dié wat gebaseer is op die ekonomiese invloed of op die ontspanningsinfrastruktuur nie gebruik word nie. Die aangewese metode is dus dié gebaseer op die fisies-geografiese hulpbronne. Dit alleen bied egter nie 'n volledige beeld van die ontspanningspotensiaal van 'n gebied nie. Die effek van afstand vanaf stede is 'n belangrike faktor en s6 ook al die ander faktore soos deur McClellan en Medrich (186) hierbo genoem, t.w. die voorkoms van bestaande ontspanningsfasiliteite, die omvang en kwaliteit van verbindingstelsels, die voorsiening van krag en arbeid en beleid soos neergelê deur owerhede.

Ten einde 'n opname te maak van waar die geskikste natuurlike en kulturele omgewingselemente voorkom wat 'n rol speel in die bepaling van die ontspanningswaarde van 'n gebied, is dit nodig om dit in 'n skema te giet wat dit sal moontlik maak om verskillende gebiede met mekaar te vergelyk in terme van hul potensiële waarde vir die verskillende buitelogontspanningsaktiwiteite. Dit is onmiddellik duidelik dat gebiede nie op grond van verbale beskrywings met mekaar vergelyk kan word nie. Die vraag ontstaan dus of die aspekte soos natuurskoon en gevoel van ongereptheid kwantifiseerbaar is. Op sy beste sal so 'n poging in elk geval 'n mate van subjektiwiteit dra. "Die Durchführung ist deshalb so schwierig, weil zahlreiche unabhängige Variablen sich einer objektiven Gewichtung entziehen (292 p.10)." Ten opsigte hiervan merk Kiemstedt

(287 p.34) op: "Zwar bleibt diese „Wert-Setzung" notwendigerweise subjectiv, jedoch weist sie die unzweifelhaften Vorteile der Transparenz, Nachvollziehbarkeit und Vergleichbarkeit auf." Dit is dus ook duidelik dat so 'n stelsel noodwendig 'n element van veralgemening sal moet dra wat dit slegs toepaslik sal maak vir grotere gebiede en dat dit dus nie oordraagbaar sal wees na spesifieke klein lokaliteite soos 'n bepaalde piekniekplek nie. Die rede hiervoor is o.a. omdat individuele lokaliteite altyd 'n stempel - 'n atmosfeer- van sy eie het wat nie meetbaar is nie. Aspekte soos omgewingsbesoedeling en historiese assosiasie is bv. haas onmeetbare aspekte wat slegs vir individuele lokaliteite geld, en wat dus nie by so 'n regionale skema van prioriteitsbepaling ingeskake] sal kan word nie.

Die waarde van so 'n skema sal daarin lê dat dit moontlik sal wees om streke grotendeels objektief te evalueer met die oog op die vasstelling van sones wat verskillende grade van benutbaarheid vir die verskillende ontspanningstipes het. Dit kan dus 'n basis vorm vir die bepaling van prioriteitsones waarbinne mikrostudies doelgerig onderneem kan word.

## HOOFSTUK VYF

### DIE NATUURLIKE OMGEWING AS ONTSPANNINGSHULPBRON VIR DIE BANTOE

#### I. RELATIEWE WAARDE VAN DIE OMGEWING AS HULPBRON

Die begrip "hulpbron" is relatief en wat alles daaronder geklassifiseer sal word, hang af van die aard van die ontwikkelingsprojek wat beoog word - hetsy dit landboukundig of indistrieel van aard is, of vir buitelugontspanning. Voorts hang dit af van die stadium van ontwikkeling van die mens. Steyn (394 p.31) meld byvoorbeeld dat "die hulbronaanbod periodiek wysiging ondergaan na gelang van moontlike aksentverskuiwings in die vraag. .... Menslike behoeftes .... verander grootliks met verloop van tyd." Die vroeë koloniste in die V.S.A. het byvoorbeeld die uitgestrekte woude as 'n hindernis vir hul landbou-aktiwiteite gesien, terwyl dit vandag deur die moderne Amerikaner as 'n natuurlike hulpbron van onskatbare waarde beskou word. Toenemende bevolkingsdruk en tegnologiese ontwikkeling lei dus daartoe dat die mens sy omgewing mettertyd anders evalueer. Hierdie feit word goed weergegee in die stelling van Moewes (189 p.60): "Je nach dem Entwicklungsstand einer Gesellschaft werden vom Menschen ganz bestimmte Anforderungen an seine materielle sowie soziale und physische Umwelt gestellt. Je höher entwickelt eine Zivilisation ist, desto vielgestaltiger werden die Anforderungen und Bedürfnisse gegenüber seiner Umwelt sein."

|| In sy ontwikkelingsgang word die mens se eise ten opsigte

van sy natuurlike omgewing nie net altyd meer intensief nie maar ook al hoe meer uiteenlopend. Die rede hiervoor is o.a. "...as a society reaches some threshold of economic development, ...it can afford to concern itself less with materials and quantity and more with the quality of life...." (362 p.32). Vir die voor-industriële gemeenskap wat 'n bestaansekonomie beoefen, het die skoonheid van die natuur bv. weinig, indien enige, betekenis maar vir die aan-tyd-gebonde moderne stads-mens het die stilte en rustigheid van 'n mooi ongerepte natuurlike omgewing groot waarde.

'n Ontspanningshulpbron kan dus in die wydste sin van die woord, gedefinieer word as enige aspek of element uit die natuurlike of kulturele omgewing wat van waarde is vir die mens in sy soeke na ontspanning. Streng gesproke kan 'n mens dus nie sê dat sekere elemente in 'n landskap inherent "ontspanningshulpbronne" is nie. Eers wanneer persone dit wil en kan gebruik in hul soeke na ontspanning, word die kombinasies van water, plantegroei en topografie en aspekte soos ongereptheid en natuurskoon, tesame met die kulturele landskap met o.a. sy monumente en swembaddens en die totale infrastruktuur, deel van die breëre patroon van ontspanningshulpbronne.

'n Ontspanningshulpbron kan dus eintlik eers as sodanig geïdentifiseer word nadat mense dit vir dié doel gebruik. Om hierdie rede is dit dus van groot belang dat die mens se siening van die potensiële hulpbronne eers ondersoek sal word alvorens 'n poging aangewend kan word om die ontspanningswaarde van sodanige hulpbronne te bepaal.

Sodanige perseptuele studies is al deur etlike navorsers gepoog maar uit hul uiteenlopende metodes en tentatiewe resultate blyk dit duidelik dat baie navorsing nog nodig is voordat betroubare resultate verkry kan word. Onder hierdie persone is dit veral Fines (125), Shafer (223), Sonnenveld (408), Peterson en Neuman (202), Lowenthal (170, 171, 172, 173), Price (389), Burton en Kates (13) Craik (110), Cary (111) en Linton (166) wat verdienstelike werk gedoen het en wie se bydraes in 'n hieropvolgende afdeling breedvoeriger bespreek sal word.

## II. ONTLEDING EN WAARDEBEPALING VAN DIE ELEMENTE WAARUIT DIE BINNELANDSE NATUURLIKE OMGEWING, GESIEN AS ONTSPANNINGSHULPBRON VIR DIE BANTOE, BESTAAN

'n Landskap wat homself leen tot buiteligontspanning is potensieel 'n natuurlike hulpbron wat ontgin behoort te word. Ten einde dit optimaal te benut, is dit nodig om 'n waardebeplanning daarvan te maak. Dana (359 p.5) meld in sy verslag oor die bestudering van die ontspanningspotensiaal van bosbougebiede in die V.S.A. dat: "The methodology of making useful inventories of areas of potential value for recreational use deserves careful study. The difficulties of the task should not be underestimated." Natuurlike hulpbronne se waarde word gewoonlik gemeet. So word riviervloei byvoorbeeld gemeet in kumeks, en minerale in miljoene kg van 'n spesifieke kwaliteit in 'n sekere omgewing. Die vraag ontstaan egter watter maatstawwe uit die natuurlike omgewing aangewend moet word vir die bepaling van die ontspanningspotensiaal van 'n gebied en voorts, of hierdie maatstawwe, op soortgelyke wyse as waterbronne en

steenkolreserwes, meetbaar is. Dit sou ideaal wees indien so 'n stel vaste maatstawwe bepaal kon word wat universeel toegepas kan word. So iets is egter baie moeilik, want byna elke ontspanningsaktiwiteit benodig sy eie spesifieke natuurlike omgewing. So sal die maatstawwe om gebiede geskik vir motorbooteienaars en diegene wat wil perdry te klassifiseer, byvoorbeeld grootliks verskil. Baie aktiwiteite soos veral kampeer en piekniekmaak word verder ook nog in kombinasie met ander ontspanningstipes beoefen, met die gevolg dat meer-  
voudige stelle kriteria vereis word. Kampeerders sal gewoonlik ook uitstappies onderneem, gaan visvang, swem, bootry of perdry. Dieselfde geld in 'n mate vir mense wat piekniek maak. In laasgenoemde geval sal die rit per motor na en van die piekniekplek waarskynlik ook van net soveel ontspanningswaarde geag word as die piekniek self. As vertrekpunt is dit dus noodsaaklik om eers die eiesoortige behoeftes van ontspanningstipes te ontleed en hulle dan dienoreenkomstig in groepe wat soortgelyke omgewingshulpbronne vereis, te klassifiseer. Vir die doel van buitelugontspanning kan die natuurlike omgewing as hulpbron veral gesien word in terme van natuurskoon, wateroppervlaktes, ongeskondenheid<sup>x</sup> en klimaat.

---

<sup>x</sup>Onder die term "ongeskondenheid" word verstaan die afwesigheid van menslike aktiwiteite. Vir sulke gebiede wat nog in sy natuurlike staat verkeer, word die Engelse term "wilderness areas" gebruik. As vertaling van hierdie term word "natuurgebiede" (in teenstelling met "kultuurgebiede") gebruik.

In tabel 5.1 verskyn 'n poging tot so 'n klassifikasie van ontspanningstipes na aanleiding van bepaalde omgewingshulpbronne wat benodig word vir die beoefening van elke tipe.

TABEL 5.1

KLASSIFIKASIE VAN ONTSPANNINGSTIPES IN TERME VAN DIE  
NATUURLIKE OMGEWINGS WAT VEREIS WORD

Natuurskoonge-oriënteerd	Waterge-oriënteerd	Natuurgebied georiënteerd
Piekniek	Bootry	Jag
Kampeer	Visvang	Wildtuin/ Natuurreservaat
Stap	Swem	
Perdry		
Motorrit		

Natuurskoon en wateroppervlakte is die twee belangrikste elemente wat verlang word in die beoefening van buiteligontspanning. Aktiwiteite soos swem, visvang en bootry vereis uit die aard van die saak wateroppervlakte. Ander soos piekniek, kampeer, stap en perdry kan sonder wateroppervlaktes beoefen word, alhoewel wateroppervlaktes gewoonlik die natuurskoon verhoog. Op soortgelyke wyse sal 'n jaggebied of natuurreservaat ideaal geleë wees in 'n gebied van besondere natuurskoon, maar die basiese vereiste is 'n groot oppervlakte van ongeskonde natuur. Vir byna alle vorms van buiteligontspanning is 'n redelik gematigde klimaat 'n belangrike voorwaarde, en veral t.o.v. swem word warm sonnige weersomstandighede vereis.



Die vraelysontledings het aangetoon dat perdry, hengel, bootry en jag by die Bantoe nie gewilde ontspanningsaktiwiteite is nie. In terme van natuurgebiedgeoriënteerde aktiwiteite is dit dus slegs besoeke aan natuurreservate wat van belang is en onder watergeoriënteerde aktiwiteite slegs swem (tabel 5.1). Dit wil dus voorkom asof 'n eerste fase van ontspanningsbeplanning vir die stedelike Bantoe veral toegespits moet word op natuurskoongebiede waarbinne piekniek gemaak, gekampeer, gestap en motorritte onderneem kan word, met voldoende addisionele swemfasiliteite. Vanweë die feit dat bilharzia wydverspreid in die Bantoegebiede voorkom, sal swemgeriewe in elk geval kunsmatig geskep moet word sodat 'n waardebeplanning van natuurlike wateroppervlaktes tans nie van groot belang is nie. Natuurreservate in natuurgebiede kan ook met die oog op die toekoms ontwikkel word aangesien belangstelling daarin veral van die meer ontwikkelde deel van die Bantoesamelewing afkomstig is.

#### A. NATUURSKOON<sup>+</sup>

##### 1. Waarneming van die Omgewing

Dit is 'n bekende feit dat individue hul omgewings verskillend waarneem en dat hierdie uiteenlopende waarnemings uiting vind in die wyse waarop persone reageer. Soos te verwag, is dit veral sielkundiges wat op hierdie terrein al baie navorsing gedoen het. Gegrawe het egter ook direkte belang by die wyse waarop mense hul omgewing waarneem en benut sodat die onderwerp reeds 'n gewilde navorsingsveld geword

<sup>+</sup> Gesien in die lig van die ideale omgewing vir die beoefening van buitelugontspanning.

het. Enkele voorbeelde is die navorsing van Lowenthal (170 tot 173), wat die siening van die Engelse en Amerikaners van hul land probeer bepaal het, terwyl Gould (31) dit in die V.S.A. op 'n streeksgrondslag bestudeer het. Appleyard (263) weer het die bepaalde siening van mense tydens 'n motorrit vasgestel, terwyl Lynch en Rivkin (176) dit ten opsigte van voetgangers gedoen het. Price het die verskil in siening van die natuurlike omgewing met die oog op buitelugontspanning tussen administratiewe beplanners en die publiek bestudeer (389); Lowenthal (170) het aangetoon dat alle mense nie saamstem oor wat as mooi landskappe beskou kan word nie. Lucas en Priddle (175) het weer beklemtoon dat 'n begrip van die mens se opvatting van hulpbronne noodsaaklik is by die bestudering van ontspanningshulpbronne, en Lucas (174) het aangetoon hoe grootliks mense se persepsie van ongeskonde natuurgebiede kan verskil. Denham (277) het weer vakansiegangers by 'n nasionale park se opinies en houdings jeens die waarde van die natuurskoon bestudeer.

## 2. Ondersoekmetodes na die Waarneming van die Omgewing

Metodes wat aangewend kan word om die mens se persepsie van die natuur te bepaal is die volgende:-

- (1) Geen voorstelling - slegs verbale of geskrewe beskrywing.
- (2) Fotografiese hulpmiddels - insluitend swart en wit foto's, kleurfoto's of kleurskryfies en rolprentopnames.

- (3) Sketse en tekeninge of skilderye.
- (4) Modelle en ander nabootsende tegnieke.
- (5) Direkte waarneming deur te staan en kyk;  
besigtiging deur rond te loop of te ry;  
besigtiging uit 'n vliegtuig of deur in die  
omgewing te woon.

Daar bestaan twyfel of enige nabootsing betroubare resultate sal gee. Die gedagterigting dat indien die mens se opinie van die omgewing of 'n situasie bepaal moet word, hyself daarin geplaas en ter plaatse persoonlik ondervra moet word, vind al hoe meer byval in moderne navorsing. Metz noem dit "participerende waarneming". "Bij het bestudering van menslike omstandigheden en gedrag staan in principe twee wege open. De ene weg is die van participerende waarneming. De andere van de zo goed mogelijke gestandaardiseerde onderzoek, bijvoorbeeld door middel van enquetes of gestruktureerde interviews" (50 p.9). Hy doen aan die hand dat indien die mens bestudeer moet word, die mens self so direk moontlik, in die situasie waarvoor die ondersoek gaan, betrek moet word.

### 3. Die bepaling van Natuurskoon

Soos o.a. uit die aangehaalde werk van Lowenthal (170) geblyk het, verskil mense se opinie van mekaar ten opsigte van natuurskoon. Dit is dus moeilik, indien nie onmoontlik nie, om 'n algemeengeldende klassifikasie van natuurskoon te maak. Dit is ook nie altyd moont-

lik vir mense om te sê waarom hulle 'n sekere landskap as mooi beskou nie. Passarge het die probleem al in 1929 opgemerk: "...man will den Anblick einer schönen Landschaft genießen.... Fragt man aber, warum diese oder jene Landschaft gefällt, so wird man sicher in den meisten Fällen nur eine unbestimmte Antwort erhalten" (58 p.228).

Sedertdien is baie navorsing egter al gedoen t.o.v. die probleem. So het Shafer e.a. (223) byvoorbeeld navorsing gedoen met die doel om te bepaal watter aspek van die fisiese landskap (water, lug, plantegroei, topografie) die sterkste aantreklikheidswaarde vir mens het. Sonnenveld (408) het ook d.m.v. vertoning van skyfies die voorkeur van mense vir verkillende tipes landskappe bestudeer, en het bevind dat o.a. kultuur 'n rol speel by dié keuses. 'n Enger uitsig is weer deur Peterson en Neumann (202) aangewend deurdat hulle die bepaalde aspekte van strande (bv. klipperigheid, ongereptheid, ens.) probeer vasstel het wat mense afstoot of aantrek. Ander werke wat vermelding verdien is dié deur Fines (125) en Steyn (394), wat van landskapsfoto's gebruik gemaak het 'n rangorde van natuurtonele daar te stel.

Verskeie pogings om sogenaamde "objektiewe" gewigswaardes aan landskappe toe te ken ten einde natuurskoon te klassifiseer, is reeds aangewend: Linton (166), O.R.R.R.C. (363), Wisconsin Department of Resource Development (369), Fines (125), Murray (54), Dana (359), Hanstein (282) en Kiemstedt (287)

Alhoewel elkeen van die persone of navorsingsinstansies 'n eie werksmetode gevolg het, kom dit hoofsaaklik neer op twee benaderingswyses. Die een bestaan daaruit dat die landskap in sy geheel beoordeel word. Hiervoor word landskapsfoto's aan 'n groep persone vertoon met die versoek om tonele in volgorde van natuurskoon te rangskik. (Voorbeelde van hierdie metode is Steyn (394) en Sonnenveld (408). Die alternatiewe metode bestaan daaruit dat die natuurlike elemente waaruit die landskap bestaan, afsonderlik geëvalueer word. In sommige gevalle, soos deur Linton (166) gevolg, word die kulturele landskap ook hierby betrek. Deur gewigswaardes toe te ken aan hierdie elemente kan enige landskap se natuurskoon gemeet en numeries weergegeë word. (Voorbeelde is die werke van Peterson en Neuman (202) en Linton (166).

Alhoewel mense soos Sonnenveld en Fines aanspraak maak daarop dat hulle metode van natuurskoonklassifikasie universeel toepasbaar is, is dit moeilik om dit te aanvaar. Daar bestaan nêrens op aarde twee landskapstonele wat identies is nie, en om bv. te bepaal dat mense natuurlike woude as baie aantreklik beskou, is in die lig van die geweldige variasie in voorkoms van verskillende tipes natuurlike woude, onderhewig aan kritiek. Die resultate van hierdie metode kan voorts bevraagteken word op grond van die feit dat foto's baie maklik 'n verdraaide beeld van die algemene landskap kan vertoon. Aanspraak op "verteenwoordigende" foto's uit 'n gebied, is moeilik aanvaar-

baar op wetenskaplike vlak. Soos elders ook aangetoon word, kan baie aspekte soos omgewingsbesoedeling, geraas, historiese assosiasies, e.d.m. nie maklik fotografies weer-gegee word nie. Korrekte beligting en samestelling van 'n foto speel voorts so 'n belangrike rol dat dit 'n spesialis op die gebied van die fotografie vereis om te verseker dat die foto's nie in kwaliteit van mekaar verskil nie.

Die metode waarby gewigswaardes aan die elemente uit die landskap toegeken word, gaan eweneens mank aan gebreke. So is die som van die waardes van die individuele elemente in die landskap bv. nie noodwendig gelyk aan die werklike geheelbeeld nie. Dit is ook baie tentatief om bv. aan wateroppervlaktes op hierdie wyse 'n gewigswaarde toe te ken, omdat modderige of slykerige water beslis minder aantreklik is as helder water. Dit is egter moontlik om in sulke gevalle aanpassings te maak. Mits die metode dus met insig toegepas word en nie as 'n onbuigsame formule beskou word nie, is dit 'n bruikbare metode wat oordraagbaarheidswaarde besit.

Albei die benaderings het dus hul voor- en nadele. Indien die twee metodes gekombineer kan word deur aanvanklik gewigswaardes aan die elemente van die natuur toe te ken en die toepassing daarvan dan gekontroleer word deur die geheelbeeldmetode, kan natuurskoon soos 'n groep dit sien bevredigend bepaal word. So 'n klassifisering van natuurskoon het dus in elk geval op sy beste nog 'n sterk element van veralgemening. Dit is dus alleen geskik vir toepassing op streke

en geld nie vir alle individuele klein lokaliteite binne die streek nie. 'n Besonder mooi krans of waterval of sneeubedekte piek in die agtergrond, kan aanleiding daartoe gee dat "bonuspunte" vir spesifieke lokaliteite nodig sal wees, terwyl omgewingsgeraas, lugbesoedeling en gronderosie bv. weer sal lei tot 'n devaluering van die punte-toekenning. Die stelsel gee egter 'n basis wat die navorser se subjektiewe oordeel tot 'n baie groot hoogte inkort. Belangriker nog, dit skep 'n basiese metodologie waarvolgens groot gebiede tentatief geklassifiseer kan word met behulp van kartografiese analises t.o.v. potensiële natuurskoon vir latere bestudering ter plaatse van die gebiede met die hoogste potensiaal. In hierdie verband kan die metode vergelyk word met die Köppen-klimaatklassifikasie wat, alhoewel dit 'n akkurate numeriese weergawe van die klimaat van 'n gebied gee, geen aanduiding gee van die mikroklimaat van bv. 'n besondere berghang binne die streek nie.

#### 4. Die Bantoe se waarneming van Natuurskoon

##### (a) Toekenning van Beladingsfaktore aan die Elemente waaruit Natuurskoon bestaan

Ten einde 'n model daar te stel na aanleiding waarvan landskappe geklassifiseer kan word in terme van natuurskoon, blyk die aangewese uitweg te wees om die elemente uit die natuurlike omgewing te bepaal wat die belangrikste rol speel in die vorming van natuurskoon, en daarna elkeen se gewigswaarde afsonderlik te bepaal. Daarna kan dan getoets word

of die sintese van die gewigswaardes lei tot 'n rasionele klassifikasie van natuurskoon.

Daar is dus besluit om die Bantoes se voorkeur ten opsigte van die elemente uit die natuur (topografie, water en plantegroei) deur middel van die partisiperende metode, te bepaal.

Daarna kon die resultate op 'n paar landskappe toegepas word en sodoende 'n rangorde vir die landskappe in terme van natuurskoon bepaal word. Hierna sou die betrokke Bantoes weer na die tonele self geneem word en versoek word om 'n rangorde daarvan op grond van waarneming in die werklikheid op te stel. 'n Ooreenstemming tussen die twee rangordes sou aantoon of die puntetoekenning aan die elemente van natuurskoon toepaslik was.

'n Groep van 34 Bantoes<sup>x</sup> is met 'n bus langs 'n vooropgestelde roete geneem. Die roete het 'n groot variasie van landskappe ingesluit waaronder die volgende: 'n vlakke met 'n savanna-plantegroei, 'n heuwelgebieden berglandskap met plantasies, 'n heuwelgebied en berglandskap met digte inheemse oerwoude en 'n heuwelgebied en berglandskap met inheemse oop woude. Sommige dele was waterryk terwyl ander geen wateroppervlakte vertoon het nie. Die uitstappie is aan die einde van die somer en op 'n sonnige, maar nie te warm dag nie, onderneem. Aanvanklik is niks t.o.v. die doel van die uitstappie aan die persone gesê nie. Aan die eindpunt van die roete is hulle gevra om 'n verslag te

---

<sup>x</sup>Studente aan die Universiteit van die Noorde.



skrywe oor wat hulle gesien het tydens die rit. Tydens die terugrit is dieselfde roete gevolg en is op vyf voorafbepaalde plekke stilgehou. Hier is aan die persone gevra om in 'n bepaalde rigting te kyk en kortliks neer te skryf wat hulle sien. Kleurskyfies is van elkeen van hierdie landskappe geneem. Tuis is die persone gevra om die vyf landskapstonele te rangskik in volgorde van natuurskoon, hulle voorkeur ten opsigte van verskillende tipes topografie en plantegroei uit te spreek en 'n beskrywing te gee van die ideale natuurlike omgewing vir die oprig van 'n ontspanningsoord. (Kyk addendum IV).

Laasgenoemde twee opdragte is ook aan 103 studente gegee wat die uitstappie nie meegemaak het nie. Die resultate word verderaar, op die toepaslike plekke bespreek.

(i) Reliëfvoorkeur by die Bantoe

(aa) Toetsing van die Bantoe se voorkeure t.o.v. berge, heuwels, vlaktes

Ten opsigte van reliëf het dit uit die vraelys (vraag 4) geblyk dat 'n definitiewe meerderheid (54,5%) 'n heuwellandskap verkies, 30,3% 'n berggebied en slegs 5% 'n vlakte. Normalerwys word egter aanvaar dat berge die aantreklikste omgewings is vir buiteligontspanning (166)

In die lig van bogenoemde bevinding insake prioriteit wat t.o.v. heuwellandskappe uitgespreek is, is hierdie kwessie verder d.m.v. kleurskyfies ondersoek.

Vier-en-twintig skyfies (agt van vlaktes; agt van heuwellandskappe en agt van berggebiede) is noukeurig gerangskik sodat dit stelselmatig tonele in volgorde vanaf totaal reliëflose vlaktes tot ruwe kranse uitgebeeld het. Die skyfies is dienooreenkomstig ook genommer van 1 tot 24 en daarna in groepe van drie ('n vlakte; 'n heuwellandskap en 'n bergomgewing) deur middel van drie projektors aan 49 Bantoe studente vertoon. Agt stelle skyfies wat elk uit 'n vlakte, 'n heuwel en 'n bergomgewing bestaan het, is dus aan hulle vertoon. Die persone is gevra om elke maal dié een van die drie omgewings te kies wat vir hulle die sterkste aantrekkingskrag het.


Resultate het aangetoon dat in 172 gevalle (45%) heuwellandskappe verkies is; in 118 gevalle (30%) is bergomgewings gekies en in 99 gevalle (25%) vlaktes. Die verspreiding van keuses verskyn op figuur 5.1. Die gewildheid van die reliëfomgewings neem byna heeltemal simmetries af vanaf die mees populêre omgewing, d.i. matige heuwellandskappe. Hoe meer die topografie dus afwyk van heuwellandskappe, hoe minder is die aantreklikheidswaarde daarvan vir die Bantoe.

(bb) Reliëfklassifikasie t.o.v. buitelugontspanning

Landvorme kan soos hierbo gedoen is, in drie kategorieë gegroepeer word, t.w. berge, heuwellandskappe en vlaktes. Alhoewel almal in die breë verstaan wat met elke term bedoel wôrd, is dit egter subjektiewe terme.

FIGUUR 5.1

KEUSE VAN RELIËFOMGEWINGS DEUR DIE BANTOE



INDEKSWAARDES VOLGENS RELIËFINTENSITEIT

(SOOS UITGEBEELD OP SKYFIEREKKS)

Elk van hierdie tipes landskappe het 'n eie waarde t.o.v. buiteligontspanning. Gewoonlik word vlaktes as die mins aantreklike reliëfomgewings beskou en berge die aantreklikste.

As landskappe egter hiervolgens ingedeel moet word met die oog op die bepaling van prioriteitsgebiede vir buiteligontspanning, moet 'n standaard maatstaf gevind word waarvolgens dit geklassifiseer kan word. Eers daarna kan, met behulp van beladingsfaktore, 'n numeriese rangordeskaal uitgewerk word sodat prioriteitsgebiede vasgestel kan word:

Aangesien die basiese verskil tussen berge en vlaktes daarin lê dat eg. uit 'n groter mate van relatiewe reliëf bestaan, kan die mate van verkerftheid, indien dit gemeet kan word, 'n geskikte maatstaf wees om tussen berge, heuwels en vlaktes te onderskei. Dit is in ooreenstemming met James (38 p.413-4) as hy sê: "The characteristic features of mountain landscapes are associated with ruggedness of terrain".

(cc) Verkerwing

Daar is twee aspekte verbonde aan verkerwing, nl. intensiteit en frekwensie. Dit volg dus dat albei elemente (digtheid en diepte van verkerwing) in hierdie vergelyking benodig word. Eersgenoemde sal in terme van die frekwensie van kruine en valleie bereken moet word, en laasgenoemde sal weerspieël word deur die relatiewe reliëf oftewel die lokale hoogte van die kruine.

Na aanleiding van hierdie onderskeid is gepoog om twee indekse van verkerwing empiries te bepaal:

- (1) 'n indeks van verkerwingsdigtheid (D1) en
- (2) 'n indeks van verkerwingsdiepte (D2).

Voorts is hierdie twee indekse verenig in:

- (3) 'n algemene verkerwingsindeks (D3).

#### Verkerwingsdigtheid (D1)

Verkerwingsdigtheid is 'n funksie van getal kruine per eenheidsoppervlakte en kan dus bereken word deur bloot die aantal kruine in 'n gebied deur die oppervlakte te verdeel.<sup>1)</sup>

Toegepas op fig. 5.2(A)<sup>2)</sup> is dit duidelik dat die eerste landskap (D1=4) net die helfte so dig verkerf is as die tweede (D1=8).

#### Verkerwingsdiepte (D2)

Vir landskappe soos in figuur 5.2 (B) sal die digtheidsformule egter dieselfde waarde gee terwyl dit

1) Verkerwingsdigtheid:  $D1 = \frac{K \cdot k_0}{A}$

waar K = die getal kruine en  
 A = die oppervlakte in km<sup>2</sup>  
 k<sub>0</sub> = konstante


(Praktiese toepassing het daartoe gelei dat besluit is om in alle gevalle die waarde met 'n konstante (k<sub>0</sub>) van 100 te vermenigvuldig ten einde baie klein getalle te vermy.)

- 2) Die sketse stel almal landskappe van 50 km<sup>2</sup> voor maar wissel ten opsigte van getalle kruine en relatiewe reliëf.


FIGUUR 5.2

VERKERWINGSINDEKSE TOEGEPAS OP TEORETIESE LANDSKAPPE

A.




$$\begin{aligned} D1 &= \frac{K}{A} \times 100 \\ &= \frac{2}{50} \times 100 \\ &= 4 \end{aligned}$$




$$\begin{aligned} D1 &= \frac{K}{A} \times 100 \\ &= \frac{4}{50} \times 100 \\ &= 8 \end{aligned}$$

B.




$$\begin{aligned} D1 &= 4 \\ D2 &= \frac{RR}{A} \times \frac{KH}{K} \\ &= \frac{50}{50} \times \frac{100}{2} \\ &= 50 \end{aligned}$$




$$\begin{aligned} D1 &= 4 \\ D2 &= \frac{25}{50} \times \frac{50}{2} \\ &= 12,5 \end{aligned}$$

C.



$$\begin{aligned} D1 &= 8 \\ D2 &= 12,5 \\ D3 &= 20,5 \end{aligned}$$



$$\begin{aligned} D1 &= 4 \\ D2 &= 50 \\ D3 &= 54 \end{aligned}$$

duidelik is dat hulle nie gelykwaardig - in terme van diepte - verkerf is nie. Ten einde die diepte van verkerfheid te bereken, word die lokale hoogteverskille binne die gegewe oppervlakte asook die gemiddelde lokale hoogte van die kruine benodig.<sup>1)</sup>

Hierdie vergelyking bring in berekening die relatiewe reliëf van die streek as geheel en die lokale hoogte van elke kruin (geïdentifiseer as die hoogste geslote kontoerlyn). So-doende word die verskil in verkerwingsdiepte waarvoor die indeks vir verkerwingsdigtheid (D1) nie voorsiening maak nie, aangetoon (figuur 5.2(B)).

#### Algemene Verkerwing

Dit is egter wenslik om, terwille van klassifikasie en vergelyking van streke, een indeks van verkerwing te bekom. 'n Kombinasie van die indeks vir verkerwingsdigtheid (D1) en -diepte (D2), is op baie uiteenlopende landskappe toegepas en daar is bevind dat die som van die twee die mees realistiese beeld gee. Omdat die diepte-indeks (D2) 'n groter waarde gee as die digtheidsindeks (D1) word diepte beklemtoon bo digtheid wat as korrek beskou word. So bv word 'n golwende landskap

---

1) Verkerwingsdiepte:  $D2 = \frac{RR}{A} \times \frac{\sum KH}{K}$

waar RR = die relatiewe reliëf van die streek in meter

A = oppervlakte in km<sup>2</sup>

KH = relatiewe kruinhoogtes (bo die laagste punt in die betrokke gebied).

K = getal kruine in die gebied.

met 'n groot aantal lae koppies as minder verkerf beskou as 'n gebied waarin een of twee baie diep valleie gekerf is (figuur 5.2(C)).

(dd) Toepassing van die indekse

Hierdie tegniek is in sy verskillende stadiums van ontwikkeling herhaaldelik oor 'n groot aantal uiteenlopende tipes landskappe toegepas. Na hierdie teoretiese toepassing is sommige van hierdie streke besoek om te bepaal of die indekse 'n reële beeld van die verkerwing weergee. Die resultate is hoogs bevredigend bevind.

Ten slotte dien vermeld te word dat praktiese toepassing telkens bewys het dat topografiese streke afsonderlik behandel moet word. Selfs waar breë valleie in 'n berggebied voorkom, moet die valleie liefse afsonderlik ontleed word, veral wanneer die doel van die ontleding is om topografiese streke vir buitelugontspanning (of enige ander beplanning) te bepaal.


Die bepaling van die indekswaardes is eenvoudig maar is nietemin baie tydrowend. Figuur 5.3 is 'n poging om 'n benadering van die verkerwingsindeks te verkry deur bloot gebruik te maak van die relatiewe reliëf van die streek. Soos gesien kan word, bestaan daar 'n duidelike liniêre verband tussen hierdie twee stelle veranderlikes<sup>1)</sup>. Dit is dus moontlik om deur middel van 'n enkele baie eenvoudige berekening te bepaal in watter verkerwingskategorie

---

1)  $R_s = +0,99$ . Daar dien op gelet te word dat die relatiewe reliëf in voet bereken is omdat alle topografiese kaartvelle ten tyde van die ondersoek nog die hoogtelyste in terme van voet bo seespieël aangetoon het.



FIGUUR 5.3



'n streek val. Indien dit 'n grensgeval is, moet die verkerwingsindekse volledig bepaal word.

(ee) Toekenning van beladingsfaktore aan Reliëfklassifikasie n.a.v. die Bantoe se voorkeur

Indien die grens tussen vlakte en heuwel op 200 m per 100 ~~km~~ km relatiewe reliëf geneem word en dié tussen heuwel en berg op 950 m, dan stem dit ooreen met die indekswaardes vir verkerwing van 135 en 630 onderskeidelik (figuur 5.3). Elkeen van die drie kategorieë, t.w. vlaktes, heuwels en berge, is daarna in drie gelyke groepe onderverdeel ter wille van verdere verfyning van die klassifikasie. (Kyk tabel 5.2). Daar is reeds op gewys dat die Bantoe heuwellandskappe aantrekliker vind as vlaktes of berggebiede. Daar kan dus nou oorgegaan word om gewigte toe te ken aan hierdie reliëfkategorieë in tabel 5.2.

Omdat die grafiek in figuur 5.1 'n normale verspreiding vertoon wat simmetries om die sentrale waarde (d.i. "matige heuwellandskap") gerangskik is, beteken dit dat die Bantoe se voorkeur vir ruwe topografie na die een kant en lae reliëf na die ander kant gelykmatig verminder en beladingsfaktore dus ook simmetries moet afneem na weerskante van die maksimum. Na deeglike oorweging is 'n beladingsfaktor van 5 aan "matige heuwels" toegeken met waardes wat (soos uit tabel 5.2 blyk) afneem tot 1 vir 'n "reliëflose vlakte" aan die een kant en ook tot 1 vir 'n "kransagtige omgewing" aan die ander uiterste.

TABEL 5.2

BELADINGSFAKTORE VOLGENS VERKERWING

	Relatiewe Reliëf per 100 km <sup>2</sup>		Verkerwings- indeks- waarde	Bela- dings- faktor
	voet	meter		
<u>Vlaktes</u>				
Reliëfloos	0 - 166	0 - 50	0 - 35	1
Sagte reliëf	167 - 416	51 - 125	38 - 85	2
Golwende vlakke	417 - 666	126 - 200	85 - 135	3
<u>Heuwelland- skappe</u>				
Saggolwend	667 - 1500	200 - 450	136 - 300	4
Matig	1501 - 2333	451 - 700	301 - 465	5
Sterk	2334 - 3166	701 - 950	466 - 630	4
<u>Berggebiede</u>				
Bergagtig	3167 - 6666	950 - 2000	631 - 1320	3
Berggebied	6661 - 12000	2001 - 3600	1321 - 2880	2
Kransagtig	1200+	3600+	2380+	1

(ii) Plantegroei-voorkeure by die Bantoe

Soos in dié geval van reliëfomgewings, is daar gepoog om vas te stel watter plantegroeitipes die Bantoe verkies en om hieraan ook beladingsfaktore toe te ken.

Uit 'n ontleding van die tipe plantegroei wat die persone verkies het (vraag 3 van die vraelys in addendum IV), het dit geblyk dat natuurlike woude wat nie digte ondergroei het nie die gewildste is (36%), met natuurlike oerwoud (33%) tweede, plantasie (18%) derde, boom-savanna (9%) vierde en struik (3%) vyfde keuse. Hiervolgens kon 'n rangorde met ooreenstemmende beladings opgestel word (tabel 5.3).

TABEL 5.3

BELADINGSFAKTORE VIR PLANTEGROEITIPES

Plantegroeitipes <sup>1)</sup>	rangorde van keuse	Beladingsfaktore
Natuurlike oop woud	1	5
Natuurlike oerwoud	2	4
Savanna	3	3
Struikgroei	4	2
Karoo- en grasveld	5	1

---

1) Plantasies beslaan relatief klein oppervlaktes in die Bantoe-tuislande en is dus weggelaat.

Uit die antwoorde op vraag 5 (kyk vraelys, addendum IV) het dit geblyk dat groenigheid in die landskap baie beklemtoon is sodat die hoogste gewigswaardes aan immergroen natuurlike woudgebiede gegee word. Gewigswaardes kan vervolgens in afnemende orde aan natuurlike oerwoude, savanna, struik en karooveld toegeken word. Aangesien daar vyf kategorieë is, is gewigte van 1 tot 5 op 'n omgekeerd-eweredige basis toegeken.

(iii) Wateroppervlaktes

Omdat hierdie stelsel van toekenning van beladingsfaktore ten einde natuurskoon te bepaal, in die eerste plek ontwerp is met die oog op die klassifikasie van landstreke en nie vir spesifieke lokaliteite nie, is dit moeilik om wateroppervlaktes hierby in te skakel. Terwyl plantegroei en topografie van 'n betrokke aard of tipe oor uitgestrekte oppervlaktes voorkom, is dit nie die geval met wateroppervlaktes nie en is die invloedswaarde van water op die natuurskoon dus baie lokaal in omvang. Suid-Afrika is daarby relatief arm aan mere en damme met die gevolg dat hul invloed op die natuurskoon des te meer beperk in omvang is. Die feit dat die teenwoordigheid van skoon wateroppervlaktes egter die natuurskoon van 'n landskap verhoog, beteken dat dit wel in berekening gebring moet word by hierdie klassifikasie. Daar is besluit om aan gebiede wat permanente stroomvloei ondervind, 'n beladingsfaktor van 1 toe te ken, omdat daar na alle waarskynlikheid stroompies of riviere op die meeste lokaliteite binne sulke gebiede sal voorkom.

(iv) Slotopmerking

Verfyning van die puntetoekenning is soms wenslik. So sal 'n landskapstoneel watom die helfte struik en boomsavanna plantegroei vertoon byvoorbeeld 'n plantegroei-indekswaarde van 2,5 kry en in gevalle van meer gedetailleerde opnames kan ook onderskeid getref word t.o.v. die voorkoms van wateroppervlaktes. Na gelang van die estetiese waarde daarvan kan addisionele gewigsbevrugting van 3 punte aan water toegeken word.

(b) Toetsing van die Beladingsfaktore van die Natuurskoonelemente

Soos reeds gestel, is dié deel van hierdie studie om te bepaal of natuurlike hulpbronne numeries geëvalueer kan word in terme van hul waarde vir buiteligontspanning. Die teoretiese beladingsfaktore wat aan die elemente van natuurskoon toegeken is, bly egter, ondanks pogings tot objektiwiteit, in wese subjektief. Ten einde te toets of hierdie faktore realisties is, is dit toegepas op die vyf landskappe wat met 'n groep Bantoe-studente besoek is. (Kyk bespreking afdeling 4(a) op bls. 164). Toneel 1 (foto 2) toon 'n heuwellandskap met baie denneplantasies. Hoë koppe vorm die horison. Toneel 2 (foto 1) bestaan uit 'n heuwellandskap oortrek met groen gras, denneplantasies en klein kolle inheemse woud. 'n Gedeelte van 'n groot opgaardam is opvallend sigbaar, maar oorheers nie die toneel nie. Toneel 3 (foto 3) bied 'n uitsig op 'n berg, plantasies en minder opvallende boerderyaktiwiteite op die voetheuwels onder die berg. Hierdie hange maak die grootste deel van die landskap uit. Die vierde toneel (foto 4) bestaan uit 'n valleimet minlanderye, met onder

Foto 1



(Toneel 2)  
Eerste keuse

Foto 2



(Toneel 1)  
Tweede keuse



(Toneel 3)  
Derde keuse



(Toneel 4)  
Vierde keuse



Foto 5



(Toneel 5)  
Vyfde keuse

andere 'n klein plaasdam. Plantegroei is van 'n savannatipe. Die laaste toneel (foto 5) is dié van 'n gelyk vlakke met verspreide, losstaande koppies en 'n dam wat nie besonder opsigtelik is nie. Plantegroei is van 'n struik-savannatipe.

(i) Bepaling van 'n rangorde van die tonele op grond van direkte waarneming deur die Bantoe

Die proefpersone wat met die ondersoek rakende addendum IV betrokke was, is eers gevra om die vyf landskappe volgens persoonlike keuse in rangorde te plaas. Die resultate verskyn in tabel 5.4.

TABEL 5.4

FREKWENSIE VAN KEUSES VAN LANDSKAPSTONELE

Keuses	Landskapstonele				
	1	2	3	4	5
1ste keuse	7	24	1	2	0
2de keuse	16	8	6	4	0
3de keuse	6	0	14	12	2
4de keuse	5	2	13	12	2
5de keuse	0	0	0	4	30

Volgens tabel 5.4 is toneel 1 byvoorbeeld sewe keer (d.w.s. deur sewe persone) as eerste keuse geplaas, en sestien keer as tweede keuse, ens.; toneel 2 is vier-en-twintig keer as eerste keuse geplaas, agt keer as tweede keuse, ens.

Ten einde uit hierdie tabel n rangorde vir die vyf landskappe te bepaal, is beladingsfaktore soos volg toegeken: al die eerste keuses is met die faktor 5 befrag, keuse 2 met 4, keuse 3 met 3, keuse 4 met 2, keuse 5 met 1. (Kyk tabel 5.5).

TABEL 5.5

BELADINGSWAARDES VAN LANDSKAPSTONELE

Keuses	Beladingsfaktor	Landskapstonele				
		1	2	3	4	5
		<u>gewigswaardes</u>				
1ste keuse	5	35	120	5	10	0
2de keuse	4	64	32	24	16	0
3de keuse	3	18	0	42	36	6
4de keuse	2	10	4	26	24	4
5de keuse	1	0	0	0	4	30
Totale gewigte		127	156	97	90	40
Bevragte rangorde		2	1	3	4	5

Landskapstoneel 1 wat deur 7 persone (tabel 5.4) as eerste keuse aangewys is, is dus met 'n beladingsfaktor van 5 vermenigvuldig en kry dus - wat die eerste keuses betref - 'n befragting van 35 punte. Op dieselfde wyse is elk van die ander tonele se frekwensie (volgens tabel 5.4) vermenigvuldig met elk van die keuses se gewigsfaktor. Elke toneel se befragting is daarna bymekaargetel om die totale gewig daarvan te verkry. Hieruit is die (bevragte) rangorde vasgestel. Toneel 2 (met 'n befragting van 156 punte) is as eerste keuse aangewys. Hierna het gevolg tonele 1, 3, 4, en 5.

Geoordeel na die bevragte rangordewaardes blyk dit dat daar 'n redelik sterk ooreenkoms is t.o.v. watter twee landskappe die mooiste was. Keuse 1 en 2 het naamlik onderskeidelik 156 en 126 punte behaal. Keuse 3 en 4, alhoewel na aan mekaar,

staan los van eersgenoemde, terwyl die vyfde keuse byna deurgaans laaste geplaas is en 'n bevragte waarde van slegs 40 het.<sup>†</sup>

(ii) Bepaling van 'n rangorde van die tonele op grond van die toepassing van die teoretiese Beladingsfaktore

Bogenoemde stelsel van belading is vervolgens toegepas op die vyf landskapstonele wat deur die Bantolestudente besoek en daarna deur hulleself volgens graad van natuurskoon in rangorde geplaas is. Geen aanpassings was nodig om die resultate van die teoretiese gewigstoepassing te laat ooreenstem met die rangorde soos wat bepaal is d.m.v. direkte waarneming deur die Bantoe self nie. Die beladingsfaktore vir die bepaling van natuurskoon word dus as toepaslik beskou. Dié toepassing verskyn in tabel 5.6.

B. WATEROPPERVLAKTES

Wateroppervlaktes is reeds as element van die natuurlike omgewing wat natuurskoon verhoog, bespreek. Afgesien hiervan het dit intrinsieke waarde vir sekere ontspanningstipes soos swem, bootry en hengel (tabel 5.1). Daar is egter reeds ook op gewys dat bilharzia byna oral in al die Bantoegebiede voorkom sodat natuurlike wateroppervlaktes in hierdie gebiede nie vir swemdoeleindes gebruik kan word nie. As hierby gevoeg word dat

---

<sup>†</sup> Volgens Kendall se kwosient van ooreenstemming bestaan daar statisties 'n positiewe korrelasie tussen die 34 studente se keuses. ( $W = 0,58$ ). (Addendum V).

TABEL 5.6

## TOEPASSING VAN NATUURSKOONBELADINGS

Toneel	Elemente van Natuurskoon en gepaardgaande Beladingsfaktore								
	Topografie		Plantegroei		Water		Totale gewig	Rang-orde	Bantoes se rangorde <sup>x</sup>
1	matig heuwels	5	groen plantasie	3,5	geen	0	8,5	2	2
2	matig heuwels	5	groen plantasies met gras en oerwoud	3	water opvallend en skoon	2	10,0	1	1
3	sterk heuwels	4	groen plantasies	3,5	geen	0	7,5	3	3
4	saggolwende heuwels	4	savanna	3	geen	0	7,0	4	4
5	vlakke (sagte reliëf)	2	struiksavanna	2,5	nie baie opvallende en ietwat vuil	1	5,5	5	5

<sup>x</sup>Soos bepaal na direkte waarneming van die landskapstonele.

die vraelysontledings aangetoon het dat die ander watergeoriënteerde ontspanningsaktiwiteite (hengel en bootsport) weinig belangstelling by die Bantoe ontlok, dan is dit duidelik dat die prioriteit wat in oorsese navorsing aan die ontspanningspotensiaal van riviere en damme toegesê word, nie in die huidige stadium tot dieselfde mate geregverdig is vir die Bantoegebiede nie.

In vraag 18 (van die vraelys, addendum I) was die doel om vas te stel watter faktore die belangrikste rol speel by die Bantoe t.o.v. die plek waar hy sal wil ontspan. Dit is hier insiggewend om daarop te let dat wateroppervlaktes vir hulle byna geen aantrekkingskrag het nie (tabel 2.4). Uit die 12 aspekte wat genoem is, vorm wateroppervlaktes die heel laaste keuse met slegs 1,3% belangstellendes. Vergelykende navorsing onder Blankes in Suid-Afrika het getoon dat 27% die aanwesigheid van wateroppervlaktes as een van die drie belangrikste faktore genoem het vir deelname aan ontspanningsaktiwiteite (286). In die V.S.A. verkies 44% van die mense om hul ontspanning in of by water te beoefen (363 p.3).

Desnieteenstaande kan die aanwesigheid van die grotere damme en riviere in die Bantoegebiede nie geïgnoreer word nie.

David (115 p.206) is van mening dat 'n geïsoleerde wateroppervlakte minder as 40 hektaar en vlakker as 3 meter hoog nie leen tot ontwikkeling vir buitelugontspanning nie. Steyn (394 p.80) het egter bevind "dat veel kleiner wateroppervlaktes in Suid-Kaapland wel deeglik benut word, hoewel hulle weliswaar 'n

beperkte potensiaal bied" Uit Steyn se tabelle (394, figuur 2-9) blyk dit dat damme met 'n oppervlakte van so klein as 8 hektaar soms vir swem en visvang gebruik word en dié van 12 hektaar vir kragbote, waterski en seiljagte. Damme in die omgewing van 10 hektaar en groter en breë standhoudende hoofstrome word dus beskou as benutbaar met die oog op die daarstelling van buiteligontspanningsfasiliteite.

Vir klassifikasiedoeleindes is wateroppervlaktes in drie kategorieë verdeel. Graad I-tipe is geneem as enige wateroppervlak van meer as 10 hektaar in oppervlakte wat vry is van bilharziabesmetting. Omdat swem so 'n gewilde ontspanningsaktiwiteit is, en 10 hektaar groot genoeg is om die ontwikkeling van 'n ontspanningsoord te regverdig, moet sodanige gebiede as hoë-prioriteitsgebiede beskou word. Groot oppervlaktes (d.w.s. van meer as 20 hektaar), maar wel besmet met bilharzia, is geskik vir hengel of bootry, en veral vanweë die beperkte aantal groot wateroppervlaktes moet 'n redelike hoë graad van prioriteit aan sulke plekke toegesê word met die oog op bootsport. Hulle is as graad II geklassifiseer. Alle ander bilharziabesmette wateroppervlaktes tussen 10 en 20 hektaar vorm graad III-gebiede wat met ander woorde bruikbaar is slegs indien nie voldoende graad I- en II-gebiede aangeref word nie.

C. ONGESKONDENHEID

Ongeskondenheid is die derde element van die natuurlike omgewing wat 'n rol speel in die waardebeoordeling van omgewings met die oog op buiteligontspanning. Soos in die geval van wateroppervlaktes, is die gewig wat aan ongeskondenheid toegeken moet word baie geringer as wat by die Blankes die geval sou wees. Natuurgebied-georiënteerde ontspanningsaktiwiteite is bv. nie so gewild by die Bantoe soos by die Blankes nie. Soos reeds aangetoon sou slegs omtrent 3% van die Bantoe wou jag. Die feit dat 3,2% van die ewekansige steekproefgroep en 7,5% van die Umgababa-Manyeleti-groep natuurreservate wil besoek, dui egter daarop dat aandag tóg, met die oog op die toekoms, aan hierdie faset gegee behoort te word.

Die graad van ongeskondenheid van die natuurlike omgewing word normaalweg geassosieer met die digtheid van bewoning sodat dit in terme van bevolkingsdigtheid bereken kan word. In gedeeltelike navolging van Scheepers (390) is vier kategorieë van bevolkingsdigtheid gebruik:

- (1) minder as 0,25 persone per  $\text{v}k\text{-km}^2$ ,
- (2) 0,26 tot 3,9 persone per  $\text{v}k\text{-km}^2$ ,
- (3) 4,0 en meer persone per  $\text{v}k\text{-km}^2$ ,
- (4) dorpe en kleinhoewegebiede.



Gebiede met minder as 0,25 persone per vk km kan as graad I-gebiede vir ontspanningsaktiwiteite, wat aangewys is op natuur-omgewings, beskou word. Digthede van tussen 0,26 en 3,9 per km<sup>2</sup> word as graad  $\frac{II}{2}$  omgewings beskou, terwyl groter digthede heelwat minder geskik is en as graad III geklassifiseer is.

#### D. KLIMAAT

##### 1. Klimaat as ontspanningshulpbron

Wanneer die buitelugontspanningspotensiaal van 'n gebied bepaal moet word, is die eerste impuls om, in teenstelling met binnenshuise ontspanning, swaar gewig te wil verleen aan klimaat. Ondervinding het egter geleer dat suksesvolle ontspanningsoorde nie noodwendig in ideale klimaatsomstandighede geleë is nie. Die Natalse kus se somerklimaat is bv. beslis ongunstig drukkend en tog is dit een van die gewildste vakansieoorde in Suid-Afrika.

Die grootste enkele rede waarom klimaat egter nie as een van die belangrikste maatstawwe kan dien nie, is dat mense in elk geval in 'n mate aan hul omgewing gebonde is. Soos verderaan ontleed sal word, is daar bepaalde sones (vir dag-uitstappies, naweek-uitstappies en vakansies) waarbuite min mense ry om te ontspan.

Dit blyk dus 'n goeie beleid te wees om by die vasstelling van prioriteitsones vir buitelugontspanning, aanvanklik sekere primêre maatstawwe (soos bv. afstand vanaf groot bevolkingskonsentrasies) te gebruik en daarná te kyk of die klimaat van daardie omgewing geskik is vir buitelugontspanning. Daarna kan in terme van natuurskoon, wateroppervlaktes, en ongeskondenheid vasgestel word vir watter

tipe ontspanning die gebied die beste geskik is.

## 2. Menslike reaksie op klimaat

Geograwe het in die verlede al baie geskryf oor klimaat en dié se invloed op die menslike liggaam. So bv. het Huntington e.a. (36) die ideale klimaat beskrywe as dié met 'n gemiddelde somertemperatuur van 15,6 tot 20°C; gemiddelde winter-temperatuur 2,2 tot 6,7°C met somerreëns van 31,81 tot 101,8 mm per maand en winterneerslag 38,17 tot 82,8 mm per maand. Dat dit nie as algemeen geldend aanvaar kan word nie, is duidelik (66, p.274) en word in die hieropvolgende afdeling verder toegelig. Gedurende onlangse jare het enkele Geograwe (bv. Sewall (222)) die verhouding tussen klimaat en die mens van naderby bestudeer. Lee en Lemmons (161) het weer die mens se aanpassing by klimate deur verskillende tipes klere-drag aangetoon. Lee (162) het ook die probleme van die soldate in die Engelse leër ten opsigte van vreemde klimaatstoestande bestudeer. Maunders (179) het 'n klassifikasie van klimaat, gebaseer op 'n indeks van menslike gemaklikheid, voorgestel. Terjung (239) het 'n waardevolle bydrae gelewer deur kaarte van die fisiologiese klimaat van die V.S.A. daar te stel. Sedertdien het hy heelwat oor die onderwerp gepubliseer. Becker (267) het weer die klimaat van Duitsland in agt kategorieë, wat wissel van ondraaglik warm tot ondraaglik koud, verdeel.

Die elemente van klimaat wat 'n rol speel by die gevoel van hitte of koue is temperatuur, voggehalte, wind, son-radiasie en uitstraling van ander voorwerpe in die onmiddellike

omgewing van die persoon. As temperatuur alleen sou styg terwyl die ander elemente konstant bly, sal die liggaam ook 'n verhoogde hitte-effek ondervind. As windsterkte egter saam met temperatuur verhoog, kan dit wees dat die liggaam se termiese gevoel konstant bly. Verskillende kombinasies van hierdie elemente gee dus aanleiding tot dieselfde mate van gemak, oftewel warmtesensasie van die liggaam. Ten einde hierdie kombinasies in omgewingstoestande wat soortgelyke gemaklikheidsstoestande veroorsaak, te beskryf, is 'n grafiese diagram van sogenaamde "Effektiewe Temperatuur" ontwerp.\*

### 3. Termiese Gemaklikheidsone

Baie min navorsing is tot dusver in Suid-Afrika t.o.v. die vasstelling van 'n gemaklikheidsone gedoen. Resultate uit ander lande (tabel 5.7) het laat blyk dat hierdie sone wissel van een klimaatstreek na 'n ander, sodat navorsing hier te lande noodsaaklik is.

In verband met die Bantoe in Suid-Afrika is daar, afgesien van 'n ondersoek wat die W.N.N.R. vir die Departement Bantoe-onderwys te Ngoya, Zoeloeland, uitgevoer het (307), nog geen navorsing gedoen nie. Daar bestaan ook baie min gegewens oor die fisiologiese klimaatsomstandighede waaronder die swart rasse in die res van die wêreld gemaklik sou wees.

---

\*Dit is proefondervindelik bepaal deur die navorsingslaboratorium van die American Society of Heating and Ventilating Engineers (262).

'n Baie deeglike oorsig oor die literatuur verskyn in Schoeman (391).

TABEL 5.7

BEREIK VAN DIE TERMIESE GEMAKLIKHEIDSONE\*  
(°C) EFFEKTIEWE TEMPERATUUR

Plek	Onderste grens	Boonste grens	Bron
Engeland (i)	-	21,6	Franzin 1969
(ii)	-	20,0	Bedford 1948
Australië	-	27,6	Wyndham 1961
V.S.A. (i)	-	24,4	Bedford 1948
(ii)	17,2	21,7	Yaglou en Miller 1925
(iii)	19,0	23,9	Franzin 1969
Kanada	19,0	23,9	Franzin 1969
Iran	-	25,0	Crocott 1948
Calcutta (i)	20,0	24,9	Franzin 1969
(ii)	-	25,0	Rao 1952
Singapoer	22,9	25,6	Ellis 1952; Franzin 1969
Maleisië	-	27,2	Webb 1952
Duitsland	18,0	23,0	Franzin 1969

\*In die meeste gevalle is dit gespesifiseer vir liggeklede persone onder somertoestande.

Fanger (23) haal egter 'n paar navorsers se werke aan wat toon dat daar geen rasseverskille ten opsigte van die gemaklikheidsone bestaan nie.\*

Die ondersoek wat die W.N.N.R. te Ngoya gedoen het, het daaruit bestaan dat studente tydens lesings gevra is om op 'n 7-punt skaal, wat strek van "baie warm" tot "baie koud" aan te dui hoedanig hulle hittesensasie ervaar. Die atmosferiese toestande in die lesinglokale is terselfdertyd geneem en na die Effektiewe Temperatuurskaal herlei. Hiervolgens kon 'n grafiek saamgestel word wat aandui tussen watter Effektiewe Temperatuur-grense meer as 80% van die Bantoes studente gemaklik gevoel het.

Die Ngoya-projek konsentreer slegs op die gemaklikheidsone en sê bv. niks omtrent die Effektiewe Temperatuur waaronder 80% van die Bantoes te koud sou kry nie. Dit is ook 'n ope vraag of die Bantoes van Zoeloeland verteenwoordigend van die hele land se Bantoes is. Derhalwe is besluit om 'n soortgelyke proefneming onder studente van die Universiteit van die Noorde te Turfloop te onderneem ten einde te kan vasstel of sekere gebiede wat andersins geskik sou wees vir ontspanning, ook klimatologies aanvaarbaar sou wees vir die Bantoe.

Omgewingstoestande in Zoeloeland word dikwels onaangenaam warm in die somer en is dus ideaal vir die bepaling van die

---

\* Kyk bv. Ellis (121), Angus (79), Wyon e.a. (260).

boonste grens van die gemaklikheidsone. Om hierdie rede is die proefneming te Turfloop in die winter gedoen waar omstandighede weer gunstiger is vir die bepaling van die onderste grens. Altesaam 1045 gevalle is gedurende Junie en Augustus 1972 aan die toetse onderwerp. Ter wille van die vergelyking van resultate, is sorg gedra dat die metode van ondersoek streng in ooreenstemming met die W.N.N.R. se prosedure was. Dié prosedure word volledig in laasgenoemde se verslag beskryf (307).

#### 4. Gemaklikheidsone by die Bantoe

In figuur 5.4 word elk van die termiese sensasiekategorieë aangetoon. Hieruit blyk byvoorbeeld o.a. dat meer as 60% van die proefpersone by die Universiteit van die Noorde gemaklik gevoel het by 'n Effektiewe Temperatuur vanaf ongeveer  $12,2^{\circ}$  tot  $17^{\circ}\text{C}$ . Bó  $17^{\circ}\text{C}$  is daar gemiddeld meer as 80% persone gemaklik. Die lyn wat die persentasie "te koud"-gevalle aantoon dui weer daarop dat  $12^{\circ}\text{C}$  die grens is waaronder meer as 80% van die mense "te koud" sal kry.

Tot by  $12^{\circ}\text{C}$  is dus heeltemal te koud; 12 tot  $17^{\circ}\text{C}$  is koud en bo 17 kan as gemaklik beskou word vir die oorwegende groep.


In Zoeloeland is bevind dat die grense waarbinne 80% van die Bantoe persone gemaklik sal wees, tussen  $20,4$  en  $25,0^{\circ}\text{C}$  (Effektiewe Temperatuur) lê.\*

---

\*Gemiddelde vir mans en vrouens.

FIGUUR 5.4

TERMIESE SENSASIE VAN BANTOESTUDENTE  
AAN DIE UNIVERSITEIT VAN DIE NOORDE



TERMIESE

SENSASIEKATEGORIEË

..... TE KOUD

———— GEMAKLIK

----- TE WARM

In Tabel 5.8 word hierdie gegewens opgesom en vergelyk met beskikbare gegewens vir Blankes in Suid-Afrika.

TABEL 5.8

BEREIK VAN DIE TERMIESE GEMAKLIKHEIDSONE  
ONDER SUID-AFRIKAANSE TOESTANDE

(Effektiewe Temperatuur °C)

	Onderste grens	Boonste grens	Bron
Blankes	?	25,6	Hodgson (geen datum) W.N.N.R. (285)
Bantoe			
Universiteit van die Noorde	17,0	?	
Universiteit van Zoeloeland	20,4	25,0	W.N.N.R. 1970 - ongepubliseerd (307)

Nota: In 'n ongepubliseerde stuk van Departement Bantoe-onderwys word genoem dat die optimum Effektiewe Temperatuurgrense vir Blankes in Suid-Afrika tussen 18,0 en 20,6°C is. Geen verwysing na 'n bron word vermeld nie.

Uit voorafgaande blyk dat die onderste grens van die gemaklikheidsone vir Bantoe-studente aan die Universiteit van die Noorde en Universiteit van Zoeloeland min of meer ooreenstem met dié van studies gedoen onder Blankes in die res van die wêreld (tabel 5.7). (Omdat die metodes van toetsing egter nie deurgaans ooreengestem het nie, kan nie te veel waarde hieraan geheg word nie).

Die boonste grens wat vir Bantoes te Ngoya vasgestel is, is ietwat aan die hoë kant in vergelyking met dié van die Blankes, veral in die V.S.A. en Kanada, maar kom goed ooreen met die



boonste grens vir Blankes in Suid-Afrika soos deur die W.N.N.R. aanvaar word maar wat sover bekend nie op navorsing berus nie. Terwyl Ngoya se onderste grens byna  $3^{\circ}\text{C}$  hoër is as dié by die Universiteit van die Noorde, kan tentatief aanvaar word dat die boonste grens van die Bantoe by die Universiteit van die Noorde ook naastenby  $3^{\circ}\text{C}$  laer sal wees as by Ngoya, m.a.w. ongeveer  $22^{\circ}\text{C}$  (Effektiewe Temperatuur). Die baie warmer klimaat van Zoeloeland het dus blykbaar dié invloed dat persone warmer toestande beter kan verdra en terselfdertyd gouer koud sal kry met afkoeling. Akklimatisasie speel dus wel 'n belangrike rol. 'n Samevatting van figuur 5.4 en tabel 5.8 gee 'n idee van die verskillende termiese sones vir Bantoes in Suid-Afrika. Effektiewe Temperature van laer as  $12^{\circ}\text{C}$  en hoër as  $31^{\circ}\text{C}$  is onaangenaam vir die meeste buiteligontspanningsaktiwiteite wat gepaardgaan met ligte aktiwiteit en is dus nie daarvoor geskik nie. Daarteenoor is die sone 19 tot  $23,9^{\circ}\text{C}$  ideaal vir buiteligontspanning. Aangrensend aan hierdie optimum sone (17 tot  $18,9^{\circ}\text{C}$ ), is daar nog meer as 80% in die Turfloopgroep wat gemaklik is en kan dié sone "gemaklik koel" genoem word. Aan die warmer kant van die ideale sone kan die temperature 24 tot  $25,9^{\circ}\text{C}$  weer as "gemaklik warm" bestempel word. Gebiede met 'n Effektiewe Temperatuur van tussen 12 en  $16,9^{\circ}\text{C}$  is as "koud" en 26 tot  $30,9^{\circ}\text{C}$  as "warm" geklassifiseer.

TABEL 5.9

## TERMIESE SONES VIR DIE BANTOE

Effektiewe Temperatuur (°C)	laer as 12	12-16,9	17-18,9	19-23,9	24-25,9	26-30,9	31 en meer
	te koud	koud	gemaklik koel	ideaal	gemaklik warm	warm	te warm

As finale stap in die ondersoek verskyn die Effektiewe Temperatuur-isoterme vir Suid-Afrika op figuur 5.5<sup>\*</sup>. Dié isoterme is gebaseer op die tien warmste dae van die jaar sodat dit 'n weerspieëling gee van die heel warmste omstandighede gedurende die somermaande. Die kaart is n.a.v. resultate in tabel 5.9 geskakeer om 'n beeld te verkry van die verspreiding van verskillende grade van termiese behaaglikheid vir die Bantoe. Die hoogste Effektiewe Temperatuur-isoterm (27,8<sup>0</sup>) val volgens tabel 5.9 nog binne die "warm" sone sodat daar geen plek in Suid-Afrika is wat as "te warm" vir die Bantoe beskou kan word nie.<sup>\*\*</sup>

III. DIE KUS AS ONTSPANNINGSHULPBRON VIR DIE BANTOEA; FISIESE GESTELDHEID VAN STRANDE


Melding is reeds gemaak van 'n opname in die V.S.A. (189) waar gepoog is om mense se voorkeur t.o.v. verskillende tipes strande te bepaal. Sover bekend is nog geen soortgelyke navorsing in Suid-Afrika gedoen nie. Kleurskyfies van 'n groot aantal uiteenlopende strande is versamel en in vier groepe geklassifiseer. Die bestes van elke tipe is aan 80 Bantoe studente van die Universiteit van die Noorde vertoon met die versoek dat hulle hul keuse t.o.v. verskillende tipes strande moet aandui. Die resultate verskyn in tabel 5.10.





\* Die kaart is 'n veralgemeende weergawe van die oorspronklike en dui slegs die drie kategorieë wat ter sprake is, aan.

\*\* Die prioriteitsones op die kaart aangedui word verderaan bespreek.

FIGUUR 5.5

ISOTERME VAN BUITELUG EFFEKTIEWE TEMPERATURE  
VIR SUID-AFRIKA (°C)



-  MINDER AS 24<sup>0</sup>
-  24<sup>0</sup> - 25,6<sup>0</sup>
-  MEER AS 25,6<sup>0</sup>
-  PRIORITEITSONES

SKAAL 1:10 000 000

BRON: (27) WENTZEL EN HODGSON, 1966

TABEL 5.10

DIE BANTOE SE VOORKEUR TEN OPSIGTE VAN VER-  
SKILLENDE Tipes STRANDE

Tipe strand (in rangorde)	Persentasie keuse
1. Sandstrand	38,2
2. Klipperige strand	29,1
3. Rotsagtige strand	21,8
4. Rotspoele	10,9

Hiervolgens is dit duidelik dat sandstrande die gewildste tipe strand vir die Bantoe is.

**B. GROOTTE VAN STRANDE**

Die Bantoe se voorkeur ten opsigte van die grootte van strande is ook d.m.v. kleurskyfies vasgestel. Die skyfies is in twee groepe verdeel, t.w. groot oop sandstrande en klein inhamme met sandstrande. 'n Groot meerderheid (73,2%) het groot strande verkies teenoor slegs 26,8% wat die meer ingeslote tipes strande verkies het.

**C. GRAAD VAN ONTWIKKELING**

'n Ondersoek onder Blankes in Pietersburg (286) het getoon dat hoogs-ontwikkelde oorde wat druk besoek word in werklikheid nie die grootste byval vind by die publiek nie. Heeltemal onontwikkelde plekke is egter eweneens nie baie populêr nie. Mense skyn 'n behoefte te hê aan basiese geriewe en 'n redelike aantal ander mense rondom hulle. 'n Reeks kleurskyfies van drie tipes oorde (natuuumgewings, semi-, en hoogs-ontwikkelde oorde met baie vakansiegangers) is ook aan dieselfde groep Bantoes vertoon. Die meerderheid (64%) het hoogsontwikkelde

00rde verkies. Slegs 5% wil vakansies in ongeskonde natuur-omgewings deurbring.

Twee kleurskyfies met ewe mooi sandstrande - een wat die Durbanse strand tesame met die stadsgeboue op die agtergrond aantoon en die ander wat die strand naby Umgababa met die sandduine en ongeskonde plantegroei op die agtergrond aantoon - is ook vertoon. 'n Groot meerderheid (71%) het die hoogsontwikkelde strand in die stadsomgewing verkies.

#### D. GRAAD VAN GEWILDHEID

Verdere kleurskyfie-ondersoeke het min of meer dieselfde resultate gelewer. In die een geval is drie foto's van die Durbanse strand vertoon. Die een is op 'n spitsyd geneem toe die strand tot oorlopens toe vol mense was; die tweede het die strand getoon met 'n paar honderd mense teenwoordig en die derde is vroeg in die oggend op 'n koue dag geneem toe die strand leeg was. Die ontledings toon dat die meerderheid (48,2%) die óórvol strand verkies het; 41,1% het die matigvol strand verkies en slegs 10,7% die leë strand.

## HOOFSTUK SES

### AFSTAND AS MAATSTAF VIR DIE PLASING VAN ONTSPANNINGS-

#### OORDE VIR DIE BANTOE

#### I. KLASSIFISERING VAN AFSTANDE

Die afstand wat mense bereid is om af te lê na ontspanningsplekke hang van etlike veranderlike faktore af. Stadsbewoners in 'n omgewing waar mooi natuurskoon en baie ontspanningsplekke digby is, sal nie bereid wees om ver te ry nie, terwyl mense in 'n droë reliëflose omgewing weer maklik baie verder na 'n gebied met mooi natuurskoon sal ry vir 'n daguitstappie. Ten tweede sal die aard van die aantreklikheid ook 'n invloed uitoefen op die afstand wat mense bereid sal wees om te ry. 'n Wildtuin, seevakansie-oord of warmwaterbron in 'n besondere mooi omgewing sal mense van baie verder af lok as wat die geval is met 'n gewone onontwikkelde piekniekplek. Die toestand van paale na oorde is ook reeds as 'n belangrike faktor genoem m.b.t. afstand wat mense bereid is om te ry (395). Die motivering wat mense dryf, kan ook 'n groot rol speel soos wat byvoorbeeld by sportliefhebbers gevind word en andere wat om gesondheidsredes sekere verafgeleë oorde besoek. Ten slotte is daar die onbepaalde faktor van menslike individualisme. Afstande wat mense bereid is om te ry word wel beïnvloed deur finansiële oorwegings, maar persoonlikheidskenmerke speel ook 'n sterk rol. Afstande wat mense bereid is om te ry lê, teoreties gesproke, tussen nul en oneindig. "...many people may not wish to make a trip of any length, however, short;

their starting-up inertia, as it were, is too great to overcome. At the opposite extreme, one might hypothesize that... a still smaller minority find travel so stimulating that the further they go, the further they want to go." (259 , p.73).

Ritte wat mense onderneem na ontspanningsplekke kan in drie groepe verdeel word:

- (1) daguitstappies, d.w.s. waar die persone die aand nā die uitstapjie weer terug is by die tuiste;
- (2) naweekuitstappies waar een of twee nagte elders oorgebly word;
- (3) vakansies wat gewoonlik 'n week of meer in beslag neem.

Alhoewel baie ander maatstawwe - soos klimaat, natuurskoon en wateroppervlaktes - van belang is in die lokalisering van ontspanningsaktiwiteite, word die benutbaarheid van 'n gebied basies beperk deur die afstand daarvan vanaf die stedelike komplekse.

## II. AFSTANDE WAT AFGELê WORD NA OORDE SOOS BLYK UIT LITERATUURBRONNE

'n Oorsig van navorsing toon nie groot verskille ten opsigte van afstande wat mense bereid is om vir daguitstappies na oorde te ry nie. Burton (271) het 'n gemiddelde afstand van 50 km bevind<sup>+</sup> terwyl ander studies afstande van 65 tot 80 km (357), 30 tot 80 km (17) en 56 km (247) noem. Patmore (59) het bevind dat 60% van die mense tussen 10 en 55 km na 'n oord ry; Beazley (5) noem dat 62% 40 km ry en Bracey (8) sê 70% ry 80 km ver. Maksimum afstande vir daguitstappies is

---

+ Verteenwoordig slegs die afstand vanaf die tuiste na die ontspanningsoord.

volgens Burton (271) en Mercer (182) 160 km. vanaf die tuistes. Navorsingsresultate t.o.v. naweekuitstappies wissel meer as vir daguitstappies. Navorsing in Kalifornië (357) en in Suid-Afrika (334) meld 400 km as maksimum naweekafstande, terwyl Clawsons en Knetsch (17) 160 tot 240 km as aanvaarbaar beskou. Beazley (5) het bevind dat 66% van die mense tydens naweekuitstappies tussen 80 en 240 km ry na ontspanningsoorde.

Ten opsigte van vakansies is dit nog moeiliker om 'n maatstaf vas te lê. Die enigste verwysing daarna wat opgespoor kan word is Clawson en Knetsch (17) wat afstande van tussen 600 en 1000 km vir 'n vakansie van twee weke.

### III. AFSTANDE AFGELÊ NA OORDE DEUR DIE BANTOE

Gegewens insake mobiliteit by die Bantoebevolking is moeilik bekombaar. Enkele bronne wat verwerk kon word, is die volgende:

#### A. AFRICAN BUS SERVICE-BUSDIENS<sup>1)</sup>

Afstande wat deur busse van die African Bus Service-busdiens afgelê word vir spesiale ritte, d.w.s. uitgeslote dié op normale roetes wat mense na en van hulle werk vervoer, toon dat daar 'n oorweldigende meerderheid is wat tot 50 km vanaf die stad ry (tabel 6.1 en figuur 6.1).

---

1) Pogings om soortgelyke gegewens van ander busdienste te verkry, was vrugtelos.



TABEL 6.1

FREKWENSIE VAN BUSRITTE VOLGENS AFSTAND VANAF PRETORIA


(A.B.S.-BUSDIENS 1 JAN. 1970 TOT 5 SEPT. 1972)

<u>AFSTANDKATEGORIEË</u> (km)	<u>GETAL RITTE</u>
0 - 50	234
51 - 100	80
101 - 150	39
151 - 200	21
201 - 250	5
251 - 300	9
301 - 350	5
351 - 400	15
401 - 450	11
451 - 500	1
501 - 550	6
551 - 600	2
601 - 650	3
651 - 700	4
701 - 750	3


T.o.v. langer ritte neem die frekwensie van busritte vinnig af met toename in afstand tot op omtrent 200 km.

Afgesien van hoër frekwensies om en by 400 km, bly die getal busritte hierna:(d.i. 200 km) naastenby konstant tot oor die 700 km. Die hoër frekwensie by 400 km verteenwoordig besoeke aan die Z.C.C. te Boyne (kyk bespreking verderaan).

FIGUUR 6.1



FIGUUR 6.2



Hieruit blyk dit dat die daguitstappies wat die Pretoriase Bantoes per bus onderneem meestal binne 'n straal van 50 km. plaasvind. Naweekuitstappies vind blykbaar tot ongeveer 200 km vanaf Pretoria plaas, terwyl vakansieritte volgens hierdie gegewens nie 750 km oorskry nie. Die gemiddelde afstand van busritte in die "naweekgroep" - d.w.s. tussen 50 en 200 km, is 104 km. Die gemiddelde vakansie-afstand is hiervolgens 422 km.

Alhoewel hierdie syfers as benaderings hanteer moet word, verteenwoordig dit bykans twee jaar se gegewens van die grootste busdiensmaatskappy vir Bantoes in Pretoria sodat hierdie maatstawwe as van praktiese betekenis beskou kan word.

In aansluiting hierby meld die A.B.S.-hoofkantoor ook dat die gemiddelde afstand wat hulle busse tydens naweke ry ongeveer 145 km vanaf die stad is.

#### B. VRAELYSOPNAME

Uit die vraelysopname (kyk addendum I vraag 8) het geblyk dat die gemiddelde afstande wat Bantoes bereid is om tydens naweke na 'n oord te ry, 163 km is, wat dus goed ooreenstem met gegewens van die A.B.S.-busdiens.

#### C. BESOEKE AAN DIE ZIONISTS CHRISTIAN CHURCH VAN BISKOP LEKGANYANE

Die voorafgaande busdiensgegewens gee waarskynlik die betroubaarste gegewens ten opsigte van algemene buitelugontspanningsuitstappies, omdat dit besoeke aan alle beskikbare oorde insluit. Daar is reeds genoem dat motivering 'n belangrike rol speel by sportlui e.a. by die bepaling van die afstande wat hulle vir ontspanning sal ry. 'n Ander voorbeeld geld die godsdiens-

byeenkomste wat gedurende die langnaweke in April en September by die Z.C.C. naby Pietersburg gehou word. Kontak met hierdie godsdienstgroep het geen twyfel gelaat dat lidmate hierdie besoeke as van die grootste godsdienstige belang beskou nie. Terselfdertyd is dit egter nie te betwyfel dat hulle dit nie slegs as 'n godsdienstige verpligting sien nie, maar ook as 'n uitstappie.

Die registrasieletters van alle voertuie wat die Z.C.C. gedurende September 1972 besoek het, is afgeskryf en ontleed. Hiervolgens blyk dit dat besoekers van so ver as Kaapstad kom. Die modus afstand van alle voertuie is 236 km. 'n Uiteensetting van die gegewens verskyn in gegroepeerde vorm in tabel 6.2. Dit verskyn as frekwensiediagram in figuur 6.2. Dit is duidelik dat daar geen gelykmatige afstandsverval te bespeur is nie vanweë die geweldige groot getalle besoekers uit die Pretoria-Witwatersrand-Vereeniginggebied. Indien die kolomme tussen 150 en 300 km egter geïgnoreer sou word, sou die afstandsverval-kurwe na 'n eksponensiële verval neig.

#### D. MANYELETI-WILDTUIN

Saam met die Umgababa-strandoord kan die Manyeleti-wildtuin as die enigste Bantoe-oorde met spesiale groot aantrekkingskrag beskou word. 'n Uttreksel uit die kwitansieboeke van die Manyeleti-wildtuin oor 'n periode van 12 kalendermaande (tabel 6.3) het aan die lig gebring dat die rekenkundige gemiddelde afstand wat besoekers daarnatoe gereis het 233 km was. 'n Kolomdiagram (figuur 6.3) toon duidelik dat, uitgeslote die Witwatersrand en Pretoria, daar 'n negatiewe verband bestaan tussen

TABEL 6.2HERKOMS VAN BESOEKERS AAN DIE Z.C.C. - SEPTEMBER 1972

AFSTANDSONES (km)	VOERTUIE (getalle)
0 - 50	163
51 - 100	29
101 - 150	33
151 - 200	157
201 - 250	252
251 - 300	75
301 - 350	18
351 - 400	12
401 - 450	2
451 - 500	4
501 - 550	3
meer as 550	2

afstand en bywoning. Die invloed van die groot bevolkingskonsentrasie van die P.W.V. is egter opvallend. Die tweede afwyking in die normale afstandsvervalkurwe is tussen 160 en 240 km vanaf Manyeleti. Dit is toe te skryf aan die feit dat daar binne hierdie afstandsones 'n groter getal dorpe voorkom as in enige van die ander kategorieë, t.w. 8. Hulle is Carolina, Letaba, Lydenburg, Tzaneen, Letsitele, Nelspruit, Barberton en Duiwelskloof. Hierdie grafiek sluit alle besoekers (dag, naweek en vakansies) in.


TABEL 6.3

HERKOMS VAN BESOEKERS AAN MANYELETI

AFSTAND (km)	BESOEKERS (getal motors)
0 - 80	329
81 - 160	65
161 - 240	157
241 - 320	76
321 - 400	42
401 - 480	28
481 - 560	173
561 - 640	11


FIGUUR 6.3

INVLOED VAN AFSTAND OP BESOEKERSGETALLE AAN MANYELETI-WILDTUIN



FIGUUR 6.4

INVLOED VAN AFSTAND OP BESOEKERSGETALLE OOR NAWEKE AAN MANYELETI



Ten einde 'n beeld te probeer kry van die effektiewe afstand wat besoekers bereid is om gedurende naweke te ry na 'n spesiale aantreklikheid soos 'n wildtuin, is 'n soortgelyke ontleding, gebaseer op naweekbesoekers, gedoen. Tabel 6.4 en figuur 6.4 toon hierdie gegewens.

TABEL 6.4

HERKOMS VAN NAWEEKBESOEKERS AAN MANYELETI

AFSTAND (km)	BESOEKERS (getal motors)
0 - 80	69
81 - 160	25
161 - 240	83
241 - 320	45
321 - 400	24
401 - 480	16
481 - 560	74
561 - 640	6

Die rekenkundige gemiddelde is bevind 282 km te wees met die modus 203 km. In die geval van alle besoekers (figuur 6.3) was die modus 42 km.


E. UMGABABA VAKANSIEOORD

Soortgelyke ontledings ten opsigte van alle besoekers aan 'n see-vakansieoord te Umgababa verskyn in tabel 6.5 en word op figuur 6.5 voorgestel.



FIGUUR 6.5

INVLOED VAN AFSTAND OP BESOEKERSGETALLE AAN  
UMGABABA




TABEL 6.5HERKOMS VAN BESOEKERS AAN UMGABABA

AFSTAND (km)	BESOEKERS (getal motors)
0 - 80	2581
81 - 160	393
161 - 240	71
241 - 320	52
321 - 400	71
401 - 480	36
481 - 560	22
561 - 640	665
641 - 720	137
721 - 800	41
801 - 880	18
881 - 960	27
961 -1040	11
verder as 1040	56

Weer eens is die invloed van die P.W.V. duidelik. Die rekenkundige gemiddelde vir alle besoekers is 225 km en die modus 42 km.

Figuur 6.6 toon n.a.v. die gegewens uit tabel 6.6, die frekwensiediagram vir naweekbesoekers vir 12 kalendermaande aan Umgababa. In hierdie geval is die rekenkundige gemiddelde 145 km en die modus 42 km.

FIGUUR 6.6



TABEL 6.6HERKOMS VAN NAWEEKBESOEKERS AAN UMGABABA

AFSTAND (km)	BESOEKERS (getal motors)
0 - 80	2581
81 - 160	393
161 - 240	71
241 - 320	52
321 - 400	47
401 - 480	60
481 - 560	22
561 - 640	90
641 - 720	702
721 - 800	41
801 - 880	18
881 - 960	27
961 -1040	11
meer as 1040	45

IV. AFSTANDSVERVAL VOLGENS PERSENTASIE BESOEKERS UIT DORPE

Uit die frekwensiediagramme, wat gebaseer is op getalle motors wat by die oorde aangedoen het, blyk deurgaans duidelik die effek van die P.W.V.-kompleks. Die invloed van so 'n groot stedelike konsentrasie van mense op die ontspanningspatroon is dus 'n faktor om mee rekening te hou wanneer sodanige oorde beplan sou word.

Aan die anderkant versteur dié hoë bywoningsyfers die afstand-  
vervalkurwes. Indien alle dorpe eweveel inwoners sou gehad het,  
verwag 'n mens dat die kurwe 'n eksponensiële verspreiding sou  
toon. Tén einde die verskil in grootte tussen stede en dorpe  
uit te skakel, is die getal besoekers dus uitgedruk as 'n per-  
sentasie van die totale stedelike Bantoebevolking van elke dorp  
of stad. Nadat hierdie gegewens gegroepeer was in terme van af-  
standsones vanaf Umgababa (tabel 6.7.) is dit op grafiek aange-  
bring (figuur 6.7).

TABEL 6.7


VERBAND TUSSEN AFSTAND EN GEMIDDELDE PERSENTASIE  
BESOEKERS TE UMGABABA

<u>AFSTAND</u> (km)	<u>BESOEKERS</u> (as % van totale stede- like bevolking)
0 - 80	23,8
81 - 160	7,0
161 - 240	1,6
241 - 320	2,1
301 - 400	1,9
401 - 480	1,1
481 - 560	0,6
561 - 640	0,2
641 - 720	0,2
721 - 800	0,6
801 - 880	0,2
881 - 960	0,2

FIGUUR 6.7

VERBAND TUSSEN PERSENTASIE BESOEKERS EN AFSTAND NA UMGABABA


- PERSENTASIE BESOEKERS TEENoor AFSTAND



FIGUUR 6.8

VERBAND TUSSEN PERSENTASIE BESOEKERS EN AFSTAND NA UMGABABA

- LOG VAN PERSENTASIE BESOEKERS TEENoor AFSTAND




Hieruit blyk duidelik die eksponensiële verspreiding wat daar bestaan t.o.v. besoekersgetalle en afstand. Ten einde 'n regressielyn te verkry, is die persentasie besoekers op die Y-as as logaritmes gestip (figuur 6.8). Die vergelyking  $\log Y = 0,9864 - 0,0020 X$  blyk dus 'n bevredigende oplossing t.o.v. persentasiebywoning tot afstand te wees in soverre as wat dit die Bantoe se besoeke aan hierdie ontwikkelde ontspanningsoorde betref.

Volgens die grafiek op figuur 6.7 is daar 'n baie stadige afname in die persentasie van bywoning met toename in afstand bo 150 km. Ter wille van meer detail is die afstande verder as 150 km afsonderlik op 'n vergrote skaal op die Y-as gestip. (Kyk figuur 6.9). Hiervolgens toon die persentasiebesoeke aan dorpe verder as 350 km, volgens die visueel geïnterpoleerde stippellyn, 'n relatiewe skerp daling wat voortduur tot oor die 550 km. Hierna het afstand blykbaar baie weinig invloed op persentasiebywoning.

Samevattend kan t.o.v. figuur 6.7 en tabel 6.7 gemeld word dat die algemene dagafstandsone blykbaar tot ongeveer 80 km strek. Tot hier besoek 23,8% van die stedelike bevolking nog die oorde waarna dit skerp daal tot 7,0% vir 'n afstand van 160 km.

FIGUUR 6.9

VERBAND TUSSEN AFSTAND EN PERSENTASIE BESOEKE VIR DORPE  
VERDER AS 150 KM VANAF UMGABABA





Die maksimum dagafstand strek waarskynlik tot ongeveer 120 km. Volgens tabel 6.7 vind daar nā ongeveer 560 km nie verdere noemenswaardige daling in die persentasie besoekers plaas nie. (Kyk ook stippellyn figuur 6.9).

Vanaf 550 km is afstand dus nie meer so 'n belangrike faktor nie en daal die persentasie besoekers tot minder as 0,5. Hierdie bevinding word verklaar, en is in ooreenstemming met, Abler e.a. (1, p.218) as hulle sê: "If the friction of distance varies in logarithmic fashion away from the home origin, then the daily commuting distance would be perceived as a greater obstacle to movement than an extra three hundred kilometers when an extended vacation trip is planned."

#### V. SAMEVATTING VAN DIE GEGEWENS

'n Oorsig van die literatuurbronne dui daarop dat oorsese standarde 'n gemiddelde daguitstappie van nagenoeg 60 km as gemiddelde afstand neem. Gegewens vir die Suid-Afrikaanse Bantoe dui op 50 km vir gewone ontspanningsuitstappies (figuur 6.1) maar tussen 80 en 120 km vir spesiale aantreklikhede (figuur 6.7).

'n Benaderde samevatting van die oorsese literatuur dui daarop dat naweekbesoekers nie verder as gemiddeld 220 km ry nie. 'n Samevatting van figuur 6.1, die A.B.S.-busdiens se hoofkantoorgegewens en vraelysontledings het laat blyk dat die Bantoe gemiddeld nie verder as 140 km vanaf die stede

vir naweekuitstappies sal ry nie. In gevalle waar daar spesiale aantreklikhede is, moet dit verkieslik nie verder as 220 km vanaf die stede wees nie (wat terloops ooreenstem met oorsese navorsingsresultate) en maksimaal ongeveer 550 km. Volgens tabel 6.3 besoek baie min Bantoes Manyeleti van dorpe verder as 550 km.

Ten opsigte van die vakansiesone kan geen definitiewe maatstaf neergelê word nie. Volgens beskikbare gegewens t.o.v. die Bantoe strek die vakansiesone tot ongeveer 800 km (A.B.S.-busdiens ongeveer 750 km; Umgababa-besoekers (figuur 6.7) ongeveer 960 km en Manyeleti-besoekers (tabel 6.3) ongeveer 640 km teenoor Clawson en Knetsch (17) se oorsese maatstaf van 600 tot 1 000 km.

Oorsese bronne dui dus op ietwat langer afstande as dié van die Bantoe ten opsigte van gewone uitstappies, wat verklaar kan word deur die feit dat by die oorsese berekeninge besoeke aan relatief volop spesiaal-aantreklike oorde ingesluit sal wees, terwyl dit by die Bantoe nie kan wees nie omdat sodanige ontwikkelde oorde op twee na nie bestaan nie. Die groter afstande in oorsese literatuur vermeld, weerspieël ook waarskynlik 'n groter mate van ekonomiese welvaart en 'n groter persentasie gesinsmotorbesit. Terwyl die huidige gemiddelde afstand vir naweekbesoekers by die Bantoe dus ongeveer 140 km is, kan verwag word dat dit in die toekoms nader aan die oorsese afstand van ongeveer 220 km sal neig. Met die oog op beplanning in die nabye toemoms kan die naweeksone vir die suid-

Afrikaanse Bantoe dus op 200 km en die dagsone op 55 km vanaf die groter stede gestel word.

TABEL 6.8

GEMIDDELDE AFSTANDE WAT DEUR DIE BANTOE AFGELê WORD  
NA PLEKKE VAN ONTSPANNING

Bron	Daguitstappie	Naweekuitstappie	Vakansie
(a) <u>Normale Ontspanninguitstappies</u>			
African Bus Service	50 km (maks.)	104 km (gem.) 200 km (maks.)	422 km (gem.) 750 km (maks.)
A.B.S. hoofkantoor	-	145 km (gem.)	
Vraelysopname	-	163 km (gem.)	
(b) <u>Uitstappies na Spesiale aantreklikhede</u>			
Z.C.C. besoekers		236 km (gem.)	
Umgababa besoekers	80 km (gem.) 120 km (maks.)	145 km (gem.) 550 km (maks.)	960 km
Manyeleti besoekers	*	280 km (gem.) 550 km (maks.)	640 km

\* te min dagbesoekers vir ontleding.

HOOFSTUK SEWEFASILITEITE AS MAATSTAF VIR DIE VESTIGING VAN  
BUITELUGONTSPANNINGSOORDEI. BESTAANDE ONTSPANNINGSFASILITEITE AS MAATSTAF VIR  
VESTIGING VAN BUITELUGONTSPANNINGSOORDEA. DIE ROL VAN ONTSPANNINGSFASILITEITE

Bestaande fasiliteite kan vanselfsprekend 'n beperking plaas op die sukses van die vestiging van verdere fasiliteite van dieselfde aard. Indien daar reeds voldoende fasiliteite vir 'n sekere ontspanningstipe bestaan, wil dit egter nie sê dat verdere oorde wat op ander ontspanningstipes konsentreer, nie sal floreer nie. Inteendeel, diversiteit is 'n hoogs belangrike faktor in die populariteit van 'n gebied wat hom toespits op buitelogontspanning.

Dit is bekend dat die aanbod in 'n baie groot mate die oënskynlike vraag bepaal.<sup>†</sup> Sodra daar byvoorbeeld hengelfasiliteite in 'n sekere omgewing voorsien sou word, sal daar dadelik 'n groep wees wat sal gaan visvang alhoewel hulle andersins waarskynlik nooit so 'n moontlikheid sou oorweeg het nie. By die bepaling van die ontspanningsbehoefte van die Bantoe is die beperkte fasiliteite juis 'n probleem, omdat hulle dikwels nie kennis dra van die aard van sommige van die aktiwiteite nie. Daar kan dus verwag word dat daar, met die voorsiening van meer ontspanningsgeriewe mettertyd 'n verandering in die patroon van buitelogontspanning by die Bantoe kan plaasvind.

---

<sup>†</sup>"supply very often creates a demand" (12, p.68)

## B. RUIMTE BENODIG VIR BUITELUGONTSPANNINGSAKTIWITEITE

Ten einde vas te stel of daar behoefte bestaan aan ontspanningsfasiliteite is nie maklik nie, en om die werklike omvang van die behoefte te bepaal is nog moeiliker. Ten aanvang moet die persentasie mense wat byvoorbeeld wil swem en die verwagte getal besoekersdae per jaar aan swemplekke in die lig van die eenheidsoppervlakte water per swemmer benodig, ontleed word. Eers daarna sal 'n inventaris van bestaande fasiliteite kan aantoon of daar 'n behoefte aan nog meer bestaan.

Tabel 7.1 bevat 'n opsomming van sodanige berekeninge. As uitgangspunt is geneem die standaard vermeld deur die Bureau of Outdoor Recreation<sup>(356)</sup>, wat daarna aangepas is vir die Bantoe na aanleiding van resultate verkry uit die navorsing, (tabel 3.41). Dit is nodig om daarop te wys dat hierdie standaard hoogs tentatief is en dat daar groot variasies bestaan tussen dit wat die verskillende bronne as ideaal neem. As voorbeeld van die bewerkinge kan piekniek geneem word. Volgens die vraelysopname het omtrent 36% van die Bantoes piekniek as een van hul eerste drie keuses gestel, sodat omtrent 360 gesinne uit elke 1 000 inwoners as potensiële piekniekmakers gereken kan word. Dit sou teen 24 tafels per hektaar<sup>1)</sup> en 5,7 persone per huisgesin<sup>2)</sup> neerkom op 2,9 hektaar per 1 000 van die bevolking.

---

1) Tabel 7.1.

2) Volgens die Buro vir Marknavorsing se opnames(294/5).

TABEL 7.1

BUITELUGONTSPANNING RUIMTESTANDAARDE

	Relatiewe ruimte benodig per 1000 stedelinge		Absolute ruimte benodig per deelnemer <sup>x</sup>
	<u>1970</u>	<u>2000</u>	
<u>Bootry</u>	5 ha	5,2 ha	1 ha/boot
<u>Swem</u> <sup>xx</sup>			
(i) oewerlengte	100 m <sup>2</sup>	127 m	,5 m/swemmer
(ii) wateroppervlakte	2010 m <sup>2</sup> (,2 ha)	2550 m <sup>2</sup> (,25 ha)	10 m <sup>2</sup> /swemmer
<u>Hengel</u> <sup>xxx</sup>			
(i) per boot	-	-	1 ha/boot
(ii) oewer	-	-	8 hengelaars/km
<u>Jag</u>			
Kleinwild	47 ha	63 ha	3 ha/jagter
<u>Kampeer</u>	1,2 ha	1,8 ha	17 groepe/ha
<u>Piekniek</u>	2,6 ha	2,9 ha	24 tafels/ha
<u>Stap</u>			
("nature trails")	18 km	24 km	8 persone/km
<u>Perdry</u>			
("Horse trails")	9 km	7,5 km	2 perde/km
<u>Natuurreservate</u>	57 ha	135 ha	0,6 ha/persoon

<sup>x</sup> gemiddeldes verkry deur die samevatting van standarde deur 135 beplanningsliggame soos verskyn in B.O.R.-verslag, 1972 (356)

<sup>xx</sup> Uitgeslote die see en munisipale swembaddens.

<sup>xxx</sup> Die vraelys het nie onderskeid getref tussen boot- en oewerhengel nie.

C. BESTAANDE ONTSPANNINGSFASILITEITE VIR DIE BANTOE  
IN SUID-AFRIKA

Om 'n inventaris van alle buiteligontspanningsfasiliteite vir Bantoes in Suid-Afrika saam te stel, het 'n byna onmoontlike taak geblyk te wees. Dit is moontlik dat daar nog heelparty kleinere oorde soos piekniekplekke bestaan wat nie opgespoor kon word nie.

Die volledige inventaris verskyn as addendum VI hierby aangeheg. Die informasie verskyn ook in gekarteerde vorm op figuur 7.1. Daar dien vermeld te word dat die Bantoes toegang het tot baie ander ontspanningsplekke soos natuurreservate, wat vir alle volksgroepe oop is maar wat nie hier aangetoon word nie, omrede daar in sulke gevalle nie fasiliteite vir hulle aangebring was ten tye van die ondersoek nie.


II. PAD- EN SPOORVERBINDINGE AS FASILITEITE VIR BUITELUGONTSPANNING

Met die vestiging van ontspanningsoorde is, net soos in die geval van die vestiging van nywerhede, 'n goeie verbindingstelsel tussen die mark (stede) en die hulpbron (ontspanningsterrein) van groot belang.

Die gehalte van die padverbinding is ook van belang. Van der Merwe (395) het aangetoon dat ontspanningsoorde in die P.W.V.-gebied wat met 'n teerpad bereikbaar is, meer besoekers trek as soortgelyke oorde wat nader aan die stede is maar wat grondpaaie as toegange het.

Daar moet egter ook opgelet word dat 'n digte padnetwerk binne die ontspanningsarea nie altyd te verwelkom is nie. Sekere

VAKANSIEORDE, ONTSPANNINGSPLEKKE EN AKKOMODASIE VIR BANTOES





aktiwiteite soos perdry, jag, stap en kampeer sal belemmer word indien daar 'n te digte padnetwerk bestaan.

In onlangse jare het die privaat gesinsmotor so algemeen in besit gekom van die meeste mense in die geïndustrialiseerde westerse lande dat die trein nie meer so 'n belangrike rol as vervoermiddel speel in buiteligontspanningsuitstappies nie. Law (160 p.384) het bv. in 'n opname in Engeland bevind dat 95% van die persone wat 'n ontspanningsuitstappie onderneem, van die gesinsmotor as vervoermiddel gebruik maak. Daarenteen het die vraelysontledings getoon dat 38,7% van die stedelike Bantoe in Suid-Afrika nog gebruik maak van die trein as ver- naamste vervoermiddel tydens naweekuitstappies. In die huidige stadium sal die voorsiening van spoorverbindings tussen die groot Bantoebevolkingskonsentrasies van die Witwatersrand, Pretoria en Durban belangrik wees in die ontwikkeling van gebiede met ontspanningspotensiaal. Mettertyd kan verwag word dat die gesinsmotor ook 'n baie belangrike vervoermiddel van die Bantoe sal word en daarmee saam sal die belangrikheid van geteerde paaie ook toeneem.

### III. ARBEID EN KRAG

By die oprigting van buiteligontspanningsoorde is krag beslis nie so 'n deurslaggewende faktor soos by die plasing van industriële aanlegte nie, en dit benodig ook baie minder arbeid. Alhoewel mense nodig is kan 'n té hoë landelike digtheid van bewoning, soortgelyk aan die effek van padnetwerke, 'n hindernis vir sekere tipes buiteligontspanning wees. T.o.v. die landelike

bevolkingsdigtheid sal daar eintlik eers in die werklike beplanningstadium van spesifieke oorde meer aandag aan gegee moet word.

#### IV. OWERHEDE

Die rol wat owerhede speel is van besonder groot belang in die lokalisering van nywerhede. In hierdie verband kan maar net gedink word aan die invloed van die beleid van desentralisasie van nywerhede wat in Suid-Afrika en baie lande van die wêreld gevolg word.

Ten opsigte van buitelugontspanning bestaan daar nog nie in dieselfde mate wetgewing nie. Die wetgewing in Engeland wat daarop gemik is om sogenaamde "groen gordels" om die stede te bewaar, is egter 'n voorbeeld van die waarde van wetgewing m.b.t. buitelugontspanning. Alhoewel daar nog min wetgewing bestaan wat te doen het met buitelugontspanning in die tuislande, is daar heelwat wette wat dit direk of indirek beïnvloed. So byvoorbeeld is die desentralisering van nywerheidskerne, die proklammering van grond vir bosbou en grondbewaringsdistrikte en natuurreservate, asook die bou van damme en plasing van hoofstede, voorbeelde van regeringsbesluite wat invloed uitoefen op buitelugontspanning.

AFDELING C

IMPLEMENTERING VAN DIE MAATSTAWWE VIR DIE BEPALING  
VAN IDEALE LIGGINGS VIR DIE VERSKILLENDE  
BUITELUGONTSPANNINGSAKTIWITEITE

## HOOFSTUK AGT

### BEPALING VAN DIE LIGGING VAN PRIORITEITSGBIEDE

In Afdeling A is 'n poging aangewend om vas te stel wat die aard van die buiteligontspanningsbehoefte by die stedelike Bantoe is. Hierna is in Afdeling B gepoog om te bepaal watter elemente van die natuurlike en kulturele omgewing benodig word vir die beplanning van buiteligontspanningsfasiliteite. Hierdie maatstawwe is ook in 'n skema gegiet waardeur dit moontlik gemaak word om verskillende gebiede met mekaar te vergelyk in terme van hul potensiële waarde vir verskillende ontspanningsaktiwiteite. Dié vraag ontstaan nou of hierdie kulturele en natuurlike hulpbronne binne die tuislandgrense bestaan, maar nog meer, of hulle in so 'n mate gunstig geleë is dat dit benut kan word.


#### I. LIGGING VAN DIE GROOT STEDE VAN DIE TOEKOMS

In Hoofstuk Drie is aangetoon dat die grootste vraag na buiteligontspanning sy ontstaan by die bewoners van groot stede het. Om hierdie fokuspunte van die grootste aanvraag na buiteligontspanning vir die Bantoe te bepaal, is die stedelike bevolkingsgroei dus ook in Hoofstuk Drie nagegaan en projeksies gedoen vir die jaar 2000. In figuur 8.1 word die ligging van die sewe stedelike komplekse wat onderskeidelik meer as 'n half- en meer as een miljoen inwoners sal hê, aangetoon.

#### II. IMPLEMENTERING VAN AFSTANDSONES

In Hoofstuk Ses is bevind dat daar 'n gemiddelde afstand is waarbo relatief min mense vir die beoefening van hul ontspanning, sal ry. Vir daguitstappies is dié sone op 55 km vasgestel en vir

LIGGING VAN BANTOESTEDE



SLEUTEL :

STEDE MET MEER AS 1 MILJOEN INWONERS

- 1. JOHANNESBURG
- 2. UMTATA
- 3. ULUNDI

STEDE MET MEER AS ½ MILJOEN INWONERS

- 4. PRETORIA
- 5. LEBOAKGOMO
- 6. HEYSTEKRAND
- 7. DURBAN

KLEINER STEDE

- 8. NEW BRIGHTONKOMPLEKS
- 9. MADANTSANE-ZWELITSHA
- 10. VEREENIGING
- 11. MADADENI
- 12. HAMMARSDALE
- 13. NKOWAKOWA
- 14. SIBASA
- 15. SCHOEMANSDAL
- 16. PHUTHADITJHABA

INWONERSTAL IN DIE JAAR 2000

- MEER AS 1 MILJOEN
- MEER AS ½ MILJOEN
- KLEINER STEDE

naweke op 200 km. Strale van 55 en 200 km onderskeidelik sal egter onrealistiese groot sones op die kaart afbaken omdat die werklike padafstande wat die persone na die ontspanningsplekke moet ry, heelwat langer is as wat die direkte afstande op 'n kaart sou gee. Die verhouding tussen padlengte en direkte afstand is dus vasgestel deur hierdie verhouding ten opsigte van sommige stede onderling in Suid-Afrika uit te werk (tabel 8.1).

TABEL 8.1

VERHOUDING VAN PADAFSTANDE EN DIREKTE  
AFSTAND IN SUID-AFRIKA

Stede	Direkte afstand km	Padafstand (km)	Verhouding
Kaapstad na Pretoria	1290	1509	1:1,1
Johannesburg na Durban	491	641	1:1,3
Kaapstad na Durban	1254	1694	1:1,3
Port Elizabeth na Bloemfontein	526	689	1:1,3
Kaapstad na Kimberley	824	982	1:1,1
Kimberley na Port Elizabeth	570	785	1:1,3
Gemiddeld			1:1,2

Hiervolgens is bevind dat die algemene verhouding van direkte verbinding tot padafstand 1:1,2 is. As die padafstand vir die dagsone 55 km is, sal dit dus op die kaart deur 'n sirkel van 46 km voorgestel word. Insgelyks sal die naweeksone (padafstand 200 km) op kaart deur 'n straal van 167 km voorgestel word.

Alhoewel die meerderheid mense nie verder sal ry as bovermelde afstande nie, is dit wel waar dat, indien daar oorde met spesiale aantrekkingskrag opgerig word, dit nog tot op omtrent 550 km (dit is 'n straal van 458 km) ekonomies benutbaar behoort

te wees. Sulke oorde moet egter berus op buitengewone natuurlike hulpbronne soos byvoorbeeld die see, 'n binnelandse meer, of een of ander uitsonderlike natuurverskynsel.

Al die Bantoetuislande is onderling bereikbaar in terme van die afstand wat mense bereid sal wees om tydens vakansies te ry. Indien aandag dus aanvanklik aan die dag- en veral die naweeksone bestee word, kan dit gedurende vakansietye terselfdertyd as vakansie-aantreklikheid vir verdergeleë stedelinge dien.

Prioriteitsones vir die plasing van geriewe vir buitelogontspanning is dus dié sones met 'n straal van ongeveer 170 km om die drie groot stedelike komplekse van Johannesburg (wat 'n bevolking van 2,5 miljoen sal hê), Ulundi (1,3 miljoen) en Umtata (1,3 miljoen). Daar is egter vier ander groot stedelike sentrums wat in die jaar 2000 meer as 'n halfmiljoen mense sal huisves. Hierdie stede is Leboakgomo (0,5 miljoen), Heystekrand (0,6 miljoen), die Pretoriagebied (0,6 miljoen) en die Durbangebied (0,6 miljoen). Die naweeksone van hierdie stede oorvleuel gedeeltelik dié van genoemde drie groot stede met meer as een miljoen inwoners. Hierdie oorvleuelingsone kan as primêre prioriteitsones beskou word omdat hulle tegelykertyd twee of meer stede kan bedien. Figuur 8.2 is 'n poging om die ligging van hierdie prioriteitsones visueel voor te stel.


Die grense van die tuislande<sup>+</sup> is ook op hierdie kaart aangebring en hiervolgens is dit duidelik dat daar drie gebiede is wat gunstig geleë is met betrekking tot afstand vanaf die stede. Hierdie

---

<sup>+</sup>Volgens die konsolidasievoorstelle soos op Junie 1973.

FIGUUR 8.2

NAWEEKSONES VANAF STEDE WAT IN DIE JAAR 2000 MEER AS 'N  
HALFMILJOEN INWONERS SAL HÊ





gebiede is die oostelike Bophuthatswana, sentrale Kwa Zulu, en suidelike Kwa Zulu en noordelike Transkei.<sup>+</sup> Omdat swem + gewildste ontspanningsaktiwiteit by die Bantoe is en besoeke aan see-oorde baie populêr is, moet voorts 'n vierde prioriteitsone vasgestel word, t.w. die kuslyne van die Transkei en Kwa Zulu in hul geheel.

---

<sup>+</sup>Ter wille van bondigheid word verderaan na hierdie gebied verwys as die Kwa Zulu-Transkeigebied.

## HOOFSTUK NEGE

### IMPLEMENTERING VAN DIE MAATSTAWWE IN DIE BINNELANDSE PRIORITEITSGBIEDE

#### I. KARTERING VAN DIE MAATSTAWWE

As volgende stap is gepoog om die maatstawwe wat in Afdeling B ontleed is, toe te pas op genoemde vier prioriteitsones ten einde te bepaal waar die beste lokaliteite vir al die verskillende ontspanningstipes is.

In tabel 5.1 is buiteligontspanningsaktiwiteite geklassifiseer in natuurskoon-, natuurgebied-, en watergeoriënteerde tipes. Gebiede van besondere natuurskoon besit dus die potensiaal om te dien as bv. ideale piekniekooorde terwyl uitgestrekte onbewoonde gebiede weer hulself leen tot 'n aktiwiteit soos bv. jag. Swem, bootry, en visvang is weer uiteraard aangewys op wateroppervlaktes. As eerste stap is dus gepoog om die prioriteitsgebiede volgens hierdie drie maatstawwe in te deel.

#### A. Natuurskoongebiede

Soos in Hoofstuk Vyf uiteengesit, word die komponente waaruit natuurskoon bestaan, beskou as synde topografie, plantegroei en wateroppervlaktes.

##### 1. Topografie

Ten einde die bydrae van topografie vas te stel, is die verkerwingsindekse, soos in Hoofstuk Vyf ontleed, op elk van die prioriteitsgebiede toegepas. Die werksmetode het bestaan uit die indeling van die gebiede in 'n ruitnet van 10 x 10 km. Hierdie ruitnet is oorgedra

na 1/50 000 topografiese kaartvelle van die ooreenstemmende gebiede. Binne elkeen van hierdie 100 km<sup>2</sup> is die verkerwingsindeks bepaal en n.a.v. tabel 5.2 herlei na die ooreenstemmende beladingsfaktore. Die indekswaardes vir elke 100 km<sup>2</sup> verskyn op figuur 9.1.

## 2. Plantegroei


Die evaluering van die onderskeie plantegroeitipes t.o.v. hul bydrae tot natuurskoon (tabel 5.3) berus op 'n fisio-nomiese beskrywing daarvan. Daar bestaan egter nie 'n sodanige beskrywing van die plantegroei vir Suid-Afrika nie. Die enigste landswye plantegroei-beskrywings is dié van Acocks (338), Pole-Evans (337) en Adamson (2); en is floristies van aard. Die beskrywings van Pole-Evans en Adamson is baie veralgemeend en as sodanig nie bruikbaar vir hierdie studie nie. Acocks se plantegroeikaart (op 'n skaal van 1/1 500 000) is gedetailleerd genoeg in gebiede waar daar nie baie gebroke topografie voorkom nie; Vir die Tugela-gebied, waar sodanige gebroke topografie wel voorkom, kon Acocks se kaart op baie nuttige wyse aangevul word deur die plantegroei-beskrywing van Thorrington-Smith (73).

Afgesien van sy floristiese beskrywings, gee Acocks ook 'n bondige fisio-nomiese beskrywing van die meeste van die plantegemeenskappe. Daarby verwys hy ook na heelwat foto's in ander werke wat help om 'n duidelike beeld van die plantegroei te verkry. Onduidelikhede wat in enkele gevalle hierna nog bestaan het, is deur veldinspeksie opgeklaar.

FIGUUR 9.1

VERKERWING

BOPHUTHATSWANA




RUSTENBURG

BRITS

• WARMBAD

• PRETORIA

KWA ZULU



• BABANANGO


GREYTOWN

RICHARDSBAAI

• STANGER

DURBAN

TRANSKEI-KWA ZULU



KOKSTAD

HARDING

PORT SHEPSTONE

PORT EDWARD

SLEUTEL

INDEKS-  
WAARDES



- 1 RELIËFLOSE VLAKTES.
- 2 VLAKTES MET SAGTE RELIËF OF BERG-  
GEBIEDE.
- 3 GOLWENDE VLAKTES OF BERGAGTIGE  
TERREIN.
- 4 SAGGOLWENDE HEUWELLANDSKAP OF  
HEUWELLANDSKAP MET STERK RELIËF.
- 5 HEUWELLANDSKAP MET MATIGE RELIËF.

(INDEKSWAARDES N.A.V. TABEL 2.2).

TOPOGRAFIE



0 50 km



Oor groot dele het landbou-aktiwiteite reeds 'n merk-bare verandering aan die natuurlike plantegroei te-weegbring. Met behulp van die topografiese kaartvelle (1/50 000) is gepoog om naastenby 'n idee te kry in watter dele die natuurlike plantegroei nie meer die oorheersende bodembedekking uitmaak nie. Waar be-vind is dat landerye meer as 25% van die oppervlakte van 'n ruitnetblokkie uitmaak, is die natuurlike plante-groei-indekswaarde met een punt verminder. Omdat plan-tasies 'n gewig van 3 behoort te kry, is besluit om, wanneer dit meer as 25% van die oppervlakte van 'n blok-kie uitmaak, en die natuurlike plantegroeiwaarde minder as 3 is, die gewig daarvan met een punt te verhoog. Die indekswaardes s6 verkry, verskyn op figuur 9.2.


### 3. Oppervlakwater

Soos reeds genoem, val dit buite die bestek van hierdie studie om aspekte soos die slikinhoud, temperatuur, oewer-gesteldheid en diepte, vir al die individuele damme en riviere aan te dui. Gebiede wat volgens die Departement Waterwese as standhoudende stroomgebiede geklassifiseer is, is egter wel met 'n punt befrag teenoor gebiede waar stroomvloei nie standhoudend is nie. Waar meer as die helfte van 'n blokkie binne permanente vloei gebied ge-val het, is een punt toegeken en waar dit minder as die helfte uitmaak, is 'n halwe punt toegeken. In gevalle waar die blokkie glad nie in die permanente vloei gebied val nie, maar 'n standhoudende hoofstroom daardeur vloei, is een punt daaraan toegeken. Die resultate verskyn op figuur 9.3.


FIGUUR 9.2

PLANTEGROEI


BOPHUTHATSWANA



KWA ZULU





TRANSKEI-KWA ZULU



SLEUTEL

INDEKSWAARDES<sup>+</sup>

-  1
-  2
-  3

<sup>+</sup>(NA AANLEIDING VAN TABEL 5.3, IN AG GENOME DAT WAAR LANDERYE OF NEDERSETTINGS MEER AS 25% VAN DIE GRONDOPPERVLAKTE BEDEK, INDEKSWAARDES MET EEN PUNT VERMINDER IS)




0 50 km




FIGUUR 9,3

WATERVLOEI


BOPHUTHATSWANA



KWA ZULU






TRANSKEI-KWA ZULU



SLEUTEL

INDEKSWAARDES

	0,0
	0,5
	1,0



0 50 km



#### 4. Natuurskoon

Die som van die drie stelle indekswaardes gee dus 'n natuurskoonindekswaarde en dié verskyn op figuur 9.4. Toepassing op die drie prioriteitsgebiede het getoon dat natuurskoonindekswaardes nêrens 'n waarde van 9 oorskry nie. Nege kategorieë maak die interpretasie egter moeilik en lei eerder tot 'n situasie van verwarrende detail, sodat besluit is om natuurskoon in drie kategorieë te groepeer. Graad I-gebiede het hiervolgens natuurskoonindekswaardes van meer as 7; graad II het waardes van tussen 4 en 6 en graad III minder as 4. Graad I-natuurskoongegebiede is as geskik vir die beoefening van natuurskoongeoriënteerde ontspanningstipes beskou; graad II is slegs as bruikbaar beskou waar daar 'n gebrek aan graad I-lokaliteite bestaan, maar graad III-terreine is glad nie as geskik beskou vir hierdie ontspanningstipes nie.


Hierdie samevatting van die faktore gee 'n goeie aanduiding van watter mate van natuurskoon in die betrokke gebied te wagte kan wees. Hier dien egter weer op getel te word dat hierdie stelsel slegs kan dien as 'n siftingsmetode waardeur gebiede met waarskynlike hoë potensiaal geskei kan word van ongunstige gebiede. Voordat oorgegaan sal kan word tot beplanning, sal 'n gedetailleerde opname ter plaatse van al die hoëpotensiaalgebiede onderneem moet word.



FIGUUR 9.4


NATUURSKOON

BOPHUTHATSWANA



• WARMBAD

KWA ZULU



• BABANANGO


• GREYTOWN

RICHARDSBAAI

• STANGER

DURBAN

TRANSKEI-KWA ZULU



• KOKSTAD




HARDING

PORT SHEPSTONE

PORT EDWARD

• PRETORIA

SLEUTEL

INDEKS- WAARDES	KATEGORIEË	BESKRYWING
 1-3	III	GERING
 4-6	II	MATIG
 7-9	I	MOOI



0 50 km



## B. ONGESKONDE NATUURGEBIEDE

Digte landelike bewoning is nadelig vir alle buitelugontspanningstipes maar in sommige gevalle is selfs 'n lae bevolkingsdigtheid onaanvaarbaar - soos in die geval van wildreservate en in 'n mindere mate jaggebiede en selfs t.o.v. kampering.


Ongelukkig bestaan daar nie bevolkingsverspreidingskaarte vir Suid-Afrika gebaseer op resente sensusdata nie. Die 1/50 000 topografiese kaartvelle toon egter d.m.v. stippels die Bantoehutgroepe aan wat sigbaar is op lugfoto's. Hierdie kaartreeks word aktief hersien sodat dit 'n redelike korrekte beeld van die algemene bevolkingsverspreiding gee. Die getal inwoners per hutgroep wissel egter van streek tot streek en opnames om hierdie getalle te bepaal is reeds gedoen: Smit (393) onder die Venda en die Sèkhukuni; Dlomu (383) onder die Mamabolo-stam; Hattingh (386) in die Modjadji-lokasie; Schulze (216) in die Ciskei en Coertze (312) onder die Bafokeng van Bophuthatswana. Alhoewel hierdie navorsers se werk nie streng vergelykbaar is nie, het dit geblyk dat 'n gemiddelde landelike Bantoesin se grootte ongeveer 6,5 is.

In Hoofstuk Vyf is drie kategorieë van bevolkingsdigtheid voorgestel wat sinvol blyk te wees vir gebruik in hierdie studie. Graad I-gebiede sal 'n digtheid van minder as 0,25 persone per  $\text{km}^2$  hê, graad II 0,26 tot 3,9 en graad III 4,0 en meer, asook dié ruitvierkante waarbinne daar dorpe

FIGUUR 9,5


ONGESKONDENHEID

BOPHUTHATSWANA



• WARMBAD

KWA ZULU




• BABANANGO

GREYTOWN •

• STANGER

DURBAN

TRANSKEI-KWA ZULU



KOKSTAD •

HARDING

PORT SHEPSTONE

PORT EDWARD

SLEUTEL

KATEGORIEË	DIGTHEID VAN BEWONING (PER VK KM)
I	MINDER AS 0,25
II	0,26 TOT 3,9
III	4,0 EN MEER



0 50 km



voorkom. Die graad van ongeskondenheid van elke ruitnet-blok wat op hierdie wyse bepaal is, verskyn op figuur 9.5.

### C. DAMME EN RIVIERE

In Hoofstuk Vyf is aangevoer dat 'n dam ten minste 10 ha groot moet wees voordat dit ontwikkeling vir buitelogontspanning regverdig : veral as in ag geneem word dat die watervlak van die meeste damme gedurende droë periodes daal.<sup>+</sup> Pogings om gedetailleerde gegewens insake die grotere damme van die Bantoregeringsdienste te verkry, was nie suksesvol nie. Daar is dus slegs gebruik gemaak van beskikbare informasie deur die Departement Waterwese voorsien en inligting verkry vanaf die 1/50 000 topografiese kaartvelle.

Op figuur 9.6 verskyn die inligting t.o.v. volvoorraad oppervlakte ~~en oewerlengte~~ van die wateroppervlaktes van meer as 10 ha.

Soos in die geval van natuurskoon en bevolkingsdigthede, is dit noodsaaklik dat hierdie verskillende wateroppervlaktes geklassifiseer sal word. Soos in Hoofstuk Vyf uiteengesit, is graad I-tipe geneem as enige wateroppervlakte<sup>++</sup> van meer as 10 ha in grootte wat vry is van bilharzia-besmetting. Omdat swem so 'n gewilde aktiwiteit is, en 10 ha groot genoeg is om die ontwikkeling van 'n ontspanningsoord te regverdig, moet sodanige plekke as hoë-prioriteitsgebiede beskou word. Groot oppervlaktes (meer as 20 ha), maar wel besmet met bilharzia, is geskik vir


---

<sup>+</sup>10 ha bied ruimte vir ongeveer 8 kragbote of 8 vissersbote.

<sup>++</sup>Die wateroppervlakte van riviergedeeltes breër as 20 m is ook in berekening gebring.

FIGUUR 9.6

BINNELANDSE WATEROPPERVLAKTES



hengel of bootry, en veral vanweë die beperkte aantal groot wateroppervlaktes moet 'n redelike hoë prioriteit aan sulke plekke toegesê word met die oog op bootsport. Hulle is as graad II geklassifiseer. Alle ander bilharzia-besmette wateroppervlaktes tussen 10 en 20 ha vorm graad III-gebiede wat m.a.w. bruikbaar is slegs indien daar nie voldoende graad I- en graad II-gebiede bestaan nie. In gevalle waar daar meer as een besmette dam of rivier-gedeelte van meer as 10 ha in 'n bepaalde blokkie voorkom (m.a.w. waar die totale wateroppervlakte meer as 20 ha is) word dit ook as 'n graad II-gebied beskou (figuur 9.7).

Alhoewel die omtrek van die wateroppervlaktes nie gebruik is vir klassifikasiedoeleindes nie, word dit verderaan gebruik by die bepaling van getal hengelaars en swemmers wat geakkommodeer kan word.

#### D. ANDER MAATSTAWWE


##### 1. Padnetwerke

Die meeste ontspanningstipes sal baat vind by 'n goeie padverbindingstelsel, terwyl dit by ander as ongewens beskou word (byvoorbeeld jag en kampeer). As basis vir die berekening van die totale padlengte in elke ruitnetvierkant, is ook van die topografiese kaartvelle (1/50 000) gebruik gemaak. Hierdie padnetwerke word in tabel 9.1 ontleed. Die interval wat gebruik word vir die padnetwerkdigtheidsklasse is 5 km per 100 km<sup>2</sup>. Die getal vierkante (van 100 km<sup>2</sup> elk) wat voorkom in elk van hierdie digtheidsklasse word vir elke


FIGUUR 9.7

WATERÖPPERVLAKTES


BOPHUTHATSWANA



KWA ZULU



TRANSKEI-KWA ZULU



SLEUTEL

KATEGORIFÊ

-  GRAAD I
-  GRAAD II
-  GRAAD III



0 50 km



TABEL 9.1

FREKWENSIE RUITNETBLOKKE VOLGENS PADNETWERK-  
DIGTHEIDSKLASSE

Padnetwerk- digtheids- klasse (km/ 100 km <sup>2</sup> )	Frekwensie Ruitnetblokke				
	Sentraal Kwa Zulu	Kwa Zulu Transkei- gebied	Bophutha- swana	Gesament- like frek- wensie	Graad
0 - 5	6	0	1	7	III
6 - 10	4	0	3	7	
11 - 15	12	2	0	14	
16 - 20	10	3	3	16	II
21 - 25	11	4	3	18	
26 - 30	7	4	10	21	
31 - 35	6	4	10	20	
36 - 40	11	2	11	24	
41 - 45	7	4	6	17	
46 - 50	5	2	9	16	
51 - 55	1	1	6	8	I
56 - 60	0	0	8	8	
61 - 65	0	1	2	3	
66 - 70	0	1	1	2	
meer as 70	0	4	5	9	



'prioriteitsklas aangegee. In die daaropvolgende kolom verskyn die totale getal blokkies vir elke kategorie in die drie gebiede gesamentlik. Hierdie syfers word grafies op figuur 9.8 voorgestel.

Op grond hiervan is besluit om gebiede met 'n digtheid van meer as 50 km per 100 km<sup>2</sup> as graad I-gebiede te neem; dié met 'n digtheid van tussen 15 en 50 km per 100 km<sup>2</sup> as graad II en die res (minder as 15 km per 100 km<sup>2</sup>) as graad III. Die resultate verskyn in figuur 9.9.

## 2. Klimaat

In die beskouing oor die rol van klimaat as faktor, is in Hoofstuk Vyf bepaal dat dit slegs as belangrik beskou moet word wanneer dit uiterste tipes is, en wanneer twee gebiede andersins gelyke ontspanningspotensiaal het.

Daar is hoofsaaklik van die Köppen-klimaatsklassifikasie gebruik gemaak met addisionele berekening t.o.v. die verspreiding van reënval deur die jaar. Die ontledings is nie per 100 km<sup>2</sup> ruitnetstelsel gedoen nie maar vir elke prioriteitsgebied in hul geheel (figuur 9.10).

## 3. Gesondheidsfaktore

### (a) Bilharzia


Die voorkoms van bilharzia (figuur 9.11)<sup>+</sup> is 'n baie ernstige beperking in buiteligontspanning; juis omdat swem 'n gewilde ontspanningsaktiwiteit is en voorts omdat baie ander ontspanningsaktiwiteite

---

<sup>+</sup>Kaarte saamgestel m.b.v. inligting verskaf deur die Soölogie departement van die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.


FIGUUR 9.8

VERSPREIDING VAN PADNETWERKDIGTHEDE



FIGUUR 9.9

PADNETWERKDIGTHEDE



BOPHUTHATSWANA

\*NORTHAM

\* WARMBAD

KWA ZULU

\*BABANANGO

RICHARDSBAAI

RUSTENBURG

BRITS

\* PRETORIA

GREYTOWN

\* STANGER

DURBAN

TRANSKEI-KWA ZULU

SLEUTEL

KATEGORIEË

DIGTHEDE  
(KM PER 100 VK KM)



1

0 - 15



2

16 - 50



3

MEER AS 50

KOKSTAD

HARDING

PORT SHEPSTONE

PORT EDWARD





0 50 km




FIGUUR 9,10

KLIMAATSTREKE




- SLEUTEL
- BShw :WARM DROË KLIMAAT MET SOMERREËNS (STEPPE)
  - Cwa :GEMATIGDE KLIMAAT MET DROË WINTERS (WARMER TIPE)
  - Cwb :GEMATIGDE KLIMAAT MET DROË WINTERS (KOELER TIPE)
  - Cfwa :GEMATIGDE NAT KLIMAAT MET REËN DWARSDEUR DIE JAAR (WARMER TIPE)
  - Cfwb :GEMATIGDE NAT KLIMAAT MET REËN DWARSDEUR DIE JAAR (KOELER TIPE)



FIGUUR 9,11


VERSPREIDING VAN BILHARZIASLAKKE

BOPHUTHATSWANA



• WARMBAD

KWA ZULU



• BABANANGO


• GREYTOWN

• STANGER

• DURBAN

RICHARDSBAAI

TRANSKEI-KWA ZULU





• KOKSTAD

HARDING

PORT SHEPSTONE

PORT EDWARD

SLEUTEL

-  BESMET
-  ONBESMET



0 50 km



soos hengel en bootry direk afhanklik is van water en 'n mate van kontak daarmee onafwendbaar is. Baie ander ontspanningstipes soos piekniekmaak en kampeer word ook verkieslik by water beoefen sodat kontak daarmee dikwels plaasvind - hetsy deur swem, kinders wat in die water speel, drinkwater, e.d.m. Die feit dat bilharziaslakke gevind is binne sommige van die ruitnetblokke impliseer egter nie dat al die water in daardie gebied besmet is nie. Trouens, die voorkoms van slakke in sigself, alhoewel indikatief, dui ook nie noodwendig op besmetting nie.

(b) Malaria

Malaria is m.b.v. moderne mediese praktyke nie meer 'n belangrike beperkende faktor t.o.v. buiteligontspanning nie, maar moet nogtans in aanmerking geneem word. Die graad van risiko t.o.v. malaria verskyn in figuur 9.12.<sup>†</sup>


In die gebiede waar die malaria-risiko as "ernstig" aangedui word, kom dit sonder uitsondering as somerepidemie voor. Ernstige besmetting is waarskynlik tensy voorsorgmaatreëls getref word. Die kategorie "middelmatig" dui op somerepidemies elke jaar. 'n Ligter tipe malaria is waarskynlik as sorg nie gedra word nie. 'n "Geringe" risiko-gebied beteken dat malaria slegs af en toe epidemies voorkom. Dit kom sommige jare glad nie voor nie. Besmetting is onseker en is net in epidemiese jare waarskynlik.

---

<sup>†</sup>Malaria kom nie voor in die Kwa Zulu-Transkeigebied nie.

FIGUUR 9.12

VOORKOMS VAN MALARIA



## II. BESPREKING VAN DIE MAATSTAWWE

'n Oorsig van die voorkoms en verspreiding van hulpbronne en ander maatstawwe vir buitelugontspanning, dui op belangrike verskille tussen die drie gebiede onder bespreking. 'n Samevatting van hierdie verskille kan aantoon vir watter groepe ontspanningstipes elk van die drie gebiede by voorkeur aangewend kan word.

### A. Natuurskoon

#### 1. Topografie

In tabel 5.2 is aangetoon dat heuwellandskappe as ideale topografiese omgewings vir buitelugontspanning vir die Bantoe beskou kan word. Daar word ook volgens dié tabel puntewaardes van 4 en 5 daaraan toegeken, terwyl aan vlaktes en berge na gelang van omstandighede tussen 1 en 3 punte toegesê word.

In tabel 9.2 volg nou 'n samevatting van die topografie van die drie gebiede na aanleiding van hierdie gewigs- of indekswaardes.

TABEL 9.2

#### OPPERVLAKTE VOLGENS VERKERWINGSINDEKSWAARDES

Indeks- waardes	Landskaps- beskrywing (samevat- ting van tabel 5.2)	Sentrale Kwa Zulu		Kwa Zulu- Transkei- gebied		Oostelike Bophutha- tswana	
		A <sup>+</sup>	%	A	%	A	%
1.	Vlaktes	0	0	0	0	400	5,0
2.	en	0	0	0	0	3700	51,4
3.	Berge	800	7,9	100	2	1300	18,4
4.	Heuwelland- skappe	4800	47,0	3100	74	1500	20,2
5.		4600	45,1	1000	24	400	5,0

<sup>+</sup>Oppervlakte in km<sup>2</sup>



Uit tabel 9,2 blyk dit dat 45% van die Sentrale Kwa Zulugebied uit matige heuwellandskap, d.w.s. ideale topografie, bestaan, terwyl die Kwa Zulu-Transkeigebied oor 24% en Bophuthatswana oor 5% sodanige topografie beskik. Voorts bestaan die Sentrale Kwa Zulu en die Kwa Zulu-Transkeigebiede op tussen 2 en 7% ná uitsluitlik uit heuwellandskappe, terwyl 75% van die Bophuthatswanagebied vlaktes is.

## 2. Plantegroei

In tabel 5.3 word die gewigswaardes vir plantegroei gegee. Na aanpassings ten opsigte van landbou-aktiwiteite, is bevind dat gewigte vir plantegroei in die drie gebiede nêrens 'n puntewaarde van 3 oorskry nie. 'n Oorsig van die plantegroei-indekswaardes in die prioriteitsgebiede verskyn in tabel 9.3.

TABEL 9.3

### OPPERVLAKTE VOLGENS PLANTEGROEI-INDEKSWAARDES

Indeks- waarde	Sentrale Kwa Zulu		Kwa Zulu- Transkei- gebied		Bophutha- tswana	
	A <sup>+</sup>	%	A	%	A	%
1.	2200	20,9	1500	38,4	200	2,7
2.	6000	57,1	1500	38,4	2600	35,1
3.	2300	22,0	900	23,2	4600	62,2
+ in km <sup>2</sup>						

Dit blyk dat die Bophuthatswanagebied oor heelwat meer aantreklike plantegroei beskik as die Kwa Zulugebiede. Hierdie ietwat onverwagte resultaat kan daaraan toegeskryf word dat daar in Bophuthatswana in 35% van die gevalle gevind is dat landbou meer as 'n kwart van die oppervlakte van ruitnetvierkante beslaan, terwyl dit in die Sentraal Kwa Zulugebied 53% en in Kwa Zulu-Transkeigebied 59% be-loop. In Bophuthatswana is daar dus relatief min gevalle waar die bestaande natuurlike plantegroei-indekswaarde verminder moes word. Die grootste deel van Bophuthatswana bestaan uit savanna-veld wat volgens tabel 5.3 'n gewig van 3 het. Die Kwa Zulugebiede word oor groot dele bedek deur gras met immergroen kloofbosse. Omdat die gras egter die oorheersende plantegroeitipe is, kan volgens tabel 5.3, slegs 2 punte daaraan toegeken word.

### 3. Water

Terwyl daar in Bophuthatswana geen standhoudende riviere voorkom nie, bestaan 45% van die Sentrale Kwa Zulugebied en 30% van die Kwa Zulu-Transkeigebied uit gebiede wat permanente riviervloei het. Daarby is die hele Tugelarivier asook die Umvoti- en Umgeniriviere in Sentraal Kwa Zulu in soverre as wat hulle in die Bantoegebiede voorkom, standhoudend. In die Kwa Zulu-Transkeigebied is die hoofstrome van die Umzinkulu en Umtamvuna ook standhoudend.

### 4. Natuurskoon

In 'n vorige hoofstuk is dit gestel dat natuurskoonindekswaardes van 1 tot 9 wissel en dat dit in drie klasse

saamgegroeper word. In Tabel 9.4 word hierdie klasse of kategorieë ontleed in terme van die oppervlakte wat daardeur beslaan word.


TABEL 9.4

OPPERVLAKTE PER NATUURSKOONKATEGORIE

Indeks waarde		Oppervlakte (km <sup>2</sup> )			Persentasie		
		Sentraal Kwa Zulu	Kwa Zulu Transkei	Bophutha-tswana	Sentraal Kwa Zulu	Kwa Zulu Trauskei	Bophutha-tswana
1.	III	0	0	0	0,0	0,0	0,0
2.		0	0	0	0,0	0,0	0,0
3.		0	0	300	0,0	0,0	4,0
sub-totaal		(0)	(0)	(300)	(0,0)	(0,0)	(4,0)
4.	II	0	0	2000	0,0	0,0	26,6
5.		400	1000	2200	3,8	23,7	29,3
6.		2500	1100	1400	23,8	26,3	18,6
sub-totaal		(2900)	(2100)	(5600)	(27,6)	(50,0)	(74,5)
7.	I	4700	1200	1200	44,9	28,7	16,0
8.		2400	700	400	22,8	16,6	5,5
9.		500	200	0	4,7	4,7	0,0
sub-totaal		(7600)	(2100)	(1600)	(72,4)	(50,0)	(21,5)
TOTAAL		10500	4200	7500	100,0	100,0	100,0

FIGUUR 9.13

VERGELYKING TUSSEN PRIORITEITSGBIEDE VOLGENS  
PERSENTASIE OPPERVLAKTE IN ELKE  
NATUURSKOONKATEGORIE



Hierdie gegewens word grafies in figuur 9.13 weergegee. Uit hierdie grafiek en tabel 9.4 blyk dit dat die Sentrale Kwa Zulugebied die grootste natuurskoonpotensiaal het (72% van hierdie gebied se oppervlakte val in die graad I-klas). Die Kwa Zulu-Transkeigebied beskik oor 50% graad I- en 50% graad II-gebied. In Bophuthatswana is daar 21% van die oppervlakte wat as graad I-natuurskoon geklassifiseer is.

Die Kwa Zulugebiede behoort hul dus uitstekend te leen tot ontspanningsaktiwiteite soos motorritte, piekniekmaak, perdry, stap en kampeer, mits sekere aanvullende maatstawwe (soos byvoorbeeld 'n goeie padstelsel vir motorritte) ook in orde bevind sou word.

#### B. GRAAD VAN ONGESKONDENHEID

In tabel 9.5 verskyn 'n samevatting van die persentasieverspreiding van die onderskeie bevolkingsdigtheidskategorieë in die drie gebiede.<sup>+</sup>

---

<sup>+</sup>Volgens Hoofstuk 5 is klas I-gebiede die ideale deurdad daar minder as 0,25 persone per  $\text{km}^2$  voorkom, en klas III met meer as 4,0 persone per  $\text{km}^2$  die minste geskik vir buiteligontspanning.

TABEL 9.5

OPPERVLAKTE VOLGENS BEVOLKINGSDIGTHEIDSKATEGORIEË

Digtheids- kategorieë	Sentraal Kwa Zulu	Kwa Zulu Transkei- gebied	Bophutha- tswana
	(persentasie)		
I.	0	0	6
II.	4,0	4,4	41
III.	96,0	95,6	53

In Sentraal Kwa Zulu en Kwa Zulu-Transkeigebied is die bevolkingsdigtheid byna deurgaans (96% van die oppervlakte) meer as 4 per km<sup>2</sup>, terwyl in die Bophuthatswanagebied 53% van die oppervlakte sō dig bewoon word. Dit is dus duidelik dat die Sentraal Kwa Zulu en Kwa Zulu-Transkeigebied nie baie geskik sal wees vir jag en die daarstelling van wildreservate nie, omdat die beoefening van hierdie ontspanningsaktiwiteite belemmer word deur die aanwesigheid van hoë landelike bevolkingsdigthede. Die hoë bevolkingsdigthede sal ongetwyfeld ook t.o.v. ander aktiwiteite soos kampeer, piekniek, stap en perdry 'n negatiewe uitwerking hê. Die voordeel wat Sentraal Kwa Zulu en Kwa Zulu-Transkeigebied dus het t.o.v. natuurskoon, word in 'n mate geneutraliseer deur die hoë landelike bevolkingsdigtheid.

C. WATEROPPERVLAKTES

Tabel 9.6 gee 'n opsomming van die bestaande damme en hul volvoorraaddimensies.

TABEL 9.6

VOLVOORRAADDIMENSIES VAN DAMME BINNE DIE  
PRIORITEITSGEBIEDE

Prioriteits- gebied	Naam en ligging	Opper- vlakke (ha)	Omtrek (km)
Sentrale Kwa Zulu	Nkwaleni (28°52'S/31°26'0)	10 <sup>+</sup>	3 <sup>+</sup>
	Nagel (29°35'S/30°37'0)	152	9 <sup>+</sup>
	Mpangeni (28°48'S/31°50'0)	62 <sup>+</sup>	7 <sup>+</sup>
	Mangeza (28°50'S/31°50'0)	12 <sup>+</sup>	4 <sup>+</sup>
	Cubhu (28°50'S/31°58'0)	250 <sup>+</sup>	10 <sup>+</sup>
	Mdlangu (28°56'S/31°50'0)	10 <sup>+</sup>	3 <sup>+</sup>
Kwa Zulu-Transkei	(geen)		
Bophuthatswana- gebied	Moswafole (25°04'S/27°03')	36 <sup>+</sup>	2,5 <sup>+</sup>
	Klipvoordam (25°07'S/27°48'0)	758	-
	Bospoortdam (25°34'S/27°20'0)	337	-
	Bierspruit (24°54'S/27°09'0)	179	-
	Nooitgedacht (25°31'S/28°01'0)	36 <sup>+</sup>	5 <sup>+</sup>
	Anonieme damme:-		
	25°01'S/26°53'0	12 <sup>+</sup>	2,5 <sup>+</sup>
25°00'S/26°58'0	22 <sup>+</sup>	2,5 <sup>+</sup>	
25°20'S/28°09'0	16 <sup>+</sup>	4,5 <sup>+</sup>	

<sup>+</sup> Hierdie syfers berus op kartografiese metings en moet as tentatief beskou word.

Volgens figuur 9.11, wat die verspreiding van bilharziaslakke aantoon, is 82% van die Sentraal Kwa Zulugebied, 53% van die Bophuthatswanagebied en 47% van die Kwa Zulu-Transkeigebied besmet. In Bophuthatswana is daar drie damme wat onbesmet is, maar geeneen in die ander twee gebiede nie.

Die Kwa Zulu- en Kwa Zulu-Transkeigebiede beskik oor breë standhoudende riviere. So is omtrent 100 km van die Tugela binne die Sentraal Kwa Zulugebied byvoorbeeld breed genoeg vir vir die beoefening van bootsport. In die Kwa Zulu-Transkeigebied blyk die Umzimkulu oor 'n afstand van 40 km die potensiaal vir bootsport te hê, asook die monding van die Umtanvuna vir 7 km stroomop.<sup>†</sup>

#### D. ANDER MAATSTAWWE

##### 1. Pad- en Spoorverbindings

Padnetwerkdigtheid word in tabel 9.1 geklassifiseer in drie kategorieë. In tabel 9.7 verskyn 'n samevatting van die voorkoms van elk van hierdie drie kategorieë in die onderskeie prioriteitsgebiede.

TABEL 9.7

#### OPPERVLAKTE VOLGENS PADNETWERKDIGTHEIDSKATEGORIEË

Kategorieë	Sentraal Kwa Zulu	Kwa Zulu Transkei- gebied	Bophutha- tswana
	(persentasie)		
I. Meer as 50 km/ 100 km <sup>2</sup>	1,2	21,9	28,2
II. 16 - 50 km/ 100 km <sup>2</sup>	71,3	71,9	66,6
III. minder as 15 km/ 100 km <sup>2</sup>	27,5	6,2	5,2

<sup>†</sup>Kartografiese metings.



Daar bestaan 'n opvallende ooreenkoms tussen die Bophuthatswana- en Kwa Zulu-Transkeigebiede t.o.v. padnetwerkdigthede, terwyl die Kwa Zulugebied merkbaar laer padnetwerkdigthede het.

Op die topografiese kaartvelle (1/50 000) word o.a. 'n onderskeid gemaak tussen nasionale, hoof-, sekondêre, en ander paaie. Inspeksie van die jongste padkaart van die AA-motor-toerklub van Suid-Afrika het getoon dat hierdie nasionale en hoofpaaie deurgaans geteer is, terwyl die sekondêre en ander paaie gewoonlik gruisoppervlaktes het. 'n Ontleding van die drie prioriteitsgebiede het getoon dat, t.o.v. die totale lengte geteerde paaie daar nie baie verskil tussen die drie gebiede is nie.

**TABEL 9.8**

**VOORKOMS VAN GETEERDE PAAIE**

	Sentraal Kwa Zulu	Kwa Zulu- Transkei- gebied	Bophutha- tswana
% blokke met ge- teerde pad	20%	50%	26%
Totale lengte ge- teerde pad (km)	166	200	169
Totale oppervlakte van die gebied (km <sup>2</sup> )	9600	4400	9000

Die Kwa Zulu-Transkeigebied het egter persentasiegewys 'n baie digter geteerde padnetwerk as die ander gebiede. Die goeie geteerde padnetwerk en die hoë natuurskoonindekswaardes van die Kwa Zulu-Transkeigebied, is twee baie belangrike vereistes vir

die oprigting van ontspanningsoorde.

Al drie gebiede is met teerpaaië verbind met die betrokke stede wat hulle moet bedien.

Volgens tabel 2.5 is treine tans nog die vernaamste vervoermiddel van die Bantoe. Dit is dus belangrik om te let op die spoorwegfasiliteite in die drie gebiede.

Heystekrand, wat in die middel van die Bophuthatswana-prioriteitsgebied lê, is per spoor met Pretoria en Johannesburg verbind. Die reistyd tussen Soweto en Heystekrand is agt-en-'n-half uur. Leboakgomo sal ook mettertyd met die Pretoria-Messina spoorlyn verbind word.

Die Sentraal Kwa Zulugebied is deur Tugela en Stanger, direk per spoor verbind met Durban. Die reistyd van Durban na Stanger is twee uur. Die Kwa Zulu-Transkeigebied is van Durban tot by Port Shepstone (reistyd drie uur) per spoor verbind en daarvandaan loop 'n padmotordiens tot op Harding wat in die middel van die prioriteitsgebied lê.

## 2. Klimaat (figuur 9.10)

Die Sentraal Kwa Zulu en Kwa Zulu-Transkeigebiede toon 'n sterk ooreenkoms ten opsigte van die Köppen-klimaatsklassifikasie. Albei gebiede lê geheel en al in die gematigde C-tipe klimaat.<sup>†</sup> Naby die kus is hierdie klimaatstreke natter as na die binneland. Die Kwa Zulu-Transkeigebied kry byna deurgaans reën dwarsdeur die jaar (C f-klimaatstipe) en dit is slegs die heel noordwestelike deel van omtrent 600 km<sup>2</sup> wat droeë winters het (Cw-tipe). In Kwa Zulu is byna die helfte van die gebied ook van

---

<sup>†</sup>Vir 'n beskrywing van Köppen-simbole, word leser na figuur 9.10 verwys.

die Cf-tipe terwyl die binnelandse gedeeltes van 5700 km<sup>2</sup> ook 'n Cw-klimaat het.

Bophuthatswana se klimaat is droër (BS-tipe) maar grens in elk geval ook aan die Cw-tipe van die Pretoria-omgewing.

Reënval is deurgaans beperk tot die somer;

Die Effektiewe Temperature (figuur 5.5) toon dat die Kwa Zulu-Transkei- en Bophuthstswanagebiede gematigde temperatuurstoelstande ondervind. Die Effektiewe Temperature wissel tussen 24 en 27<sup>0</sup>C. Volgens ontledings in Hoofstuk Vyf (tabel 5.9) word dit as "gemaklik warm" geklassifiseer. Die Sentraal Kwa Zulugebied lê egter binne die Effektiewe Temperature sone van meer as 27<sup>0</sup> wat as "warm" beskou word. Voorts het ondervinding geleer dat die Durban-omgewing se klimaat nie onaanneemlik is vir buitelugontspanning nie. Die prioriteitsone van die Sentraal Kwa Zulugebied lê nêrens verder as 50 km vanaf Durban nie en is dus ook relatief naby aan die "gemaklik warm"/"warm"-grens van 26<sup>0</sup>C Effektiewe Temperature.

Daar kom dus in nie een van die drie prioriteitsgebiede uiterste klimaattipes voor wat buitelugontspanning kan verhinder nie. Die enigste beperking van betekenis sal waarskynlik op mikro-straal in die valleie van Sentraal Kwa Zulu (veral in die Tugela-vallei) gevind word. Reënval is 'n faktor waarmee rekening gehou sal moet word in die Cf-klimaattipes.

Neerslag kan hier soms langdurig van aard wees. In die Sentrale Kwa Zulugebied is bereken dat reën in hierdie klimaatstreek op gemiddeld 92 dae per jaar uitsak en in die ooreenstemmende klimaatstreek van die Kwa Zulu-Transkeigebied,

op 100 dae per jaar.

Die Cw-gebiede, waar die neerslag hoofsaaklik in die somer voorkom, is die frekwensie reëndae minder en wel 80 in die Sentraal Kwa Zulu teenoor 78 in die Kwa Zulu-Transkei-gebied.

Die Tswana-tuisland met sy warm droë klimaat kry neerslag byna uitsluitlik in die somer en wel in die vorm van kortstondige donderbuie. Die gemiddelde aantal dae met reën hier is 52. Die Bophuthatswanagebied het dus blykbaar, in terme van temperatuur en reënval, die gunstigste klimaat vir buitelugontspanning.

### 3. Gesondheidsfaktore (Figure 9.11 en 9.12)

Die verspreiding van bilharzia is reeds bespreek. Malaria kom wel in Bophuthatswana en veral in Sentraal Kwa Zulu voor maar is afwesig in die Kwa Zulu-Transkeigebied. Gebiede waar hierdie faktor deeglik in ag geneem sal moet word is die Tugela-vallei wat andersins 'n hoë ontspanningspotensiaal het.

## HOOFSTUK TIEN

### BEPALING VAN DIE PRIORITEITSLIGGING VIR DIE ONDERSKEIE

#### BUITELUGONTSPANNINGSAKTIWITEITE

#### I. ONTLEDING VAN DIE ONDERSKEIE BUITELUGONTSPANNINGS- AKTIWITEITE

'n Verdeling van die landskap in natuurskoon-, onges<sup>k</sup>onde, en waterryke gebiede, bied slegs 'n breër raamwerk vir die verdeling van groepe ontspanningstipes. Daar is dus gepoog om die analise ook meer spesifiek te maak deur tabel 5.1 aan verdere ontleding te onderwerp ten einde meer spesifiek die natuurlike hul<sup>f</sup>bronne en fasiliteite wat vir elke ontspanningstipe benodig word, asook dit wat dit belemmer, te bepaal.

#### A. BYKOMENDE BEHOEFTES VIR NATUURSKOONGEORIËNTEERDE ONTSPANNINGSTIPES

Vir piekniekmaak is dit, afgesien van 'n mooi natuurskoonomgewing, ook belangrik dat die fasiliteite binne die dagafstand-sone vanaf die stad sal wees. Dit moet ook verkieslik in 'n waterryke omgewing met baie bome wees. Bome en water is hier belangriker aspekte van natuurskoon as die topografie.

Vir kampeer is 'n baie ylbewoonde gebied verkieslik.

Vir stap moet die omgewing verkieslik 'n ylbewerkte landelike gebied wees met 'n padnetwerk van matige tot lae digtheid.

Bestaande tersiêre paadjies of spoorlyne in onbruik wat omgeskep kan word in wandelpaadjies, sal 'n aanwinst wees.

Perdry sal ook bevorder word deur 'n ylbewerkte landelike gebied met 'n padnetwerk van matige tot lae digtheid. Die

terrein moet ook nie bergagtig wees nie.

Vir motorritte word 'n sekondêre- en hoofpadnetwerk van matig tot hoë digtheid benodig.

Fietsry moet liefers binne 'n padafstand van 30 km vanaf stede beoefen kan word. Redelik goeie sekondêre paaie op taamlik gelyk terrein is bevorderlik.

**B. BYKOMENDE BEHOEFTE VIR NATUURGEORIËNTEERDE  
ONTSPANNINGSTIPES**

Vir 'n jaggebied is 'n padnetwerk van lae digtheid wenslik.

Vir besoeke aan natuurreservate is 'n sekondêre padnetwerk van hoë digtheid noodsaaklik.

**C. BYKOMENDE BEHOEFTE VIR WATERGEORIËNTEERDE  
ONTSPANNINGSTIPES**

Om te swem is bilharzia-vrye water noodsaaklik. 'n Warm sonnige klimaat sal tot gevolg hê dat die fasiliteite dwarsdeur die jaar gebruik kan word. Ter wille van openbare opinie moet swemplekke verkieslik nie in drinkwaterreservoirs voorsien word nie.

Hengel benodig 'n rivier of dam met 'n min of meer konstante watervoorraad. Vanweë die gespesialiseerde aard van hierdie ontspanningstipe, benodig dit gedetailleerde opnames insake aspekte soos byvoorbeeld watertemperature, slikinhoud, graad van besoedeling, fisiografiese kenmerke van die riviere, suurstofinhoud en voedselvoorrade.

Vir bootry word 'n groot dam of breë rivier met konstante watervoorraad, wat verkieslik nie 'n drinkwaterreservoir is nie, benodig.

## II. ONTSPANNINGSKOMBINASIES

Daar is baie ontspanningstipes wat, alhoewel hulle dieselfde hulpbronne benodig en dus in soortgelyke omgewings beoefen kan word, tog botsende belange het. 'n Voorbeeld is hengel teenoor motorbootsport. Aan die anderkant is daar weer aktiwiteite wat mekaar so goed aanvul dat hulle soms aksiomatiese kombinasies vorm. So bv. gaan piekniekmaak normalerwys altyd saam met 'n motorrit. Ander kombinasies soos kampeer met swem, stap, en perdry, is minder vanselfsprekend maar nietemin sterk aanvullend. Derdens is daar weer baie kombinasies van aktiwiteite wat nie normaalweg tydens 'n uitstappie onderneem word nie, maar waarvan die hulpbronnevereistes sō sterk ooreenstem dat dit vir verskillende groepe moontlik is om al hierdie aktiwiteite gelyktydig in dieselfde omgewing te beoefen, sonder dat botsende belange opduik. Voorbeelde is kampeer en piekniekmaak asook perdry en stap.

In tabel 10.1 is 'n samevatting van hierdie aanvullende, versoenbare en botsende kombinasies. In die eerste kolom teenoor elk van die ontspanningstipes verskyn diē aktiwiteite wat dikwels in kombinasie daarmee beoefen word. Hulle kan as baie sterk aanvullend beskou word. In die tweede kolom verskyn teenoor elke ontspanningsaktiwiteit diē aktiwiteite wat wel deur verskillende groepe mense gelyktydig in dieselfde omgewing beoefen kán word - m.a.w. daar is nie botsende belange t.o.v. die beoefening van die aktiwiteite nie. Aktiwiteite uit hierdie kolom kán egter ook waardevolle aanvullende ontspanningstipes vorm soos in die eerste voorbeeld blyk :

TABEL 10.1

EVALUERING VAN KOMBINASIES VAN BUITELUG-  
ONTSPANNINGSAKTIWITEITE

Ontspannings- aktiwiteite	Kombinerende aktiwiteite	Versoenbare en/of aanvullende aktiwiteite	Botsende aktiwiteite
piekniek	motorrit	swem stap kampeer perdry hengel roeibote	jag
swem		piekniek jag perdry motorrit stap kampeer	besoeke aan natuurreservaat hengel motorboot
kampeer	stap  swem jag hengel perdry bootry	piekniek	besoeke aan natuurreservaat
besoeke aan natuurreservaat	motorrit	perdry bootry	jag swem kampeer hengel
jag	kampeer  swem perdry hengel stap		besoeke aan natuurreservaat motorrit piekniek



(Tabel 10.1 vervolg)

Ontspannings- aktiwiteite	Kombinerende aktiwiteite	Versoembare en/of aanvullende aktiwiteite	Botsende aktiwiteite
Motorrit	piekniek natuurreservaat	swem	jag perdry
hengel	piekniek	kampeer jag roeiboot  perdry stap	swem motorboot besoeke aan natuurreservaat
boot (motor)		piekniek	swem hengel
perdry		jag hengel besoek aan natuurreser- vaat kampeer swem piekniek stap	motorritte
stap		piekniek swem kampeer besoek aan natuurreser- vaat hengel bootry perdry	motorrit

swem is nie net 'n versoenbare aktiwiteit met piekniekmaak nie, maar vorm ook 'n goeie kombinasie daarmee.

In die derde kolom word slegs dié kombinasies teenoor elke aktiwiteit genoem wat sodanige botsende belange het dat daar nie in een en dieselfde gebied vir beide beplan behoort te word nie. In sommige gevalle soos jag en wildreservate is die botsing duidelik en direk van aard; by ander soos perdry en motorritte is dit minder sō. Hier is dit bv. meer 'n kwessie dat 'n gebied vir motorritte verkieslik 'n netwerk van goeie paaie moet hê terwyl dit perdry sal bemoeilik.

Hierdie ietwat uitvoerige bespreking is nodig ten einde aan te toon dat tabel 10.1 geen absolute maatstaf is nie. Indien bv. in 'n bepaalde natuurreservaat grootwild en roofdiere beskerm word, dan is besoeke daaraan nie versoenbaar met piekniekmaak nie, terwyl piekniekmaak 'n goeie kombinasie vorm met besoeke aan natuurreservate vir die bewaring van kleinwild, voëls en plante.

### III. BEPALING VAN POTENSIËLE TERREINE VIR ELKE ONTSPANNINGS-AKTIWITEIT IN DIE BINNELANDSE PRIORITEITSGBIEDE

#### A. Toekenning van die Terreine

Om te bepaal vir watter ontspanningstipes die verskillende gebiede geskik is, moes die gegewens van figure 9.1 tot 9.12 tesame met die uitbreiding van tabel 5.1 (soos beskryf aan die begin van Hoofstuk 10) ontleed word. Die voorafgaande ontleding t.o.v. botsende en aanvullende belange van die verskillende aktiwiteite moes egter ook in ag geneem word. In gevalle waar die terrein vir twee of meer aktiwiteite met botsende belange geskik bevind is, is as leidraad geneem die

Bantoe se voorkeurlys van ontspanningstipes soos in Hoofstuk Drie beskryf. So is damme byvoorbeeld, waar enigsins moontlik, aan swem toegesê en nie aan bootry of hengel nie, want laasgenoemde aktiwiteite is minder gewild.


Soos uiteengesit, kan ontspanningstipes in drie breë groepe verdeel word n.a.v. die tipe natuurlike omgewing wat daarvoor benodig word: t.w. natuurskoon-, water- en natuurgebiedgeoriënteerde ontspanningstipes. Ten einde opeenhoping en verwarring te vermy, word 'n afsonderlike kaart vir elk van hierdie groepe ontspanningstipes gegee. (Kyk figure 10.1, 10.2 en 10.3).

Enkele opmerkings ter verduideliking is nodig.

Die verskillende ontspanningstipes word met lettersimbole aangedui ("A", ontspanning by die see; "B", piekniekmaak, ens.). Die toekenning van lettersimbole aan ontspanningstipes is, in ooreenstemming met die rangorde soos in Hoofstuk Drie bepaal, soos volg:

- A : ontspan by die see
- B : piekniekmaak
- C : swem (binnelands)
- D : stap
- E : kampeer
- F : besoek aan natuurreservaat
- G : jag
- H : motorrit
- I : hengel
- J : bootry
- K : fietsry
- L : perdry

KWA ZULU



FIGUUR 10.1(A)

NATUURSKOON-  
GEORIËNTEERDE ONTSPANNINGSTIPES

SLEUTEL

- B : PIEKNIK
- E : KAMPEER
- K : FIETSRY
- D : STAP
- H : MOTORRITTE
- L : PERDRY


B = HOË POTENSIAAL . B2 = MATIGE POTENSIAAL . B3 = BRUIKBAAR .

50 km

TRANSKEI-KWA ZULU

FIGUUR 10.1 (B)

NATUURSKOONGEORIENTEERDE ONTSPANNINGSTIPES



SLEUTEL

- |             |                |
|-------------|----------------|
| B : PIEKNIK | D : STAP       |
| E : KAMPEER | H : MOTORRITTE |
| K : FIETSRY | L : PERDRY     |

0 50 km


FIGUUR 10,1 (C)

BOPHUTHATSWANA

NATUURSKOONGEORIËNTEERDE ONTSPANNINGSTIPES

WARMBAD


NORTHAM



SLEUTEL

- B : PIEKNIK
- D : STAP
- E : KAMPEER
- H : MOTORRITTE
- K : FIETSRY
- L : PERDRY

RUSTENBURG



BRITS

PRETORIA



KWA ZULU

BABANANGO

G2

G2

RICHARDSBAAI

GREYTOWN

STANGER

FIGUUR 10.2 (A)

NATUURGEBIEDGEORIËNTEERDE

ONTSPANNINGSTIPES


SLEUTEL

F : BESOEKE AAN NATUURRESERVAAT

G : JAG




0 50 km



FIGUUR 10.2 (B)

TRANSKEI-KWA ZULU

NATUURGEBIEDGEORIËNTEERDE ONTSPANNINGSTIPES







# NATURGEBIEDGEORIËNTEERDE ONTSPANNINGSTIPES

BOPHUTHATSWANA

WARMBAD

NORTHAM



SLEUTEL

- F NATUURRESERVATE
- G JAG


RUSTENBURG

BRITS

PRETORIA



KWA ZULU



FIGUUR 10.3 (A)

WATERGEORIËNTEERDE  
ONTSPANNINGSTIPES

SLEUTEL


- J BOOTRY
- C SWEM (BINNELANDS)
- A SWEM (SEE)
- I HENGEL

50 km

FIGUUR 10.3 (B)

TRANSKEI-KWA ZULU

WATERGEORIËNTEERDE ONTSPANNINGSTIPES




FIGUUR 10.3 (C)

WATERGEORIËNTEERDE ONTSPANNINGSTIPES


BOPHUTHATSWANA

WARMBAD



SLEUTEL

- J BOOTRY
- C SWEM (BINNELANDS)
- A SWEM (SEE)
- I HENGEL



Daar is ook gepoog om graadverskille ten opsigte van die bruikbaarheid van die omgewings vir die bepaalde ontspanningstipe aan te toon. 'n Gebied wat ideaal is vir piekniekmaak is as "B" gemerk (bv. 'n eersteklas-natuurskoonomgewing binne die dagafstandsones vanaf die stad); 'n gebied geskik maar nie ideaal nie (bv. 'n eersteklas natuurskoonomgewing kort buite die dagsone), word as "B2" aangedui en 'n nog minder geskikte omgewing maar wat nietemin bruikbaar is, as "B3". Graad 2-, en veral graad 3-gebiede is slegs uitgemerk vir ontspanning waar daar min ideale gebiede is.

Ten opsigte van hengel moet vermeld word dat so baie detail-informasie nodig is t.o.v. elke tipe vis dat toesegging van wateroppervlaktes aan hengel meer gespesialiseerde natuurkundige aandag sal benodig.<sup>+</sup>

Damme en riviere wat nie besmet is met bilharzia nie kan gedurende die somer vir swem gebruik word en in die winter vir hengel of bootsport. Sulke gevalle is soos volg aangedui: bv. "C/J<sub>2</sub>".

Dit kan egter moontlik wees dat al drie aktiwiteite in alle seisoene beoefen kan word by sommige damme, mits die watertemperatuur geskik sou wees en die wateroppervlakte so groot dat botsende belange nie voorkom nie.

---

<sup>+</sup>Kyk bv. Du Plessis en Le Roux (120).

## B. ONTSPANNINGSTREKE


Terwyl figure 10.1, 10.2 en 10.3 ten doel het die aantoon van die spesifieke ligging vir die onderskeie ontspanningstipes, sou mens graag wou bepaal watter omgewings, in die algemeen gesproke, die grootste potensiaal het vir ontwikkeling as ontspanningstreke. Ten einde dit te bepaal is figuur 10.4 geskakeer in terme van die aantal ontspanningsaktiwiteite waarvoor elke omgewing by uitstek geskik bevind is. Hieruit blyk die volgende:

In die algemeen gesproke het die Sentrale Kwa Zulugebied verreweg die grootste ontspanningspotensiaal van die drie prioriteitsgebiede. Dit is hier veral die sentrale, en in 'n mindere mate die suidelike helfte wat 'n hoë potensiaal bied. Watergeoriënteerde ontspanningstipes kan wydverspreid in die sentrale sone beoefen word. Hierdie omgewing is ook baie geskik vir natuurskoongeoriënteerde ontspanningstipes waaronder veral stap, perdry en motorritte. Die gedeeltes langs die kus is toegesê aan swem, bootry en hengel, maar die suidelike van hierdie twee gedeeltes is ook 'n omgewing van hoë natuurskoonpotensiaal, sodat ook veral stap en perdry hier beoefen kan word.

Vanweë hoë landelike bevolkingsdigthede is daar baie min potensiaal vir jag, natuurresevate of kampeer binne die Sentrale Kwa Zulugebied. Omdat Ulundi en die Durbanse Bantoedorpe onderskeidelik noord en suid van die prioriteitsgebied geleë is, is slegs die noordelike en suidelike gedeeltes geskik vir aktiwiteite soos piekniekmaak en fietsry, wat onderskeidelik binne die naweek- en dagafstandsones moet geskied.

FIGUUR 10.4

ALGEMENE ONTSPANNINGSTREKE (GRAAD 1 GEBIEDE)



Die Kwa Zulu-Transkeigebied het 'n algemeen laer potensiaal vir buiteligontspanning as die ander gebiede. Die noordwestelike uithoek het egter potensiaal vir natuurskoongeoriënteerde ontspanningstipes soos kampeer, stap, perdry en motorritte. Daar is ook moontlikhede vir die voorsiening van jaggeriewe maar die potensiaal daarvoor is nie baie groot nie.

Tussen hierdie omgewing en Port Edward is daar 'n aaneengeslote strook wat geskik is vir motorritte, terwyl die Port Edwardomgewing self hom verder leen tot stap, perdry en watergeoriënteerde ontspanningstipes in die monding van die Umtamvunarivier en in die see.

Die Kwa Zulu-Transkeigebied se ontspanningspotensiaal lê dus veral opgesluit in sy natuurskoon. Die Umzinkulurivier, direk noord van die prioriteitsgebied, kan beskou word as 'n belangrike aanvulling tot die voorsiening van watergeoriënteerde ontspanningstipes vir die inwoners van Umlazi.

Die grootste druk t.o.v. die vraag na buiteligontspanning kan beslis in die Bophuthatswanagebied verwag word, omdat dit die grootste bevolkingskonsentrasies sal moet voorsien van ontspanning en ook omdat dit min omgewings met 'n hoë natuurskoonpotensiaal het. Daar is veral een streek wat 'n hoë ontspanningspotensiaal het, t.w. die Pilansberggebied wat by uitstek geskik is vir ontspanningstipes wat aangewys is op natuurskoon. Die feit dat dit binne die dagsone vanaf Heystekrand lê, maak dit 'n gebied wat met beplanning aan buiteligontspanning toegesê behoort te word.



Wes en oos van Pilansberg is kleiner natuurskoongebiede asook in die Bospoortdam- en Britsomgewings. Die Witfonteinrandgebied lê ongelukkig te ver om as prioriteitsgebied beplan te word maar kan in die toekoms ook aandag geniet.

Die Klipvoordamomgewing - waar daar reeds 'n begin gemaak is met die skepping van ontspanningsgeriewe - het potensiaal vir watergeoriënteerde ontspanningstipes (veral bootry) asook vir perdry, stap en kampeer. Daarby is dit die enigste groot gebied ( $\pm 500 \text{ km}^2$ ) wat veral vanweë lae bevolkingsdigthede, potensiaal het vir die daarstelling van jaggeriewe. Die grootste gedeelte van hierdie omgewing kon ook aan motorritte toegesê gewees het, maar juis omdat Bophuthatswana die enigste gebied is wat geskikte gebiede vir jag en kampeer het, behoort dit op die voorgestelde wyse benut te word.

Wes van Heystekrand, asook in 'n mindere mate wes van Pilansberg, is die omgewings geskik vir wildreservate. Aangesien dit die enigste omgewings in enige van die drie prioriteitsgebiede is vir sodanige ontspanning, behoort besondere prioriteit hieraan gegee te word.

#### IV. POTENSIAALBEPALING VAN DIE KUS-PRIORITEITSGEBIED (DIE KUS VAN KWA ZULU EN DIE TRANSKEI)

Volgens tabel 3.41 is daar tans sowat 38% van die Bantoe wat besoeke aan die see as een van hul drie mees gesogte ontspanningsaktiwiteite beskou. Hierdie persentasie behoort, in ooreenstemming met die algemene sosio-ekonomiese ontwikkeling

van die Bantoe, in die toekoms baie te verhoog. Soos aangetoon, het meer as 60% van die ryker en meer ontwikkelde Bantoes besoeke aan die see as een van hul drie mees gesogde ontspanningsaktiwiteite beskou.

#### A. KUSTE VAN DIE BANTOETUISLANDE

##### 1. Kuste binne die grense van die binnelandse prioriteitsgebiede

- (a) Daar is twee gebiede van die Sentrale Kwa Zulu-gebied wat aan die see grens. Die een is 'n strook kus van ongeveer 30 km ten suide van Richardsbaai en die ander ongeveer 70 km geleë ten ooste van Amatikulu.
- (b) Die Kwa Zulu-Transkeigebied grens aan die see by Port Edward en ten suide hiervan is 20 km kuslyn wat in die Transkei val.

##### 2. Kuste binne die dagafstandsones vanaf die Bantoestede

Die Umnini-trustgrond - geleë ongeveer 35 km suid van Durban - grens aan die see. Hierdie kus strek vir byna 10 km tussen Umkomaas en Isipingo en is binne die dagsone vanaf Kwa Mashu, Pinetown en Umlazi en ongeveer 70 km vanaf Hammarsdale. Volgens berekeninge in Hoofstuk Drie, sal daar binne die dagafstand van hierdie kusgedeelte dus byna 750 000 stedelike Bantoes woonagtig wees in die jaar 2000.

##### 3. Kuste binne die Naweekafstandsones van die Stede

- (a) Die sogenaamde Wildekus van die Transkei is 'n relatief onontwikkelde kusstrook wat vanaf die monding van die Groot Keirivier vir ongeveer

300 km noordwaarts strek. Dit is, in terme van afstand, in sy geheel binne naweek-bereik van Umtata met sy verwagte 1 miljoen inwoners in die jaar 2000. Op sy naaste punt is die kus slegs ongeveer 70 km vanaf Umtata.

- (b) Die kus noord van Sordwanabaai wat oor 'n afstand van 85 km tot aan die Mozambiekgrens strek, vorm deel van die Kwa Zulu grondgebied. Die suidelikste punt van hierdie kusstrook is omtrent 190 km vanaf Ulundi en dus 20 km buite die berekende normale naweeksone. See-oorde kan egter as spesiale aantreklikhede beskou word met die gevolg dat hierdie kusgedeelte, alhoewel nie ideaal geleë nie, tog benutbaar is in terme van naweekbesoekers.

## B. POTENSIAALBEPALING VAN KUSTE

Die potensiaal van 'n see-oord lê veral opgesluit in die geskiktheid van die see vir swem, die tipe en grootte van die strand, die hengelpotensiaal, die klimaat en geriewe (toegange, akkommodasie, ens.).

### 1. Swempotensiaal

In 1965 het die Stads- en Streeksbeplanningskommissie van Natal 'n opname ter plaatse gedoen om die potensiaal van die strandsone tussen Durban en die Tugela-monding te bepaal. Ná hierdie opname berig hulle o.a. dat:

"...it became clear that it was impossible to assess the suitability of beaches for swimming without a far more thorough investigation over a long period." (353 p.72).

As voorbeeld van die navorsing benodig, haal hulle breedvoerig aan uit 'n navorsingsverslag van die W.N.N.R. Hieruit is dit duidelik dat die bepaling van die swempotensiaal van die see so baie tyd en uitgawes sal vereis dat dit op die huidige tydstip beter sal wees om eers bestaande (en dus bekende) veilige swemplekke te ontwikkel.

## 2. Tipe en Grootte van die Strand

In Hoofstuk Vyf is beskrywe hoe daar d.m.v. 'n kleurskyfieondersoek vasgestel is dat die Bantoe sandstrande verkies bō enige vorm van rotsagtigheid of klipperigheid. Hierbenewens is ook op dieselfde wyse bepaal dat groot ruim strande meer gewild is as klein beskutte inhamme. Figure 10.5, 10.6, 10.7 en 10.8 toon vir sover as wat die skaal dit toelaat, die voorkoms van rotsagtige en sandstrande van al die kusgedeeltes in die tuislande.

## 3. Hengelpotensiaal


Soos in die geval van die bepaling van die swempotensiaal van die see, val dit buite die bestek van hierdie ondersoek om die kwaliteit van die gebiede vir hengel te bepaal. Die Natalse kus is egter 'n bekende hengelgebied (kyk bv. Pistorius (353, p.73)), en die Wildekus van die Transkei is insgelyks al as 'n "fisherman's paradise" (377, p.8) beskryf. Geleentheid tot hengel bestaan dus wydverspreid langs hierdie kuste.

## 4. Klimaat

Die klimaatontledings wat reeds gedoen is, het aangetoon dat die oostelike dele van Suid-Afrika gematigde klimaatomstandighede het en dat dit dus geskik is vir die


FIGUUR 10.5

MAPUTALANDKUS



FIGUUR 10.8

TRANSKEIKUS




- SLEUTEL
- SANDSTRANDE
  - + ROTSKUSTE
  - ROTS/SAND AFWISSELEND
  - { LAGUNES EN BREE RIVIERMONDINGS
  - NEDERSETTINGS

SKAAL 1:1 MILJOEN

FIGUUR 10.7

UMNINI TRUSTGEBIED



SLEUTEL

- HOOFFPAD
- SEKONDERE PAD

- TREINSPoor
- RIVIERE EN DAMME



SKAAL 1:50 000

ontwikkeling van ontspanningsoorde. Die populariteit van bestaande Blanke oorde aan die kus by bv. Oos-Londen, Port St. Johns en die Natalse Suid- en Noordkus, toon in ieder geval aan dat dit met sukses gedoen kan word. Figuur 5.5 toon aan dat die Effektiewe Temperatuur van die Transkeikus weinig warmer is as die ideale vir die Bantoe.

Die kusgedeeltes van Kwa Zulu (die Umnini-strand, die gedeeltes suid van Richardsbaai en dié noord van Sordwanabaai) is vir enkele dae in die jaar warm (tussen 26,6 en 27,8°C E.T.) maar die hitte is nie van so 'n aard dat dit die oprigting van oorde enigszins uitskakel nie.

##### 5. Bestaande geriewe

Die kus van noord-Kwa Zulu (Maputaland) (figuur 10.5) bestaan uit uitgestrekte reguit sandstrande wat byna reëlmatig onderbreek word deur rotspunte. 'n Kenmerk van die kuslyn is die baie moerasse en enkele groot mere, byname Mgobezeleni-, Sibayi- en Kosimeer. Paaie is van 'n swak gehalte maar toegang tot die strand kan op ten minste ses plekke verkry word. Dit is egter nog 'n onontwikkelde streek met twee baie groot plantasies (Mbazwana en Mangengwenya) wat moontlik vir buiteligontspanning benut kan word.

Die kusgedeelte suid van Richardsbaai (figuur 10.6A) bestaan uit 'n smal strandsone met hoë kusduine. Die hoofpad vanaf Durban is op sy naaste punt 12 km vanaf



die kus en die spoorlyn 3 km. Die suidelike helfte van die gebied is redelik goed bedien met sekondêre paaie.

Die kusstrook oos van Amatikulu (figuur 10.6B) het 'n breë laagliggende strandsone met sandstrande en enkele breë strandmere wat gevorm word deur die toevoering van die riviermonde. Die strand is gemiddeld 7 km vanaf die hoofpad na Durban en 12 km vanaf die spoorlyn.

Die mees ontwikkelde strandgebiede is dié van die Umnini-trusgebied. Die enigste goed-ontwikkelde Bantoeseevakansieoord is langs dié kus by Umgababa - 30 km suid van Durban - geleë. Figuur 10.7 dui bestaande ontwikkeling in hierdie omgewing aan. Die feit dat die hoofpad en spoorlyn naby aan die kus loop, maak die ontwikkeling van strandoorde hier baie makliker.

Die kuslyn self bestaan uit sandstrande met enkele rots-punte wat vir hengel gebruik kan word. Lagunes, riviermondings en 'n dam in die Umgababarivier verhoog die algemene ontspanningspotensiaal van hierdie reeds ontwikkelde omgewing.

Langs die Transkeikus is daar reeds 'n hele aantal klein kusnedersettings wat verder ontwikkel kan word. Afgesien van Qolora, Nxaxa en Mazeppabaai wat bekende plekkies is, is daar meer as 35 ander nedersettings wat per pad verbind is met die binneland (figuur 10.8).

Die menigte riviermondings, waarvan baie breë lagunes

vorm, die volop sandstrande en welbekende mooi natuurskoon van die Wildekus, maak hierdie 'n gebied wat 'n groot toeristepotensiaal het.

Deur middel van die nasionale pad deur Butterworth, Umtata en Kokstad, is hierdie gebied nêrens te afgeleë vir ontwikkeling nie, alhoewel dit voor die hand liggend skyn te wees dat die suidelike dele eers ontwikkel moet word.

Die feit dat daar wel reeds gevestigde belange is wat strandoorde vir Blankes ontwikkel het, beperk die potensiaal vir die Bantoe enigszins solank as wat hulle as Blanke oorde bestaan. Aan die ander kant bewys hulle die uitvoerbaarheid van die ontwikkeling van strandoorde langs hierdie kusgedeelte.

In Hoofstuk Drie is aangetoon dat die Bantoe 'n besliste voorkeur het vir hoogsontwikkelde ontspanningsoorde en dat die gewildheid daarvan, gemeet in terme van groot getalle besoekers, vir hom 'n groot aantrekkingskrag is.

Dit blyk dus dat die intensiewe ontwikkeling van 'n paar reeds bestaande strandoorde meer byval by die Bantoe sal vind as die oprigting van 'n groot aantal kleiner plekkies waar ongeskondenheid nog die oorheersende kenmerk van die landskap is.

HOOFSTUK ELFEVALUERING VAN DIE POTENSIAAL VAN DIE PRIORITEITSGBIEDE  
IN TERME VAN DIE KWANTITEIT VAN VERWAGTE DEELNAME IN DIE  
JAAR 2000I. VOORSIENING VAN ONTSPANNINGSRUIMTE VIR DIE BANTOE  
VIR DIE JAAR 2000

Die enigste maatstaf wat aangewend is om die ligging en grootte van die prioriteitsones vas te stel, was afstand vanaf die groot stedelike komplekse. Dit vraag ontstaan onwillekeurig of hierdie prioriteitsones enigsins oor voldoende hulpbronne beskik om in die vraag na buiteligontspanning vir die jaar 2000 te voorsien.

In Nederland (395, p.21) is bereken dat 0,056 ha ontspanningsruimte per capita benodig word vir buiteligontspanning. Met 'n bevolking van 40 miljoen in die jaar 2000 sal daar, indien dié standaard aanvaar word, dus 2,2 miljoen ha vir die Bantoe se ontspanningsbehoefte beskikbaar moet wees.

Ten opsigte van die prioriteitsones is die situasie soos volg: Die Johannesburg-Pretoria-Heystekrand-Leboakgomogroep sal volgens berekening (tabel 3.6 en 3.8) ongeveer 4½ miljoen mense huisves. Dit beteken dat daar volgens hierdie maatstaf 252 000 ha in die prioriteit-sone van oostelike Bophuthatswana vir ontspanning benodig sal word.

Die Kwa Zulu-Transkei- en Sentrale Kwa Zulugebiede sal elk t.o.v. ongeveer 1½ miljoen stedelinge moet voorsien en sal daarvoor 84 000 ha elk benodig.

TABEL 11.1

GEHEELBEELD t.o.v. VOORSIENING VAN ONTSPANNINGSRUIMTE  
IN DIE PRIORITEITSGBIEDE

	Totale oppervlakte van prioriteitsone (ha)	Oppervlakte benutbaar vir ontspanning (ha)	Oppervlakte benodig (ha)
Sentraal Kwa Zulugebied	1 020 000	800 000	84 000
Kwa Zulu Transkeigebied	420 000	200 000	84 000
Bophuthatswana	730 000	390 000	252 000

Indien botsende aansprake op grondgebruik uit ander sferes vir die oomblik buite rekening gelaat sou word, blyk dit uit tabel 11.1 dat daar globaal gesien, genoeg ontspanningsruimte binne die prioriteitsones sal wees om aan die ontspanningsbehoefte van die Bantoe van die groot stedelike komplekse in die jaar 2000 te voldoen.

II: VOORSIENING VAN ONTSPANNINGSRUIMTE VIR DIE ONDERSKEIE  
TIPES ONTSPANNING

A. Maksimum Ruimtestandaarde benodig

Ter wille van beplanning vir die toekoms sou 'n mens egter ook wou weet of daar ten opsigte van elkeen van die ontspanningstipes afsonderlik, voldoende ruimte beskikbaar sal wees. Hierdie berekening is d.m.v. die volgende vier stappe gepoog:-

Ten eerste is bereken hoeveel persone aan elkeen van die afsonderlike ontspanningstipes sal wil deelneem. Begrypplikerwys kan sodanige berekening nie akkuraat gedoen word nie<sup>+</sup>, maar op grond

---

<sup>+</sup> Kyk bespreking Hoofstuk Drie afdeling IV.

van die aard van die ontspanningsbehoefte in Afdeling A bepaal (kyk tabel 3.41), was dit tog moontlik om dit by benadering vas te stel. Ten tweede is die oppervlakte per persoon wat benodig word, vir elke aktiwiteit, in ag geneem. In tabel 7.1 is gepoog om, aan die hand van oorsese standaarde wat met betrekking tot die vraelysresultate aangepas is vir die Bantoe, die oppervlaktes benodig vir elke ontspanningsaktiwiteit, te bereken.

Derdens is die totale oppervlaktes beskikbaar vir elke ontspanningstipe in elke prioriteitsone bereken. In tabel 11.2 verskyn 'n samevatting van dié oppervlaktes soos bereken vanaf figure 9.6, 10.1, 10.2, en 10.3.

TABEL 11.2

OPPERVLAKTE BESKIKBAAR VIR VERSKILLENDE ONTSPANNINGSTIPES

(a) Grondoppervlakte (in honderd km<sup>2</sup> of tienduisend ha)

Ontspanningstipes Gesiktheidsgraad <sup>+</sup>	Sentraal Kwa Zulu		Kwa Zulu- Transkei- gebied		Bophuthatswana	
	1	2	1	2	1	2
Piekniek	23	0	0	0	14	3
Kampeer	3	9	2	3	6	1
Stap	38	0	9	1	6	4
Perdry	38	0	9	1	6	4
Motorrit	60	0	14	0	11	8
Fietsry	0	0	0	0	0	8
Jag	0	2	0	2	1	4
Natuurreservate	0	0	0	0	2	3
Totale oppervlakte	162	11	34	7	46	35
	= 173		= 41		= 81	

(b) <u>Wateroppervlakte (ha)<sup>++</sup></u>			
Swem	72	18	265
Hengel	22	0	88
Boor	1295	180	1274

<sup>+</sup>D.w.s. klas 1 of 2 gebiede.

<sup>++</sup>Omdat metings in sommige gevalle vanaf kaarte gemaak moes word, moet syfers as benaderd beskou word.

Onderskeid word gemaak tussen gebiede van klas 1 en 2.

Die oppervlakte wat aangegee word vir elke ontspanningsaktiwiteit is egter nie noodwendig ten volle geskik vir dié bepaalde aktiwiteit nie. In Bophuthatswana byvoorbeeld is daar 14 blokkies (d.i. 140 000 ha) gevind waar die hulpbronne geskik is vir die oprigting van piekniekfasiliteite. Dit beteken vanselfsprekend nie dat die hele oppervlakte van elke blokkie een groot piekniekplek sal kan wees nie, maar slegs dat daar in hierdie omgewing geskikte lokaliteite gevind behoort te word vir piekniekmaak.

Baie gebiede wat as geskik gemerk is vir 'n sekere ontspanningstipe, is moontlik reeds in beslag geneem deur ander tipes grondgebruik of kan dalk meer produktief vir nywerheids- of ander ontwikkeling aangewend word. In die beplanningstadium sal die nodige getal lokaliteite vir elke ontspanningstipe vanuit die geskikte omgewings gekies moet word op so'n wyse dat dit nie bots met die breër beplanning van die streek in sy geheel nie.

Op grond van bogenoemde gegewens is dit dus wel moontlik om op tentatiewe wyse te bereken in watter mate elke prioriteitsone sal kan voorsien - nie net globaal t.o.v. buitelugontspanning nie - maar ook t.o.v. elke tipe ontspanning.

In tabelle 11.3 en 11.4 verskyn aldus 'n samevatting van die getalle potensiële deelnemers vir die jaar 2000 aan elke ontspanningstipe, asook die oppervlakte benodig as voorsiening gemaak moet word vir elkeen van hierdie deelnemers.

TABEL 11.3 \*

VOORSIENING VAN BUITELUGONTSPANNINGSRUIMTE IN DIE BOPHUTHATSWANAGEBIED  
VIR DIE JAAR 2000

Ontspannings- aktiwiteite	Getal Potensiële Deelnemers 1)	Ontspanningsruimte benodig:-				Ontspanningsruimte beskikbaar
		(i) per deelnemer 7)	(ii) Vir getal poten- siële deelnemers	(iii) Per 1000 in- woners 7)	(iv) Vir 4,5 miljoen inwoners	
Piekniek	1 822 500	24 groepies 8)/ha	13 322 ha	2,9 ha	13 050 ha	170 000 ha
Kampeer	810 000	17 groepies 8)/ha	8 359 ha	1,8 ha	8 100 ha	70 000 ha
Stap	877 500	8 persone/km	109 687 km	24 km	108 000 km <sup>10)</sup>	200 000 km
Perdry	67 500	2,0 persone/km	33 750 km	7,5 km	54 000 ha 33 750 km <sup>10)</sup>	100 000 ha ) 200 000 km )
Jag 2)	540 000	3,0 ha/jagter	284 200 ha	63 ha	16 875 ha	100 000 ha )
Reservate	1 012 500	0,6 ha/persoon	607 500 ha	135 ha	283 500 ha	50 000 ha
Swem 4)	1 147 500	0,5 m/persoon	573 750 m	127 m	607 500 ha	50 000 ha
		10m <sup>2</sup> /persoon	1 147 ha	2550 m <sup>2</sup> (.25 ha)	571 5 km	32 km
Bootry 5)	135 000	1 ha/boot	23 684 ha	5,2 ha	1 147 ha	65 ha 11)
Hengel 6)	405 000	8 persone/km	- 9 )		23 400 ha	1 274 ha 12)
		1 ha/boot	- 9 )			

\* Vir voetnotas kyk p. 269

TABEL 11.4 \*

VOORSIENING VAN BUITELUGONTSPANNINGSRUIMTE IN DIE SENTRAAL KWA ZULU- EN DIE KWA ZULU-  
TRANKEIGEGBIEDE VIR DIE JAAR 2000

Ontspannings- aktiwiteite	Getal Potensiële Deelnemers <sup>1)</sup>	Ontspanningsruimte benodig:-				Ontspanningsruimte beskikbaar:-	
		(i) per deelnemer <sup>7)</sup>	(ii) vir getal potensiële deel- nemers.	(iii) per 1000 inwoners <sup>7)</sup>	(iv) vir 1,5 miljoen inwoners	Sentraal Kwa Zulu	Kwa Zulu-Transkei
Piekniek	615 000	24 gesinne <sup>8)</sup> /ha	4 500 ha	2,9 ha	4 350 ha	230 000 ha	0
Kampeer	270 000	17 gesinne <sup>8)</sup> /ha	2 800 ha	1,8 ha	2 700 ha	120 000 ha	50 000 ha
Stap	292 500	8 persone/km	36 600 km	24 km	18 000 ha <sup>10)</sup> 36 000 km	380 000 ha 760 000 km	100 000 ha 200 000 km
Perdry	22 500	2 persone/km	11 300 km	7,5 km	5 625 ha <sup>10)</sup> 11 250 km	380 000 ha 760 000 km	100 000 ha 200 000 km
Jag <sup>2)</sup>	180 000	3 ha/jagter	94 700 ha	63 ha	94 500 ha	20 000 ha	20 000 ha
Reservate	337 500	0,6 ha/persoon	202 500 ha	135 ha	202 500 ha	0	0
Swem <sup>4)</sup>	382 500	0,5m/persoon	191 250 m	127 m	1 90,5km	29 km	7 km
		10m <sup>2</sup> /persoon	382 ha	2550 m <sup>2</sup> (.25 ha)	375 ha	58 ha <sup>11)</sup>	14 ha <sup>11)</sup>
Bootry <sup>5)</sup>	45 000	1,0 ha/boot	7 900 ha	5,2 ha	7 800 ha	1259 ha <sup>12)</sup>	180 ha <sup>12)</sup>
Hengel <sup>6)</sup>	135 000	1,0 ha/boot	- <sup>9)</sup>				
		8 persone/km	- <sup>9)</sup>				

\* Vir voetnotas kyk p. 269



Voetnota's tabelle 11.3 en 11.4

1. Berekeninge gebaseer op persentasie belangstelling soos uitgespreek deur die Umgababa-Manyeleti-groep - kyk tabel 3.41.
2. Gewoonlik sal slegs die gesinshoof daaraan deelneem. Die grootte van 'n gesin is in ooreenstemming met die Buro vir Marknavorsing se opnames in Johannesburg en Pretoria in 1971 (294 en 295) t.w. gemiddeld van 5,7.
4. Uitgeslote munisipale swembaddens en die see. Oppervlaktes dui dus op die voorsiening wat daar by binnelandse oorde gemaak sal moet word.
5. Berekeninge gebaseer op een boot per huisgesin.
6. Dit is nie duidelik hoeveel lede uit die gesin normaalweg sal deelneem nie. Kyk ook voetnota 9.
7. Ruimtestandaarde soos bereken in tabel 7.1.
8. "Groepies" word hier beskou as gesinne (d.i. 5,7 persone).
9. Die vraelys het nie 'n onderskeid getref tussen oewerhenge-laars en boothengelaars nie.
10. Volgens die Bureau of Outdoor Recreation (356) se ruimte-standaarde kan daar gemiddeld 2 km paaie per ha voorsien word.
11. Swemmers kan nie die totale oppervlakte van groot damme benut nie. Berekeninge is dus gebaseer op 'n strook water 20 m vanaf die oewer.
12. Waarskynlik óórskattings vanweë o.a. wisselende water-vlak, diepte en algemene vloeitoestande van water.

Hierby verskyn in die tabelle ook 'n opsomming van die ontspanningsoppervlakte benodig per 1 000 van die stedelike bevolking (aan die hand van tabel 7.1), en hierop gebaseer ook weereens 'n berekening van die oppervlakte benodig vir elke ontspanningstipe in elk van die gebiede.

Ten slotte verskyn daar 'n samevatting van die totale ruimte beskikbaar.

Tabel 11.3 se berekeninge is gebaseer op die ontspanningsbehoefte van 'n stedelike bevolking van 4,5 miljoen - d.w.s. die getal persone wat in die jaar 2000 deur die Bophuthatswana-prioriteitsgebied bedien sal moet word. Tabel 11.4 is weer gebaseer op 'n inwonertal van 1,5 miljoen. Ulundi, Kwa Mashu en Pinetown sal, soos elders bereken, tesame ongeveer hierdie getal inwoners hê en sal deur die Sentrale Kwa Zulugebied bedien moet word. Umtata en Umlazi (ook 1,5 miljoen) sal deur die Kwa Zulu-Transkeigebied bedien kan word.

Samevattend kan dit dus gestel word dat, t.o.v. ontspanningstipes wat op natuurskoongebiede berus, daar (uitgeslote die Kwa Zulu-Transkeigebied wat te ver vanaf die stede lê om piekniekfasiliteite te kan verskaf) voldoende potensieël-benutbare oppervlaktes beskikbaar is waarbinne ontspanningsplekke gevind kan word.

Ten opsigte van ontspanningstipes gebaseer op ongeskondenheid van die landskap, is daar behoefte aan meer ruimte vir natuurreservate asook vir jaggebiede in al drie die prioriteitsgebiede. Die feit dat die Umfolosi-natuurreservaat feitlik op die grens van die Sentraal Kwa Zuluprioriteitsone geleë is (250 km vanaf Kwa Mashu en binne die dagsone vanaf Ulundi),

maak dat dit uitstekend die druk in hierdie opsig in die Sentraal Kwa Zulugebied kan verlig. Die Manyeleti-wildtuin van 17 000 ha waarna reeds in 'n vorige afdeling verwys is, sal ook in die toekoms steeds in die groot vraag help voorsien, alhoewel dit baie ver buite die naweeksones van die groot stede geleë is.

Ten opsigte van die Kwa Zulu-Transkeigebied kan opgemerk word dat die Drakensberg-opvanggebied met baie gereserveerde bosbougebiede in die distrik van Matatiele omtrent 50 km wes van die prioriteitsone geleë is. Moontlik kan dit benut word om die druk te verlig.

In nie een van die gebiede is daar naastenby genoeg wateroppervlaktes vir swem of bootry nie. Wat hengel betref is dit nie moontlik om geldige gevolgtrekkings te maak nie, maar die vermoede bestaan dat ook hier groot druk op meer fasiliteite sal ontstaan. Swemfasiliteite kan kunsmatig by oorde aangebring word, maar ten opsigte van bootry sal die beplanningsprobleem groter wees.

In die lig van die tekorte aan damme en ander wateroppervlaktes, is 'n inventaris van groter damme in die res van die naweeksones van die groot stede gemaak:

Sentrale Kwa Zulugebied:

Dam	Ligging	Volvoorraad oppervlakte	Bilharzia
1. J.G. Strydom-dam	(27 <sup>0</sup> 25'Suid 32 <sup>0</sup> 04'00s)	12 700 ha	besmet
2. Ntshongweni-dam	(29 <sup>0</sup> 52'Suid 30 <sup>0</sup> 43'00s)	60 ha	besmet
3. Mondlo Township-dam	(28 <sup>0</sup> 02'Suid 30 <sup>0</sup> 46'00s)	125 ha	besmet
4. Sibayimeer	(27 <sup>0</sup> 20'Suid 32 <sup>0</sup> 40'00s)	6 000 ha	besmet

Kwa Zulu-Transkeigebied

	Ligging	Volvoorraad Oppervlakte	Bilharzia
<u>Ciskei</u>			
1. Maden-dam	(32°45' Suid 27°18' Oos)	10 ha	besmet
2. Rooikrans-dam	(32°45½' Suid 27°19½' Oos)	72 ha	besmet
3. Laing-dam	(32°58½' Suid 27°29½' Oos)	215 ha	besmet
4. Xonxa-dam	(27°11' Suid 31°50' Oos)	1460 ha	Nie besmet
<u>Transkei</u>			
5. Lubisi-dam	(31°47½' Suid 27°25½' Oos)	1100 ha	Nie besmet
6. Ncora-dam	(31°47½' Suid 27°40½' Oos)	1810 ha	Nie besmet
7. Gcuwa-dam	(32°19½' Suid 28°08½' Oos)	35 ha	Nie besmet
8. Xilinx	(32°08½' Suid 28°06' Oos)	306 ha	Nie besmet
9. Belfort-dam	(30°09½' Suid 28°43½' Oos)	12 ha	Nie besmet
10. Magwa-dam	(31°22" Suid 29°39½' Oos)	26 ha	Besmet

Bophuthatswana-gebied

In Bophuthatswana is daar geen ander damme wat vir ontspanning gebruik sal kan word nie, maar binne die naweeksone van Leboakgomo is daar minstens 6 sodanige damme: Lepellane (Sekhukhuniland), Piet Gouws (Nebo), Buffelsdoorn (Nebo), Daan de Wet Nel (Nebo), Kasteel (Bosbokrand) en Glen Fernis (Bochum).

Hiervolgens is daar dan 'n addisionele 18 885 ha in die Sentrale Kwa Zulugebied se omgewing beskikbaar vir bootry of hengel. Die Kwa Zulu-Transkeigebied se waterbronne kan t.o.v. bootry en hengel met 323 ha opgeskuif word en dié vir swem met 254 ha. Die Leboaregering kon nie gegewens t.o.v. die damme in hulle gebied verskaf nie maar die gesamentlike oppervlakte daarvan sal ook aansienlik wees.

## B. Minimum Ruimtestandaarde

Een van die groot probleme in die voorsiening van ontspannings-fasiliteite is dat, indien voorsiening gemaak word vir spits-tye, die fasiliteite vir lang periodes slegs gedeeltelik benut word. Die berekeninge in tabelle 11.3 en 11.4 is daarop gebaseer om vir sulke spits-tye voorsiening te maak. As aan hierdie ruimtestandaarde voldoen sou kon word, sou al die persone wat bv. piekniek as een van hul eerste drie keuses gestel het, op 'n enkele geleentheid geakkommodeer kan word. Dit is sekerlik onrealisties om te reken dat dit ooit sal gebeur, maar hierteenoor is daar wel baie wat piekniek nie as een van hul drie prioriteits-ontspanningstipes genoem het nie wat ook af en toe dit sal beoefen. Die standaarde in tabelle 11.3 en 11.4 vasgelê is dus naastenby die realistiese maksimum waarna gestreef moet word in die voorsiening van ontspanningsruimte vir die betrokke bevolkings.

'n Mens moet aanvaar dat spits-tyddruk altyd in mindere of meerdere mate 'n probleem sal bly. Onder normale omstandighede egter sal die vraag na ontspanningsfasiliteite soos in tabelle 11.3 en 11.4 beskryf, die uitsondering wees. Enkele berekeninge ten opsigte van die verspreiding van besoekersdae per jaar kan heelwat lig werp op die probleem.

Die Bureau of Outdoor Recreation (355) het bereken hoeveel keer per jaar die mense in die V.S.A. aan die verskillende ontspanningsaktiwiteite deelneem (tabel 1.1)<sup>+</sup>. So het hulle byvoorbeeld

---

<sup>+</sup>'n Soortgelyke opname was nie moontlik onder die Bantoes nie omdat daar nog nie naastenby genoeg fasiliteite bestaan om 'n korrekte behoeftepatroon weer te gee nie. 'n Opname onder die Blanke inwoners van Pietersburg (286) het resultate gelever wat goed vergelyk met dié van die B.O.R. (355).

gevind dat mense wat gaan piekniekmaak, dit gemiddeld 5,6 maal per jaar doen. Omdat die vraelysontledings vir die Bantoe die persentasie belangstellendes aangee in terme van elke persoon se vernaamste keuses, moet aanvaar word dat daar meer persone is wat af en toe sou wou piekniekmaak - d.w.s. mense wat piekniek as 'n 4<sup>e</sup> of latere keuse sou aantoon. Alhoewel dit baie tentatief is, is daar geen ander uitweg as om die V.S.A.-bepaalde standaard te neem en te aanvaar dat daar dan by die 40% potensiële piekniekmakers soos deur die steekproefopname aangetoon word, (tabel 3.41) nóg ongeveer 10% persone sal wees wat belangstel in piekniekmaak as 'n 4<sup>e</sup> of latere keuse.

As 'n mens reken dat daar 52 naweke per jaar is waarop mense normaalweg gaan piekniekmaak, plus ongeveer 10 addisionele vakansiedae, dan is daar 114 dae per jaar wat benut sal word deur piekniekmakers. In Bophuthatswana kan 'n mens egter (soos elders bespreek is) reën op 52 dae in die jaar verwag wat beteken dat daar ongeveer 16 van die 114 potensiële piekniekdae verlore behoort te gaan. Dit laat tentatief 98 dae per jaar geskik vir piekniekmaak.

As aanvaar word dat nie al die besoekers op dieselfde dag sal kom (soos in tabelle 11.3 en 11.4 aanvaar word) nie, maar dat daar 'n volkome ideale verspreiding van besoekers oor die beskikbare 98 dae per jaar sal wees, dan sal daar i.p.v. 13 000 ha slegs 147 ha benodig word. Bogenoemde maak egter slegs voorsiening vir 1 besoek per persoon per jaar. Vir 5,6 besoeke per jaar (soos elders aanvaar) sal die Bophuthatswana-prioriteitsone dus 836 ha vir piekniek moet kan voorsien. Hierdie is dus die minimum en sal net voorsiening maak vir

'n ideale verspreiding van besoekersdae ten opsigte van die 98 "spitsdae" per jaar.

Op hierdie wyse is die minimum ruimtelike behoeftes vir die ander buitelogontspanningsfasiliteite vir die Bantoe van die groot stede in die jaar 2000 ook bereken (tabel 11.5).

Vanweë die eise wat hierdie ontspanningstipes aan grondgebied stel, moet hulle by 'n algemene landelike beplanningpatroon ingeskakel word. In tabel 11.6 verskyn 'n lys ontspanningsaktiwiteite wat nie sodanige eise aan landelike grondoppervlakte stel nie.

TABEL 11.5

MINIMUM RUIMTELIKE BEHOEFTES VIR BUITELUGONTSPANNING IN DIE  
DIE PRIORITEITSONES VIR DIE JAAR 2000

Ontspannings- aktiwiteite	Deelname frek- wensie (getal male per jaar per persoon of groep)	Aantal be- soekersdae (p.j.)	Besoekersdae <sup>+</sup> volgens getal benutbare dae	Ruimte benodig
<b>(a) BOPHUTHATSWANA PRIORITEITSONE (4,5 miljoen inwoners)</b>				
Piekniek	5,6	10 206 000	106 312	777 ha
Kampeer	6,9	5 589 000	57 030	588 ha
Stap	8,7	7 634 250	77 900	9 737 km
Perdry	6,8	549 000	4 683	2 341 km
Jag	1,0	94 736	966	2 898 ha
Reservate	1,0	177 631	1 812	1 087 ha
Swem <sup>++</sup>	2,0	2 295 000	23 418	23 ha
Bootry	6,5	153 947	1 570	1 570 ha
<b>(b) KWA ZULU-TRANSKEIGEBIEDE (1,5 miljoen inwoners elk)<sup>+++</sup></b>				
Piekniek	5,6	3 444 000	39 586	289 ha
Kampeer	6,9	1 863 000	21 413	220 ha
Stap	8,7	2 544 750	29 250	3 656 km
Perdry	6,8	153 000	1 758	879 km
Jag	1,0	31 578	362	1 088 ha
Reservate	1,0	59 210	604	362 ha
Swem	2,0	765 000	8 793	9 ha
Bootry	6,5	51 315	589	589 ha

<sup>+</sup>Bophuthatswana : 98 benutbare dae.  
Kwa Zulu-Transkei : 87 benutbare dae.

<sup>++</sup>Uitgeslote Munisipale swembaddens en swem in die see.

<sup>+++</sup>Die Sentraal Kwa Zulugebied en die Kwa Zulu-Transkeigebied is saamgegroepeer slegs omdat hulle dieselfde getalle inwoners moet bedien. Die syfers in die tabel het op elkeen van die gebiede afsonderlik betrekking.



TABEL 11.6

GETALLE POTENSIËLE DEELNEMERS AAN ONTSPANNINGSTIPES WAT  
NIE AANSPRAAK MAAK OP LANDELIKE GRONDOPPERVLAKTES NIE  
 (Vir die jaar 2000)

	<u>BOPHUTHATSWANA</u> (4,5 miljoen)	<u>KWA ZULUGEBIEDE</u> (1,5 miljoen)
Park in dorp	337 500	112 500
Dieretuin	67 500	22 500
Sportbyeenkoms:		
Toeskouers	67 500	22 500
Deelnemers	337 500	112 500
Fietsry	135 000	45 000
Swem (Munisipale swembad)	202 500	67 500
Besoek Kultuur- historiese plekke	607 500	202 500
Plesierritte	1 552 000	517 000

## HOOFSTUK TWAALF

### SAMEVATTING

Die doel van die studie was om, in die eerste plek, te bepaal wat die aard van die ontspanningsbehoefte by die stedelike Bantoe in Suid-Afrika vandag is en om te probeer vasstel hoe dit in die toekoms gaan lyk. 'n Poging is ook aangewend om by benadering die omvang van hierdie behoefte tans sowel as in die jaar 2000 vas te stel met die oog op gerigte beplanning.

Die metodes wat aangewend is, het hoofsaaklik neergekom op literatuurbestudering en 'n vraelysopname. Die bevindinge (saamgevat in tabel 2.2 ) toon dat die Bantoe in die stede reeds in 'n baie groot mate verwesters het met betrekking tot sy ontspanningsbehoefte. Die ontspanningspatroon stem sterk ooreen met soortgelyke opnames in die V.S.A. asook onder Blankes in Suid-Afrika (tabel 2.15).

Die omvang van die behoefte kon begrypklikerwys slegs tentatief vasgestel word omdat die Bantoe nog nie die agtergrond of ondervindingsveld het wat hom in staat stel om weloorwoë menings met betrekking tot sy behoefte aan buiteligontspanning uit te spreek nie. In die lig hiervan is die toekomsprojeksie ten opsigte van deelname tentatief. Wat egter ondubbelsinnig blyk, is dat 'n baie groot toename in ontspanningsdeelname verwag kan word omrede aanduidings gevind is van groot toenames ten opsigte van al die faktore wat 'n rol speel in die bevordering van buiteligontspanning (tabel 3.42). In Tabel 3,43 verskyn die verwagte omvang van ontspanningsdeelname vir die jaar 2000 vir elk van die ontspanningsaktiwiteite.

As derde stap in die navorsing is gepoog om vas te stel wat die eise is wat elke afsonderlike ontspanningstipe aan sy omgewing stel. Hierna is hierdie hulpbronne verder ontleed met die doelstelling om te bepaal hoe die Bantoe dit evalueer. Heelwat proefnemings in die veld, aangevul deur vraelysopnames en kleurskyfie-ondersoeke is gebruik in hierdie fase van ondersoek. Daarna kon 'n skema opgestel word waarin gewigsfaktore toegeken is aan die onderskeie elemente waaruit die ontspanningshulpbronne bestaan.

Die finale stap het bestaan uit die versoening tussen die vraag na ontspanningshulpbronne en die aanbod daarvan in die tuislande. In die eerste instansie is prioriteitsgebiede vir buiteligontspanning op grond van afstand vanaf die grootste Bantoe-stede van die toekoms vasgestel. Hierdie gebiede is die oostelike Bophuthatswana, die Tugelavallei en omgewing in die sentrale Kwa Zulu, en die suidelike Kwa Zulu en noordelike Transkei - d.w.s. die gebiede noord en suid van Harding. As vierde prioriteitsone is die kuste van Kwa Zulu en die Transkei in hul geheel geneem. Hierna is die skema van gewigsfaktore met behulp van kartografiese analise op hierdie gebiede toegepas ten einde elkeen se potensiaal vir buiteligontspanning vas te stel.

Dit is bevind dat die prioriteitsone van die oostelike Bophuthatswana oor relatief geringe oppervlakte met 'n hoë natuurskoonpotensiaal beskik. Daarenteen is dit egter 'n gebied met relatiewe lae bevolkingsdigtheid en alhoewel standhoudende riviere nie hier voorkom nie, is daar heelwat damme - meer as in enige van die ander prioriteitsones. Slegs drie damme is egter vry van bilharziabesmetting.

Voorts is daar 'n bevredigende pad- en spoorverbindingstelsel vir die ontwikkeling van buiteligontspanningsoorde. Die klimaat van die gebied is ook gunstig vir buiteligontspanning deurdat reën slegs in die somer voorkom en wel hoofsaaklik in kortstondige donderbuie. Daar bestaan gevaar van malaria gedurende die somermaande, maar dit is nie ernstig nie.

Die Sentrale Kwa Zulugebied se grootste buiteligontspanningsbete is die groot persentasie oppervlakte met 'n hoë natuurskoonpotensiaal, maar bevolkingsdigtheid is daarenteen weer baie hoog. 'n Groot deel van die prioriteitsone beskik oor standhoudende riviere. Die Tugelarivier bied in hierdie opsig 'n groot potensiaal. Daar is ook heelparty damme en vleie wat benut kan word maar nie een is vry van bilharziabesmetting nie.

Pad- en spoorverbindings is nie besonder goed ontwikkel nie, maar behoort genoegsaam te wees sodat ontwikkeling van buiteligontspanningsfasiliteite nie ernstig daardeur gestrem sal word nie. In soverre as dit klimaat betref, beskik die Sentrale Kwa Zulugebied oor 'n gematigde klimaat, maar dit word soms gedurende die somer warm - veral in die Tugelavallei. Omtrent die helfte van die gebied kry reënval dwarsdeur die jaar.

Malariagevaar is 'n faktor waarmee veral in die Tugelavallei en die noordoostelike gedeelte van die prioriteitsone rekening gehou sal moet word.

Die Kwa Zulu-Transkeigebied beskik ook oor redelik groot natuurskoonpotensiaal maar bevolkingsdigtheid is, soos in die geval van die Sentrale Kwa Zulugebied, baie hoog. 'n Verdere nadeel is dat daar

nie damme voorkom nie en dat die enigste wateroppervlaktes wat bruikbaar is vir buitelugontspanning in die Umzimkulu- en Umtanvunariviere voorkom. Beide hierdie prioriteitsgebiede kan egter van die see gebruik maak in die voorsiening van watergeoriënteerde ontspanningstipes.

Pad- en spoorverbindings is goed ontwikkel en dié gebied beskik boonop oor heelwat geteerde paaie.

Die klimaat is soortgelyk aan dié van die Sentrale Kwa Zulugebied maar verskil daarin dat byna die hele gebied reën dwarsdeur die jaar kry. Temperatuurtoestande is egter weer meer gunstig in die Kwa Zulu-Transkeigebied en word op sy warmste as "gemaklik warm" geklassifiseer.

Malaria kom nie voor in hierdie streek nie.

Tussen Richardsbaai en Port Edward is daar vier kusgedeeltes wat binne die naweeksones van die toekomstige groot stede van Kwa Zulu geleë is. Daarbenewens is daar die lang kuslyn van die Transkei wat binne die naweekbereik van Umtata is. Die kus van Maputaland lê in 'n redelike onherbergsame gebied, maar het beslis ook potensiaal vir ontwikkeling van vakansieoorde.

Uit die kartografiese ontledings van die voorkoms van ontspanningshulpbronne, kon ook spesifieke terreine wat potensiële waarde het vir elk van die ontspanningstipes, op die kaarte geïdentifiseer word. Dit was dus moontlik om die totale oppervlakte wat beskikbaar is vir elke ontspanningsaktiwiteit in elkeen van die prioriteitsgebiede, te bereken. Hierteenoor is uit literatuurstudies bepaal wat die oppervlakte per deelnemer is wat benodig word vir elkeen van die ontspanningsaktiwiteite. Deur hierdie benodigde

oppervlaktes te vermenigvuldig met die verwagte getal deelnemers in die jaar 2000, was dit dus moontlik om die oppervlakte wat deur die stedelike Bantoe benodig sal word, te bereken. Die oppervlakte wat benodig word is ten slotte in tabelle 11.3 en 11.4 vergelyk met die oppervlakte wat beskikbaar is in elkeen van die gebiede met die bevinding dat (indien botsende aansprake op grondgebruik uit ander sektore voorlopig buite rekening gelaat word), daar in elkeen van die drie prioriteitsgebiede voldoende voorsiening gemaak kan word vir ontspanningstipes wat afhanklik is van mooi natuurskoonomgewings.<sup>†</sup>

Hierteenoor is ruimte vir ontspanningstipes wat geassosieer word met lae bevolkingsdruk in al drie gebiede baie beperk. Gebiede geskik vir wildreservate kom glad nie voor in die twee oostelike gebiede nie (terwyl daar voorsiening vir meer as 300 000 persone benodig word). Die potensieel-beskikbare jaggebiede is ook nie besonder geskik nie en skiet ook ver tekort t.o.v. die benodigde ruimte. In die Bophuthatswana-gebied is daar wel 100 000 ha wat vir hierdie ontspanningstipes geskik is,<sup>1</sup> maar daar word nagenoeg 900 000 ha benodig. Verligting van hierdie situasie kan in die Kwa Zulugebied gevind word deur die benutting van die Umfolozi-natuurreservaat terwyl die Drakensberg-opvanggebied in die Matatiele-distrik moontlik as jag- en natuurreservaatgebiede vir die inwoners van Umtata en Umlazi kan dien.

---

<sup>†</sup>Met die uitsondering van pieknik in die Kwa Zulu-Transkeigebied wat ver buite die dagsones van enig-een van die stede geleë is.

Daar bestaan deurgaans 'n baie groot tekort aan wateroppervlaktes vir swem, hengel en bootsport. Ten opsigte van swem, kan die druk verlig word deur die daarstelling van swembaddens by ontspanningsoorde. In die Kwa Zulu- en die Kwa Zulu-Transkeigebiede kan die see moontlik ten opsigte van al drie aktiwiteite die oplossing bied.

Ten opsigte van die implementering van hierdie voorstelle, dien daarop gelet te word dat hier slegs voorstelle vir potensieel geskikte terreine op 'n streekgrondslag gedoen is. Ondersoeke ter plaatse, waar aspekte soos die waterpotensiaal (vir bv. hengel), die lokale ligging van piekniekplekke e.d.m., vasgestel sal moet word, vorm deel van die beplanningsfase wat buite die bestek van hierdie ondersoek val.

'n Tweede aspek waarna slegs vlugtig hierbo verwys is, is die probleem van die aanspraak op grondgebruik deur ander sektore soos die landbou, mynbou en stedelike ontwikkeling. Dit blyk dus van dringende belang te wees dat 'n gekoördineerde program oor die kwessie van gebiedsonering betyds uitgevoer moet word. 'n Laissez faire-houding in hierdie verband kan rampspoedig wees deurdat die natuurskoongebiede - wat volgens die bevinding in hierdie studie die heel belangrikste ontspanningshulpbron is - beskadig kan word of in beslag geneem kan word deur ander tipes grondgebruik wat geen waarde uit die natuurskoon kan put nie en wat ewe goed in 'n ander omgewing beoefen kon gewees het.

In die voorwoord is die aandag reeds gevestig op die dringendheid van die behoefte aan beplanning ten opsigte van buitelugontspanning, maar dit is nietemin gepas om, ten slotte, die mening van Dower

(118, p.256) aan te haal: "We are on the threshold of the age of leisure, and there are stark and immediate problems facing us..... We have to concentrate on providing facilities of the right sort and in the right place, and properly organised."



GEKLASSIFISEERDE BRONNELYS

I. Boeke

1. Abler, R., Adams, J. en Gould, P. : Spatial Organization. The Geographers View of the World. New Jersey, 1971.
2. Adamson, R.S. : The Vegetation of South Africa. London, 1938.
3. Anon : International Labour Office. African Labour Survey. Geneva, 1958 en 1959.
4. Ashton, H.A. : The Basuto. London, 1955.
5. Beazley, E. : Designed for Recreation. London, 1969.
6. Birmingham, W. en Fords, A.G. (Reds) : Planning in Rich and Poor Countries. New York, 1966.
7. Boas, F. : Anthropology. (In Encyclopaedia of the Social Sciences, Vol. II . New York, 1959).
8. Bracey, H.E. : People and the Countryside. London, 1970.
9. Brightbill, C.K. : The challenge of Leisure. 1960.
10. Brown, L.A. en Moore, E.G. : Diffusion in Geography : a Perspective. (In Board e.a. : Progress in Geography, Vol. 1. London, 1969).
11. Bryant, A.T. : The Zulu People. Pietermaritzburg, 1949.
12. Burton, T.L. (red.) : Recreation Research and Planning. London, 1970.
13. Burton, T.L. en Kates, R.W. : Readings in Resource Management and Conservation. Chicago, 1965.
14. Caldwell, J.C. : Population growth and family change in Africa. The New Urban Elite in Ghana. Canberra, 1968.
15. Cholley, A. : Guide de l'Étudiant en Géographie. Parys, 1943.
16. Clawson, M. : Land and Water for Recreation. Chicago, 1963.
17. Clawson, M. en Knetsch, J.L. : Economics of Outdoor Recreation. Baltimore, 1971.
18. Collier, J. : Visual Anthropology : Photography as a Research Method. New York, 1967.
19. Cracknell, B. : Planning for Countryside Recreation. (In Burton, T.L. (red.) : Recreation Research and Planning. London, 1970).

20. Cronjé, G. (red.) : Kultuurbeïnvloeding tussen Blankes en Bantoes in Suid-Afrika. Pretoria, 1968.
20. Cullingworth, J.B. : Town and Country Planning in England and Wales. The New Town and Country Hall Series No. 8. London, 1964.
21. Dasman, R.F. : Environmental Conservation (Derde uitgawe). New York, 1972.
22. De Grazia, S. : Of Time, Work and Leisure. New York, 1962.
23. Fanger, P.O. : Thermal Comfort. Analysis and Applications in Environmental Engineering. Kopenhagen, 1970.
24. Faul, J.F. : Die invloed van temperatuur, relatiewe vogtigheid, lugdruk, windsterkte en ligsterkte op die konsentrasievermoë van kinders in die Hoërskool. Pretoria, 1934.
25. Finch, V.C. e.a. : Elements of Geography. Physical and Cultural. (Vierde Uitgawe). London, 1957.
26. Forde, D. (red.) : Social implications of industrialization and urbanization in Africa south of the Sahara. London, 1956. (UNESCO publikasie.)
27. Franzin, B. : Kantorsrumet 2 - en Klimaatstudie i nie Kantorshus. Rapport 21 : 1969; Rapport frau Byggforskningen, Stockholm, 1969.
28. Friedmann, J. : Regional development policy : a case study of Venezuela. London, 1966.
29. Glasser, R. : Leisure. Penalty or Prize? London, 1970.
30. Glikson, A. : Recreational Land Use. (In Thomas, W.L. (red.) : Man's role in Changing the the Face of the Earth. Chicago, 1956).
31. Gould, P.R. : Methodological Development Since the Fifties. Progress in Geography (In Board, C. (e.a.) (reds.) : Progress in Geography, Vol. 1. London, 1969).
32. Hartshorne, R. : Perspective on the Nature of Geography. London, 1963. (Derde uitgawe)
33. Horrell, M. : The African Reserves of South Africa. (S.A.I.R.V.-publikasie). Johannesburg, 1969.
34. Houghton, D.H. : The South African Economy (Tweede Uitgawe). Kaapstad, 1967.
35. Hunter, M. : Reaction to Conquest. London, 1936.

36. Huntington, E., Williams, F.E. en Van Valkenburg, S. : Economic and Social Geography. New York, 1947.
37. Jackson, J.N. : Surveys for Town and Country Planning. London, 1963.
38. James, P.E. : A. Geography of Man (Tweede uitgawe). New York, 1959.
39. James, P.E. en Jones, C.F. : American Geography : Inventory and Prospect. Syracuse University Press, 1954.
40. Junod, H.A. : The Life of a South African Tribe. London, 1927.
41. Kaplan, M. : Leisure in America : a social inquiry. New York, 1960.
42. Kendall, H.M. en Glendinning, R.M. : Introduction to Geography. New York, 1951.
43. Kidd, D. : Savage Childhood. London, 1906.
44. Kidd, D. : The Essential Kafir. London, 1925.
45. Lowie, R.H. : The History of Ethnological Theory. New York, 1937.
46. Lynd, R.S. en Lynd, H. : Middletown. New York, 1929.
47. Lynd, R.S. en Lynd, H. : Middletown in transition. New York, 1937.
48. Malinowski, B. : A Scientific Theory of Culture. North Carolina, 1944.
49. Mead, M. : Man en Vrouw : Een studie over de sexen in een veranderende wereld. Utrecht, 1962.
50. Metz, W. : Het Dorp.
51. Michael, D. : Work and Free Time. Philadelphia, 1962.
52. Molendijk, H. : Openluchtrecreatie. Een Nieuw Sociaal Fenomeen. Utrecht, 1967.
53. Moore, W.E. : Social Change. New York, 1963.
54. Murray, W.H. : Highland Landscape - a survey. National Trust for Scotland. 1962.
55. Neumeyer, M.H. en Neumeyer, E.S. : Leisure and recreation : a Study of leisure and recreation in their sociological aspects. New York, 1958.

56. Nye, F.L. : Family relationships and delinquent behaviour. New York, 1958.
57. Ogilvie, F.W. : The Tourist Movement : An Economic Study. London, 1933.
58. Passarge, S. : Beschreibende Landschaftskunde. Hamburg, 1929.
59. Patmore, J.A. : Land and Leisure in England and Wales. London, 1970.
60. P.E.P.-verslag (Committee for Political and Economic Planning) World Population Resources. London, 1964.
61. Pieper, J. : Leisure, the basis of culture. New York, 1952.
62. Ritter, E.A. : Shaka Zulu. New York, 1956.
63. Rostow, W.W. : The Stages of Economic Growth. Cambridge, 1961.
64. Schlosser, K. : Eingeborenenkirchen in Süd- und Südwest-Afrika. Ihre Geschichte und Sozialstruktur. Kiel, 1958.
65. Segall, D.T. (e.a.) : The Influence of Culture on Visual Perception. New York, 1966.
66. Serton, P. : Die Aardrykskundige Grondslag van ons Geskiedenis . (In Gie, S.F.N. : Geskiedenis van Suid-Afrika, Deel 1. Stellenbosch, 1952).
67. Smith, G.H. : Conservation of Natural Resources. London, 1950.
68. Soga, J.H. : The Ama-Xhosa : Life and Customs. Lovedale Press, 1931.
69. Spoehr, A. : Cultural differences in the Interpretation of Natural Resources. (In Thomas, W.L. (red.) : Man's role in changing the face of the earth . Chicago, 1956)
70. Spooner, F.P. : South African Predicament. Jonathan Cape, 1960.
71. Stayt, H.A. : The Bavenda. London, 1931.
72. Thorrington-Smith, E. : Tugela Basin : A Regional Survey of the Catchment Area of the Tugela River and its Tributaries. Interim verslag opgestel deur die Stads- en Streeksbeplanningskommissie vir die Natalse Provinsiale Administrasie en die Natalse Raad vir die Ontwikkeling van Hulpbronne. Pietermaritzburg, 1953.

73. Thorrington-Smith, E. : Towards a Plan for the Tugela Basin. Tweede interim verslag opgestel deur die Stads- en Streeksbeplanningskommissie vir die Natalse Provinsiale Administrasie en die Natalse Raad vir die Ontwikkeling van Hulpbronne. Pietermaritzburg, 1960.
74. Veblin, T. : The Theory of the Leisure Class. An Economic Study of Institutions. London, 1970. (Oorspronklike uitgawe, 1899).
75. Vendien, C.L. en Nixon, J.E. : The World today in Health, Physical Education and Recreation. New Jersey, 1968.
76. Warner, L.W. en Lunt, P. : The Status system of a modern community. New Haven, Yale university Press, 1941.
77. Wilson, M. en Mafeje, A. : Langa. Kaapstad, 1965.
78. Yeates, M.H. : An Introduction to Quantitative Analysis in Economic Geography. New York, 1968.

## II. Tydskrifartikels

Afkortings : A.A.A.G. : Annals of the Association of American Geographers.

J.L.R. : Journal of Leisure Research.

79. Angus, T.C. en Brown, J.R. : Thermal comfort in the lecture room. Journal Inst. Heating & Ventilating Engineers, Vol. 25, 1957.
80. Arora, K.K. : National Parks and Sanctuaries of India. The Deccan Geographer, Vol. 9 nr. 1, 1971.
81. Bailey, H.P. : Towards a Unified concept of the Temperate Climate. Geographical Review, Vol. 54 nr. 3, 1964.
82. Batik, J. en Grotenwald, A. : Culture and Economic Development - South Africa vs. Peru. Journal of Geography (U.S.), Vol. 67, 1968.
83. Berman, M. : The Evolution of Beersheba as an Urban Centre. A.A.A.G., Vol. 55 nr. 2, 1965.
84. Berry, G.V. : Traffic Management. Town and Country Planning, Maart 1968.
85. Brewer, D. en Kuehn, J.A. : Conflicts within Recreation : A Rejoinder. Land Economics, Vol. 7, 1968.
86. Brown, P.J. : Sentiment Changes and Recreation Participation. J.L.R., Vol. 2, no. 3, 1970.

87. Brown, R.M. : The Business of Recreation. Geographical Review, Vol. 25, 1935.
88. Bultena, G.L. en Klessig, L.L. : Satisfaction in Camping : A Conceptualization and Guide to Social Research. J.L.R., Vol. 1 nr. 4, 1969.
89. Burch, W.R. : The Social Circles of Leisure : Competing Explanations. J.L.R., Vol. 1 nr. 2, 1969.
90. Burdige, R.J. : Levels of Occupational Prestige and Leisure Activity. J.L.R., Vol. 1 nr. 3, 1969.
91. Burger, A.J. : Vervoerstelsels as basis vir die toepassing van afsonderlike ontwikkeling. Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede, Vol. 21, 1970.
92. Burger, A.J. : Die vordering van die Bantoevolke op Onderwysgebied en die Betekenis daarvan vir die Blankes. Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede, Vol. 23 nr. 4, 1972.
93. Burley, T.M. : A note on the Geography of Sport. Professional Geographer, Vol. 14 nr. 1, 1962.
94. Burton, T.L. : Outdoor Recreation in America, Sweden and Britain. Town and Country Planning, Oktober 1966.
95. Burton, I. en Kates, R.W. : The Floodplain and the Seashore. A Comparative analysis of hazard-zone occupance. Geographical Review, Vol. 54 nr. 4, 1964.
96. Campbell, C.K. : An approach to Research in Recreation Geography. British Columbia Geographical Series nr. 7, 1966.
97. Carlson, A.S. : Recreational industry of New Hampshire. Economic Geography, Vol. 14, 1938.
98. Carter, M.R. : A Method of Analysing Patterns of Tourist Activity in a Large Rural Area. Regional Studies, Vol. 5 nr. 1, 1971.
99. Catton, W.R. : Intervening Opportunities : Barriers or Stepping Stone? Pacific Sociological Review, Vol. 8, 1965.
100. Cesario, F.J. : Operations Research in Outdoor Recreation. J.L.R., Vol. 1 nr. 1, 1969.
101. Chapin, F.S. en Hightower, H.C. : Household activity patterns and Land Use. Journal of the American Institute of Planners, Vol. 31 nr. 3, 1965.
102. Charlier, R.H. : Recreational Use of the Beach. Tijdschrift voor Economische en Sociale Geografie, Vol. 51 nr. 10, 1960.

103. Christaller, W. : Beitrage zur einer Geographie der Fremden Verkehrs. Erdkunde, Vol. 9, 1955.
104. Christaller, W. : Some considerations of tourism location in Europe. Papers of the Regional Science Association, Vol. 12, 1964.
105. Clark, K.G.T. : Certain underpinnings of our arguments in Human Geography. Journal of the Institute of British Geographers, Vol. 16, 1950.
106. Clarke, A.C. : The Use of Leisure and its Relation to levels of Occupational Prestige. American Sociological Review, Vol. 21, 1956.
107. Clawson, M. en Knetsch, J.L. : Outdoor Recreation Research : Some Concepts and Suggested Areas of Study. Natural Resources Journal, Vol. 3 nr. 2, 1963.
108. Coppock, J.T. : The Recreational use of Land and Water in Rural Britain. Tijdschrift voor Economische en Sociale Geografie, Mei/Junie 1966.
109. Coppock, J.T. : Out in the Country. Town and Country Planning, Mei 1971.
110. Craik, K.H. : The Comprehension of the everyday physical Environment. Journal of the American Institute of Planners, Jan. 1968.
111. Crary, D. : A Geographer looks at the Landscape. Landscape, Vol. 9 nr. 1, 1959.
112. Cunningham, D.A. (e.a.) : Active Leisure Activities as related to Occupation. J.L.R., Vol. 2 nr. 2, 1970.
113. Daiute, R.J. : Methods for determination of Demand for Outdoor Recreation. Land Economics, Vol. 42 nr. 3, 1966.
114. Daniel, J.B.Mc.I. : Rural Resettlement Schemes in African Areas. Tydskrif vir Aardrykskunde, Vol. 3 nr. 6, 1970.
115. David, E.J.C. : The Exploding Demand for Recreational Property. Land Economics, Vol. XIV nr. 2, 1969.
116. Deasy, G.F. : The Tourist industry in a "North Woods" country. Economic Geography, Vol. 25, 1949.

117. Dower, M. : Politics of countryside planning. Town and Country Planning, Maart 1969.
118. Dower, M. : Leisure - Its Impact on Man and the Land. Geography, Vol. 55, 1970.
119. Duffell, J.R. en Goodall, G.R. : Worcestershire Recreation Survey 1966 - Use of the Motor Car for Leisure purposes. Journal of the Town Planning Institute, Vol. 55 nr. 1, 1969.
120. Du Plessis, S.S. en Le Roux, P.J. : Sport Fisheries in River development with reference to the Orange River Scheme. S.A. Journal of Science, Vol. 61, Maart 1965.
121. Ellis, F.P. : Thermal Comfort in warm and humid atmospheres. Journal of Hygiene, Vol. 51, 1953.
122. Eloff, J.F. : Tempo van Ekonomiese Ontwikkeling in die Bantoegebiede. Tydskrif vir Rasse-Aangeleentehede, Vol. 10 nr. 2, 1959.
123. Enger, T.G. en Guest, B.R. : The Response of a State Park to a Demand for Recreation : Yankee Springs, Michigan. Professional Geographer, Vol. 20 nr. 3, 1968.
124. Fair, T.J.D. en Green, L.P. : Development of the Bantu Homelands. Optima, Vol. 12, 1962.
125. Fines, K.D. : Landscape evaluation : a research project in East Sussex. Regional Studies, Vol. 2 nr. 1, 1968.
126. Foster, J. : Information in the countryside : a Scottish enterprise. Town and Country Planning, Augustus 1967.
127. Furmidge, J. : Planning for Recreation in the Countryside. Journal of the Town Planning Institute, Mei. 1969.
128. Gerasimov, I.P. en andere : Current geographical problems in recreation planning. Soviet Geography, Vol. II nr. 3, Maart 1970.
129. Glass, Y. : The industrialization of an Indigenous People (S.E. Bantu People). S.A. Journal of Science, Vol. 59, 1963.
130. Gordon, I.R. en Edwards, S.L. : Holiday Trip Generation. Journal of Transport Economics and Policy, Vol. 7 nr. 2, 1973.



131. Greeley, R.B. : Part-time farming and recreation land use in New England. *Economic Geography*, Vol. 18, 1942.
132. Green, J.E. : The problem of Reclamation of derelict land after coal strip mining in Appalachia. *South Eastern Geographer*, Vol. 9 nr. 1, 1969.
133. Harry, J., Gale, R. en Hendee, J. : Conservation : An upper middle-class Social Movement. *J.L.R.*, Vol. 1 nr. 3, 1969.
134. Hart, J.F. : The Three R's of Rural North East U.S.A. *Canadian Geographer*, Vol. 7, 1963.
135. Harvey, L.G. : Want Tourists? Plan for them! *Modern Government*, Mei/Junie, 1968.
136. Hattingh, P.S. en Hugo, M.L. : Migrasie van Bantoes in Suid-Afrika 1951-1960. *Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede*, Vol. 21 nr. 4, 1970.
137. Hattingh, P.S. : Die probleem van vermyaaie met verwysing na Pietersburg. *Tydskrif vir Aardrykskunde*, Vol. 3 nr. 9, 1971.
138. Hattingh, P.S. en Hugo, M.L. : Tendense van Bantoe Verstedeliking in Suid-Afrika 1960-1970. *Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede*, Vol. 22 nr. 4, 1971.
139. Hattingh, P.S. en Hugo, M.L. : A Note on Improving the Response to Mail Questionnaires. *South African Journal of Sociology*, nr. 4, 1972.
140. Hattingh, P.S. en Hugo, M.L. : The Geographical distribution of the Bantu masculinity ratio in South Africa, 1970. *Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede*, Vol. 23 nr. 4, 1972.
141. Hecock, R.D. : Recreational Behaviour Patterns as related to Site characteristics of Beaches. *J.L.R.*, Vol. 2 nr. 3, 1970.
142. Hendrick, R.L. : An outdoor Weather-Comfort Index for the Summer Season in Hartford, Connecticut. *Bulletin of the American Meteorological Society*, Vol. 40, 1959.
143. Hauser, P.H. : The census of 1970. *Scientific American*, Vol. 225 nr. 1, 1971.

144. Hendee, J.C. : Rural-Urban Differences reflected in Outdoor Recreation Participation. J.L.R., Vol. 1 nr. 4, 1969.
145. Holman, M.A. : A National Time Budget for the Year 2000. Sociology and Social Research, Vol. XLCl nr. 1, 1961.
146. Horwood, O.P.F. : Is minimum Wage legislation the answer for South Africa? S.A. Journal of Economics, Vol. 30 nr. 2, 1962.
147. Houghton, F.C. en Yaglou, C.P. : Determination of the Comfort Zone. ASHVE Transactions, Vol. 29, 1923.
148. Jackson, S.P. : Geography as Environmental Science and the Training of Geographers. S.A. Geografiese Tydskrif, Vol. 51, 1969.
149. James, L.D. : Economic Optimization and Reservoir Recreation. J.L.R., Vol. 2 nr. 1, 1970.
150. Jones, S.B. : Mining and Tourist Towns in the Canadian Rockies. Economic Geography, Vol. 9, 1933.
151. Jordahl, H.C. : Conservation and Scenic Easements: An Experience Resume. Land Economics, Vol. 39 nr. 41, 1963.
152. Kilpatrick, C.S. : North Ireland's forest parks. Town and Country Planning, Maart 1968.
153. Knetsch, J.L. : Outdoor Recreation Demands and Benefits. Land Economics, November 1963.
154. Knetsch, J.L. : Assessing the Demand for Outdoor Recreation : Communication. J.L.R., Vol. 1 nr. 1, 1969.
155. Knopp, T.B. : Environmental Determinants of Recreational Baviour, J.L.R., Vol. 4 nr. 2, 1972.
156. Kohn, C.F. : Resort Settlements along the New England Coast. A.A.A.G., Vol. 45 nr. 2, 1955.
157. Krige, E.J. : The Social Significance of beer among the Balobedu. Bantu Studies, Vol. 6, 1932.
158. Kuehn, J.A. en Brewer, D. : Conflicts within Recreation : An Emerging problem in the Allocation of Water and Investment Funds. Land Economics, Vol. 43 nr. 4, 1967.

159. La Page, W.F. : The Camper Views the Interview. J.L.R. Vol. 1 nr. 2, 1969.
160. Law, S. : Planning for Outdoor Recreation in the Countryside. Journal of the Town Planning Institute, Vol. 53 nr. 9, 1967.
161. Lee, D.H.K. en Lemmons, H. : Clothing for Global Man. Geographical Review, Vol. 39, 1949.
162. Lee, D.H.K. : The role of Bioclimatology in the Armed Forces. Bulletin American Meteor. Soc., Vol. 41, 1960.
163. Leistner, G.M.E. : Africa : Economic and other implications of the population growth. S.A. Institute of International Affairs, 1970.
164. Lentnek, B., Van Doren, C.S. en Trail, R. : Spatial Behaviour in Recreational Boating. J.L.R., Vol. 1 nr. 2, 1969.
165. Lindsay, J.J. en Ogle, R.A. : Socio-economic patterns of Outdoor Recreational use near Urban Areas. J.L.R., Vol. 4 nr. 1, 1972.
166. Linton, D.L. : The assessment of scenery as a natural resource. Scottish Geographical Magazine, Vol. 84 nr. 3, 1968.
167. Littlejohn, B.M. : Quetico Country : Part II. Wilderness Highway to Wilderness Recreation. Canadian Geographical Journal, September 1965.
168. Lowenthal, D. : Geography, experience, and imagination : Towards a geographical epistemology. A.A.A.G., Vol. 51 nr. 3, 1961.
169. Lowenthal, D. : Tourists and Thermalists. Geographical Review, Vol. 52 nr. 1, 1962.
170. Lowenthal, D. : Not every prospect pleases. What is our criterion for scenic beauty? Landscape, Vol. 12 nr. 2, 1962-3.
171. Lowenthal, D. : The American Scene. Geographical Review, Vol. 58 nr. 1, 1968.
172. Lowenthal, D. en Prince, H.C. : The English Landscape. Geographical Review, Vol. 54 nr. 3, 1964.
173. Lowenthal, D. en Prince, H.C. : English Landscape Tastes. Geographical Review, Vol. 55, 1965.

174. Lucas, R.C. : The contribution of environmental research to wilderness policy decisions. *Journal for Social Issues*, Vol. 22, 1966,
175. Lucas, R.C. en Priddle, S.B. : Environmental Perception: a comparison of two areas. *A.A.A.G.*, Vol. 54, 1964.
176. Lynch, K. en Rivkin, M. : A Walk around the Block. *Landscape*, Vol. 8 nr. 3, 1959.
177. Mansfield, N.W. : The estimation of benefits from recreational sites and the provision of a new recreational facility. *Regional Studies*, Vol. 5 nr. 2, 1971.
178. Masser, I. : The use of outdoor recreational facilities. *Town Planning Review*, Vol. 37, 1966.
179. Maunders, W.J. : A Human Classification of Climate. *Weather*, Vol. 17, 1962.
180. McMurry, K.C. : The Use of Land for Recreation. *A.A.A.G.*, Vol. 20, 1930.
181. Mercer, D.C. : The Geography of Leisure - A Contemporary growth point. *Geography*, Vol. 55, 1970.
182. Mercer, D.C. : Outdoor Recreation and the Mountains of Mainland, South Eastern Australia. *Geography*, Vol. 55, 1970.
183. Mercer, D.C. : The Demand for Recreation at the Urban Fringe : The Example of Ferntree Gulley National Park. *The Australian Geographer*, Vol. 11 nr. 5, 1971.
184. Mercer, D.C. : The Role of Perception in the Recreation Experience : A review and discussion. *J.L.R.*, Vol. 3 nr. 4, 1971.
185. Mercer, D.C. : Beach Usage in the Melbourne Region. *Australian Geographer*, Vol. 12 nr. 2, 1972.
186. McClellan, K. en Medrich, E.A. : Outdoor Recreation : Economic consideration for Optimal Site Selection and Development. *Land Economics*, Vol. XLV nr. 2, 1969.
187. Meyersohn, R. : The Sociology of Leisure in the United States : Introduction and Bibliography, 1945-1965. *J.L.R.*, Vol. 1 nr. 1, 1969.
188. Millar, T.G. : Britains Long-distance paths. *Town and Country Planning*, 1969.
189. Moewes, W. : Integrierende geographische Betrachtungsweise und Angewandte Geographie. *Geoforum*, Vol. 7, 1971.

190. Molyneux, D.D. : Working for Recreation. Journal of the Town Planning Institute, Vol. 54 nr. 4, 1968.
191. Moncrief, L.W. : Trends in Outdoor Recreation Research. J.L.R., Vol. 2 nr. 2, 1970.
192. Murphy, R.E. : Geography and Outdoor Recreation : An Opportunity and an Obligation. Professional Geographer, Vol. 15 nr. 5, 1963.
193. Nazarevskiy, O.R. : The Selection of Elements of the Physical-Geographic Environment and aspects of Human Occupance for an Evaluation of Physical Living Conditions. Soviet Geography, Vol. 12 nr. 3, 1971.
194. Nel, A. : Geografiese verskeidenheid en Wetenskaplike Diepte. S.A. Geografiese Tydskrif, Vol. 46, 1964.
195. Neulinger, J. en Breit, M. : Attitude Dimensions of Leisure. J.L.R., Vol. 1 nr. 3, 1969.
196. Noe, F.P. : A Comparative Typology of Leisure in Non-industrialized Society. J.L.R., Vol. 2 nr. 1, 1970.
197. Opperman, R.W.J. : Our Vanishing Heritage. Vigor, Vol. 2 nr. 1, 1957.
198. Opperman, R.W.J. : The Recreational Potential of the Orange River project. S.A. Journal of Science, Maart 1965.
199. O'Riordan, T. : Planning to improve environmental capacity. Town Planning Review, Vol. 40 nr. 1, 1969.
200. Parneil, B.K. : Highland Planning : The Holiday Village. Journal of the Town Planning Institute, Vol. 51 nr. 10, 1965.
201. Pearce, P.H. : A New approach to the evaluation of Non-priced Recreational Resources. Land Economics, Vol. 44, 1968.
202. Peterson, G.L. en Neumann, E.S. : Modeling and Predicting Human Response to the Visual Recreational Environment. J.L.R., Vol. 1 nr. 3, 1969.
203. Piek, B. : Recent Demographic Developments in the Botswana, Lesotho and Swaziland countries : some of their socio-economic implications. S.A. Journal of African Affairs, Africa Institute, Vol. 1, 1971.
204. Prezioso, S.J. :(Preface). J.L.R., Vol. 1 nr. 1, 1969.
205. Price, E.I. : Values and Concepts in Conservation. A.A.A.G., Vol. 45 nr. 1, 1955.

206. Ragatz, R.L. : Vacation Homes in the North East U.S.A. : Seasonality in Population Distribution. A.A.A.G., Vol. 60 nr. 3, 1970.
207. Rat'kova, L.H. en andere : An Evaluation of the Territory of Moscow Oblast in terms of Physiologic-Climatic Parameters. Soviet Geography, Vol. 12 nr. 3, 1971.
208. Ratner, Y.M. : Hygienic parameters of the climate of settlement areas in the middle and southern latitudes of the U.S.S.R. Gigiyena i sanitariya, nr. 4, 1967, soos aangehaal deur Rat'kova (207).
209. Reisman, L. : Class, leisure and social participation. American Sociological Review, Vol. 19, 1954.
210. Robinson, G.W.S. : Tourists in Corsica. Economic Geography, Vol. 33 nr. 4, 1957.
211. Robinson, G.W.S. : The Recreational Geography of South Asia. Geographical Review, Vol. 62 nr. 4, 1972.
212. Rodgers, H.B. : Problems and Progress in Recreation Research : a Review of some recent work. Urban Studies, Vol. 9 nr. 2, 1972.
213. Rottenberg, S. : Income and Leisure in an Undeveloped Economy. Journal of Political Economy, Vol. 60, 1952.
214. Ryan, B. : Dynamics of recreational development on the south coast of N.S. Wales. Australian Geographer, Vol. 9 nr. 6, 1965.
215. Sadie, J.L. : Tempo van Ekonomiese Ontwikkeling in die Bantoegebiede - kommentaar. Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede, Vol. 10 nr. 3, 1959.
216. Schulze, R.E. : A Comparison between Official Population data and an Aerial Photographic Population survey in the Tugela Location. S.A.G.T., Vol. 51, 1969.
217. Schwitzgebel, R. : The performance of Dutch and Zulu adults on selected perceptual tasks. Journal of Social Psychology, Vol. 57, 1962.
218. Seckler, D.W. : On the Uses and Abuses of Economic Science in Evaluating Public Outdoor Recreation. Land Economics, Vol. 42 nr. 4, 1966.
219. Seligman, B.B. : On work, alienation, and leisure. American Journal of Economics and Sociology, Vol. 24, Oktober 1965.

220. Seneca, J.J. en Cicchetti, C.J. : User Response in Outdoor Recreation : A Production Analysis. J.L.R., Vol. 1 nr. 3, 1969.
221. Sessams, H.D. : A new basis for recreational planning. Journal of the American Institute of Planners. Vol. XXX, 1964.
222. Sewell, W.R.D., e.a. : Human response to weather and climate : geographical contributions. Geographical Review, Vol. 58, 1968.
223. Shafer, E.L. e.a. : Natural Landscape Preferences : A Predictive Model. J.L.R., Vol. 1 nr. 1, 1969.
224. Shaw, T.R. : Recreation for Non-Europeans (Games). Park Administration, Vol. 19 nr. 4, 1966.
225. Smit, P. : Tendense van Ontwikkeling in die Bantoegebiede van Suid-Afrika. Acta Geographica, 1966.
226. Smit, P. : Physical Planning in the Bantu Homelands of South Africa. Tegnikon (Spesiale Uitgawe), Maart 1967.
227. Smit, P. : Die Ontwikkeling van die Bantoe-tuislande. Probleme en Vooruitsigte. Tydskrif vir Aardrykskunde, Vol. 3 nr. 6, 1970.
228. Spies, F.J. du T. : Die kamera en die Geskiedenis : Enkele opmerkinge oor die foto as historiese bron. Tydskrif vir Geesteswetenskappe, Maart 1972.
229. Stadler, J.J. : Nywerheidsontwikkeling in die Bantoe-tuislande. I. Die Behoeftte aan nywerheidsontwikkeling. Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede, Vol. 18 nr. 4, 1967.
230. Stanton, W.J. : The Purpose and Source of Seasonal Migration to Alaska. Economic Geography, Vol. 31 nr. 2, 1955.
231. Steenkamp, W.F.J. : The Bantu Wages in South Africa. S.A. Journal of Economics, Vol. 30 nr. 2, 1962.
232. Steyn, J.N. : Perspektief op die Suid-Afrikaanse Toeristebedryf. Tydskrif vir Aardrykskunde, Vol. 3 nr. 9, 1971.
233. Stillwell, H.D. : National Parks of Brazil : A Study in Recreational Geography. A.A.A.G., Vol. 53 nr. 3, 1963.
234. Stone, C.L. : Family recreation - a parental dilemma. Family Life Coordinator, Vol. 12, 1963.

235. Swanepoel, J. : Enkele Gedagtes in verband met die Ekonomiese Ontwikkeling van die Bantoegebiede van Suid-Afrika. Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede, Vol. 12 nr. 3, 1961.
236. Tait, N.C. : Die Invloed van hellings op Bantoe vestiging in die Ciskei. Tydskrif vir Aardrykskunde, Vol. 3 nr. 5, 1969.
237. Taylor, G.D. : An Approach to the inventory of recreational lands. Canadian Geographer, Vol. 9 nr. 2, 1965.
238. Terjung, W.H. : The Seasonal march of physiological climates and cumulative stress in the Sudan. Journal of Tropical Geography, Vol. 22, 1966.
239. Terjung, W.H. : Physiological climates of the conterminous U.S. : A Bio-climatic classification based on Man. A.A.A.G. Vol. 56 nr 3, 1966.
240. Thurston, H. : France finds a new holiday coast. Geographical Magazine, Vol. 41 nr. 5, 1969.
241. Van der Horst, S. : The Economic Implications of Political Democracy. Supplement to Optima, Junie 1960.
242. Van Eck, H.J. en Kuschke, G.S.J. : Die Uitwerking van die Ontwikkeling van die Bantoegebiede op die Ekonomiese en Maatskaplike Patroon van die Res van die Unie. Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede, Vol. 12 nr. 1, 1960.
243. Van Rensburg, P.F.S.J. : Aspekte van Bantoe-arbeid in Blanke dorpsgebiede. Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede, Vol. 16 nr. 4, 1965.
244. Vedenin, Yu. A. en Miroschnichenko, N.N. : Evaluation of the natural environment for recreational purposes. Soviet Geography, Vol. 11 nr. 3, Maart 1970.
245. Vernon, M.D. en Warner, C.G. : The influence of the humidity of the air on capacity for work at high temperatures. Journal of Hygiene, Vol. 32, nr. 432, 1932.
246. Viljoen, S.P. : Higher Productivity and higher Wages of Native Labour in South Africa. S.A. Journal of Economics, Vol. 29, Maart 1961.
247. Wall, G. : Socio-economic variations in pleasure-trip patterns : the case of Hull car-owners. Journal of the Institute of British Geographers, Vol. 57, November 1972.
248. Weidemann, J.J.S. : Tuisland- en Grensgebied ontwikkeling - die betekenis daarvan en die vordering wat gemaak is. Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede, Vol. 24 nr. 1, 1973.



249. Weir, T. : The Scottish Countryside in 1967. Town and Country Planning, Junie 1967.
250. Wenger, W.D. en Videbeck, R. : Eye Pupillary Measurement of Aesthetic Response to Forest Scenes. J.L.R., Vol. 1 nr. 2, 1969.
251. West, P.C. en Merrian, L.C. : Outdoor Recreation and Family Cohesiveness : A Research Approach, J.L.R., Vol. 2 nr. 3, 1970.
252. White, R.C. : Social Class Differences in the Use of Leisure. American Journal of Sociology, Vol. 61, 1955.
253. Winterbottom, D.M. : How much Open Space do we need? Journal of the Town Planning Institute, Vol. 53 nr. 4, 1967.
254. Withington, W.A. : Upland Resorts and Tourism in Indonesia : Some Recent Trends. Geographical Review, Vol. 51 nr. 3, 1961.
255. Wolfe, R.I. : Perspektie on Outdoor Recreation : A Bibliographical Survey. Geographical Review, Vol. 54 nr. 2, 1964.
256. Wolfe, R.I. : About Cottages and Cottagers. Landscape, Vol. 15, 1965.
257. Wolfe, R.I. : Recreational Travel : The New Migration. Ekistics, Vol. 21 nr. 123, 1966.
258. Wolfe, R.I. : The Geography of Outdoor Recreation : a dynamic approach. British Columbia Geography Series, nr. 8, 1967.
259. Wolfe, R.I. : The Inertia Model. J.L.R., Vol. 4 nr. 1, 1972.
260. Wyon, D.P. en e.a. : Thermal comfort during surgical operations. J. Hygiene. Vol. 66, 1968.
261. Yaglou, C.P. : A Method for improving the E.T. index. A.S.H.V.E. Transactions. Vol. 53, 1947.
262. Yaglou, C.P. en Millar, W.B. : Effective Temperature with clothing. A.S.H.V.E. Transactions. Vol. 31, 1925.

### III. Mededelings van Universiteite e.a. Navorsingsinstansies

263. Appleyard, A. : The View from the Road. (In: Lowenthal, D. Environmental Perception and Behaviour. Dept. Geography Res. Paper nr.109, Universiteit van Chicago. Chicago, 1967). Chicago, 1967.
264. Bates, M. : The Human Ecosystem. (In Resources and Man. A Study and Recommendations, by the Committee on Resources and Man. National Academy of Sciences - National Research Council, San Francisco, 1969).
265. Batson, E. : The Cost of (Civilised) Living. Social Survey, Universiteit van Kaapstad, Kaapstad 1942.
266. Baumann, D.D. : The Recreational Use of Domestic Water Supply Reservoirs : Perception and Choice. Dept. of Geography Research Paper no. 121, Universiteit van Chicago, 1969.
267. Becker, F. : Bioklimatische Reizstufen für eine Raumbeurteilung zur Erholung. (In: Akademie für Raumforschung und Landesplanung : Zur Landschaftsbewertung für die Erholung. Forschungs-und Sitzungsberichte, Vol. 76. Raum und Fremdenverkehr 3. Hannover, 1972.
268. Bederman, S.H. : A Bibliographic Aid to the Study of the Geography of Africa. (A Selected listing of recent literature Published in the English language). Georgia State Universiteit, 1970.
269. Bedford, T. : The warmth factor in comfort at work. Industrial Health Research Board. Report no. 76. 1936.
270. Bichlmaier, F. : Zur Nützlichkeit des Waldes als Erholungsraum. (In : Akademie für Ramforschung und Landesplanung : Zur Landschaftsbewertung für die Erholung. Forschungs-und Sitzungsberichte, Vol. 76. Raum und Fremdenverkehr 3. Hannover, 1972.
271. Burton, T.L. : Windsor Great Park : A Recreational Study. Dept. of Economics, Wye College, Universiteit van London. 1967.
272. Burton, T.L. en Noad, P.H. : Recreation Research Methods : A Review of recent studies. University of Birmingham, Centre for Urban and Regional Studies, Occasional Paper No. 3, 1968.
273. Burton, T.L. (red.) : Recreation Research and Planning. Centre for Urban and Regional Studies, Occasional Paper No. 1, Universiteit Birmingham, London, 1970.

274. De Coning, C. : Income and Expenditure Patterns of Urban Bantu Households (Port Elizabeth and Uitenhage). Navorsingsverslag nr. 17, Buro vir Marknavorsing, Universiteit van Suid-Afrika. Pretoria, 1967.
275. De Coning, C. : Income and Expenditure Patterns of Urban Bantu Households (Benoni Survey). Buro vir Marknavorsing, Universiteit van Suid-Afrika, Navorsingsverslag nr. 5. Pretoria, 1962.
276. De Jongh, C. : Stages of Economic History II. The recent revival of the stages theory: Prof. W.W. Rostow's ideas. Mercurius nr. 6, Maart 1969. Tydskrif van die Dept. Ekonomie, Universiteit van Suid-Afrika .
277. Denham, C. : Attitudes towards the environment : analysis of aspects of the environment in a social setting. Graduate school of Geography, London School of Economics, Disc. Pap. 18, 1968.
278. Feldmann-Laschin, G.R. : Income and Expenditure Patterns of Urban Bantu Households (Cape Town Survey). Navorsingsverslag nr. 8, Buro vir Marknavorsing, Universiteit van Suid-Afrika. Pretoria, 1964.
279. Feldmann-Laschin, G.R. : Income and Expenditure Patterns of Urban Bantu Households (Port Elizabeth and Uitenhage). Navorsingsverslag nr. 17, Buro vir Marknavorsing, Universiteit van Suid-Afrika. Pretoria, 1967.
280. Fernie, B.E. : Travel and Risk on S.A. Roads : Estimates for 1968. Nasionale Padnavorsings-instituut, verslag RT/2/70, W.N.N.R., Junie 1970.
281. Fischer, W.F. : Methods of Evaluating Lands for Recreational Use. Recreation in Wildlife Management. University of California, Agricultural Experimental Station, San Francisco 1962.
282. Hanstein, U. : Die Eignung von Waldrändern für die Erholung. (In : Akademie für Raumforschung und Landesplanung : Zur Landschaftsbewertung für die Erholung. Forschungs-und Sitzungsberichte, Vol. 76. Raum und Fremdenverkehr 3. Hannover, 1972.
283. Heaton, E.E. (Jnr.) : Increasing Mail Questionnaire Returns with a Preliminary Letter. Bulletin nr. 24, Buro vir Marknavorsing, Universiteit van Suid-Afrika Pretoria, Maart 1967.

284. Hedrick, W.D. : Recreational Use of North Michigan Cut-over Lands. Agricultural Experimental Station, Michigan State College. Special Bulletin 247, East Lansing, 1934.
285. Hodgson, T. : Air Conditioning : Important Considerations. W.N.N.R., verslag R Meg 209. Pretoria, s.j.
286. Hugo, M.L. en Hattingh, P.S. : Outdoor Recreation in Pietersburg and Environs : Present Pattern and Demand. Publikasies van die Universiteit van die Noorde, Reeks A nr. 15.
287. Kiemstedt, H. : Erfahrungen und Tendenzen in der Landschaftsbewertung. (In: Akademie für Raumforschung und Landesplanung : Zur Landschaftsbewertung für die Erholung. Forschungs- und Sitzungsberichte, Vol. 76. Raum und Fremdenverkehr 3. Hannover, 1972.
288. Lancaster, J.R. en Nicholls, L.L. : A Selected Bibliography of Geographical References and Related Research in Outdoor Recreation and Tourism : 1930-1971. Council of Planning Librarians, Exchange Bibliography 190. Monticello, Illinois, Mei 1971.
289. Loubser, M. : Income and Expenditure patterns of Bantu living under other than family conditions in Pretoria, 1965. Navorsingsverslag nr. 18, Buro vir Marknavorsing, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, 1967.
290. Loubser, M. : Market Potentials of Bantu living in Pretoria, Witwatersrand and Vaal Triangle, 1965. Navorsingsverslag nr. 21, Buro vir Marknavorsing, Universiteit van Suid-Afrika. Pretoria, 1969.
291. Lowenthal, D. (Red.) : Environmental Perception and Behaviour. Dept. of Geography Research Paper no. 109, Universiteit van Chicago. Chicago, 1967.
292. Maier, J. : Zur Bewertung des landschaftlichen Erholungspotentials aus der Sicht der Wirtschafts- und Sozialgeographie. (In: Akademie für Raumforschung und Landesplanung : Zur Landschaftsbewertung für die Erholung. Forschungs- und Sitzungsberichte, Vol. 76. Raum und Fremdenverkehr 3. Hannover, 1972.
293. Market Research Africa : An African Day. Johannesburg, 1967.
294. Nel, P.A., e.a. : Income and Expenditure Patterns of Non-White Urban Households (Pretoria Survey), Buro vir Marknavorsing, Universiteit van Suid-Afrika, Navorsingsverslag nr. 27.1. Pretoria, 1971.

295. Nel, P.A., e.a. : Income and Expenditure Patterns of Non-White Urban Households (Johannesburg Survey). Buro vir Marknavorsing, Universiteit van Suid-Afrika, Navorsingsverslag 27.2. Pretoria, 1971.
296. Page, D. : The Urbanization of the Bantu Homelands of the Transvaal. Publikasies van die Universiteit van Pretoria, Nuwe Reeks nr. 32. Pretoria, 1966.
297. Potgieter, J.F. : The Poverty Datum Line in the Major Urban Centres of the Republic. Navorsingsverslag nr. 11, Instituut vir Beplanningsnavorsing. Universiteit van Port Elizabeth. Port Elizabeth, 1973.
298. Rädcl, F.E., e.a. : Income and Expenditure Patterns of Urban Bantu Households (S.W. Townships, Johannesburg). Navorsingsverslag nr. 6, Buro vir Marknavorsing, Universiteit van Suid-Afrika. Pretoria, 1963.
299. Seres, T.J. en Loubser, M. : Comparative Income Patterns of Urban Bantu. Pretoria, 1960-1965. Buro vir Marknavorsing, Universiteit van Suid-Afrika. Navorsingsverslag nr. 14. Pretoria, 1966.
300. Sewell, W.R.D. (Red.) : Human dimensions of weather modifications. Dept. of Geography, Research paper no. 105, Universiteit van Chicago. Chicago, 1966.
301. Sirles, J.E. : Application of Marginal Economic Analysis to Reservoir Recreation Planning. Publication no. 12, Water Resources Institute, Universiteit van Kentucky. Lexington, 1968.
302. Swanepoel, J. : Enkele gedagtes in verband met die Ekonomiese Ontwikkeling van die Bantoegebiede in Suid-Afrika. Publikasies van die Universiteit van die Noorde, Reeks C nr. 3, 1960.
303. Van Lier, H.N. : Onderzoek betreffende de recreatie in vier strandbaden in de provincie Drenthe. Instituut voor cultuurtechniek en Waterhuishouding, Wageningen, 1969.
304. Van Lier, H.N. : Enkele aspecten van de openluchtrecreatie. Instituut voor cultuurtechniek en Waterhuishouding. Wageningen, 1970.
305. Watts, H.L. : The Poverty Datum Line. Institute for Social Research, Fact Paper no. 1. Universiteit van Natal, 1967.
306. Wentzel, J.D. en Hodgson, T. : The Analysis and Application of Climatic Design Data. W.N.N.R. (N.M.E.R.I.) Verslag nr. MEG 461. Pretoria, 1966.

307. W.N.N.R. (Afdeling Nasionale Bou-navorsingsinstituut): Verslag oor die Behaaglikheidsvereistes van Bantoe-studente aan die Universiteit van Zoeloeland en aanbevelings t.o.v. die verbetering van die binnenshuise termiese toestande van die Universiteitsgeboue. Kontrakverslag nr. C/BOU 473. Voorgelê aan die Dept. Bantoe-onderwys. Pretoria, 1970.\*

IV. Jaarboeke, Monogramme en Toevallige Publikasies

308. Anon. : Duisende Huise .... Brosjure deur die Afdeling Nie-blankesake, Johannesburg Stadsraad. Desember, 1961.
309. Brockman, C.F. : Outdoor Recreation in Relation to Nature Conservation in South Africa. (Met 'n voorwoord deur T.C. Robertson). Uitgegee deur die Suid-Afrikaanse Natuur Unie. Julie 1961.
310. Charlesworth, J.C. (red.) : Leisure in America : Blessing or Curse? Monograph no. 4. The American Academy of Political and Social Science. Philadelphia, 1964.
311. Charton, N. : The Unemployed African in Grahamstown. S.A.I.R.V.-publikasie. Johannesburg, 1969.
312. Coetzee, R.D. : Die Familie-, Erf- en Opvolgingsreg van die Bafokeng van Rustenburg. SABRA-publikasie. Pretoria, 1971.
313. De Gruchy, J. : The cost of living for Urban Africans. S.A.I.R.V.-publikasie. Johannesburg, 1959.
314. Demographic Yearbook 1967 : Economic Commission for Africa, Document E/CN. 14/POP/6-17. April, 1969.
315. Hellmann, E. : Social Change among Urban Africans. S.A.I.R.V.-publikasie. Johannesburg, (s.j.).
316. Hey, D. : Jaarverslag nr. 24, Afdeling Natuurbewaring. Kaaplandse Provinsiale Administrasie. 1967/68.
317. Jooste, C.J. : Toestroming van Bantoes na Blanke Stede en Dorpe. SABRA Memorandum 69/20. Pretoria, 1969.
318. Jooste, C.J. : Demografiese Aspekte. (In: Die Stedelike Bantoe. Publikasie uitgegee deur die S.A. Studentebond en SABRA). 1972.
319. Lombard, J.A. : Die Staatkundige en Administratiewe beginsels van Tuislandontwikkeling. (In: Jaarboek van SABRA nr. 6, 1970).

\* Inligting gereproduseer ingevolge die Staatsdrukker se Outeursregvergunning 5073 van 19.12.1973.

320. Lombard, J.A., e.a. : Fokus op Ekonomiese Kernvrae. Oktober, 1971.
321. N.O.K.-Jaarboeke: 1969; 1971.
322. Reynders, H.J.J. : Die Werkverskaffingspotensiaal in die Tuislande met besondere verwysing na Nywerheidsdesentralisasie. (In: Jaarboek van SABRA nr. 6, Kongresverrigtinge 1970). 1970.
323. Smit, P. : Die Ontwikkeling van die Bantoetuislande - Probleme en Vooruitsigte. Geleentheidspublikasie van die Afrika Instituut van Suid-Afrika. Pretoria, 1969.
324. South African Holiday Guide : Especially for Africans, Indians and Coloureds. S.A.I.R.V.-publikasie. Johannesburg, 1968.
325. Steenkamp, W.F.J. : Progress and Change in Africa. Geleentheidspublikasie van die Afrika Instituut nr. 3. Pretoria, 1971.
326. Stumpf, F. en Cozens, F. : Some aspects of the role of games, sports, and recreational activities in the culture of modern primitive peoples. No. 1. The N.Z. Maori's. Research Quarterly of the American Assn. of Health, Physical Education and Recreation. Vol. 18, Oktober 1947.
327. Suid-Afrikaanse Reserwebank : 'n Statistiese aanbieding van die Nasionale Rekeninge van Suid-Afrika vir die tydperk 1946 tot 1970. Bylaag tot S.A. Reserwebank Kwartaalblad. Pretoria, Junie 1971.
328. Suttner, S. : The Cost of Living in Soweto 1966. S.A.I.R.V.-publikasie. Johannesburg, 1966.
329. Van Jaarsveld, F.A. : Die Verstedeliking van die Afrikaner. S.A.U.K.-publikasie. 1972.

#### V. Amptelike Publikasies

##### Suid-Afrika

330. Anon. : Report of the Witwatersrand Mine Natives' Wage Commission on the Remuneration and Conditions of Employment of Natives on W.W.R. Gold Mines - 1943. U.G. nr. 21/1944. Staatsdrukker, 1944.
331. Beavon, K.S.O. : Greater Cape Town Region. Planning Report no. 5. Recreation and Tourism. Kaaplandse Provinsiale Administrasie. Kaapstad, 1968.

332. Dept. van Beplanning : Opelugontspanning vir Blankes in die P.W.V.-streek. Verslag nr. 1 : P.W.V. Reeks deur die Streekkomitee vir die Raad vir die ontwikkeling van natuurlike hulpbronne. s.j.
333. Dept. van Beplanning : Ontwikkellingsatlas. Pretoria, 1966
334. Dept. van Beplanning : A Guide Plan for the Optimum Utilization of the Natural Resources of the Drakensberg Catchment Reserve. Report by the Subsidiary committee of the Prime Minister's Planning Advisory Council. Pretoria, 1970.
335. Dept. van Beplanning : Ondersoek na die Benutting van Riviermonde, Strandmere en Vleie in die Republiek van Suid-Afrika. Vol. IV. Knysna-Wildernis Merekompleks. 'n Verslag opgestel deur 'n Hulpkomitee van die Beplanningsadviesraad van die Eerste Minister. Pretoria, 1970.
336. Dept. Handel en Nywerheid : Industrial Development Series, Rpt. no. 6. Investigation into the iron and steel metallurgical and engineering industries. Pt. III. Statistical Survey of the Motor Industry in the Republic of South Africa. Pretoria.
337. Dept. van Landbou : A Vegetation Map of South Africa, Memorie nr. 15 van die Botaniese Opname van Suid-Afrika (deur I.B. Pole-Evans), Pretoria, 1953.
338. Dept. van Landbou : Veld Types of South Africa, Memorie nr. 28 van die Botaniese Opname van Suid-Afrika (deur J.P.H. Acocks). Pretoria, 1953.
339. Dept. Onderwys, Kuns en Wetenskap : Die Ontspanningspotensiaal van sekere Staatseiendomme in die Republiek van Suid-Afrika. Navorsingsreeks nr.27, deur Jooste, M.E. en Venter, J.D. Pretoria, 1965.
340. Dept. van Statistiek : Sensus van Blankes 6 Mei 1941. Verslae oor Lone van Huisbediendes. U.G. nr. 46, Pretoria, 1946.
341. Dept. van Statistiek : Unie Statistieke 1910-1960.
342. Dept. van Statistiek : Verslag nr. 02-02-01. Stedelike en Plattelandse Bevolking van Suid-Afrika 1904-1960.
343. Dept. van Statistiek : Bevolkingssensus 6 September 1960. Boekdeel I : Geografiese indeling van die bevolking. R.P. nr. 62/1963.
343. Dept. van Statistiek : Steekproeftabellasië, verslae nr's 02-01-04 en 02-02-02.



344. Dept. van Statistiek : Statistieke van Motorvoertuie soos op 30 Junie 1966: Alle voertuie. Verslag nr. 12.03.01. Pretoria, 1966.
345. Dept. van Statistiek : Suid-Afrikaanse Statistiek, 1968. Pretoria, 1968.
346. Dept. van Statistiek : Sensus van Fabriekswese 1967-68 en 1965-66. Verslag nr. 10-21-14.
347. Dept van Statistiek : Verslag nr. 02-05-01. Bevolkingsensus 6 Mei 1970. Pretoria, 1971.
348. Dept. van Statistiek : Verslag nr. 11-06-04. Opname van Gesinsuitgawes November 1966. Pretoria, 1971.
349. Dept. van Statistiek : Suid-Afrikaanse Statistieke 1970. Pretoria, 1971.
350. Dept. van Statistiek : Statistiese Nuusberig, 28.6.72.
351. Dept. van Vervoer (Weerburo) : Klimaat van Suid-Afrika. Deel 9, WB 29.
352. Dept. van Waterwese : Suid-Afrikaanse Register van Damme.
353. Natal Stads- en Streeksbeplanningskomitee : Natal North Coast Survey, Vol.8 (Deur Pistorius, R.A.), 1962.

V.S.A.

354. Bureau of Outdoor Recreation : Outdoor Recreation Research, A Reference Catalog, 1970. Dept. of the Interior and Smithsonian Institution, Science Information Exchange, No. 4. Washington, 1971.
355. Bureau of Outdoor Recreation : Outdoor Recreation Trends. Washington, 1967.
356. Bureau of Outdoor Recreation : Outdoor Recreation Space Standards. Washington, 1970.
357. California Public Outdoor Recreation Plan. 1960.
358. Clawson, M. : The Crisis in Outdoor Recreation. Reprint no. 13. Resources for the Future, Inc. Washington, 1959.
359. Dana, S.T. : Problem Analysis : Research in Forest Recreation. U.S. Forest Service. Washington, 1957.

360. Dept of the Interior : Mission 66 in Action. National Park Service. Washington, 1955.
361. Hauser, P.M. : O.R.R.R.C. Study report 22. Demographic and Ecological Changes as Factors in Outdoor Recreation. Washington, 1962.
362. Krutilla, J.V. : Conservation reconsidered. Resources for the Future, Reprint no. 67. Washington, 1967.
363. O.R.R.R.C. : A Report to the Outdoor Recreation Resources Review Commission to the President and the Congress. Washington, 1962.
364. O.R.R.R.C. : Public Outdoor Recreation Areas - Acreage, Use, Potential. Study Report no. 1. Washington, 1962.
365. O.R.R.R.C. : Prospective demand for outdoor recreation. Study Report no. 26. Washington, 1962.
366. Recreation and Park Yearbook of the American National Recreation Ass., 1955 en 1959.
367. Shafer, E.L. en J. Mietz : It Seems Possible to Quantify Scenic Beauty in Photographs. U.S.D.A. Forest Service, Research Paper NE-162, N.E. Forest Experiment Station, Upper Darby, Pennsylvania, 1970.
368. Ullman, E.L. en Volk, D.J. : An Operational Model for predicting Reservoir Attendance and Benefits : Implications of a location approach to Water Recreation. Papers of the Michigan Academy of Science, Arts and Letters, Vol. 47 (1961). Ann Arbor, 1962.
369. Wisconsin, Dept. of Resource Development : Recreation in Wisconsin. Madison, 1962.

#### Nederland

370. Centraal Bureau voor de Statistiek : Vrijtijdsbesteding in Nederland 1962-63. Staatsdrukkerij's-Gravenhage, 1966.
371. Rijksdienst voor het Nationale Plan : Doelmatige Vacantie-Accomodatie, Publikasie nr. 5. Rapport door de Rijksdienst voor het Nationale Plan Uitgebracht aan de Minister van Wederopbouw en Volkshuisvesting. 1950.

Engeland

372. British Travel Assn. : The Pilot National Recreation Survey, Report no. 1, University of Keele. 1967.
373. Tanner, J.C. : Forecasts of Future Numbers of Vehicles in Great Britain. Roads and Road Construction, September, 1962.

VI. Koerantberigte

374. Anon. : Die Mensdom groei nou elke week met 1 300 000. Tegniek, Oktober 1969.
375. Anon. : (Berig) Tegniek, April 1967.
376. Anon. : Wanted : Younger, Richer Customers : O.K. Bazaar. Byvoegsel tot die Financial Mail, 11 Junie 1971.
377. Anon. : (Berig) S.A. Digest, 2 Februarie 1971.
378. Rupert, A. : Presedentsrede : Suid-Afrikaanse Natuurstigting (Verslag oor...)Tegniek, Junie 1970.
379. Sadie, J.C. : Ons moet nie te haastig wees met Sensusysfers nie. Die Burger, 8 April 1971.

VII. Verhandelinge en Proefskrifte

380. Botto, R. : Some aspects of the leisure occupations of the African population of Cape Town. M. Soc. Sc., U.C.T. 1954.
381. Burton, T.L. : Economic Aspects of Selected Outdoor Recreational Enterprises in Rural Britain. Ph.D. Universiteit van London, 1967.
382. De Villiers, C.M. : Die vryetydsbesteding van die volwasse manlike Bantoe in die gebied Pretoria, Witwatersrand en Vereeniging. D.Phil. U.P., 1973.
383. Dlomu, N.I. : Land use in the Eastern Pietersburg District. B.A. Hons.-skripsie, Universiteit van die Noorde, Sovenga, 1969.
384. Greaves, J. : Coastal Resource Problems in S.W. Lancashire. M.Sc. Universiteit van London, 1966.

385. Hanekom, C. : Ontspanning en vryetydsbesteding by die Bantoe van Suid-Afrika. M.A., U.O.V.S., 1958.
386. Hattingh, P.S. : 'n Korrelatiewe geografiese studie van twee uitgesoekte Bantoe-gebiede in die Noord Transvaal. D.Phil., Universiteit van Suid-Afrika, (in voorbereiding).
387. Müller, E.C.C. : Toerisme versus Bodembenuutting : 'n Geografiese Studie van die Strandmeregebied George-Knysna. M.A., R.A.U., 1970.
388. Page, D. : Die Verstedeliking van die Bantoegebiede van Transvaal. D.Litt. et Phil. Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, 1965.
389. Price, C.D. : A Comparison of Public and Resource Administrator Perceptions of an outdoor Water-Based Recreation Area. M.Sc. in Recreation and Parks, Penn State University, 1972.
390. Scheepers, J.N. : Die Bevolkingsverbreiding van Transvaal : 'n Korrelatiewe kartografies-geografiese analise van die mens-landverhouding. D.Phil., Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, 1966.
391. Schoeman, C.F. : Aspekte van Naturomgewingsinvloede op Arbeidsprestasie. D.Litt et Phil., Vrije Universiteit te Amsterdam. Amsterdam, 1955. (gepubliseer).
392. Serfontein, J.F. : Sekere Aspekte van Vryetydsbesteding en Ontspanning : 'n Sosiologiese Studie. M.A., P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1963.
393. Smit, P. : 'n Vergelykende Geografiese Studie van Grondgebruik in die Bantoegebiede van Noord Transvaal (2 v). D.Phil. Universiteit van Suid-Afrika. Pretoria, 1966.
394. Steyn, J.N. : Die Suid-Kaapse Toeristebedryf : Geografiese patrone en invloede op regionale ontwikkeling. D.Phil. U.S. Stellenbosch, 1972.
395. Van der Merwe, A. : 'n Geografiese Studie van Opelug-ontspanning in die Suid Transvaal. M.A., Universiteit van Suid-Afrika, 1966.
396. Welgemoed, P.J. : Enkele aspekte van die Besit en Gebruik van Motorvoertuie in Suid-Afrika. M.Comm. U.S., Stellenbosch 1967.

VIII. Verslae, Referate, ens.

397. Cronje, F. : Referaat gelewer by die jaarlikse algemene vergadering van die Noord Transvaalse Streeksontwikkelingsvereniging gehou te Pietersburg op 10 September 1970.
398. Eiselen, W.W.M. : Report of the Second Advertising Convention in South Africa. Durban, September, 1959.
399. Hattingh, P.S. en Hugo, M.L. : Die Aard, Omvang en Behoefte aan Buitelugontspanning in die Pietersburg-omgewing. Verslag aan die Pietersburg Munisipaliteit, 1971.
400. Keyter, J. de W. : Vryetydsbesteding as menslike behoefte. (s.j.)
401. Leistner, G.M.E. : A Flight of Imagination into the Future. (Referaat) Pretoria, 12 Augustus 1969.
402. Leistner, G.M.E. : Economic and Social Forces affecting the Urbanization of the Bantu Population. (Referaat), 1971.
403. Lewis, P.R.B. : A "City" within a City - The creation of Soweto. Lesing gehou by die Universiteit van die Witwatersrand, September 1966.
404. Nieves, A.L. en Burdge, R.J. : Black-White Differences in the Use of Leisure. Referaat gelewer by die jaarlikse vergadering van die Southern Sociological Society, Miami Beach. 1971.
405. Schumann, A.W.S. : Toespraak gelewer voor die Noord Transvaal Streekontwikkelingsvereniging. Pietersburg. 20 Junie 1969.
406. Smit, P. : Die Ontwikkeling van die Bantoetuislande - Probleme en Vooruitsigte. Referaat : Vierjaarlikse Kongres van die Vereniging vir Aardrykskunde Onderwys. Potchefstroom, Julie 1969.
407. Hugo, M.L. en Hattingh, P.S. : Interim verslag aan die Munisipaliteit van Pietersburg t.o.v. die daarstelling van Buitelugontspanningsfasiliteite in Pietersburg. Junie 1972.
408. Sonnenveld, J. : Geography, Perception and the Behavioral Environment. Referaat gelewer tydens kongres oor "The use of space by animals and man", te Dallas, 27 Desember 1968.
409. Sunshine Tours (Edms.) Bpk. : Eerste Jaarverslag, November 1971.

410. Swanepoel, J. : Income and Expenditure patterns of the Rural Bantu in the Pietersburg District. 1971.
411. Van Deventer, E.N. : Report on a visit to the Belgian Congo, ..... September-December 1959. W.N.N.R. (Nas. Bounavorsingsinstituut). Spesiale verslag nr. D.1. Pretoria 1961 (Nie-gepubliseer).
412. Watts, A.J. : Warmth and Comfort. Referaat gelewer by die simposium : International de Thermoregulation Comportementale, Lyon, Frankryk. 4-11 September 1970.

QUESTIONNAIRE RE OUTDOOR RECREATION

1. Indicate by means of a cross (x) in the applicable square:

(a) the surroundings where you grew up and (b) where you are living at present

rural(non-farming)	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
rural (farming)	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
town	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
city	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>

2. Number the following activities in order of preference (e.g. 1st, 2nd and 3rd only) but within your financial means - that means, those that you are actually participating in most often at present or would participate in if they were available. (Those activities you have NO inclination for, neither the financial means, should be ignored).

(Please use the column of blocks on the left hand side)

<input type="checkbox"/>	Swimming and relaxing at a holiday resort inland	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	" " " " the sea	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	" " " " a municipal swimming bath	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	Boating on a dam, lake or river	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	Fishing	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	Hunting	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	Camping	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	Walking for Pleasure	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	Picnicking	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	Relaxing in a park in town	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	Leisurely driving in a motor car	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	Visiting friend/family out of town	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	Visiting places of cultural or historical interest	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	Horse riding	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	Cycling	<input type="checkbox"/>

N.B. Q.2. Continues overleaf.....

\*Hierdie vraelys is in Engels opgestel omdat ondervinding geleer het dat die Bantoe die Engelse taal beter magtig is as Afrikaans.

- Participating in organized sport  307
- Attending sports meetings as a spectator
- Visiting a Zoo
- Visiting a Game Reserve
- Anything else - Please specify

3. On more or less how many occasions did you actually participate in the above-mentioned activities during the past year?

(use the column of blocks on the right hand side)

4. How often do you take holiday leave?

- /Long weekends/    /Yearly/    /every two years/    /never/

5. Which one (or two) of the following motivations do you regard as the most important reason(s) for going on holiday?

- a) To get away from people and the busy city life
- b) To have the company of friends and/or family
- c) To enjoy yourself amongst many other carefree holidaymakers.
- d) To see new surroundings - different from those in which you work and live
- e) To get active exercise
- f) To relax and have as much as possible physical rest
- g) To take up a part-time job to augment your income

6. When going out for a weekend do you usually go

- alone?
- with your family?
- with a few friends?
- in a group of friends and families ?

7. Of which type of transport do you make use during weekend trips?

- /own car/    /taxi/    /bus/    /train/    /other (specify)/



- 3 -

8. How far would you be willing to travel for a weekend trip (in terms of miles or hours travelling)

miles  hours

9. How much are you prepared to spend on a weekend trip for your whole family if you should go twice yearly.

Rand	2	4	6	8	10	12	14	16	18	20	more
------	---	---	---	---	----	----	----	----	----	----	------

10. State your occupation \_\_\_\_\_

11. In which income bracket do you fall?

In Rand per month

less than 25 <input type="checkbox"/>	101 - 150 <input type="checkbox"/>	301 - 350 <input type="checkbox"/>
26 - 50 <input type="checkbox"/>	151 - 200 <input type="checkbox"/>	351 - 400 <input type="checkbox"/>
51 - 75 <input type="checkbox"/>	201 - 250 <input type="checkbox"/>	401 - 450 <input type="checkbox"/>
76 - 100 <input type="checkbox"/>	251 - 300 <input type="checkbox"/>	more than 450 <input type="checkbox"/>

12. Indicate your marital state

/single / married / widowed / divorced/

13. If married please state family composition

adults.....

children of the age of 12 and over.....

children under the age of 12.....

14. Please state your ethnic group \_\_\_\_\_

15. Educational qualifications \_\_\_\_\_

16. Seen in the light of your present income, in which of the following ways do you prefer to spend (1) your weekends and (2) your yearly vacation

(1) Weekend outings

(2) Vacation

In a hotel

At a highly developed holiday resort where many people tend to assemble

At a less well-known holiday resort with basic conveniences - peacefull quiet atmosphere

Undeveloped place e.g. a camping site in the mountains

Travelling

17. Number the following factors in sequence of importance as they have an influence on the place you choose to spend your weekends and vacations. First, second and third choices only.

WEEKENDS

VACATION

Low costs

Distance

Climate

Water bodies (dams,rivers)

Natural beauty

Quiet and pieceful surroundings

Popularity of the resort (concentration of fairly large numbers of people)

Modern conveniences (Swimming bath, restuarant, etc.)

Good food, liquor and service

Sport facilities

Family considerations (e.g. whether there are children in your family who need special requirements like playgrounds, etc.)

Other factors - Please name them (e.g. place of residence of parents, etc.)

Die bepaling van die optimum grootte van die steekproef is bereken uit 'n gids steekproef-opname wat bestaan het uit 62 vraelyste. Vraag 13 (sien vraelys-addendum I) insake gesinsgrootte, is geneem as basis. Uit die berekeninge het die volgende geblyk<sup>1)</sup> :-

$$\bar{x} = 5,5$$

$$s = 3,98 \text{ maar } \hat{\sigma} \left( s \cdot \sqrt{\frac{n}{n-1}} \right) = 4,01$$

sodat

$$\text{S.E. } \bar{x} = \frac{\hat{\sigma}}{\sqrt{n}} = 0,509$$

Hiervolgens is

$$\bar{X} = 5,5 \pm 2(0,509) \quad 2)$$

$$= 4,991 - 6,009 \text{ (op die 95,5\% waarskynlikheidsvlak)}$$

Dit beteken dus dat, met 'n steekproef van 62, die werklike gesinsgrootte van die populasie met 95% sekerheid op tussen 4,9 en 6,0 gestel kan word. Dit verteenwoordig dus 'n 10% (+ of -) afwyking vanaf die gemiddelde soos uit die steekproef bereken. Hierdie variasie van 1,01 is nie aanvaarbaar nie en 'n groter steekproef sou verkieslik wees. Indien die standaardfout na 0,2 (oftewel ongeveer 5% of kleiner) gereduseer kon word, sou 'n bevredigende vlak van akkuraatheid verkry kon word.

Om dus 'n S.E. van 0,2 +/-  $\bar{x}$  te verkry:

$$\text{S.E.} = \frac{\hat{\sigma}}{\sqrt{n}}$$

$$\therefore n = \left( \frac{\hat{\sigma}}{d} \right)^2 \text{ waar } d = \text{verlangde S.E. van } 0,2$$

$$= \left( \frac{4,01}{0,2} \right)^2$$

$$= 402.$$

'n Steekproef van 402 huishouding sou genoeg wees om 'n waarskynlikheidskwasiënt van 95% te gee dat die steekproefgemiddelde binne 3,6% (+ of -) van die onbekende populasiegemiddeld lê. Om voorsiening te maak vir moontlike bedorwe vraelyste en om voorts die akkuraatheid bo verdenking te plaas, is besluit om 600 vraelyste te laat opneem.<sup>3)</sup>

- 
- 1)  $\bar{x}$  = rekenkunde gemiddeld van die gesinsgrootte soos bereken uit die steekproef.
  - s = standaardafwyking van die steekproefgemiddelde.
  - $\hat{\sigma}$  = "best estimate" van "s"
  - n = aantal bruikbare vraelyste.
  - S.E. = standaardfout van die gemiddelde
  - $\bar{X}$  = rekenkundige gemiddelde van die populasie.
  - 2) L.W. die waarde van n = 62 is groot genoeg en hoef nie deur middel van "Students-t" se grafiek aangepas te word nie. 62 op die vryheidsgradeskaal gee ook 'n t-waarde van 2 sodat die formule onveranderd bly vir die bepaling van die gemiddelde van die populasie.
  - 3) Die Buro vir Marknavorsing se opnames (1971) is gebaseer op 440 vraelyste.

**Die Bantoe en sy Beeste : Resultate van 'n vraelysopname te Syferkuil, Leboa.**

1. Etniese verband: Noord Sotho :(100%)
2. Ouderdom : Onder 30 (12,5%); 31-40 (10,0%); 41-60 (70,0%); bo 60 (7,5%).
3. Onderwys : Geen opleiding (44%); St.1 (18%); St.4 (19%); geen informasie (19%).
4. Voltydse boere (21,5%); Deeltydse boere (78,5%).
5. (a) Word weiding in normale jare aangevul deur bykomende voer:  
Ja (18,4%); Nee (81,6%).  
(b) In droogtetye: Ja (29,2%); Nee (70,8%);
6. Redes vir die slag van beeste.  
Bruiloffeeste (90%)                      Begravnisse (82%)  
Offerhandes (40%)                      Nooit (3%)  
Ander (ingeslote verkoop) (10%)
7. Mediese versorging van beeste : Wel soms (64%); Nooit (36%)
8. Verkoop van beeste vir kontantinkomste : Gereeld (4,8%); Soms (27,1%);  
Nooit (68,1%)
9. Wat verkies word: 'n groot aantal beeste (56%) of 'n klein getal  
goeie beeste (44%).
10. Word die vleis geëet van beeste wat gevrek het van:

(persentasie)

	<u>Ja</u>	<u>Nee</u>
(i) Ouderdom	90	10
(ii) Gepik deur slang	55	46
(iii) Doodgery deur motor	95	5
(iv) Gedood deur weerlig	30	70
(v) Siekte	60	40

11. Voorkoms van Beeswedrenne as ontspanningsaktiwiteit:  
(kom nie meer voor nie).

QUESTIONNAIRE RE SCENIC BEAUTY

1. Reflect on the tour you had yesterday and rank the five places where you stopped in order of scenic beauty.

First choice : scene no.....Fourth choice : scene no.....  
Second choice: scene no.....Fifth choice : scene no.....  
Third choice: scene no. ....

2. Why do you regard your first choice as the most appealing landscape?

.....  
.....  
.....

Why do you regard your fifth choice as least appealing?.....

.....  
.....

3. If a clearing is made for the establishment of a picnic site, in which of the following environments would you prefer the site to be?

- (i) an indigenous forest
- (ii) a plantation
- (iii) a patch of natural treegrowth less dense than indigenous forest
- (iv) an area covered with shrubs more or less 6 feet high
- (v) a grassy plain with scattered trees (savanna vegetation)

4. Would you select a mountainous country , a hilly landscape  or a plain  for such a picnic site?

5. What would you regard as the absolute ideal natural surroundings for the establishment of a holiday resort.

.....  
.....  
.....  
.....  
.....  
.....  
.....

6. Did you see such a spot on the tour? Where was it?.....

.....  
.....

Indien meer as twee stelle rangordes op statistiese wyse globaal met mekaar vergelyk moet word, kan een van twee moontlike weë gevolg word; Spearman se rangorde korrelasiekwosiënt ( $R_s$ ) kan vir alle moontlike pare bereken word. Die rekenkundige gemiddelde van al die kwosiënte sal 'n beeld van die algemene ooreenkoms gee. In meegaande geval sou dit egter bereken dat die getal kwosiënte wat bereken sou moes word  ${}^k C_2$  sou wees, d.w.s. vir 34 dus,  ${}^{34} C_2 = 561$ .

'n Alternatiewe metode is die gebruikmaking van Kendall se kwosiënt van ooreenstemming ("concordance"),  $W$ , wat, alhoewel dit sal verskil van bogenoemde metode (d.w.s.  $\frac{\sum r_s}{k}$  tog direk in verhouding daartoe sal staan. Hiervolgens is  $W = \frac{12 \sum (\sum r_a - \frac{\sum \sum r_a}{n})^2}{k^2 \cdot n (n^2 - 1)}$  waar die  $\sum r_a$  die som van rangordes is soos weergegee deur die 34 studente ten opsigte van elkeen van die vyf landskappe.

- $\sum \sum r_a$  is die som van bogenoemde totale;
- $k$  is die getal studente; en
- $n$  is die getal landskappe

Dus

	Landskappe (n)					$\sum \sum r_a$
	1	2	3	4	5	
Som van die Rangordes ( $\sum r_a$ )	66	66	106	106	166	510

$$\frac{\sum \sum r_a}{n} = \frac{510}{5} = 102$$

$\sum r_a - \frac{\sum \sum r_a}{n}$	$(\sum r_a - \frac{\sum \sum r_a}{n})^2$
66-102 = 36	1296
66-102 = 36	1296
106-102 = 4	16
106-102 = 4	16
166-102 = 64	4096
	<u>6720</u>
	= 12.6720
	<u>1156.5.24</u>
	= +0,581

Daar is dus 'n 58% ooreenstemming tussen die rangordes van alle studente.

A. ALGEMENE ONTSPANNINGSPLEKKE ENAKKOMODASIEFASILITEITE

<u>Kaapstad</u>	: Vyf hotelle.
<u>Paarl en omgewing</u>	: een hotel; 2 kampeerterreine (Paarl Rocks en Water Eintjies Vlei)
<u>Wellington</u>	: piekniekterrein
<u>Ceres</u>	: Kampeerterrein (Die Eiland)
<u>Mosselbaai</u>	: een hotel
<u>Oudtshoorn</u>	: karavaanpark (Schoemanspoort) en warmwaterbron
<u>Port Elizabeth</u>	: een hotel
<u>Uitenhage</u>	: een hotel
<u>Port Alfred</u>	: kampeerterrein (tussen Fullersbaai en De Klerks Rifle Range)
<u>Oos-Londen</u>	: een hotel; kampeerterrein
<u>King Williamstown</u>	: een hotel; piekniekplek (Laingdam)
<u>Butterworth</u>	: kampeerterrein (Butterworth River Cascades); hotel.
<u>Kokstad</u>	: losieshuis
<u>Umtata</u>	: twee losieshuise, hotel
<u>Mt. Fletcher</u>	: hotel
<u>Kimberley</u>	: twee hotelle
<u>Bloemfontein</u>	: een hotel; piekniekplek (Kafferfonteindam); losieshuis
<u>Bethlehem</u>	: piekniekplek (Golden Gate Highlands National Park)
<u>Port St. Johns</u>	: losieshuis
<u>Durban</u>	: vier hotelle; piekniek (strand); botaniese tuin
<u>Umzinto</u>	: twee hotelle.
<u>Wildernis</u>	: hotel
<u>Port Shepstone</u>	: piekniekplek (strand)
<u>Ixopo</u>	: een hotel en losieshuise
<u>Pietermaritzburg</u>	: drie hotelle; vier piekniekplekke (Botanical Garden, Alexandra Park, Queen Elizabeth Park en World's View)
<u>Chakaskraal</u>	: een hotel
<u>Colenso</u>	: piekniekplekke (langs Tugelarivier)
<u>Koninklike Nasionale Park</u>	: Kampeerterrein
<u>Tongaat</u>	: een hotel

<u>Nqutu</u>	: een hotel; piekniek (Rorkesdrif)
<u>Vaaldam</u>	: piekniek en kampeerfasiliteite.
<u>Ga Rankuwa</u>	: motel
<u>Hartbeespoortdam</u>	: piekniekplekke
<u>Bosbokrand</u>	: hotel
<u>Johannesburg</u>	: drie hotelle
<u>Witsieshoek</u>	: kampeerplek

B. GROTTE

Chuniesgrotte  
 Echogrotte  
 Kangogrotte  
 Sterkfonteingrotte  
 Sudwalagrotte

C. WARMWATERBRONNE

Klein Chipise  
 Warmbad  
 Lilani (naby Greytown in die Kranskop-distrik)  
 Rus-en-vrede (naby Oudtshoorn)  
 Shushu (naby Middeldrif in die Tugelavallei)

D. STRANDE

1. St. Helenabaai tot Kaap Augulhas

Bloubergstrand  
 Mnandi  
 Gansbaai  
 Dangerpoint

2. Port Elizabeth tot Oos-Londen

New Brighton  
 St. George's strand  
 Rufane  
 Fuller's Bay  
 Nahoon strand

3. Oos-Londen tot Port St. Johns

Eastern Beach (Qolora)  
 Nxaxa  
 Mazeppabaai  
 Qhohabaai  
 Basheebaai  
 Koffiebaai  
 Umtatamond



Mpandibaaï  
Port St. Johns

4. Port St. Johns tot St. Lucia

Umbotyi  
Umzinto  
Umgababa  
Sunlight beach  
Durban Bluf  
St. Lucia

E. Wild- en Natuurreservate

Manyeleti  
Krugersdorp-wildreservaat  
Mkuze  
Hluhluwe  
Umfolosi  
Golden Gate Highlands Nasionale Park  
Köninklike Nasionale Park  
Umlazi-wildreservaat  
Libode (Port St. Johns-distrik)  
Nasionale Krugerwildtuin (Balulekamp)  
Franklin wildreservaat (Bloemfontein)  
Kaappunt

- Bronne: (1) Leërs van die Departement Bantoe-administrasie en ontwikkeling.
- (2) Parks, S.M. & Wollheim, O: A Guide to Cape Town for African People, S.A.I.R.V., Johannesburg. (s.j.)
- (3) S.A.I.R.V. : The South African Holiday Guide. Especially for Africans, Indians and Coloureds. Johannesburg, 1958.
- (4) Suttner, S.: Egoli : A Guide to Johannesburg for Africans R.A.I.R.V. Johannesburg, 1967.
- (5) Hotelraad : Maandverslae, 1970-72.
- (6) Persoonlike onderhoude met Bantoe personeellede van die Universiteit van die Noorde.